

Bybelse Dagboek

Die Bybelse Dagboek
kom jaarliks saam met die Almanak.
Dit is bedoel om daagliks gebruik te word
by huisgodsdiens of Bybelstudie.

2001

Voorwoord

Ds PJ van der Merwe
Redakteur

Die redaksie het met hierdie Bybelse Dagboek 2001 weer eens gepoog om u van lektuur te voorsien wat vir u 'n hulp in u daaglikse godsdiens en in die verstaan van die Bybel kan wees.

Dit is 'n bekende feit dat ons kennis van die Bybelse geskiedenis algaande besig is om te kwyn. Nuwe leerplanne en uitgangspunte ten opsigte van die tradisionele Bybelonderrig op skool en moontlik ook die huidige kategeseleerplan, dra klaarblyklik nie veel by tot die bybring van bepaald die kennis van die Bybelse geskiedenis van ons lidmate nie. Veral 'n grondige kennis van die Ou-Testamentiese Bybelgeskiedenis ontbreek by baie lidmate.

Die Bybelse Dagboek wat u nou in die hand hou, is die eerste fase van 'n langtermyn beplanning om kennis van die Bybelse geskiedenis weer doelbewus 'n plek te gee in ons daaglikse godsdiensoefening. Skrywers van dagstukkies is versoek om só te skryf dat die Bybelse geskiedenis nie net as blote historiese feite weergee word nie, maar om vir u aan te toon dat Bybelse geskiedenis *heilsgeskiedenis* is. Sommige skrywers het daarin geslaag, ander nie heeltemal nie.

Omdat die Bybelse Dagboek 'n versameling van dagstukkies is wat deur verskillende predikante van die kerk geskryf is, moet u aanvaar dat die redaksie nie verantwoordelik gehou kan word vir die kwaliteit van elke besondere bydrae nie. Alhoewel die redaksie dit gewaag het om self hier en daar veranderinge aan te bring, het hy dit net dáár gedoen waar hy gedink het dit uiters noodsaaklik is. Tog is die redaksie daarvan oortuig dat u 'n boek in die hand het waarmee min soortgelyke lektuur op winkelrakke ten opsigte van teologie, en daarom ook kwaliteit, kan kompeteer. Ons praat nie eers van die prys nie!

Ek wil graag die ander lede van die redaksie bedank vir hulle insette. Dr JH Breytenbach van Wonderboom-Suid maak met sy skerpsinnigheid 'n effektiewe beplanning maklik. Ds LJ Steyn van Gemeente Kruin is hierdie jaar verskoon vanweë 'n rugoperasie en baie ernstige siekte van sy oorlede eggenote wat sy werksaamhede buite sy eie gemeente baie beperk het. Die redaksie het dr André Botma van Gemeente Pretoria-Tuine gekoöpteer om die sekretariaat te verrig. Met sy bepaalde temperament het hy gesorg dat al die dagstukkies van oor die hele land dr Paul de Beer se kantoor betyds vir publikasie kon bereik.

Die redaksie vertrou dat hierdie bundel vir u van groot waarde sal wees.

1 Januarie ***In die begin....*** **Genesis 1: 1**

Wie weet waar lê *in die begin*? Ons tydsberekening en kalender is maar 'n menslike berekening. Daarom het Nuwejaarsdag al dikwels op die kalender rondgeskuif. Nuwejaarsdag het in Israel van die lente na die herfs verskuif. In 1582 het pous Gregorius Nuwejaarsdag van 27 Maart na 1 Januarie teruggeskuif.

Tog was daar 'n begin... die eerste skeppingsdag; die heel eerste Nuwejaarsdag. Dit was die geboortedag van die ganse skepping - en van tyd. Voor die begin was daar geen tydsberekening nie, en na die einde sal daar ook nie tydsrekening wees nie. Ons wêreld met sy tyd lê ingeskulp in die ewigheid - die ewigheid wat God se tyd is.

Ons kan nie die begin terugspoor en op ons kalender plaas nie. In die lig van God se tyd is ons kalender en tydsrekening ook nie so belangrik nie. Elkeen kan sy begin presies vasstel en 'n datum daaraan koppel. Die geboortedag is vir elke mens sy ... *in die begin* - die begin van sy tyd in God se skepping.

Maar ook dié begin is nie so belangrik nie. Belangriker vir die hele skepping en vir elke mens is dat God vóór die begin daar was en ná die einde nog daar sal wees. Van voor en van agter word ons wêreld en ons bestaan deur God ingesluit. Net soos die jaar wat agter lê, word die jaar voor ons in God se hand gehou.

Hoe diep die troos dat my aardse tye in God se hand is; hoe groot die verantwoordelikheid dat my tyd uit God se hand verleen word; hoe verblydend die sekerheid dat my tyd sal oorgaan in God se ewigheid!

2 Januarie ***...hemel en aarde....*** **Prediker 1: 18**

Die skepping stel ons voor drie geheimenisse. Die eerste geheimenis is dié van die skepping self. Die grootsheid en die wonder van die skepping gryp mense oor alle tye aan. Die kennis wat mense oor die geheimenisse het, is verstommend. Van die onmeetlike grootheid van die heelal tot die onmeetbare kleinheid van die atoomdeeltjies het mense soveel kennis dat dit soms lyk asof hulle al die geheime van die skepping kan ontrafel.

Die tweede geheimenis is dié van die lewe! Die skepping waarvan Genesis 1 vertel en waarin ons leef, is immers baie meer as net orde uit die chaos. Skepping is lewe en lewe is meer as net die verbinding van allerlei atoompies en selle en stowwe. Die geheimenis van die lewe is méér as die geheimenis van die skepping!

Met dié geheim worstel mense ook oor alle tye. Godsdienste en filosofieë en ideologieë is die menslike pogings om die geheimenis bloot te lê. Met

die raaisel van die lewe het die wyse Prediker ook geworstel - maar selfs hy kon dit nie ontsyfer nie. Van die geheimenis kan ons nie sê dat enigiemand dit al naastenby opgeklaar het nie. Soos vir die Prediker, bring al ons pogings meer vrae en onrus en wanhoop as antwoorde, sekerhede en hoop.

Ons kennis en wysheid kan nie verder deurdring as die geheime van die skepping nie. Ons verstand deurgrond nie die geheimenis van lewe nie. Maar as ons dié geheimenis nie deurgrond nie, bly ons gevangenes van 'n onrustige, verwarrende, hopelose bestaan.

3 Januarie ***...het God geskep....*** **Job 42: 1-6**

Job en sy geëerde, geleerde vriende het ook met die raaisel van die lewe gestoei. Terwyl sy vriende die oplossing van die geheimenis in die gangbare teologie van destyds gesoek het, het Job by die teologie verby gegryp na God toe. Hy het besef dat die geheimenis van die lewe net verklaar kan word as 'n mens by die diepste geheim, die geheim van God self, kon uitkom. Maar van God het hy, soos hy self erken het, net van hoorsê iets geweet.

Want by God kom ons nou ten ene male nie met ons denke, navorsing of versamelde kennis nie. Al behoort 'n mens uit die geheime van die skepping te kan aflei dat God daar is, dat Hy ewig is en dat Hy oor alle mag beskik, leer dit ons nog nie om God te ken nie. Trouens, dit bring ons altyd weer net by ons eie afgode - ook die afgode van ons filosofieë of teologieë, soos met Job se vriende gebeur het (Rom 1: 18-23)!

Gelukkig bly God nie in die duister nie. Hy maak Hom aan ons bekend. In sy selfbekendmaking ontsluit Hy die geheim van die lewe. Soos Job, laat die ontmoeting met God die ontsluiting van die lewensgeheim 'n mens in geloofsverwondering verstom. Wie deur die krag van die Heilige Gees in Jesus Christus die Vader sien, kan nie anders nie as om verwonderd te begryp: in God is die lewe. Daarmee kom al die vrae en onrus en onsekerheid meteens tot rus; ontvang ons sy vrede wat al ons verstand te bowe gaan.

4 Januarie ***Kom ons maak die mens....*** **Psalm 139: 13**

Die lewe is nie 'n sinlose sirkelgang van geslagte wat kom en gaan nie. Ons leef tussen die begin en die einde. Tussen begin en einde is die skepping nie aan homself en sy wetmatighede oorgelaat nie. Dit is nie asof God wat geskep het, nou maar terugsit en alles laat afloop soos 'n horlosieveer nie.

Nee: God skep in die begin - en op dag twee en drie en vier en tot by

dag sewe, wanneer Hy rus skep vir Hom en in Hom. Maar dan begin Hy weer op die agste dag - en Hy begin om die skepping te onderhou; wat inhou dat Hy steeds skep en lewe gee.

So weet Psalm 139 dat alle lewe en elke skepsel nie die blote resultaat is van natuur en natuurwette nie. Dit is die gevolg van God se lewegewende teenwoordigheid by sy skepping. Hy is steeds hier onder ons: hier werk Hy om sy skepping in stand te hou; en daartoe skep Hy steeds nuut lewe.

My begin is dus nie bloot natuurmatig nie - nie die gevolg of van net maar van die besluit van mense nie. Oor my eie begin staan die woord van Psalm 139: 13. My lewensgeheim is opgesluit in die onbegryplike dat God my wou skep en wil onderhou - so wil onderhou dat ek in Jesus Christus herskep word tot die ewige lewe.

5 Januarie ***Na ons beeld en ons gelykenis....*** **Psalm 8: 6**

Presies hoe die woorde, *...na ons beeld en ons gelykenis...*, verstaan moet word, is 'n tergende teologiese vraag. Die 1983-vertaling in Afrikaans gee 'n aanduiding na een kant toe; *as ons verteenwoordiger.* Maar daar is nog talle ander moontlikhede waarin die beeld en gelykenis wat ons van God vertoon, gesoek kan word; as regeerders; in eie wil; in besluitnemingsvermoë; in skeppingsvermoë ensovoorts.

Psalm 8 sien ons as God se beelddraers daarin dat ons net 'n bietjie minder as 'n goddelike wese is; die kroon van God se skepping, verhewe bo al die ander skepsels. Die verhewe posisie vul die digter met verwondering - en met nederigheid.

Om die beeld van God te mag dra, moet ons nie te eng probeer verklaar nie. Net so min as wat ons ooit die majesteit van God klaar kan besing, kan ons die veelkantigheid daarvan dat ons beelddraers van God is, klaar bedink. Die wonder dat God my ook geskep het as iemand wat sy beeld in die wêreld mag dra, moet ons altyd weer tot 'n diepe besef van ons bevoorregte plek onder die skepsels van God bring. Ingeweef in die wonder is egter tegelyk die opdrag dat hierdie mensie God se beeld moet dra - daartoe is hy/sy geskep! Dit moet 'n mens tot 'n oorweldigende besef van sy verantwoordelikheid voor God bring.

6 Januarie ***God se tuinwerkers*** **Genesis 2: 15**

Genesis 2 verskil in talle opsigte van die skeppingsverhaal in Genesis 1, onder andere in die besonderhede rakende die skepping; die hoek

van waaruit die skeppingsgebeure gesien word; die hoogtepunt van die skeppingsgebeure en die plek wat die mens in die skepping inneem. Tog is Genesis 2 net soveel skeppingsverhaal as Genesis 1. Dit dra dieselfde gesag as Genesis 1, want dit is ewe so God se Woord. Daaruit blyk ten minste twee dinge; enersyds dat die Bybel iets anders oor die skepping aan ons leer as natuurgeskiedenis en andersyds dat die misterie van die skepping nie sommer so voor ons ontvou nie.

As gelowiges hou ons tegelyk aan albei skeppingsverhale vas. In Genesis 1 leer ons die mens ken as die kroon van God se skepping; die beelddraers van God. Maar Genesis 2 sê dadelik daarna dat die mens nie meer is as net God se pagters nie! Die skepping is God se eiendom, sy tuin - en ons die tuinwerkers wat God vir Hom geskep het.

Daarmee word elke soort verafgoding van die mens by die wortel afgesny. Genesis 2 ontbloot die gelade begrip *menswaardigheid* van die moderne humanisme, op grond waarvan mens allerlei vermeende regte kry, as valse hoogmoed. Dit gee ons meteens die regte perspektief op ons plek in die skepping: al is ons konings oor die skepsels, is ons steeds net tuinjongens voor God.

7 Januarie ***Waar is jy?*** **Matteus 9: 12-13**

Dit is nie moontlik om die geheimenisse van die skepping, van die lewe en van die Skepper los van die doodsgebeure in die sondeval te bedink nie. Ons verkeer immers almal onder die oordeel van Genesis 3; onderworpe aan die verganklikheid, vasgevang in die doodsbestaan. Dit is al wat ons van nature van die lewe ken.

Al ons eie pogings om self tot lewe te kom, laat ons eintlik maar net verder in die doodsdonker versink. Daarvan getuig Adam en Eva se wegkruipery agter hulle vyeblare al; en is Kain en Lameg en die mense in die tyd van die sondvloed, die Israeliete wat in die woestyn omgekom het en die Fariseërs in Jesus se tyd, soveel meer voorbeelde.

Tog laat God in die donker van die doodsbestaan onder die sonde die helder lig van sy genade skyn. Genesis 1-2 - die wonder van die begin en die paradys - open 'n skrefie van die gordyn voor die werklike, ware lewe wat God vir ons bedoel het. In dié genade roep Hy na Adam en Eva - en sedertdien na elke sondaar. Want God wil ons nie ewig aan die dood prysgee nie. Daarom stuur Hy sy Seun, die Woord wat lewe gee, om ook vir u en my te roep - in Christus na die lewe te roep.

Vir elkeen wat die Woord glo, word die wonder van ware lewe ontsluit: *Julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.*

8 Januarie **Abel** **Genesis 4: 1-5**

As Eva vir Kain in die wêreld bring, noem sy hom met 'n naam wat beteken: *Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!* Hieruit blyk Eva se blydskap en verwagting aangaande haar eersgeborene. Maar wanneer haar tweede kind gebore word, word hy Abel genoem. Dit lyk nie asof hy, soos Kain, hierdie naam van sy ouers ontvang het nie. Dit lyk asof die skrywer hom hierdie naam gegee het om iets van sy toekomstige lot te verklap, want *Abel* beteken *nietigheid* of *vergeefs*.

Kain was 'n godsdienstige man. Hy was die eerste mens wat 'n offer aan God gebring het! Abel volg dan sy broer se voorbeeld. Maar waar Kain bloot net *van die opbrengs van die land* 'n offer bring, gaan Abel en hy offer die beste, die eerstelinge van sy lammeroes. Die eersteling is die oudste en daarom die grootste, sterkste en beste. God aanvaar nie Kain se offer nie, maar wel Abel, die *tevergeefse*, se offer.

Dit lyk asof God in sy uitverkiesing van mense wil kompenseer vir wie deur die wêreld as nietig gereken word. So sê Paulus in 1 Korintiërs 1: 28: *...en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak.* Mense wat weet hoe arm en nietig hulle voor God is, vind troos hierin. En vanuit hierdie troos gee hy sy beste lewe as dankoffer.

9 Januarie **Valse en ware godsdiens** **Genesis 4: 6-9**

God laat Kain nogtans nie aan sy lot oor nie. Steeds mag hy onder die belofte leef van dat as hy goed doen, daar vir hom blydskap wag. Hy weet dat hy binne die heiligdom, rondom die altaar, nie mag sondig nie. Maar hy dink dat dit al plek is waar God is en dat hy weg van die heiligdom af ook weg van God is. Hy is jaloers op Abel en hy wil Abel doodmaak. Maar hy wil dit op 'n plek doen waar hy dink dat God hom nie sal sien nie. Daarom neem hy Abel veld toe en maak hom daar dood. Hy het hom egter met God misgis en daar in die veld roep God hom tot verantwoording.

Godsdiens is nie maar net 'n saak tussen God en jouself, daar waar jy met jou *godsdiens* besig is nie. God word nie net in die kerkgebou (heiligdom, altaar) gedien nie, maar ware godsdiens omvat die verhouding tot God en my naaste ook in die wêreld daarbuite. Altyd en oral is ons aan God verantwoording verskuldig. Godsdiens is nie maar net 'n *Sondag-sport* nie. Dit betrek my hele lewe en elke oomblik daarvan.

10 Januarie **Genade in straf** **Genesis 4: 10-16**

Kain word van sy grond af verban. Die band tussen hom en alles wat vir hom sekerheid gegee het, word deurgesny. Wat vir hom erg is, is die feit dat hy nou ook, volgens sy begrip, van God afgesny is. Want hy dink dat God plekgebonde is. Hy is bevrees dat as hy in ballingskap moet gaan, hy nie net sy grond agterlaat nie, maar ook die beskerming van God. Kain wou nie sy broer se oppasser wees nie en hy het sy broer onder God se beskerming uitgeneem. Maar hy wil God as oppasser hê en self onder God se beskerming leef! Roekeloos vermoor hy sy broer, maar self wil hy nie vermoor word nie!

In sy genade laat God Kain nie voëlvry nie. Hy bly God se skepsel wat steeds die belofte en teken van God se beskerming ontvang! Hoewel banneling en vlugteling, mag hy met God se belofte as sy enigste sekerheid die wêreld ingaan. In die straf blyk telkens weer die genade van God. Teenoor die verharding in die sonde staan die belofte van vyandskap tussen die mens en die kwaad steeds vas. Dit was Kain se straf wat hom weer tot God om genade laat smeek het. *My straf is te swaar om te dra.*

11 Januarie **Set** **Genesis 4: 25, 26**

As Eva weer 'n kind in die wêreld bring, noem sy hom Set. Die naam Set hou verband met 'n werkwoord *om iets in die plek van iets anders te stel.* Daarom, sê Eva, noem sy hom Set, '*want,' het sy gesê, 'God het vir my 'n ander kind gegee in die plek van Abel omdat Kaïn hom vermoor het.*' God vergoed vir die sonde van Kain deur vir die hartseer ouerpaar 'n ander seun te gee.

Dit is alreeds hier merkwaardig hoedat God die gevolge van die sonde vir sy eie rekening neem. Dat God bereid was om die gevolge van die sonde vir sy eie rekening te neem, word vir die ganse wêreld duidelik wanneer sy eniggebore Seun aan die vervloekte kruishout in ons plek gestel word.

12 Januarie **Enos** **Genesis 4: 25, 26**

U het gister ook hierdie gedeelte gelees. Lees dit weer. Set noem sy seun Enos wat *mens* beteken, maar dan spesifiek mens as sterweling, as swakkeling. Abel se dood en Kain se swerwerslot het daartoe bygedra dat die mens algaande sy swakheid, sy broosheid en sterflikheid begin besef het. Enos word die uitdrukking van hierdie werklikheidsbesef.

Die mens se onvermoë en onmagtigheid lei dan daartoe dat hy begin het om die ***Naam*** van die Here aan te roep. Dit wil nie sê dat God nou vir die eerste keer gedien is nie, want alreeds Enos se oom, Kain, het vir God offers gebring. Maar in die dae van Enos is God vir die eerste keer ***op sy Naam*** genoem. *Naam* maak vir die antieke Oosterling baie saak. Of iemand nou vir ons *meneer* of *Jan* sê, skeel ons nie veel nie. Maar vir die antieke mens was dit noodsaaklik om iemand se naam te ken as jy met so 'n persoon in 'n lewende, sprekende verhouding wil wees. En as hulle dan begin het om God *Here* te noem, dui dit daarop dat God die sterfling, mens, toelaat om in 'n nabye, lewende en sprekende verhouding met Hom te staan. Eeue daarna sou die mens God met die naam *Jesus* noem omdat dit die enigste Naam sou wees waardeur ons gered kan word. Daarom moet hierdie Naam geheilig word.

13 Januarie **Henog** **Genesis 5: 1-24**

Ons word met die lees van hierdie gedeelte deur veral twee merkwaardighede getref. Eerstens klink dit vir ons vreemd dat mense so oud kon geword het. As ons sien hoe verouderd en afgeleef ons alreeds rondom sewentigjarige ouderdom is, is dit moeilik om te besef dat daar 'n tyd was toe mense amper 'n duisend jaar oud kon geword het! As dit vandag nog so was, kon van die dissipels een van ons se oupa gewees het!

In die tweede plek word ons getref deur die byna vervelige refrein: ... *en hy het gesterwe.* Alhoewel hierdie mense buitengewoon oud geword het, was hulle tog sterflik. Die dood het op die ou end ook 'n grens aan elkeen van hulle se lewe gestel. Tog lees ons nie dat Henog gesterwe het nie. Hy was bloot net *nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem.* Die woord wat hier met *wegneem* vertaal is, beteken eintlik om te neem wat joune is. Die skrywer gee die rede op as: *hy het naby God geleef.* Hier blyk dit alreeds dat lewe en dood in God se hande is, dat Hy beheer oor lewe en dood het.

Eeue daarna stuur God sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld toe, sodat deur sy lewe en werk ons weer naby God gebring kan word. Wie in Hom sou sterwe, *sal lewe, al het hy gesterwe.*

14 Januarie **Die sondvloed** **Genesis 7**

In die Bybel laat God Hom ken as 'n regverdige God. Hy is regverdig om die sonde te straf, maar Hy is ook 'n barmhartige God; barmhartig om te verlos en te red. God se regverdigheid beteken ook dat Hy getrou

aan sy Woord sal wees. As Hy die straf op die sonde beloof, dan moet die straf deurgaan. Hy kan dit nie afskryf nie, want dan sou Hy onbetroubaar wees in wat Hy sê.

God se barmhartigheid hef nie sy regverdigheid op nie, maar dit laat juis sy regverdigheid deurgaan sonder dat die sondaarmens onder sy toorn oor die sonde verdelg sou word. Dit sien ons alreeds in die sondvloedverhaal.

God se sin vir regverdigheid en geregtigheid laat Hom 'n alles verdelgende vloed oor die bewoonde aarde bring. Maar sy barmhartigheid gee opnuut aan die mens lewensruimte en nuwe geleenthede in die redding van die regverdige Noag en sy ark en die inhoud daarvan. En as die mens hierdie nuwe geleentheid om die aarde te mag bewoon, weer misbruik, dan tref 'n volgende *sondvloed* die aarde. En dan sien ons weer sy genade: die mensdom word nie verdelg nie, maar dit tref een Mens waar Hy met die sonde van die wêreld op sy skouers aan die kruis op Golgota hang. Dit was die mens se laaste kans. Êrens sê die skrywer van die Hebreërbrief dat as God weer kom, kom Hy nie om te verlos nie, maar om te oordeel en te straf.

15 Januarie **Die toring van Babel en 'n valse eenheidsperspektief** **Genesis 11: 1-9**

Ons oordenking hierdie week begin met die vertelling van die toring van Babel in Genesis 11. In hierdie gedeelte word vertel van die vroegste mensheid se besluit om 'n toring tot in die hemel te bou, met die implikasie dat die mensheid op gelyke voet met God sou wou kom. Hier is dadelik vier aspekte waarmee ons rekening moet hou:

* Hierdie gedeelte vertel ons van die mensheid se vroegste poging tot selfbegronding voor God deur sigself as 'n selfgenoegsame *eenheid* voor God te stel;
* God se daaropvolgende reaksie deur die mensheid in verwarring te bring en die kunsmatigheid van daardie *eenheid* bloot te stel, en
* die gevolglike verspreiding van die nasies oor die wêreld heen;
* dit gee aanleiding tot die totstandkoming van die vroegste heidendom.

Waarom het God so skerp gereageer op die mensheid se besluit om die toring te bou? Tot op hierdie stadium was die enigste eenheid wat die mensheid ervaar het, 'n innerlike eenheid, naamlik hulle gelowige gemeenskap voor en diens aan die een God. Hierdie innerlike eenheid het die mensheid egter nie meer tevrede gestel nie. Hulle het hierdie innerlike eenheid trouens reeds verloor. Daarom het hulle oormoedig gestre-

we na 'n uiterlike, sigbare eenheid, 'n outonome eenheid, onafhanklik van God. Juis daarom dwing God hulle tot diaspora en verspreiding. God ontmasker die kunsmatigheid van elke menslike poging om 'n eenheid in mensgemaakte strukture soos die toring van Babel te vind. Eenheid en identiteit - wie die mens is en wat die mensheid bedoel is om te wees - word nie in uiterlike menslike inisiatiewe gevind nie. Nee, eenheid en identiteit word in innerlike verbondenheid met God gevind. Hierdie gedeelte bly 'n tydlose waarskuwing teen oormoed voor God!

Ons wetenskaplike prestasies en tegnologiese aspirasies moet hiermee rekening hou: dat die mensheid se wesenlike eenheid en identiteit op 'n ander plek gesoek moet word as die menslike gedagte, handeling en inisiatief. Die innerlike eenheid en identiteit wat God gee, lyk anders as die uiterlike eenheid en identiteit wat die mensheid outonoom, weg van God, produseer. Want uiteindelik faal elke poging tot selfsingewing, tot 'n uiterlike eenheid. Daarvan getuig die treurige en tragiese geskiedenis van die twintigste eeu in die besonder.

Maar binne die groter Genesis-vertelling voorsien hierdie gedeelte ons ook van die konteks waarbinne die aartsvader Abra(ha)m geroep sou word: Abram word deur God geroep binne 'n konteks van verwarring - en die verbond wat God met Abram sou sluit, sou binne hierdie chaos weer koers en rigting bring.

16 Januarie **Die roeping van Abram** **Genesis 12: 1-9; Kolossense 1: 15-20**

Hoofstuk 12 lei 'n nuwe fase in die vroeë geskiedenis en 'n uiters belangrike moment in die Bybelse geskiedenis in, naamlik die verbondsgeskiedenis. Binne die konteks van Babelse verwarring, wat die gevolg was van God se wraak op die mensheid se poging om eenheid en identiteit te vind deur 'n toring *tot in die hemel* te bou, bring die roeping van Abram en die verbond wat God met Abram sou sluit, 'n nuwe moontlikheid tot eenheid en identiteit vir die mensheid. Verse 1 tot 3 dui juis aan hoe belofteryk hierdie moontlikheid was: naamlik dat 'n nuwe eenheid voor God te staan sou kom wat vanweë hulle innerlike verbondenheid aan God, 'n geseënde volk sou wees. Hulle identiteit sou daarin begrond word dat hulle *volk van God* sou wees. Dit begin by die roeping van die eerste vader van hierdie volk, die patriarg Abram.

God volstaan dus nie met die chaos en verwarring wat voortkom uit die oormoed en ydelheid van Babel nie. Binne die chaos gee God dadelik weer uitkoms. Die roeping van Abram lui 'n nuwe epog in in dié sin dat die geskiedenis van menslike gebrokenheid geherdefinieer word as

'n geskiedenis van heil. God is nie tevrede om sy skepsels verdwaald te sien nie, soekend en tastend na sin, eenheid en identiteit. God wil sy skepsels voorsien van 'n bakenpunt waarvandaan Hy hulle verder wil lei. Hierdie bakenpunt word die *verbond* genoem.

In Christus Jesus vind daar 'n laaste herdefiniëring van die verbond plaas. In Christus verruim God die verbond sodat elkeen wat in Christus glo, gered kan word. In die Nuwe Testament word die eenheid en identiteit wat God in sy verbond met Abraham geïnisieer het, tot 'n hoogtepunt gevoer: *Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen* (Kol 1: 20).

17 Januarie **Abram in Egipte en die roeping van die gelowige** **Genesis 12: 10-20**

Die roeping van Abram is ook 'n eerste toets van Abram se geloof: hy moet naamlik sy bekende wêreld en sy pa se huis verlaat en na 'n vreemde wêrelddeel, Kanäan, en daarvandaan verder na die Suidland trek. Abram trek kort daarna na Egipte om 'n heenkome te vind, nadat Kanaän en die Suidland in hongersnood gedompel is. Hier gee Abram op bedrieglike wyse voor dat Sara sy suster is, in 'n poging dat hulle lewens gespaar sal word. Hierdie keuse loop egter met slegte gevolge vir sowel Abram as die Egiptenare af.

Vers 3, in die voorafgaande gedeelte, verkondig aan ons die volkome verbondsverhouding en gemeenskap tussen God en mens; Abram se vriende is ook God se vriende, sy vyande is ook die vyande van God. Daar is dus volkome solidariteit van God met Abram. Maar juis die feit dat Abram in hierdie gedeelte bedrieglik optree, soos ook Jakob en Moses in die geskiedenis ná Abram, dui op 'n swakheid van geloof en menslike tekortkoming wat nie op die raad van God vertrou volgens God se eie weg en tyd nie, maar letterlik op die bedrieglikheid van eie raad en inisiatief.

Om 'n geroepene van God te wees, is meestal baie moeilik. Dit is nie die opdrag wat moeilik is nie, maar ons menslikheid wat dit bemoeilik. Om deur God geroep te word, is om terselfdertyd voor die grense van die eie menslikheid gebring te word. Wie God se stem hoor, is bewus van die leemtes in die menslike self. Vanaf die oomblik dat hy deur God geroep word, raak ons bewus van Abram se menslikheid en word ons daarmee herinner aan ons eie menslikheid, ons baie leemtes, ons onvervulde beloftes, ons onvoltooide werk. In hierdie sin lei hierdie gedeelte ons aandag terug na beskeidenheid wanneer oor *roeping* gepraat

word. Wie deur God geroep word, moet bedag wees op eie swakhede en leemtes. Om deur God geroep te word, is om beskeie *ja* te antwoord. Of dit nou predikant, ouderling, diaken of lidmaat is, ons moet rekening hou met ons onvermoë, met die feit dat die *logika* van ons roeping, ons teologiese arbeid en ons werk in die kerk bloot 'n menslike antwoord op die roepstem van God is. Dit beteken nie dat ons die inhoud van die roeping onderwaardeer nie. Ons moet steeds met *verwondering, ems, toewyding, geloof, hoop, gebed, studie, diens en liefde* (Karl Barth) in ons antwoord aan God se roepstem gestalte gee. Tog kan die geroepenes van God dié waar woord van 'n filosoof onthou: *Elke oomblik, tree vir tree, moet 'n mens jou eie denke en handelinge konfronteer, jouself konfronteer.* Ons menslikheid noodsaak die voortdurende konfrontasie van 'n geroepene van God met hom- of haarself.

18 Januarie **Geestesarmoede** **Genesis 13**

Lot en Abram het van die begin van Abram se roeping af saam getrek en die verkenning van die onbekende wêreld waarheen God hulle gestuur het, saam aangedurf. Nadat hulle uit Egipte getrek het, terug na die Suidland toe, het hulle vooruitgang en welvaart beleef. Dit is opvallend hoeveel Abram en Lot met mekaar in gemeen gehad het: beide was gelowig, hulle was familie en hulle was reisgenote wat saam armoede, hongersnood en enorme afstande oorkom het. Dit is opvallend dat 'n twis oor stoflike middele, meer spesifiek oor toenemende rykdom, hulle uiteindelik uitmekaar sou dryf. Abram val ons op as inskiklik en selfprysgewend. Hy poog om die twis op 'n broederlike en redelike wyse te besleg. Lot weer, val ons as minder inskiklik op. Abram se vrygewige en inskiklike gedrag is juis des te meer opvallend in die lig daarvan dat Lot fokus op die skoonheid van die land, die hele Jordaanstreek, alleen. Lot het geen oog gehad vir die hoër, innerlike skoonheid van Abram se hantering van hierdie twis nie.

Is dit nie jammer, selfs tragies, dat soveel vriende en familie van mekaar vervreem word op grond van twiste oor stoflike, by uitstek tydelike middele nie? 'n Mens verneem gereeld van twiste oor sake soos testamente en erfporsies, saketransaksies wat skeef loop, finansiële vennootskappe wat vou, en uiteindelik aanleiding gee tot akute vervreemding tussen gelowige mense, selfs tussen familielede en jare lange vriende. Met Abram se perspektief en hantering van hierdie twis word ons aandag gefokus op die *hoëre belang*, terwyl Lot se perspektief en hantering van die saak 'n aanduiding is van die oppervlakkigheid van 'n strewe na groter wordende rykdom. Dit is een ding om ryk te wees,

maar 'n ander ding om toenemende rykdom te begeer en al 'n mens se energie en kragte in daardie rigting te kanaliseer. Dit is nie eersgenoemde nie, maar laasgenoemde wat in opposisie staan met die gelowige perspektief op die werklikheid en die gees onherroeplik verarm.

19 Januarie **Wreedheid en verantwoording** **Genesis 14**

Die oorlog wat in hierdie gedeelte beskryf word, is die eerste oorlog wat in die Bybel gedenk word. In die gedeelte lees ons ook vir die eerste keer in die Bybel van 'n priester, naamlik Melgisedek. Hy is 'n belangrike karakter omdat hy sowel koning van Salem as 'n priester van God is. Abram se skakeling met hierdie karakter bring ons by 'n voorspel tot dit wat in die volgende gedeelte plaasvind, naamlik die formele sluiting van die verbond.

Die sentrale gedagte in hierdie spesifieke vertelling is die genade van God teenoor sy uitverkore volk. Dit is belangrik dat geen eksterne mag nie, maar God self die oorwinning hier gee. Dit is nie die vennootskappe met ander vorste wat deurslaggewend is vir Abram se oorwinning en die bevryding van Lot nie, maar Abram se geloof in God en sy getroue en volgehoue gehoorsaamheid aan God. Wat verder belangrik is, is dat hierdie oorlog nie uit bloedlus, gierigheid of wreedheid gevoer word nie. Dit word gevoer vanuit die verantwoordbare oorweging om 'n gelowige en sy huisgesin te red. God kies in hierdie soort konflik nie sonder meer kant vir politieke en kulturele strukture en belange nie. Maar Hy kies wel kant vir 'n gelowige, verantwoordbare lewe teenoor 'n argelose lewe wat onverantwoord is voor God.

Oorloë moet natuurlik sover moontlik vermy word. Dit weet ons as kinders van die twintigste eeu maar te goed: Ons weet dat daar in die twintigste eeu twee wêreldoorloë was (met 'n benaderde lewensverlies van 165 miljoen mense) en talle kleiner, maar ewe bloedige oorloë, byvoorbeeld in Viëtnam, Korea, Irak en ook ons land se bykans twintig jaar lange oorlog in Namibië-Angola. Ons het ook deeglik kennis geneem van soveel ander wreedhede wat meestal in die naam van sogenaamde vooruitgang en selfs in die naam van demokrasie en 'n vrye mensheid gepleeg is; wreedhede wat veral te make het met die aanspraak op tegniese vooruitgang, maar morele en spirituele agteruitgang. Daar is talle voorbeelde van etniese vervolgings in die laaste dekade alleen wat uitgewys kan word. Kon dit alles verantwoord word? Het enige iemand iets om te wen uit oorlogvoering?

Hierdie eerste beskrywing en gedenking van 'n oorlog in die Bybel, maar spesifiek die feit dat dit verantwoord kon word, dwing ons om die

oorlogskade van die twintigste eeu meer krities te bekyk en minder gelate oor internasionale konflik te wees. Ten tyde van die skryf van hierdie oordenking was die uiters gewelddadige konflikte in Kosovo, Oos-Timor en Chechnya nog onopgelos. Die wreedhede gaan voort. Maar ook die wreedhede buite die formaliteit van oorlogvoering laat 'n mens stom: dink maar aan die intellektueel in die Kommunistiese Gulag, 'n Jood in Frankfurt in 1938, 'n Palestyn in Jerusalem of Betlehem, 'n Protestant in Dublin, 'n politieke gevangene van Khmer Rouge... soveel wreedheid, soveel lyding.

20 Januarie **Die verbond met Abram** **Genesis 15**

Ons het reeds vroeër die week die belang van die verbondsluiting met Abram uitgewys: Na die roeping van Abram het God reeds sy bedoeling met die verbond gestel, naamlik dat Hy vir Hom 'n volk wou vergader wie se eenheid en identiteit uit die innerlike verbondenheid met God sou spruit. Met die formele sluiting van die verbond kry hierdie bedoeling van God verdere momentum. Nou sou God daartoe oorgaan om die verbondsvolk, uit wie die Verlosser gebore sou word, te vorm en te dra. Hy maak Hom reeds aan Abram bekend as die God van die geskiedenis.

In die gelese gedeelte is dit duidelik dat God mense gebruik om sy plan met die mensheid uit voer. So het Hy die gelowige Abram geroep uit 'n land waar die mense in heidense afgodediens geleef het en belowe Hy aan hierdie kinderlose man 'n groot nageslag en 'n formidabele plek om in te woon. God gee die besnydenis as uiterlike teken waardeur die volk altyd herinner sou word aan sy verbondstrou en genadige versorging van hulle wat deur Hom uitverkies is. Dwarsdeur die Ou-Testamentiese geskiedenis is God se sorg en trou die weefdraad: dit is trouens vir die menslike gemoed onverstaanbaar dat sy sorg en verbondstrou nooit getaan het nie, ten spyte van die voortdurende ongehoorsaamheid en moedswilligheid van sy volk. God bly die aktiewe, handelende party in die konteks van die verbond. Hy neem die inisiatief en kom die mens tegemoet. Daarop kan die mens slegs in nederige dankbaarheid antwoord.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges staan ons steeds in die verlengstuk van daardie verbond. Ook u volg in die voetspoor van Abram! Ook u is verbondsmens en u gedoopte kind is 'n verbondskind. God waarborg ook sy sorg en trou oor u en u huisgesin. Daarvan kan u seker wees: die Here sal sy verbond nooit vergeet nie, Hy bevestig dit van geslag tot geslag. Ook u en u huisgesin maak deel uit van die sorgsame ruimte van sy trou!

Ons kan moontlik deernis hê met die moeilike besluite wat in hierdie gedeelte deur die onderskeie karakters geneem moes word. Sara kies om haar man eerder by haar slavin te laat slaap as om hom kinderloos te sien sterf. Die slavin Hagar kies om Abram by haar te laat slaap en om swanger met Abram se kind weg te loop, maar dan kies sy om terug te kom na haar eienares, selfs onder pertinent moeilike omstandighede. Abram maak die moeilike besluit om by sy vrou se slavin te slaap en 'n kind by haar te verwek.

Die vraag is nou of hierdie moeilike besluite onafwendbaar was? Het God nie beloof dat Hy volgens sy eie raad en tyd vir Abram 'n nageslag sou bring nie? Die voorafgaande hoofstuk maak dit duidelik dat God die aktiewe, handelende party in die voltrekking van die verbond is. Sara en Abram maak dan die fout om die inisiatief by God oor te neem. Hulle raak ongeduldig. Die seun Ismael, die kind wat Abram by Hagar verwek het, sou kwalik 'n bydrae kon lewer in die voortsetting van die verbond: dit was Isak, die ware verbondskind, beskore.

Maak gelowiges hulleself nie dikwels aan dieselfde soort vergryp skuldig as Sara en Abram nie? Wil ons nie ook die inisiatief by God oorneem wanneer dinge nie so vinnig gebeur soos ons hoop dit sal gebeur nie? God bly die eerste, aktiewe subjek in ons gelowige bestaan en omgaan met Hom. Hy ageer, ons reageer. Dit is sy Woord waarop ons antwoord. Dit is sy Naam wat ons name voorafgaan. Dit beteken nou nie dat die gelowige passief is nie. Dit beteken eenvoudig dat die leefbare, tasbare werklikheid van die geloof en saligheid vanuit 'n ander oord as die mens, na vore stu.

Na die Kerkhervorming van 1517 het die gebrek aan insig in hierdie sentrale verbondsgedagte tot onmeetlike skade gelei: die dwalinge van veral die Anabaptiste (Wederdopers - en tot vandag toe!) ontneem God die prerogatief van die eerste, aktiewe verbondsinisiatief. Die mens moet nou self vanuit gereedheidsoorwegings *kies* vir die verbond, die verbond as 't ware werksaam hou. Die heil word daarmee ten diepste gerelativeer, in die menslike handeling, gereedheid en keuse gevestig. Dit lei tot 'n betreklik onrustige godsdienstige lewe: want nou moet die gelowige chronies eerste doen, chronies presteer, chronies inisieer. Afgesien daarvan dat dit op 'n onskriftuurlike dwaling berus wat teoreties afgewys moet word, lei die voortdurende pogings om die heil voor God te verdien tot so 'n angstige, moeisame bestaan dat elke kwaliteit en lewensgenieting wat God ons gun, verbygegaan word. Vader Luther leer in die voetspore van Paulus: God het die moeilike keuses reeds vir ons gemaak. Hy het die werk reeds gedoen. Hy het reeds vrygespreek.

Nou kan ons in die soelheid van 'n reine verlossingswete voor Hom bestaan as dankbare, begenadigde mense.

22 Januarie **God gee alles en doen alles** **Genesis 17: 1-8**

'n Verbond was in die tyd van die Bybel 'n bekende saak. In die alledaagse lewe is daar dikwels verbonde gesluit. Deur die verbondsluiting het daar gewoonlik 'n vaste en permanente verhouding tussen twee partye tot stand gekom. Dit was in die ou tyd die sterkste waarborg van persoonlike trou aan mekaar. Wanneer 'n verbond gesluit is, was dit gewoonlik twee gelyke partye wat hulle aan mekaar verbind het en die twee partye het saam besluit om 'n verbond te sluit.

In Genesis 17 lees ons dat God 'n verbond met Abraham gesluit het. Abraham gaan nie na God toe en vra Hom om dit te doen nie. Abraham leef ook nie vroom en opreg en God beloon hom dan met 'n verbondsluiting nie. God en Abraham besluit ook nie saam om 'n verbond te sluit nie. Nee, sonder dat Abraham enige iets verdien of besluit het, kom God eerste na hom toe en Hy sluit uit liefde en genade 'n verbond met 'n swak en nietige mens.

Wanneer God met mense 'n verbond sluit, gee Hy gewoonlik vir daardie mense iets wat hulle self nooit sou kon verkry of verwerf nie. God gee vir Abraham, 'n ou man met 'n onvrugbare vrou, 'n eie kind en 'n land. God gee egter baie meer. Hy gee Homself: *Ek sal jou God wees.*

Die ewige en almagtige God kom en Hy verbind hom met swak en nietige mense. Hy word mense se God. Mense word God se kinders, sy volk, sy eiendom. Dit is die hoogste, die beste, die meeste wat met mense kan gebeur. Dit het gebeur met Abraham, met Sara, met die volk Israel, maar ook met my en jou deur Jesus Christus. Hiervoor kan ons God nooit genoeg dank en prys nie.

23 Januarie **God gee alles en vra alles** **Genesis 17: 1-8**

In 'n verbondsverhouding gee God alles, maar Hy verwag ook alles van sy verbondsgenoot, die gelowige. 'n Verbond met God is nie slegs 'n kontrak waarvolgens die mens net sekere voorwaardes moet nakom of sekere teenprestasies moet lewer nie. Nee, wanneer God 'n verbond met 'n mens sluit, word die mens geheel en al 'n nuwe wese wat 'n nuwe lewe uit dankbaarheid moet lewe. Wanneer God met mense 'n verbond sluit, gaan hulle oor van die dood na die lewe. Die verbondsgenoot behoort nie meer langer aan homself of die wêreld nie, maar aan God.

Omdat die verbondgenote geheel en al aan God behoort, vra God van hulle nie net 'n gedeelte van hulle lewe nie, maar hulle hele lewe. Hulle is met hulle hele lewe aan Hom verbind. Hulle verloor hulle eie privaatheid en selfstandigheid. Elke deel van hulle lewe behoort aan God. Hulle hart, hand en verstand. Hulle Sondag en hulle Maandag. In die kerk, by hulle huis en skool. Oral en altyd.

God eis absolute lojaliteit. In Eksodus 20: 5 word dit *onverdeelde trou* genoem. In Genesis 17: 1 word dit *'n opregte lewe naby God genoem.* Die Nuwe Testament noem dit liefde. *'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand* en *'...jou naaste liefhê soos jouself'* (Matt 22: 37-39).

God gee vir Abraham alles en vra van hom uit gehoorsaamheid en liefde 'n opregte lewe naby Hom. God het vir jou en my nog baie meer gegee. Hy het sy Seun Jesus Christus gegee. Uit liefde en gehoorsaamheid vra God dat ons onsself vir Hom en sy diens sal gee (Rom 12: 1). Doen jy dit?

24 Januarie **Verbondsteken** **Genesis 17: 9-14**

Nadat God met Abraham en sy nageslag 'n verbond gesluit het, gee Hy aan Abraham opdrag om al die seuntjies van agt dae oud te besny. Die besnydenis sou as verbondsteken dien. Dit het enersyds gedien om God te herinner aan sy beloftes met Abraham en sy nageslag en andersyds het dit die volk daaraan herinner dat hulle op 'n bepaalde manier voor God moet lewe. Ons kan dit ook anders stel: Die besnydenis het vir die volk gedien as sigbare bewys dat hulle aan God behoort, dat hulle sy volk is. Die besnydenis was 'n teken wat hulle moed gegee het, getroos het. Wat kan meer bemoedigend wees as om te weet God is jou God en jy is sy kind. Die besnydenis het hulle egter nie net moed gegee nie, maar ook opgeroep tot verantwoordelikheid. Dit het op 'n sigbare wyse vir hulle gesê: As jy aan God behoort, behoort jy ook elke oomblik van jou lewe soos sy kind te lewe.

Deur Jesus Christus het God met die mens 'n nuwe verbond gesluit. Ons het ook 'n nuwe verbondsteken ontvang, naamlik die doop. Net soos die besnydenis bring die doop ook op 'n sigbare wyse vir ons 'n boodskap. Die doop bevestig aan jou en aan my dat ons aan God behoort, dat ons duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus, dat die Heilige Gees ook in ons woon.

* Watter groter troos is daar om te weet dat jy as nietige, verganklike mens aan die ewige en almagtige God behoort? Dat Hy jou sal versorg en alles vir jou ten goede sal laat meewerk?

* Watter groter troos is daar om te weet dat Jesus Christus jou van al jou sonde verlos het en die ewige lewe aan jou gegee het?
* Watter groter troos is daar om te weet dat die Heilige Gees in jou woon, jou onder alle omstandighede wil bemoedig en op die regte pad lei?

Tegelyk bring die doop ook vir my groot verantwoordelikheid mee. My doop herinner my elke oomblik daaraan dat ek aan die Drie-enige God behoort, maar ook dat ek uit dankbaarheid moet leef soos iemand wat aan Hom behoort.

25 Januarie **Abraham en Sara lag** **Genesis 17: 15-22; 18: 10-15**

Abraham en Sara is reeds gevorder in lewensjare. Die een is 100 en die ander een 90 jaar oud. In die voorgelese gedeeltes lees ons dat die Here vir hulle gesê het dat Hy sy verbond tot uitvoer sal bring deur 'n seun uit Sara te verwek. In die een gedeelte hoor ons dat Abraham gelag het toe hy dit hoor en in die ander gedeelte dat Sara gelag het. Hulle lag omdat dit wat God vir hulle sê, vir hulle onmoontlik lyk. Menslik gesproke is dit tog onmoontlik dat mense van 90 en 100 jaar nog kinders kan hê. Dit is onmoontlik dat iemand wat by die jare van kinders kry verby is, nog 'n kind kan verwek.

Die Here vra vir Abraham of enige iets vir Hom, die Here, te buitengewoon is. Daarmee wil die Here eintlik vir hom sê dat niks vir Hom te buitengewoon is nie; niks is vir Hom onmoontlik nie. Soos die Here beloof het, so gebeur dit en 'n jaar later is Isak gebore.

Deur die eeue heen het die mens vir God se beloftes gelag en dit betwyfel. Aan die kruis word Jesus gespot en gehoon omdat Hy nie van die kruis afkom en bewys dat Hy die Seun van God is nie. Maar wat gebeur? Hy doen op die ou einde baie meer as om net van die kruis af te kom. Hy staan op uit die dood. Hy bring vergifnis vir die hele mensegeslag. Hy gee aan nietige, verganklike mense die ewige lewe.

Op Pinksterdag word die apostels bespot en bestempel as mense wat vol soetwyn is. Dieselfde *Woord* wat afgelag is, bring egter op daardie dag 3 000 mense tot bekering en daarna duisende oor die hele wêreld.

Soos Abraham en Sara, lag en betwyfel ons ook dikwels God se teenwoordigheid en almag in ons lewe. Later moet ek my hoof in skaamte laat sak en erken: God kan vertroosting bring in die grootste droefheid. Hy kan brood op die leegste tafel sit. Hy kan in die eensaamste oomblik teenwoordig wees.

26 Januarie **Omgee** **Genesis 18: 16-33**

Ons is van nature geneig om net aan onsself te dink, net vir onsself te leef en selfs net vir onsself te bid. As ek genoeg het, as ek gesond is, gee ek nie 'n flenter om wat van ander word nie.

In Genesis lees ons dat Abraham vir 'n wyle volkome van homself en sy eie belange vergeet het. Hy hoor die Here gaan Sodom en Gomorra vanweë hulle sonde vernietig en hy begin dadelik om vir die Here te vra om hulle te spaar as daar net 50 regverdiges is. Abraham vra nie net een keer en gooi dan handdoek in nie. Nee, hy vra nie minder as ses keer nie. Hy pleit by die Here. Hy pleit nie net vir sy eie familielid Lot nie; hy pleit ook nie net vir die regverdiges nie, maar hy pleit vir die hele stad. Hy pleit vir almal.

Ons is nie geroepe om net vir ons eie familie en volksgenote om te gee nie. Barmhartigheidsdiens het nie grense nie. Dit loop oor die grens van plek, tyd en volk. Ons as gelowiges is geroepe om barmhartig te wees teenoor elke mens in nood wat op ons pad kom. Elke sieke, bedroefde, eensame, bejaarde, behoeftige, watter mens in nood jou ook al nodig het.

Werklike omgee vir mense in nood mag ook nie net 'n momentele ingesteldheid wees nie. Dit help nie om die mens in nood net een maal te help en dan in die koue te laat nie. Werklike hulp vir die mens in nood moet voortduur totdat daar vir daardie persoon weer lig en lewe gekom het. Dit moet nie net 'n momentele oplewing by jou wees nie, maar 'n lewensingesteldheid, 'n integrale deel van jou Christenskap.

27 Januarie **God is regverdig** **Genesis 19: 1-15**

In Genesis 18 lees ons van lewe en dood. Vir Abraham en Sara gaan 'n kind gebore word. Aan die ander kant gaan Sodom en Gomorra uitgewis word. God is by beide gebeurtenisse betrokke - by lewe en by dood. Uit genade, teen alle menslike verwagtinge en prestasies in, gaan Abraham en Sara se kind gebore word. Sodom en Gomorra se mense gaan egter sterf omdat hulle dit verdien het deurdat hulle gesondig het. God is die regverdige God. Hy straf die sondaars, maar spreek die regverdiges vry.

Uit die pleitrede van Abraham is dit duidelik dat daar nie 50 regverdiges in Sodom is nie; ook nie 45 nie, nie 40 nie, nie 30 nie, nie 10 nie, nie een nie. Van hulle geld wat ons in Romeine 3: 12 lees van die mens in die algemeen: *Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.*

Sodom en Gomorra is die verteenwoordigers/beeld van die hele mensegeslag. Almal is sondaars. Almal verdien om te sterf. Tog het nie al-

mal in Sodom gesterf nie. Lot en sy huisgesin is gered. Hulle is nie op grond van hulle eie vroomheid gered nie, maar alleen op grond van God se genade.

Reg deur die geskiedenis kon daar nie 50, 40, 30, 10 of 1 regverdige mens gevind word nie. Tog gebeur dit dat die Bybel ons leer dat daar vir die mens redding gekom het. Dit het alleen moontlik geword deur God se genade. Hy sien die sonde nie deur die vingers nie, maar straf dit. Hy straf dit egter nie aan my en jou nie, maar aan sy Seun, Jesus Christus. Groter liefde as dit bestaan daar nie. Verwerp dit en sterf. Glo dit en leef.

28 Januarie **Volkome gehoorsaamheid** **Genesis 20: 16-26**

Die geskiedenis van Lot en sy huisgesin getuig enersyds van God se genade en andersyds van die mens se ongehoorsaamheid. God red vir Lot en sy huisgesin. Hy red hulle nie op grond van hulle goeie werke, hulle getroue diens aan Hom, of hulle volkome gehoorsaamheid nie. Hiervan word nie 'n woord gerep nie. Hy red hulle uit genade.

Nadat God vir Lot, sy vrou en dogters gered het, vra hy van hulle gehoorsaamheid. Hy gee ook nie baie en moeilike opdragte aan hulle nie. Hulle moet net vlug en nie omkyk nie. Teen God se bevel in is Lot se vrou ongehoorsaam. God straf haar en sy sterf. Sy verander in 'n soutpilaar.

Ons het die wonderlike voorreg om kinders van God te wees, verlostes, deelhebbers aan die ewige lewe. Van al hierdie wonderlike dinge het ons niks verdien nie. God het dit uit genade aan ons gegee deur sy seun Jesus Christus. Hierdie boodskap moet ons glo en uit dankbaarheid gehoorsaam wees aan God se gebooie. Hierdie gebooie is nie baie nie. Met God se genade is dit ook nie te moeilik om hulle te onderhou nie. Ons moet God en ons medemens liefhê.

Waarvan getuig ons lewe? Is ons nie baie keer geneig om te dink dat as ons sê ons glo in Jesus Christus, ons maar kan leef net soos ons wil nie? Volgens die Bybel mag dit nie. As ons nie gehoorsaam aan God se gebooie is nie, is ons geloof nie waaragtig nie. Geloof sonder werke is dood. Geloof sonder werke is geen geloof nie. Geloof sonder werke se eindbestemming is die dood, 'n soutpilaar.

29 Januarie **God se pad met hulpelose mense (1)** **Genesis 21: 1-7**
'n Kind vir die onvrugbare Sara

Die inhoud van die boek Genesis kan opgesom word as die geskiedenis van God met hulpelose mense. Reg deur die boek Genesis sien ons

hoe God met mense omgaan wat uit swakheid en dwaasheid soms naby en soms ver van Hom af lewe.

Ook die vroom gelowige man Abraham, en sy vrou Sara, het soms naby en soms ver van God af gelewe. Sara het vrede daarmee gemaak dat sy nooit kinders sou hê nie. Oor hierdie een saak in haar lewe was Sara magteloos, sy was onvrugbaar. Tog laat God die wonderwerk gebeur deurdat Sara op 'n hoë ouderdom 'n seun vir Abraham in die wêreld bring. God bly getrou aan sy beloftes dat Hy vir Abraham 'n groot nageslag sal gee (Gen 15: 5) om die land waarin hy woon, in besit te neem (Gen 15: 18).

Teenspoed in die lewe kan 'n mens moedeloos en magteloos laat voel. As dinge nie verloop soos wat ons dink dit moet nie, kan ons niks anders doen as om hulpeloos toe te kyk nie. Oor baie dinge in die lewe het ons nie beheer nie. Sara het nie beheer daaroor gehad dat sy nie kon kinders hê nie.

Ons is in baie opsigte net soos Abraham en Sara, hulpelose mense. Ons is hulpeloos, maar nie hopeloos nie. God bly getrou. Op sy manier en op sy tyd bring Hy uitkoms en redding. Hy is magtig genoeg om uitkoms vir sy kinders te bring in tye wanneer dit vir ons hopeloos mag lyk. God se antwoord op die sonde van die hulpelose mens is die verlossing wat deur Jesus Christus moontlik word. God bly getrou aan sy beloftes. Vertrou Hom om uitkoms te bring in tye van diepste nood.

30 Januarie **God se pad met hulpelose mense (2)** **Genesis 21: 8-21**
Uitkoms vir die verstote Hagar

God sorg nie net vir die mense wat ons dink dit verdien nie. Die God wat ons aanbid, is nie die eksklusiewe God van die nageslag van Abraham nie. God sorg ook vir Hagar, die hulpelose slavin uit Egipte. Hagar het na alle waarskynlikheid nie vir God geken nie, maar ook sy kan op God vertrou vir uitkoms en redding. Al gee God self die opdrag vir Abraham om Hagar met haar kind, Ismael, die woestyn in te stuur, is dit dieselfde God wat water in 'n put in die middel van die woestyn vir Hagar wys om haar en haar kind van die dood te red. God bring uitkoms wanneer Hagar alle hoop op lewe laat vaar het.

Ook vir Hagar wat geen rede gehad het om haar as deel van die uitverkore volk van God te reken nie, kom daar uitkoms. Selfs Hagar se kind, Ismael, wat verstoot en verwerp word, ontvang seën van God (Gen 21: 13). God sorg nie net vir sy eie hulpelose kinders nie, maar ook die *onwaarskynlike* kinders van God kan op sy redding reken. In Matteus 5: 45 word ons daaraan herinner dat God die son oor slegtes en goeies laat opkom en dat Hy dit laat reën oor die wat reg doen én die wat verkeerd doen.

Ons voel ook baie keer ver van God af. Dalk voel ons onsself buite die kring van kinders van God wat op sy genade en versorging kan reken. Dalk voel dit vir ons asof iets tussen ons en God kom staan het wat meebring dat Hy nie my nood sal raaksien nie. Genadiglik is God God! Hy gee sy versorging en redding aan diegene wat Hy goed dink. By God geld daar nie reëls wie sy genade kan verdien en wie nie. God sien selfs die nood van die hulpelose Hagar en haar kind Ismael raak.

31 Januarie **God se pad met hulpelose mense (3)** **Genesis 22: 1-19**
Abraham moet vir Isak offer

Arme Abraham! God gee vir hom en Sara 'n seun en nou vra God weer daardie seun terug. Net soos ons, het Abraham sekerlik nie dadelik hierdie *onregverdige* eis verstaan nie. Maar wat kon hy doen? Alles behoort dan aan die Here - ook kinders kom van die Here. 'n Mens kan jouself beswaarlik die hulpelose gevoel van Abraham voorstel, wat nog te praat van Isak wat niks van die opdrag van sy pa geweet of verstaan het nie? Waarom dan Isak? Waarom kon Ismael nie geoffer word nie? Hy is altemit nie die erfgenaam van Abraham nie. Hoe kan die God op wie 'n mens vertrou, sulke swaar dinge van 'n mens vra?

Genadiglik is God ook die Een wat uitkoms vir die hulpelose Abraham en Isak bring. *God voorsien*, is die belofte waaraan Abraham vashou. God het voorwaar voorsien toe 'n ram in die plek van Isak geoffer kon word.

Ons verstaan ook nie altyd waarom God sekere keuses oor ons lewenspad bring nie. Deur die genade van God kan ons ook op Hom vertrou om ons te lei om die regte keuses te maak waardeur Hy verheerlik kan word.

Abraham het gekies dat niks tussen hom en God staan nie, selfs nie eers sy liefde vir sy enigste seun nie. Ons herken daardie liefde wanneer God bereid is om sy enigste Seun te offer sodat niks tussen ons en God staan nie. Selfs nie eers ons sonde of die tempelvoorhangsel staan meer tussen ons en God nie. Is ons keuses altyd onselfsugtige keuses waardeur God verheerlik word?

1 Februarie **God se pad met hulpelose mense (4)** **Genesis 22: 15-19**
Seën vir die hulpelose mensdom

Abraham het byna sy seun Isak geoffer toe die engel van God hom betyds gekeer het, en so het daar nie net seëninge vir Abraham gekom (vers 17) nie, maar vir die hele mensdom (vers 18).

God se plan was van die begin af op die totale mensdom gerig. Die geskiedenis van die skepping af is die geskiedenis van God se *ja* vir die mensdom. God het nie nodig om alle mense wat nà Abraham lewe reg oor die wêreld te seën nie, maar Hy doen dit, want sy Naam is liefde. In die nageslag van Abraham sal al die nasies van die aarde geseën wees (vers 18). Eeue na die dood van Abraham word uit die nageslag van Juda, die seun van Jakob, die seun van Isak, die seun van Abraham, die Verlosser vir die wêreld gebore (Matt 1: 1). In ons enigste Verlosser, Jesus Christus, het daar seën en heil vir die hele mensdom, wat hulpeloos in sonde verlore is, aangebreek.

God werk met 'n inklusiewe plan. God kyk met 'n wyehoeklens na die wêreld. Hy wil dat alle mense gered word en Hy verwag ook van ons, sy kinders, om vandag so na die wêreld te kyk. God se werk met die wêreld eindig nie by die gelowiges wat in die kerk versamel is nie. Ons, as die geestelike nageslag van Abraham (vergelyk Gal 3: 7-9), kan ook vandag 'n seën vir alle mense wees wanneer ons die boodskap van heil en verlossing deur Jesus Christus met hulle deel.

Om gelowige te wees, om kerk te wees, beteken om vir ander tot 'n seën te wees. Is u en ek, is u en u gemeente 'n seën vir 'n hulpelose verlore wêreld?

2 Februarie **God se pad met hulpelose mense (5)** **Genesis 24: 1-67**
Die keuse van 'n vrou

God het die onvrugbare Sara, Abraham se vrou, 'n seun in die wêreld laat bring. God het getrou gebly aan sy belofte dat Abraham 'n nageslag sal hê. Isak is gebore. God laat Abraham nie toe om Isak te offer nie. Alles verloop volgens plan. Abraham het 'n nakomeling. Maar waar sal Isak 'n vrou kry om kinders in die wêreld te bring sodat die nageslag van Abraham so baie soos die sterre aan die hemel sal wees (Gen 15: 5)? Meer nog, Abraham se nageslag kan tog nie voortgebring word uit die moederskoot van 'n heidense Kanaänitiese vrou nie (vers 37). Weer eens lyk die situasie hopeloos. Tot nou toe het God gesorg, maar dit lyk of die ongetroude Isak op die einde van God se beloftes dui.

Genesis 22 is vol kultuurgebruike van die plek en tyd waarin Abraham gelewe het. Om gasvryheid aan vreemdelinge in die onherbergsame woestynland te bewys, was deel van die verwysingswêreld waarin Rebekka gelewe het. So is dit ook vandag nog onder baie nomadiese woestynvolke die gebruik dat 'n huwelik tussen twee mense gereël word sonder dat hulle mekaar voor die huwelik sien.

As 'n mens verby die alledaagse kultuurlewe van Genesis 22 kyk, sien

jy die hand van God agter alles raak waar Hy besig is om uitvoering aan sy beloftes te gee. God het immers 'n groot nageslag aan Abraham belowe. Deur met Rebekka, die dogter van 'n broerskind van Abraham te trou, het Isak 'n vrou gekry wat in 'n huis grootgemaak is waar die Naam van die Here geken en geëer is.

God bly getrou aan sy beloftes. In tye wanneer uitkoms vir ons onmoontlik lyk, gee God uitkoms; selfs met tye wanneer ons nie meer raad het nie. God is in beheer van sy skepping.

3 Februarie **God se pad met hulpelose mense (6) Jakob die bedrieër word 'n instrument in God se plan** **Genesis 25: 29-34**

Om die oudste kind te wees, het vandag nie dieselfde waarde as wat dit in die Bybelse tyd gehad het nie. God het van oudsher af reeds aan Israel opdrag gegee dat die eerstes van die oes of die eerste geboortes van die kudde aan die Here gewy moes word as erkenning dat alles aan Hom behoort. Die eerste lammers is aan God geoffer. Die eerste kind van 'n huwelik kon egter van God losgekoop word (vergelyk Eks13: 11-15; 22: 29; 34: 20).

Die oudste seun van 'n gesin het sekere voorregte geniet: tydens sy vader se leeftyd is die oudste seun die leier van sy broers (Gen 43: 33), en met sy vader se afsterwe ontvang hy 'n dubbele deel van sy vader se nalatenskap (Deut 21: 17). Na die afsterwe van sy vader word die oudste seun die hoof van die familie en draer van die familienaam.

Esau het baie ongeërg met hierdie voorregte omgegaan (Gen 25: 34) en Jakob het sy ongeërgdheid uitgebuit. Dit was nie reg van Esau om so ongeërg te wees nie. Eweneens was dit bedrieëry van Jakob om Esau sy eersgeboortereg vir 'n happie lensiesop te laat verkoop. Jakob se naam kan altemit afgelei word van die Hebreeuse woord wat verband hou met die woord vir bedrieg (Gen 27: 36).

Later in Genesis lees ons dat die bedrieër Jakob, die vader van die volk Israel word. God gebruik Jakob as deel van sy plan om uitvoering te gee aan sy belofte van seën vir die mensdom te wees. Uit die nageslag van die bedrieër Jakob, kom die sondelose Verlosser wat alle hulpelose bedrieërs op aarde se sondeskuld kom wegneem (Matt 1: 2).

Die mens wik, maar God beskik. Waar ons faal en misluk, kan God ingryp en ons, die hulpelose mense, gebruik om vir Hom tot diens te wees. God kan ook vir u en my met al ons tekorte en gebreke in diens van sy koninkryk gebruik.

4 Februarie **God se pad met hulpelose mense (7)** **Genesis 26: 6-25**
Ruimte vir die leuenaar Isak

Genesis is die verhaal van God se wandeling met mense wat Hom soms dien en soms aan Hom ongehoorsaam is. Deur die hele geskiedenis wat ons in Genesis lees, bly God steeds besig met die mense met wie Hy 'n verbond gesluit het. Al twyfel Abraham of hy werklik kinders sal hê, al lag Sara oor die beloftes van God, al wonder Isak waar hy 'n vrou gaan kry, al bedrieg Jakob sy broer Esau en al kom die geloofshelde van Genesis so hulpeloos en lomp voor, God bly getrou.

Selfs wanneer Isak in 'n leuenaar ontaard, bly God getrou. Isak vind dit nodig om 'n leuen te vertel oor die identiteit van sy vrou. Net soos sy vader, Abraham, wat tydens sy verblyf in Egipte moes jok oor wie Sara regtig is (Gen 12: 12-13), jok Isak oor wie sy vrou Rebekka regtig is. Uit vrees vir sy lewe tree Isak soos 'n hulpelose sondaar op en vertel 'n leuen. Desnieteenstaande seën God Isak met rykdom (Gen 26: 12-14). In plaas van straf en teenspoed, maak God Isak voorspoedig. In plaas van straf op sy sonde, gee God seën. Isak erken dat hierdie seëninge van God kom: *Toe noem hy die put 'Ruimte', 'want,' het hy gesê, 'nou het die Here vir ons ruimte gemaak en in dié land sal ons voorspoedig wees'* (Gen 26: 22).

Genadiglik straf God nie sonder meer die sondige, hulpelose mens nie. Wanneer ons bewus word van ons sonde, word ons tegelyk bewus van God se genade dat Hy ons steeds duld en verduur. As God vir ons moes gee wat ons verdien, sou ons almal lankal onder sy straf en woede vergaan het. Genadiglik skenk God vir ons wat ons nie verdien nie, naamlik sy genade. In plaas van straf vir die leuenaar Isak, gee God aan hom ruimte om te lewe. Ook ons ervaar elke dag die onverdiende genade van God.

5 Februarie **Jakob se seën** **Genesis 27: 1-45**

Wanneer 'n mens die Bybel in die hand neem, verwag jy om van mense te lees wat mekaar respekteer en altyd eerlik optree. Sodra jy egter begin lees, kom jy gou agter dat die Bybel die waarheid oor die mens vertel - selfs die agteraf gekonkel word beskryf!

Jakob se lewensverhaal is een van die plekke waar ons lees dat dit gebeur het. Die Bybel berig nie aan ons al die wonderlike eienskappe wat Jakob gehad nie. Nee! Dit vertel vir ons wie Jakob werklik was - wat ook bevestig waarom sy naam *bedrieër* beteken het!

Dit begin by die eersgeboortereg wat hy van Esau geruil het vir 'n pot sop. Ja, miskien sal ons dit net 'n slim ruiltransaksie noem. Maar dit

het nie daar gestop nie. Met die aansporing van sy moeder, Rebekka, word die gekonkel voortgesit. Hierdie keer verkul hulle vir Isak deur voor te gee dat Jakob Esau is. Hy misbruik selfs God se Naam. Toe Isak vra hoe hy so vinnig terug is met 'n wildsbok, is sy antwoord: *Die Here u God het my dit laat raakloop.*

So ontvang Jakob met 'n leuen die seën wat Esau toegekom het. Hierdie seën sou vir hom nog baie voorspoed bring, maar nie geluk en vrede nie. Dit gebeur ook met ons gekonkel in die lewe. Vir daardie oomblik dink ons dat ons gewen het, net om agtena te besef dat die waarheid altyd seëvier en die leuen nie geluk en vrede in die hart bring nie!

6 Februarie **Jakob vlug** **Genesis 27: 46 tot 28: 22**

Esau is woedend oor die bedrog van sy jonger broer en neem hom voor om Jakob dood te maak sodra sy vader sterf! Rebekka hoor dit, en dit is slegs deur haar optrede dat dit verhoed word dat sy altwee haar seuns aan die dood moet afstaan: Jakob sou deur Esau vermoor word en daarvoor sou Esau weer moes sterf. Sy sien nie kans daarvoor nie en probeer om die gevolge van die bedrog (waaraan sy deel gehad het!) te verhoed deur weereens met 'n leuen vir Isak om die bos te lei.

Esau was op daardie stadium al getroud, maar met vreemde vroue wat nie Isak se goedkeuring weggedra het nie. Rebekka gebruik dit as motivering om Isak te oortuig dat hy Jakob na haar broer moet stuur sodat hy daar vir hom 'n vrou kan gaan soek. Wat sy egter daarmee in die oog gehad het, was om te keer dat Jakob deur Esau vermoor word. Sodra Esau bedaar het, kon Jakob weer terugkom.

Wanneer Jakob op pad na Laban is, verskyn God in 'n droom aan hom. 'n Mens sou verwag dat God hom sou oordeel vir sy bedrog, maar die teenoorgestelde gebeur. God bevestig sy verbond wat Hy met Abraham en Isak gesluit het, ook aan Jakob. Jakob word as 't ware deur God geseën en van sy liefde verseker!

Ons sien dus dat ons swakheid/sonde God nie keer om sy beloftes na te kom nie. Hy gebruik selfs ons ongehoorsaamheid in sy planne en laat dit tot sy eer en ons voordeel wees.

7 Februarie **Jakob se arbeid by Laban** **Genesis 29: 1-30**

Jakob se aankoms by Laban herinner baie aan die ontmoeting van Isak en Rebekka. Daar by die put is Ragel die eerste persoon van die familie wat hy ontmoet. As pragtige jong meisie moes Ragel dadelik sy

oog gevang het. Dit word ook bevestig as Jakob bereid is om haar as betaling te neem vir sy arbeid by Laban. Sewe jaar lank werk hy vir haar en dan breek die groot dag aan: Hy kan sy prys opeis. Daar word 'n groot bruilof aangelê en daardie aand word sy bruid aan hom gegee.

Maar omdat dit donker in die tent was en daar geen woord gespreek is nie, kon hy nie sy bruid uitken nie. Eers die volgende dag het die bedrieër agtergekom dat hyself bedrieg is. In plaas van Ragel, het Laban sy oudste dogter, Lea, aan Jakob gegee. Daar was ook nie omdraaikans nie, want hy het reeds met Lea omgang gehad en haar so as sy vrou aanvaar!

Jakob was vreeslik ontsteld oor die onreg wat hom aangedoen is. Tog het met hom slegs gebeur wat hy met Esau gedoen het. So raak ons ook ontsteld oor die onreg wat ons aangedoen word, maar self is ons gewoonlik blind vir die onreg wat ons ander aandoen!

8 Februarie **Jakob se vrouens wedywer om sy liefde** **Genesis 29: 31 tot 30: 24**

Ragel en Lea is in 'n stryd gewikkel om Jakob se liefde te wen. Lea word deur God geseën (omdat Jakob nie vir haar lief is nie) en ontvang die een seun na die ander. Ragel (vir wie Jakob lief is) bly kinderloos. Uit vrees dat Jakob haar gaan verwerp, gee sy naderhand haar slavin as byvrou aan Jakob. Wanneer die kind gebore word, is sy by, want volgens die gebruik was dit haar kind. Lea, wat vir 'n ruk lank geen kinders gebaar het nie, doen dieselfde! So probeer sy Jakob weer nader aan haar trek en sy liefde deur kinders te wen.

Selfs die kinders kon seker hierdie stryd aangevoel het. Ons lees dat Lea se seun, Ruben, eendag vir haar liefdesappels ('n speseryplant met 'n lekker geur, daar is geglo dit bevorder vrugbaarheid) van die veld af gebring. Sy het dit weer as omkoopgeskenk gebruik om Ragel te dwing om Jakob met haar omgang te laat hê.

Hierdie pogings van albei vroue loop op niks uit nie en uiteindelik moes hulle erken dat lewe slegs van God kom. Hy verhoor albei se gebede en gee vir Lea nog kinders en vir Ragel haar eerste seun! So omskep God hulle jaloesie en bygeloof in geloof en vertroue in Hom.

9 Februarie **Laban en Jakob bedrieg mekaar** **Genesis 30: 25-43**

Jakob besluit om Laban te verlaat en na sy eie land en familie terug te keer. So kom hy en Laban tot 'n ooreenkoms dat Jakob al die bont vee as betaling sou ontvang. Maar toe word die bedrieër weereens bedrieg.

Laban laat sy seuns al die bont diere uitsoek en stuur hulle drie dae ver se trek weg. Hy doen dit uit vrees dat Jakob hom sal verlaat. Want terwyl Jakob by hom was, was hy baie voorspoedig gewees. Nou is sy bekommernis dat as Jakob sou trek, hy nie meer so geseënd sou wees nie.

Jakob is ontsteld dat sy skoonpa hom so bedrieg. Hy besluit om, volgens 'n bygeloof van daardie tyd, die aanteel tot sy voordeel te manipuleer. Deur kullery wil hy die onreg wat Laban hom aangedoen het, regstel. God straf hom nie vir sy bygeloof nie, maar gee die verlangde resultate. So gebeur dit dat die sterk diere se lammers almal bont is en Jakob gou 'n baie ryk man word. Jakob besef dat dit die genade van God is en erken dit ook later teenoor sy vrouens.

Ook ons probeer baie keer om die onreg wat ons aangedoen word self reg te stel deur God se rol te wil oorneem. 'n Gelowige mag nooit 'n klip na 'n ander gooi nie. God vra van ons liefde teenoor mekaar. Hy sal self die onreg op sy tyd en wyse straf!

10 Februarie **Jakob trek terug** **Genesis 31: 1-18**

Na nog ses jaar se arbeid het die tyd aangebreek vir Jakob om terug te keer na sy vaderland. Dit gebeur op twee maniere:

* God roep Jakob om te trek, net soos Hy destyds met Abraham gedoen het. Dit is egter nie sommer net 'n roep nie, maar ook 'n roep met 'n herhaling van die belofte van 20 jaar gelede dat God altyd by hom sal wees.
* God gee dat sy omstandighede nou van so aard is dat hy kan trek. Hy is 'n welvarende man en die jaloesie van Laban en sy seuns dwing hom om eerder op sy eie te gaan!

Lea en Ragel stem ook daartoe in dat hulle trek. Hulle voel verontreg omdat Laban nooit 'n deel van die bruidsprys - dit is die vrug van Jakob se arbeid vir Laban - aan hulle gegee het nie. God gebruik hierdie onreg en jaloesie van Laban ten einde sy doel te bereik. As dit nie vir Laban se kullery was nie, sou Jakob en sy vrouens dalk nie wou getrek het nie, maar binne die situasie sien hulle geen ander uitweg nie.

So gebruik God ook die onreg en hartseer in ons lewens om sy doel te bereik. Hy is altyd agter die skerms aan die werk!

11 Februarie **Waardeloosheid van gelukbringers** **Genesis 31: 19-55**

Ragel steel haar pa se afgodsbeeldjies (huisgode) en neem dit saam uit bygeloof wanneer Jakob met al sy besittings na sy geboorteland vlug. Die beeldjies is beskou as beskermers en gelukbringers en sy het ge-

meen dat sy die reg daartoe gehad het om dit as gelukbringers vir haar te neem, aangesien haar pa soveel onreg teenoor Jakob gepleeg het.

Wanneer Laban van Jakob se vlug hoor, sit hy hom dadelik agterna. En toe hy hom kry, kla hy hom daarvan aan dat hy skelm weggetrek het en dat hy sy afgodsbeelde gesteel het. Jakob ontken die tweede aanklag en gee toestemming dat al sy besittings deursoek mag word, met die belofte dat die een by wie die gode gevind word, doodgemaak sal word (min wetende dat hy daardeur die doodsvonnis teken van die enigste vrou wat hy werklik liefgehad het!). Ragel bedrieg egter haar pa op 'n slinkse wyse en so word die beeldjies nie gevind nie.

Die ironie van hierdie verhaal is dat die beeldjies wat vir Ragel moes beskerm, nou self beskerm moes word. Dit was ook so dat enigiets waarop 'n vrou in haar maandstonde-tyd sou sit, as onrein beskou is. Indien Ragel dus die waarheid gepraat het, het sy die afgode onrein gemaak! Dit bewys net weer dat afgodsbeelde slegs voorwerpe is en dat dit geen invloed op die mens se lewe kan uitoefen nie.

Dit geld ook vir ons moderne afgode waaraan ons ons lewe wy: dinge soos materialisme, eer, ambisie, mag, ensovoorts. Hierdie dinge het geen waarde nie. Ons heil en beskerming is alleen in die hand van God geleë!

12 Februarie **Jakob probeer Esau omkoop** **Genesis 32: 1-21**

Die Here God sê vir Jakob in Genesis 31: 3: *Gaan terug na jou vaderland, na jou familie toe. Ek sal by jou wees.* Op pad terug moes hy eers vrede maak met sy skoonpa Laban en dan het die ontmoeting met sy broer Esau, wat hy bedrieg het, nog op hom gewag.

By Maganajim laat God sy engele aan Jakob verskyn, wat aan hom God se belofte bevestig dat Hy by hom sal wees.

Maar Jakob bly 'n listige mens. Hy probeer weer eens sy eie heil uitwerk en stuur boodskappers vooruit om Esau van sy onderdanigheid te verseker. Esau is egter alreeds op pad en hierdie plan werk dus nie! Maar Jakob het nog baie ander planne. Hy verdeel sy reisgeselskap in twee groepe in die hoop dat een groep sal oorleef indien Esau hulle sou aanval.

Maar uiteindelik dwing sy omstandighede hom daartoe om te bid! Hy herinner die Here God daaraan dat dit Hy is wat hom terugstuur na sy vaderland toe en dat God belowe het om aan hom goed te doen. Hy vra: *Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom.*

Maar net die volgende oggend stel Jakob weer sy eie planne in aksie: Hy stuur 580 stuks vee vooruit as omkoopgeskenk in 'n slinkse poging om sy broer wat hy bedrieg het, se guns te wen. Vergete is die gebed tot

God. Sy eie planne sal sukses waarborg. Hy kan nie wag totdat God dalk iets doen nie.

Hoeveel van Jakob herken ons nie in onsself nie? Ons ken die beloftes van God wat sê Hy laat ons nooit alleen nie. Hy sorg vir ons onder alle omstandighede, ons moet ons nie bekommer nie. En ook in ons gebede herinner ons die Here aan sy beloftes. Maar ons is te kleingelowig en ongeduldig om op die vervulling van God se beloftes te wag. Ons wil dinge laat gebeur soos wat ons goed dink en God net vir *nood-verselkering* gebruik.

Kan u bid oor 'n krisis in u lewe en God toelaat om dit op sy tyd en sy manier op te los? Die Woord van God sê: *Hy is getrou en regverdig.* Vertrou God en laat Hom toe om sy beloftes te vervul.

13 Februarie **'n Ontmoeting met God** **Genesis 32: 22-32**

In die nag, terwyl Jakob nog nie eers geweet het of sy omkoopgeskenk aan Esau geslaag het nie, maak hy alweer nuwe planne. Hy laat sy hele reisgeselskap deur die rivier gaan sodat hulle nie die volgende dag dalk teen die rivier vasgekeer sou word as hulle voor Esau uit moet vlug nie. En as hy alleen agterbly, raak hy in 'n geveg met *iemand* betrokke waarin die een nie die ander een kan oorweldig nie. Jakob eis 'n seën van die een wat met hom worstel, want 'n seën sal hom die volgende dag in sy ontmoeting met Esau goed te pas kom. Dan besef hy dat dit God self was wat sy naam verander het. Jakob, die bedrieër, word Israel die oorwinnaar en hy kan nou as 'n nuwe mens, met 'n nuwe naam, sy broer tegemoetgaan. Sy mankheid vanweë die hou op sy heup is 'n teken van die feit dat hy nie meer die mens is wat hy was nie.

'n Ontmoeting met God plaas verantwoordelikheid op 'n mens. Jakob moes nou in 'n nuwe verhouding gaan leef met sy broer. Maar hoe het ons ontmoetings met God ons lewens verander?

Ons dra dalk nie 'n liggaamlike letsel nie, maar ons dra die teken van die doop wat ons van God se ingrype in ons lewens verseker. Sien ons kans om die nuwe lewe te gaan leef wat God vir ons in Jesus Christus moontlik gemaak het? Dit is 'n lewe waar ons in afhanklikheid van God behoort te leef en in 'n nuwe liefdevolle verhouding met ons medemens.

14 Februarie **Die ontmoeting** **Genesis 33: 1-17**

Uiteindelik word Jakob se ergste vrese bewaarheid: hy sien Esau in die verte aankom met 400 man. Hy rangskik sy mense só dat diegene wat vir hom die kosbaarste is, heel agter is en hy buig sewe maal voor sy broer.

Esau hardloop sy broer tegemoet en omhels hom. Hy het lankal van die bitterheid in sy lewe ontslae geraak, terwyl Jakob met sy gewete moes saamleef. Esau het nie Jakob se geskenke nodig gehad om van gesindheid te verander nie.

Is dit nie in ons lewens ook waar nie? Bitterheid beïnvloed nooit 'n ander persoon se lewe nie, net my eie. Iemand anders het al lankal vergewe en vergeet, dan loop ek dikwels nog met die gevolge van my bitterheid en die onvermoë om te vergewe en te vergeet.

Maar daar is steeds wantroue in die verhouding. Esau wil nie Jakob se geskenke aanvaar nie, en Jakob wil nie van Esau se aanbod gebruik maak om saam te trek of dat hy manne agterlaat vir beskerming nie. Dit leer ons dat ten spyte van vergifnis en bekering, vertroue nie in een dag herstel word in 'n verhouding nie. Dit neem tyd en word verdien, binne die huwelik, binne die gesin en tussen gelowiges.

15 Februarie **Jakob se erkenning** **Genesis 33: 18-20**

Na vele omswerwinge en gebeure in sy lewe kom Jakob by Sigem in die land Kanaän, die land waarheen die Here God hom beveel het om te trek, aan (Gen 31: 3).

God het sy belofte van, *Ek sal by jou wees* (Gen 31: 3), gehou, ten spyte van die feit dat Jakob by soveel geleenthede self planne gemaak het om sy toekoms te verseker. Ook hier waar hy as 'n vreemdeling buite die stad kamp opslaan, voorsien God vir hom en kan hy 'n stuk grond by die seuns van Gamor koop wat nog in die toekoms van die volk Israel 'n groot rol sou speel. Dit is immers hier waar Josua (Jos 24: 1) die volk bymekaargebring het om hulle verbond met God te hernieu, en dit is hier waar Josef se beendere uiteindelik begrawe is (Jos 24: 32).

Hier, op die grond waarheen God hom laat trek het, bou Jakob 'n altaar en hy erken: *Die God van Israel is God.*

Deur sy lewe heen was Jakob 'n mens wat God geken het, maar sy eie planne gehad het. Hier erken hy dat God almagtig en in beheer van sy lewe is. Hoe lyk jou lewe as jy terugkyk? Is die ingrype van God nie ook duidelik sigbaar nie? Dalk is dit tyd dat ek en jy ook erken: *Die God van Israel is God.* Want by Hom is daar vrede.

16 Februarie **In die naam van godsdiens?** **Genesis 34: 1-31**

Dat die verkragting van Dina, die dogter van Lea en Jakob, 'n verkeerde daad was deur Sigem, die seun van Gamor, is nie te betwyfel nie.

Vermenging met ander volke was verbode vir die volk van God.

Maar die daad van Sigem was nie uit wellus nie. Skynbaar het hy vir Dina liefgehad en hy sou enigiets doen om haar as vrou te kon hê. Hy moedig selfs sy pa aan om die broers van Dina se voorwaarde, dat hulle, die Hewiete, hulle eers moet laat besny, te aanvaar. Selfs die mans van die stad word oortuig.

Maar soos Jakob, het ook sy seuns 'n fyn uitgewerkte plan gehad om hierdie daad teenoor hulle suster te wreek. In die naam van godsdienstige eenheid word 'n ooreenkoms bereik. En toe al die mans van die Hewiete op die derde dag weens die koors as gevolg van die besnydenis magteloos was, het Simeon en Levi al die mans van die stad doodgemaak en hulle suster bevry. Die res van die seuns het die stad geplunder en alles as buit geneem.

Het die Christendom nie ook in die geskiedenis godsdienstige voorwendsels op soms laakbare maniere gebruik om weerwraak te neem of voordeel uit een of ander situasie te trek nie? Die verspreiding van die evangelie in die wêreld het immers op baie plekke gelei tot kolonialisme en slawerny.

Vandag misbruik mense nog steeds godsdiens om 'n bepaalde pos te bekom, om geldelike voordeel daaruit te put en om indruk op ander te maak. 'n Getuigskrif van die predikant is vir baie mense baie belangrik as deel van 'n Curriculum Vitae, terwyl daar eintlik niks verder in die lewe van sommige mense sigbaar word van hulle verhouding met God nie.

Ons verhouding met God mag nooit in eie belang wees nie, maar moet altyd en in alles gemik wees op die eer en die heerlikheid van die lewende God.

17 Februarie **Bet-El** **Genesis 35: 1-15**

Na die slagting van Sigem word Jakob weer 'n swerwer as hy op bevel van God na Bet-El trek. Die volk moet hulle reinig en al die afgodsbeelde onder hulle verwyder. By Bet-El verskyn God aan Jakob en bevestig weer sy nuwe naam, Israel. Die beloftes wat die Here in Genesis 17 aan Abraham gemaak het, word hier by Bet-El woordeliks aan Jakob herhaal. Jakob rig 'n klip as teken op en giet 'n dankoffer en olie daaroor uit.

Bekering en toewyding aan God is nie 'n eenmalige, afgehandelde saak nie. Jakob word hier by Bet-El opgeroep om opnuut in 'n verhouding met God te tree. Hy moet afstand doen van die oue en kry daarom 'n nuwe naam. Die ou beloftes word weer nuut aan hom bevestig. Maak ons genoeg erns met ons verhouding met God, of dink ons dat dit 'n eenmalige, afgehandelde saak is as ons ons geloof bely het?

Die Here God bevestig elke dag sy trou aan ons. In Jesus Christus het Hy aan ons 'n onverganklike belofte gemaak dat Hy vir ons 'n God is en

ons opgeroep om sy volk te wees. Kom ons bevestig elke dag ons deel wees van die verbond deur die ou mens in ons te kruisig en elke dag as nuwe mense te leef.

18 Februarie **Broers verenig** **Genesis 35: 16-29**

Die wel en wee van Jakob se familie het soos met enige familie sy hoogte- en laagtepunte gehad. Ten spyte van God se belofte dat Jakob 'n groot nasie sal word, bly die dood 'n werklikheid as Ragel sterf met die geboorte van Benjamin, wat later Jakob se lieflingseun sou word.

Jakob trek verder nadat hy Ragel begrawe het. In sy gesin begin sy seuns ook om hulle oog te kry op die posisie van die een wat hulle pa sou opvolg. Ruben, die eersgeborene van Jakob by Lea, het gemeenskap met sy pa se slavinvrou, Bilha. So probeer hy hom vestig as die opvolger binne die gesin, want hy het gesien dat Jakob vir Josef, sy eerste seun by Ragel, voortrek.

Die kringloop van die lewe word voltooi wanneer Jakob weer by sy pa, Isak kom. Die twee broers, wat in haat en nyd uitmekaar is, verenig, en saam begrawe hulle hulle pa wanneer hy in die ouderdom van 180 jaar sterf.

Die verhaal van Jakob leer vir ons dat God sy wil laat geskied ten spyte van die dikwels sondige wil van 'n mens. God lei ons dikwels op 'n pad wat ons nie self sou gekies het om te loop nie, maar Hy laat ons nooit alleen nie.

19 Februarie **Jesus se verhoor** **Johannes 12: 20-36**

Die verhoor van Jesus Christus was in der waarheid die verhoor van die wêreld deur God, deur die ewige Regter van hemel en aarde.

Die woorde: *Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld... nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe* (vers 31), het Jesus uitgespreek slegs enkele dae voor sy gevangeneming, verhoor en kruisiging. Om die waarheid te sê, is dit uitgespreek juis met die oog hierop.

Op die oog af lyk dit natuurlik allermins na die oordeel oor hierdie wêreld. Op die oog af lyk dit allermins asof die owerste van hierdie wêreld, die Satan, aan die kortste end gaan trek. Dit wil eerder lyk asof die Satan hom stewiger as ooit tevore op sy troon bevind; asof hy die finale oorwinning oor Jesus sou behaal.

Jesus sê egter dat wat op die oog af gelyk het na sy verhoor deur die wêreld, in werklikheid die verhoor van die wêreld deur God was; wat gelyk het na die veroordeling van Jesus Christus deur hierdie wêreld,

was in werklikheid die veroordeling van die wêreld deur die Regter van hemel en aarde. In daardie kort tydjie toe Jesus verhoor, veroordeel en gekruisig is deur hierdie wêreld, is hierdie wêreld in werklikheid deur God verhoor, ontmasker en veroordeel!

Met Jesus se verhoor is die hele wêreld voor die pertinente vraag geplaas: Wat dink julle van die Christus en wat sal julle met Hom doen? Voordat ons gaan kyk na die antwoord van die wêreld op hierdie vraag, kom ons dink eers aan wat ons antwoord is, want uiteindelik moet elkeen van ons op hierdie vraag antwoord: Wat dink jy van die Christus en wat sal jy met Hom doen?

20 Februarie **Die antwoord van die wêreld** **Johannes 12: 20-36**

Was daar ooit 'n moment in die geskiedenis meer gunstig vir die wêreld om voor God te verskyn en te antwoord op die vraag: Wat dink jy van die Seun van God en wat sal jy met Hom doen? Was daar ooit 'n plek wat so volkome die kultuur en wysheid en godsdiens en reg van die wêreld verteenwoordig het soos Jerusalem in die jaar 33?

Dáár was die teoloë van daardie tyd - die skrifgeleerdes en Fariseërs. Dáár was Pilatus, verteenwoordiger van die Romeinse reg. Die Romeinse reg was nie net daardie tyd nie, maar is ook vandag nog beroemd vir sy uitsprake van wat reg en billik is. Dáár was ook die Joodse volk met wie God in sy groot genade 'n verbond gesluit het. Jerusalem in die jaar 33 het dus as 't ware die wêreld op sy beste verteenwoordig.

Natuurlik wou die wêreld 'n publieke verhoor van Jesus Christus ten alle koste vermy en glad nie antwoord op die vraag: Wat dink jy van en wat sal jy doen met die Christus nie?

Dit was immers die bedoeling van die wêreld om Jesus in die geheim om die lewe te bring. Maar dit sou nie so gebeur nie. Duidelik en pertinent moes die wêreld in die openbaar antwoord op die vraag: Wat sal jy doen met die Seun van God? En die wêreld se antwoord was: Ons sal Hom kruisig!

Met die verhoor van Jesus is die wêreld dus ontmasker en veroordeel. Hierdie oordeel is daarna voltrek. Maar Jesus Christus het in die plek van die wêreld gaan staan. Hy het die oordeel van die wêreld op Hom geneem en Hy het die las van God se toorn oor die antwoord van die wêreld gedra.

Terwyl die ou wêreld verhoor en veroordeel en die owerste van hierdie wêreld inderdaad uitgegooi is buitentoe, het die nuwe wêreld te voorskyn getree: Die wêreld van God se ewige en onbegryplik liefde in Jesus Christus.

Aan watter wêreld behoort ons?

21 Februarie **Die verhoor van die kerk** **Matteus 26: 1-5**

Ons het al gehoor dat die verhoor van Jesus Christus in werklikheid die verhoor van die wêreld deur God was. Die eerste en belangrikste verteenwoordiger van die wêreld was die kerk. Die kerk het 'n vername en 'n leidende rol gespeel in die verhoor, veroordeling en kruisiging van Jesus Christus.

Met die verhoor van Jesus Christus sou die kerk verhoor en veroordeel word; die ware karakter van die kerk sou ontbloot word soos nog nooit tevore nie. Die kaf en die koring sou van mekaar geskei word. Die kaf sou verbrand en die koring in die skuur gebring word.

So het Johannes die Doper ook die koms van Christus beskryf: *Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand* (Matt 3: 11-12). So het die gryse Simeon ook geprofeteer met die Christus-kind in sy arms: *Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel.... So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom* (Luk 2: 34, 35).

Die oordeel van die wêreld het en moes by die kerk begin, sodat die ware kerk geregverdig en gered kon word en die valse kerk ontmasker en veroordeel kon word. In die wêreld is die ware en valse kerk altyd tot op 'n sekere punt één, net soos die koring en die kaf tot op 'n sekere punt één is. Ook in die kerk van vandag is daar nog steeds die ware en die skyngelowiges en dis eers met die oordeelsdag wanneer duidelik sal blyk wie by die ware kerk en wie by die valse kerk behoort.

Waar sal u daardie dag wees?

22 Februarie **Die antwoord van die kerk** **Markus 14: 53-65**

Die kerk was in die verhoor van Jesus Christus tegelyk aanklaer en regter. Die kerk het op die Woensdag alreeds besluit om Jesus uit die weg te ruim. Hulle het egter baie goed besef dat hulle langs die formele en geregtelike weg niks teen Hom sou kon inbring nie. Daarom het hulle besluit om Hom stilletjies te vermoor en dit verder nie op die pasga te doen nie, sodat daar nie 'n oproer onder die volk sou kom nie.

Hierdie planne word die volgende dag totaal omvergegooi wanneer Jesus sy verraaier ontmasker. Die enigste weg wat toe nog oorgebly het, was die formele en geregtelike een, maar hiervoor was hulle nie gereed nie.

Die verdere optrede van die kerk was om verskeie redes wederregtelik!

Eerstens kon die Joodse Raad nie 'n saak verhoor waar die doodstraf 'n moontlikheid was nie - en dit was immers wat hulle wou doen. Hulle wou Jesus ten alle koste om die lewe bring.

Tweedens kon die Joodse Raad nie in die nag 'n verhoor hou of selfs in die laat namiddag 'n regsaak open nie. In Jesus se geval het die saak om middernag begin.

Derdens het hulle nie in die enigste wettige vergaderplek, naamlik die Raadskamer vergader nie, maar sommer in die paleis van Kajafas.

Vierdens het hulle geen wettige klag teen Jesus gehad nie. Uiteindelik het hulle twee persone gekry wat gewillig was om teen Hom te getuig, maar hulle getuienis het mekaar weerspreek. Hierop het hulle baie kwaad en geïrriteerd geword omdat hulle planne nie wou slaag nie - veral ook toe Jesus niks geantwoord het op hulle valse beskuldigings nie.

Uiteindelik het hulle Jesus onder eed geplaas om te sê of Hy die Christus is. En toe Jesus hierop bevestigend antwoord, het hulle Hom skuldig bevind en ter dood veroordeel.

Die kerk se antwoord op die vraag: Wat dink u van die Christus en wat sal u met Hom doen, was duidelik: Ons sal Hom kruisig!

Toe die las van God se toorn op die kerk uitgestort word, het Jesus gewilliglik na Golgota gegaan en die las van God se toorn teen die sonde van die kerk gedra. Meer nog, Hy het dit weggedra. Want ten spyte daarvan dat die valse kerk ontmasker en veroordeel moes word, moes die ware kerk nie verlore gaan nie. Daarom het Hy, toe hulle Hom aan die kruis vasgespyker het, daardie kruis verander in 'n altaar waarop die goeie Herder sy lewe vir sy skape afgelê het.

En so het deur die ontmaskering en veroordeling van die valse kerk, die ware kerk na vore getree as die bruid van Christus wat sonder vlek of rimpel is.

23 Februarie **Die verhoor van die politieke mag** **Johannes 18: 28-40**

Die verhoor van die wêreld het by die kerk begin, maar 'n tweede en belangrike verteenwoordiger van die wêreld was die staat of die politieke mag.

Ja, Jesus Christus is ook voor die regterstoel van die staat gebring soos dit in die magtige Romeinse Ryk bestaan het en soos verteenwoordig deur Pilatus, die Romeinse goewerneur in Jerusalem. 'n Beter verteenwoordiger as Rome in die tyd van Christus kon die politieke mag kwalik begeer het. Die Romeinse Ryk het prakties die hele wêreld verower deur sy magtige leërs. Verder het Rome onder die keisers, veral

keiser Augustus, gespog met sy vreedsame bedoelings. Die uitgesproke oogmerk van die Romeinse Ryk was om 'n wêreldryk wat deur vrede en voorspoed, reg en geregtigheid gekenmerk word, daar te stel. Rome het ook oor Israel geregeer in die tyd van Christus.

Wanneer Christus dus voor Pilatus se regterstoel staan, word die politieke mag opgeroep om sy oordeel oor Christus uit te spreek en te antwoord op die vraag: Wat is u oordeel van Christus en wat sal u met Hom doen?

Volgens Romeine 13 is die owerheid daar deur die beskikking van God (vers 1) en is dit die taak en die roeping van die owerheid om die wat goed doen, te beskerm en om die wat kwaad doen, te straf (verse 3, 4).

Ook vandag nog moet almal wat die swaard dra en wat moet regspreek, onthou wat hulle eintlike taak en roeping is en veral dat hulle deur hulle oordeel en uitspraak deur die ewige en regverdige Regter geoordeel word!

24 Februarie **Die uitspraak van die politieke mag** **Johannes 19: 1-16**

In hierdie Skrifgedeelte hoor ons die amptelike oordeel en uitspraak van die regbank oor Jesus Christus. Pilatus, die verteenwoordiger van die hooggeroemde Romeinse reg se uitspraak was dat hy Jesus by herhaling onskuldig verklaar. Ja, tot die bitter einde toe bly dit sy amptelike uitspraak: *...ek vind geen skuld in Hom nie.*

Maar uiteindelik, uit vrees vir die Jode en ter wille van die vriendskap van die keiser, vertrap hy reg en geregtigheid en plaas hy Jesus op een vlak met die misdadiger Barabbas as hy die volk voor die keuse stel: Jesus of Barabbas!

Die politieke mag kies dus openlik ter wille van eie ambisie en voordeel teen reg en geregtigheid. Die uitspraak van sy regbank was baie duidelik: Jesus Christus is onskuldig! Jesus Christus is regverdig! Maar as Hy in die pad kom van persoonlike belange en ambisie, dan moet die Onskuldige geoffer word.

Wat doen Jesus nou? Roep hy sy hemelse leërmag in om die korrupte politieke wêreldmag te vernietig? Lewer Hy bewys van sy Goddelike krag. Nee, want dit is nog nie die tyd van verheerliking nie, maar van openbaarmaking.

Hy is inderdaad Koning en Hy sal sy koninkryk vestig, maar dan langs die weg van God se geregtigheid!

Daarom, as die las van God se toorn teen die korrupte en oneerlike politieke mag uitgestort word, gaan staan Jesus op die plek van oordeel. Inderdaad moet Pilatus se bevel uitgevoer word! Jesus moet ge-

kruisig word! Maar God sal self die aanklag aan die kruis vasspyker, naamlik die klagstaat van ons sonde (volgens Kol 2: 14).

25 Februarie **Die verhoor en uitspraak van die mens** **Matteus 27: 15-26**

In die verhoor van die wêreld moes die mens self ook voor die regterstoel van God gebring word. Ook die mens moes antwoord gee op die vraag: Wat sal jy doen met Jesus wat Christus genoem word (vers 17)?

Dit is natuurlik waar dat die mens se godsdienstige en politieke leiers reeds op hierdie vraag geantwoord het. Maar dit was nie genoeg nie. Die mens moes geen verskoning hê nie. Die mens moes nie later kon beweer dat sy leiers Jesus verwerp het, maar dat hyself nooit met die kritiese vraag gekonfronteer is nie. Die mens moes self ook 'n duidelike uitspraak lewer.

As Pilatus die volk voor die keuse stel: Jesus of Barabbas, kry die mens die geleentheid. Wat 'n keuse! Aan die een kant 'n opstandeling en 'n moordenaar (Luk 23: 19) en aan die ander kant Jesus, heilig en opreg (Hand 3: 14); 'n kind van die duisternis teenoor die Kind van die lig; 'n verteenwoordiger van die wêreld van sonde en ongeregtigheid teenoor die Regverdige!

Wat is die keuse van die mens? Die mens kies vir 'n moordenaar bo die Christus!

En as Pilatus vra: *Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?*, is die duidelike antwoord: *Kruisig Hom!*

Ons moet oplet dat Christus nie aanstoot neem aan die keuse waarvoor Pilatus die mense stel nie. Hy laat Hom op een vlak plaas met misdadigers en moordenaars. Meer nog, Hy sterf gewilliglik aan die kruis waar Barabbas moes gehang het sodat Barabbas as 'n vry man huis toe kon gaan. En selfs nog meer: Hy sterf ook aan u en my kruis. Die nagmaalsformulier stel dit pragtig: *Hy is onskuldig tot die dood veroordeel sodat ons in die oordeel van God vrygespreek kan word* en *Hy het die vervloeking wat op ons moes neerkom, op Homself geneem sodat ons met sy seënings vervul kan word.*

Onbegryplike heerlikheid! Heerlike onbegryplikheid!

26 Februarie **Die seun van Ra gekonfronteer met God** **Genesis 41: 1-32**

Maar niemand kon dit (die koning se drome) *vir hom uitlê nie.* Dit beteken nie dat hulle nie probeer het nie, maar dit het nie die farao tevre-

de gestel nie. Almal het waarskynlik aangevoel dat dit 'n onheilsboodskap van een of ander aard was, maar tot meer as dit was hulle nie in staat nie.

Die hoof van die skinkers vertel toe vir die koning van Josef wat sy en die bakker se drome volkome uitgelê het. So beland Josef in die koning se paleis. Vanuit die staanspoor het Josef dit aan die koning duidelik gemaak dat dit God is wat die antwoorde op die drome gee.

In Egipte waar daar so baie gode was, onder andere: die Nylrivier, die farao self, wat die seun van die songod Ra was en die vrugbaarheidsgodin Hathor, word die farao gekonfronteer met die God wat eintlik in beheer is van die natuur en die geskiedenis. Die drome is bedoel om die farao te waarsku, maar ook om hom te konfronteer met God. Hierdie God wat drome gee en dit weer uitlê, is ook die God wat ten spyte van al Egipte se gode vrugbaarheid skenk en weer kan wegneem. Die Egiptiese gode is geen gode nie. Net die Here bestaan! Hy is die enigste ware God!

Hoe ironies is dit nie, omdat God by Josef is, kan hierdie slaaf wat uit die tronk kom, dinge doen wat die magtige farao self, die seun van die songod, nie kan doen nie! Watter onuitspreeklike voorreg het ons nie om aan hierdie selfde God, die enigste ware en lewende God, verbind te mag wees nie!

Onthou, sukses word nie bepaal deur wie jy is of wie jy ken nie, maar of God by jou is.

27 Februarie **Om God by jou te hê, beteken nie om agteroor te gaan sit nie** **Genesis 41: 33-57**

Josef lê nie net die koning se drome uit nie, maar hy gee die koning boonop raad: Om 'n ramp, wat die land kan vernietig, af te weer, moet daar goed beplan word. Die beplanning moet ook deeglik uitgevoer word. Daar en dan stel die koning vir Josef aan. Hy sê: *Waar kry ons so iemand, 'n man met die verstand van 'n god?* Die farao het Josef aangestel omdat God met hom was. Die farao het Josef eintlik 'n koning gemaak, wat net aan die farao self verantwoording moes doen.

Josef het die hele Egipteland deurgereis en beplan dat gedurende die sewe jaar van voorspoed in elke dorp al die graan opgegaar en in store geberg moes word, sodat daar genoeg graan sou wees as die sewe jaar van hongersnood aanbreek. Josef moes self alle besluite goedkeur en het alle aktiwiteite wat hiermee verband gehou het, gekoördineer. 'n Belangrike beginsel wat ons hier by Josef leer, is dat as *God by ons is*, dit nie beteken dat ons agteroor kan sit nie, maar om met sy leiding al ons talente in te span en hard te werk om suksesvol te wees. Josef het

'n baie groot sukses gemaak van hierdie projek waarvoor hy deur die farao aangestel is. Daar was later so baie opgegaarde graan dat hulle opgehou het om boek te hou daarvan. In die jare van hongersnood het selfs die omliggende lande in Egipteland gaan graan koop.

In hierdie tyd is Josef ook getroud en hy het twee seuns gehad. Sy dank en lof aan God vir God se seën oor hom sien ons in die name wat hy vir sy seuns gekies het: Sy oudste seun het hy Manasse genoem, *'want,' het hy gesê, 'God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.'* Sy ander seun het hy Efraim genoem, *'want,' het hy gesê, God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.'*

28 Februarie **Sondes van die verlede het 'n manier om mens in te haal** **Genesis 42: 1-38**

In Egipte verkoop Josef self die graan aan die mense. Toe Jakob se seuns dus gaan graan koop het, word hulle met Josef self gekonfronteer sonder dat hulle geweet het wie hy regtig is. Dit lyk aanvanklik of Josef hom daarin verlustig om hulle bevrees te maak deur hulle te beskuldig dat hulle spioene is en hulle vir drie dae in die tronk te stop. Hy besluit ook om Simeon agter te hou terwyl hulle hulle jongste broertjie gaan haal! Miskien wou hy hê dat hulle iets moes beleef van die angs wat hy destyds beleef het. Hoe dit ook al sy, dit blyk die geval te wees as hulle sê: *Dit het ons nou van alles wat ons destyds ons broer aangedoen het. Ons het sy angs gesien toe hy ons om genade gesmeek het, maar ons het nie geluister nie. Nou sit ons met dieselfde angs.* Sonder dat Ruben geweet het dat Josef hulle kan verstaan, sê hy dat die dood van hulle broer nou op hulle gewreek word.

Josef word so aangegryp deur sy broers se belydenisse onder mekaar dat hy baie hartseer word by die besef dat die verlede se sonde sy broers ingehaal het. Hy besluit om hom nie op hulle te wreek nie, want versoening met God en met jou medemens begin met skuldbelydenis, wat 'n mens bitter weerloos en blootgestel laat voel.

1 Maart **Benjamin gaan saam Egipte toe** **Genesis 43**

Toe die kos begin opraak en die hongersnood nog steeds voortduur, probeer Jakob sy seuns oorreed om weer te gaan kos koop, maar sonder Benjamin. Hy verwyt sy seuns vir die situasie waarin hulle hulle bevind. Juda verduidelik dat dit nie anders kon nie: die man het soveel

vrae gevra en hulle moes hom eerlik antwoord om hom te oortuig dat hulle eerlike mense is! Die man het uitdruklik gesê daar sal moeilikheid wees as hulle sonder hulle broer terugkom. Juda oortuig sy pa deur hom voor 'n keuse te stel: Of hulle gaan óf hulle bly, dit hang van hulle pa af. Of Benjamin gaan saam óf almal sterf van die honger sodat Jakob se hele naam sal uitsterf. Juda verseker sy pa verder dat Benjamin sal terugkom en dat hy bereid is om verantwoordelikheid vir hom te neem. Dit oortuig Jakob en hulle vertrek.

In Egipte laat Josef hulle na sy huis neem om hulle daar te onthaal. Die broers is egter baie skepties en agterdogtig. Hulle is bang dat hy hulle gaan laat vang en slawe van hulle gaan maak. Josef se amptenaar stel hulle gerus en toe Simeon boonop vrygelaat word, voel hulle meer gerus.

Die ontmoeting met Benjamin is vir Josef so emosioneel oorweldigend dat hy eers in sy kamer gaan huil en dan later die ete laat bedien streng volgens Egiptiese gebruike.

In hierdie hoofstuk sien ons dat dit die harde werklikheid is wat Jakob oortuig dat Benjamin moet saamgaan. Meestal is dit die besef dat 'n mens nie van die realiteite van die lewe kan ontsnap nie wat 'n mens laat verander. Jakob het tot die besef gekom: Net soos *die man* onder die almagtige God staan, staan Jakob en sy kinders onder sy sorg, en as sy kinders van hom weggevat word, sal dit nie deur 'n mens wees nie, maar deur God se toedoen.

2 Maart **Die finale toets** **Genesis 44**

Dit is asof die broers hier voor 'n finale toets te staan gekom het. Hulle het reeds hulle opregtheid bewys, maar waar staan hulle ten opsigte van hulle onderlinge verhoudings? Benjamin is bevoordeel met die ete: Hoe gaan hulle reageer - teen hom draai soos met Josef destyds? Veral omdat die silwer beker in Benjamin se sak gevind is? Om so iets te steel, is onvergeeflik, veral nog by 'n ete wat van Josef se kant gesien kan word as 'n *versoeningsete*. (Die beker is deur waarsêers gebruik om die toekoms te bepaal op grond van die patroon wat oliedruppels op water in die beker maak).

Die amptenaar wat hulle agternagesit het, sê: ...*net die een by wie die beker gekry word, sal my slaaf word*. Wat gaan die broers doen? Hulle is stomgeslaan en hulle is sak en pak almal terug na Egipte toe. Juda pleit vir hulle op grond van die verdriet van sy ou vader by die huis. Dan bied hy aan om self eerder in Benjamin se plek te boet alvorens hy sien dat sy pa van verdriet oor sy broertjie sterf. Juda het onwetend die troefkaart gespeel. Hulle het die toets geslaag!

Daar het 'n verandering by die broers gekom: Dat Juda, die een wat sy broer as 'n slaaf verkoop het, nou bereid was om in die bevoordeelde Benjamin se plek te boet, is 'n bewys van 'n nuwe gesindheid. Al die jare se gewetenswroegings en skuld wat dag na dag by hulle gespook het en waaraan hulle gedurig herinner is deur die verdriet en lyding van hulle pa, het gelei tot skuldbelydenis en 'n daad van onbaatsugtige liefde: Hierdie liefde lê in die bereidheid om in Benjamin se plek *onskuldig* te ly. Al wat nou oorbly, is versoening.

3 Maart **Die hereniging van Josef en sy broers** **Genesis 45**

Vir die derde keer huil Josef. Noudat hy die mense in sy diens uitgestuur het, bly daar niks meer oor van die beeld wat hy tot nou toe voorgehou het nie. Hy stort ineen en huil en omhels en soen sy broers, veral vir Benjamin. Josef vra uit oor hulle pa en nooi hulle daar en dan uit om saam met hulle pa na Egipte toe te trek sodat hy daar vir hulle almal kan sorg gedurende die vyf jaar van hongersnood wat nog oorgebly het. Die gebeure is so geweldig aangrypend dat selfs die amptenare van die farao en die farao self daarvan te hore gekom het. Van beskuldigings en straf is daar nie sprake nie - die tyd van vergifnis en versoening het aangebreek. Josef vertel hulle dat hulle nie verder moet sleg voel nie, want hoewel hulle hom as 'n slaaf verkoop het, was dit God wat hom vooruit gestuur het om almal te red.

Die farao keur die uitnodiging van Josef aan sy broers goed en neem persoonlik die reëlings oor van alles wat hulle moet saamneem na hulle pa toe. Terug by Jakob kan hy eers nie glo wat hy hoor nie. Maar ook hy kan nie anders as om te glo as hy al die waens en kos en kosbaarhede sien wat Josef en die farao saamgestuur het waarmee hulle hom moet kom haal nie.

Dit is moeilik om met die verdriet en smart van al die jare te breek, maar die geskenke van Josef (en die farao) trek Jakob terug na die werklikheid, terug na die hede en terug na die lewe: *Ek verlang niks meer nie. My seun Josef leef, en ek wil hom net sien voor ek sterf.*

God is in beheer van mense se doen en late, of dit nou goed of sleg is.

4 Maart **Op pad** **Genesis 46: 1-30**

Om 'n drastiese verandering in jou lewe te maak, beleef 'n mens die mees onsekere tyd van jou lewe. Om jouself te ontwortel en in nuwe

grond te gaan verplant, gaan vir baie mense gepaard met angs en depressie. Ek ken mense wat jare geneem het om aan te pas - en daar is sommige wat nooit aanpas nie. Vir die Christen word die afwagting verhoog deur die begeerte om te weet dat God in hierdie stap ook met ons is. En selfs al weet ons dat God saam met ons op pad is, kan ontnugtering en moedeloosheid ons nog maklik oorval. Hierdie spanning is nie beperk tot 'n geografiese verskuiwing nie, maar geld ook 'n beroepsverandering of 'n verandering van lewenstaat as gevolg van 'n huwelik of kinders wat gebore word of die huis verlaat.

Hoe treffend is dit om vir Jakob hier voor die altaar aan te tref. Jakob het sy eie kop gevolg en sy pad in die lewe oopgeveg deur ander te uitoorlê. By die Jabbokrivier was hy in 'n worsteling met God betrokke. Ag, hoe maklik is dit vir ons om met God te worstel as die onrus oor 'n groot stap ons oorval. Om jou ore toe te druk as God jou naam roep, is dalk juis die teken dat ons motiewe nie uitgesorteer is nie.

Miskien het Jakob sy kop al te veel gestamp. Miskien het die lewe hom waarlik nederig gemaak, want hier tref ons hom aan met die dringende behoefte om God se stem te hoor. Al sou dit dalk beteken dat God hom gaan verhoed om sy geliefde seun eens weer te sien, antwoord hy: *Hier is ek!*

Dit is hartseer as ons God in so 'n stap vermy, want waarskynlik roep Hy ons juis om vir ons te sê: *Ek is God.... Moenie bang wees ... nie, Ek gaan saam met jou....*

5 Maart **Oordeel en wysheid** **Genesis 46: 31-47: 6**

Vir my is die gelykenis van die oneerlike bestuurder in Lukas 16 een van die skokkendste, maar ook een van die opwindendste gedeeltes in die Bybel. Ek raak elke keer onrustig as ek lees: *Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig.* Vreemd genoeg word visie en beplanning selde as Christelike karaktertrekke aangeprys. Maar nog vreemder is dat ons simpatie het met mense wat hulleself as 'n slagoffer van hulle omstandighede sien. Dikwels kry die bose wêreld die skuld en die hemel word die enigste uitkoms - maar nie vir Josef nie.

Josef was in die eerste plek 'n man van integriteit. Die woord integriteit beteken ook heelheid of eenheid. Dit beteken dat ek in my werkplek en in my kerk en selfs daar waar niemand my kan sien nie, dieselfde persoon is. Maar om hierdie integriteit te behou, vra diskresie en diskresie vra beplanning. Waarskynlik het Josef onthou hoe dat sy familie kan lieg en bedrieg om te kry wat hulle *toekom*. Hy moes hulle voorberei om hulle toekoms as 'n afgesonderde nasie voor die farao te verseker, sonder om

die waarheid te verkrag. En net soos Josef voorspel het, het die farao vir hulle die Gosenstreek gegee toe hy hoor dat hulle veeboere is.

Om die koninkryk van God hier op aarde te laat aanbreek, is 'n groot verantwoordelikheid. Om passief toe te kyk, is onvergeeflik. Dit vra dat ons met wysheid die wêreldgebeure sal beoordeel en aktief die toekoms sal bestuur. So sal die wêreld op die Christene vertrou, soos ons op God vertrou wat van ewigheid tot ewigheid dieselfde is.

6 Maart **Vreemdelinge hier op aarde** **Genesis 47: 7-12**

In antwoord op die eenvoudige vraag: *Hoe oud is u?*, vertel Jakob vir die farao sy hele lewensgeskiedenis en sy totale lewenshouding: *Ek is nou al honderd en dertig jaar 'n vreemdeling hier op aarde. In vergelyking met dié van my voorvaders is dit maar min, en my lewensjare was vol swaarkry.* 'n Mens kan nie help om hier vir die eerste keer oorval te word met meegevoel vir die oneerlike seun en skoonseun; die passiewe vader met die blinde ambisie nie. Maar dit is nie waaroor dit gaan nie. Dit gaan oor ons. Ons is die vreemdelinge hier op aarde.

In die vorige gedeelte het ons gekyk na ons verantwoordelikheid hier op aarde. Hier kry ons perspektief op daardie verantwoordelikheid. Die wêreld is aan ons gegee om dit te geniet en te bestuur, maar ons mag nooit aan die wêreld gelyk word nie. Ons mag nooit uit die oog verloor dat dit net 'n klein deel van ons lewensreis is nie. Ons is pelgrimsreisigers op pad na die beloftes van God.

Daar is 'n spesifieke rede waarom Jakob vir die farao vertel het dat hy 'n pelgrim is. Pelgrims geniet die beskerming van die wette van 'n land gedurende hulle deurtog. In ruil daarvoor is hulle lojaal aan die koning en hulle gehoorsaam die landswette. Om nie gelyk aan die wêreld te wees nie, beteken dus nie dat ons ons van die wêreld distansieer nie. Nee, dit beteken dat ons in 'n resiproke verhouding met die wêreld leef. Die verskil is geleë in die anker wat ons lewe bestendig. Die anker is nie meer ons wortels en die sigbare sekerhede nie. Ons weet dat ons pelgrims is. Alles wat ons het, is maar van korte duur. Dit bring egter geen vrees by ons nie, want ons is geanker in ons vertroue op God, want in hierdie *op pad wees* word al God se beloftes waar.

7 Maart **Integriteit in die werksplek** **Genesis 47: 13-26**

Ons het reeds die wysheid en die oordeel van Josef leer ken. Ons het ook gesien dat dit nie sommer 'n skoot in die donker is nie. Hy bekyk 'n

saak sorgvuldig van alle kant af voordat hy 'n besluit neem wat in almal se belang is. Nogtans ys 'n mens as jy besef hoe groot die versoeking in Josef se hande is. Die magtige Egiptenare is op hulle knieë. Hulle kos en hulle geld is op, en hier staan Josef met die enigste sleutel tot al die graanstore. Hy kan ôf homself verryk het en die rykste man in die wêreld geword het ôf hy kan die hele Egipte *op welsyn* geplaas het. Die farao het volle vertroue dat Josef die moed het om 'n regverdige en wyse besluit te neem.

Die Egiptenare hou hulle asem op, want daardie sleutel tot die graanstore is ook die sleutel tot hulle oorlewing. Miskien het die farao ook sy asem opgehou. Wie gaan wen en wie gaan verloor? Die besluit wat Josef aankondig, is hard. In plaas daarvan om die hele Egipte *op welsyn te plaas*, koop hy hulle uit. Letterlik alles wat hulle besit, behoort nou aan die farao. Maar dan gee hy dit vir hulle terug om te bewerk en vier vyfdes van die opbrengs te geniet. In plaas van die verwagte staatsgreep roep die Egiptenare uit: *U het ons lewe gered!*

Wat maak hierdie besluit so briljant? Is dit Josef se waagmoed? Nee dis genade; sy regverdigheid en hoë standaard van integriteit is gebalanseer deur genade. Waar sou Josef geleer het van genade en rentmeesterskap? Daar is net een plek waar die mens dit kan leer ken.

8 Maart **Die erflating** **Genesis 47: 27-48: 22**

Jacques Brel het op 'n keer gesê dat daar in 'n mens se lewe twee belangrike datums is: sy geboorte en sy dood. Alles wat ons tussenin doen, is nie baie belangrik nie. Die stelling is debatteerbaar. Tog is dit 'n feit dat bitter min mense hulle voorberei op die belangrike dag. Ons huiwer om onsself in 'n kis te visualiseer. Ons besluit hoogstens wie ons nuttelose materiële erflating moet oorneem. Die vervreemding van die realiteit van lewe en dood word verhoog deur ons geïsoleerde samelewing. Bejaardes word in tehuise geplaas, sodat hulle kinders en kleinkinders die skoonheid van ouderdom misloop. So gebeur dit ongelukkig dat ons nooit ons geestelike erflating aan ons nageslag bemaak nie.

Baie dinge kan van Jakob gesê word, maar een van sy uitstaande kenmerke is sekerlik die waarde wat hy aan sy lewe geheg het. Hy het voortdurend beïndruk met die fokus waarmee hy sy lewe ingerig het om dit wat vir hom kosbaar is, te verkry en te bewaar. En met hierdie selfde erns benader hy hier sy dood. Sy briljante brein is steeds aan die werk, want in voorbereiding op sy dood maak hy seker dat hy al sy kinders vir oulaas na die beloofde land terugstuur, sodat hulle nooit die belofte van God aan Abraham, Isak en Jakob sal vergeet nie. Met die eed van Josef verseker hy dat die volk Israel, met sy twaalf seuns met

hulle uiteenlopende geaardhede, vir eens om die graf van hulle vader verenig sal wees. En so skerp hy met simbole sy geestelike erflating by hulle in: *Ek gaan binnekort sterf, maar God sal by julle wees. Hy sal julle terugbring in die land van julle voorvaders.*

Watter groter erflating is daar as om verseker te word van die teenwoordigheid en erflating van ons Here en ons God.

9 Maart **Genesing vir rou wonde** **Genesis 49: 1-50: 14**

Vir ons as familie was een van die mees traumatiese gebeure die dood van my pa se vriend toe ek op hoërskool was. Partykeer, op pad huis toe van atletiek af sou hy uit volle bors aan die oorkant van die kombuistafel begin lag. En ek sou die lekker warm gevoel kry wat daar altyd in sy teenwoordigheid was. Te skielik is hy dood. Maar in my herinneringe leef en lag hy steeds, net soos my ouma, wat presies 'n jaar gelede oorlede is. Steeds treur ek, want die tye saam met hulle was die beste tye van my lewe. My hart skree uit: te min, te min, ek wou meer van julle gehad het!

Maar die lewe is kort en die geleenthede gaan verby. Jy kan net vir 'n oomblik daarin vasgevang word en dan stap jy weer aan. Maar laat ons nie die ware hartseer in hierdie gedeelte mislees nie. Die rampspoed lê in daardie oomblikke wat ons kon liefhê, maar dit vir geweld verruil het. En hoe kan daardie herinneringe en skuldgevoelens ons darem nie lewenslank uitmergel nie? So is Jakob se laaste gesprekke met elkeen van sy seuns ook 'n uitbeelding van die mengsel tussen liefde en geweld in elkeen van ons se lewens. In sonde is ons ontvang en gebore, dit kan ons nie ontsnap nie. Maar weer eens hoor ons die stem van God in hierdie gewone afskeidsverhaal: Genade en nogeens genade.

So word elkeen van Jakob se seuns geseën, ongeag liefde of geweld, want genade en seën is nie afhanklik van verdienste nie. So word die drade almal bymekaargebring en die siklus voltooi. Net so kan die siklus van ons lewe slegs voltooi word in die pad van rou wat uitloop in die arms van God se vergifnis.

10 Maart **Van vergifnis tot vergifnis** **Genesis 50: 15-26**

Josef bars in trane uit toe sy broers na hulle vader se begrafnis hom om vergifnis kom smeek. Hulle het gedink dat Josef hulle miskien tot hiertoe gespaar het ter wille van hulle vader en dat die oomblik van vergelding nou uiteindelik aangebreek het. Net soos met die vorige skuldbelydenis kan hy sy trane nie keer nie. Maar hierdie keer huil hy

nie omdat hy aangedaan is nie, maar hy treur oor sy broers wat sy vergifnis nie kon glo en aanvaar nie. Weer verseker hy hulle dat God met hulle kwade dade goed wou doen. God het hulle geweld omskep deur 'n hele nasie te red.

Dit is interessant om daarop te let hoe Josef sy vergifnis begrond: *Ek is nie God nie.* Dikwels hoor ons dat een mens vir 'n ander een sê dat hy hom sal vergewe, want God sal self met hom afreken. Maar Josef het werklik vergewe. Of God met sy broers gaan afreken is vir hom totaal irrelevant. Al wat saak maak, is dat God se soewereiniteit hom van alle haat verlos. Hy is vry om sy broers lief te hê, want God is in beheer. Hy is vry om te vergewe, want hy leef binne God se vergifnis. Maar sy broers ken die vergifnis van God nog nie. En voor ons nie die vergifnis van God glo en aanvaar nie, kan ons ook nie 'n ander se vergifnis verstaan nie. Voordat ons nie die liefde en genade van God kan aanvaar nie, kan ons onsself nie voor Hom aanvaar nie, wat nog te sê die liefde van 'n ander.

Dit is hartseer as ons daaraan dink hoeveel verhoudings al skipbreuk moes gelei het omdat ons die liefde van 'n ander nie kan aanvaar nie. Mag die liefde en genade van die God van Josef jou lei tot 'n lewe van waagmoed en genade.

11 Maart **In die steengroef van die lewe** **Eksodus 1: 1-22**

Dit het maar rof gegaan met die Israeliete daar in die steengroewe van Egipte. Hier lees 'n mens as 't ware van spertyd in die Bybel. 'n Vaste aantal stene moes aan die einde van elke dag gelewer word. En hierdie kwota moes gelewer word, wat ook al gebeur. Boonop het die groeiende getal Israeliete 'n al hoe groter bedreiging vir die farao geword en moes hulle dit ook op verskillende maniere ontgeld.

En as so 'n situasie vir vierhonderd jaar aanhou, is dit seker eg menslik dat gelowiges vrae sou begin vra oor hulle lot. *Gee God om? Hoor God ons roep?* By tye sou 'n mens hulle selfs kon hoor prewel: *Is God regtig daar?* Dit is die agtergrond waarteen die verhaal van Eksodus afspeel.

Ons gelese hoofstuk wil nou vir ons sê om nie so stip teen die bome vas te kyk dat ons die bos miskyk nie! Wanneer ons God vir 'n oomblik nie sou sien nie, moet ons nie dink Hy is afwesig of dat Hy nie omgee nie of nie daar is nie. Ons moet onthou dat God agter die skerms aan die werk is. Terwyl die volk gedink het God is weg, was Hy besig om die toneel voor te berei vir die verlossing en bevryding van sy volk.

Op 'n byna speelse manier word hier met die farao afgereken: twee eenvoudige vroedvroue uitoorlê die koning; 'n klein Hebreeuse dogtertjie, Mirjam, word gebruik om die farao se dekreet te omseil: die koning

se eie dogter word deur die Here ingespan om sy volk te red! Ons sien dus tussen die reëls van die verhaal deur dat die Here in beheer is.

Een ding is dus duidelik: God géé om! Hy het 'n plan en Hy is besig om sy plan ten uitvoer te bring. Ons moet dit net glo en die tekens daarvan raaksien.

12 Maart **God bly in beheer!** **Eksodus 1: 1-22 (2)**

Daar is nog 'n vraag waaroor ons wonder: As God die geskiedenis beheer en 'n goeie plan het, hoekom het Hy vir 430 jaar hierdie pynlike ompad met die Israeliete geloop wat gevul was met trane, verdriet en pyn? 'n Mens wil byna vra, was dit regtig nodig dat God hierdie pad moes kies?

Dit was egter 'n pad wat die volk moes loop ten einde te beset dat God se weë nie hulle weë is nie en dat Hy sy beloftes enduit gestand doen. Hierdie ompad was eerstens nodig omdat dit deel van God se reddingspoging vir sy volk was. Daar was immers 'n hongersnood in die land en daarom het hulle in Josef se tyd al na Egipte verhuis.

Tweedens het die belofte aan Abraham van 'n groot nageslag en 'n eie land hierdeur waar geword. In hierdie klompie eeue het hulle talryk geword, soveel so dat die farao naderhand bang vir hulle geword het. Die gedeelte in vers 7: *Die Israeliete was vrugbaar en het vermeerder. Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle*, herinner nogal aan Genesis 1: 28 en so word die skeppingsopdrag dus ook vervul. Die inbesitname van die land is eweneens 'n sigbare vervulling van die landsbelofte aan Abraham - vandaar die vertrek uit Egipte.

Derdens moes hulle (wel op die harde manier) leer om vir mekaar om te gee. Hulle moes na mekaar omsien en ag slaan op mekaar se behoeftes. Hulle duidelikste kenmerk as volk moes wees dat hulle in hierdie wêreld kan oorbuig na ander mense, kan omgee vir diegene wat sukkel en swaarkry. Een van die groot pluspunte van eie lyding en pyn is dat 'n mens meegevoel het met ander wat ly en dat jy na diesulkes kan uitreik.

En as ons vandag swaarkry? Dalk is die Here maar net besig om ons (op sy manier) voor te berei vir iets besonders....

13 Maart **Roeping** **Eksodus 2: 11-22**

Dit is duidelik dat God met 'n plan besig is in hierdie wêreld. Die mens wik, maar God beskik! Die God van Abraham, Isak en Jakob skaakmat die farao met gebruikmaking van 'n paar eenvoudige Hebreeuse vroue

en 'n seuntjie, 'n hakelaar wat uit die Nyl gehaal is. En die boodskap: Die Here gebruik mense vir die uitvoering van sy plan op aarde!

Iemand sê iewers van die kerk dat ons 'n soort *grys Christendom sonder roeping* verkondig het en dat Christene daarom nie kon aanvaar dat juis hulle in die besonder deel van God se plan vorm nie. Partykeer is dit makliker om te sê God is 'n God van liefde as wat dit is om te sê die Here gebruik my hiervoor of daarvoor! Die boodskap van die Bybel is egter dat die Here nie net die mensdom en mense in die algemeen gebruik nie, maar dat Hy spesifieke persone by die naam roep en opdrag aan hulle gee. Eksodus 2 vertel van 'n God wat nie net met volke en nasies besig is nie, maar ook tot in die huise van gewone mense kom. So het God 'n draaiboek voorberei waarin daar vir ons elkeen 'n rol is om te speel: spesifieke dinge wat gedoen moet word; spesifieke woorde wat gesê moet word; spesifieke geleenthede wat raakgesien moet word; spesifieke mense wat gehelp moet word.

Dietrich Bonhoeffer sê iewers dat daar nie 'n bondel standaardkruise lê en wag om deur enigeen opgetel te word nie. Nee, God het vir elkeen 'n kruis voorberei en jou naam is daarop geskrywe! En dit is van hierdie spesifieke kruis wat Jesus sê dat dit sag en lig is. Om hierdie kruis van jou te vind, is een van die wonderlikste dinge wat met jou kan gebeur, want so 'n kruis is (anders as wat mense mag dink) gesny vir jou skouers. Jy sal hom maklik kan dra, selfs met vreugde!

14 Maart **Die God wat roep, oortuig en saamgaan** **Eksodus 3: 1-22**

Van die wonderlikste verhale in die Bybel en in die geskiedenis van die kerk is verhale wat vertel hoe die Here mense totaal onverwags - asof uit die niet - teëkom en hulle dan met 'n mengsel van krag en liefde oorweldig; hulle vir Homself en vir sy plan met die wêreld verower!

Ons ken die verhaal van Jakob by die Jabbokrivier en die worsteling wat daar plaasgevind het. Jeremia het gedurig weerstand getoon - hy sê selfs by geleentheid hy wou nie, maar dat hy nie anders kon nie, want die Here was te sterk vir hom en het oorwin. Petrus, die ruwe rots wat hy was, moes ook by geleentheid ervaar dat vlees en bloed nie met hom gewerk het. En dan is daar Paulus met sy Damaskuservaring wat vandag die prototipe van baie ervarings geword het.

Wat ons hier in Eksodus 3 lees, is so 'n roepingsverhaal: wonderlik, ongelooflik, genadig. Na die episode met die Egiptenaar wat Moses doodgeslaan het, het hy na Midian gevlug en so die plan wat God met hom en die volk gehad het, amper verydel. Maar God laat sy geroepene

nie so maklik wegkom nie. Dink maar aan Jona wat ook God se plan wou verydel! God gaan haal Moses daar waar hy hom in Midian bevind en by die brandende doringbos dop Hy Moses se lewe om en bring Hy hom weer terug na Egipte om sy roeping af te handel.

Let daarop hoedat 'n paar terloopse woordjies eintlik vreeslik baie sê. In vers 2 lees ons: *Terwyl hy (Moses) kyk, sien hy...*, en in vers 3 lees ons dat Moses vir homself sê: *Ek wil tog 'n bietjie nader gaan....* (Dit klink nogal na Jesaja 6: 9 wat lui: *Julle sal ... kyk en kyk en tog niks sien nie.*) Dit is die Here wat jou oë oopmaak. Terwyl ander mense ongeërg verby mag stap, staan Moses stil, hy kyk ... en stap nader. En dan sien hy.

Die Here forseer ons nie. Hy gee ons seine langs die pad (doringbosse wat langs die pad in ligte laaie staan!). As ons oë net oop is om dit raak te sien en ons gereed is om dit op te volg.

15 Maart **Die Naam van die Here** **Eksodus 3: 1-22**

In vers 13 en 14 vra Moses vir God wat sy Naam is. Dan antwoord die Here hom en sê: *Ek is wat Ek is.* Wanneer die Here dit van Homself sê, wil Hy nie daardeur te kenne gee dat Hy 'n koue en afsydige God is nie. Nee, die God wat met Moses praat, is die lewende en teenwoordige God wat van Homself kan sê: *Ek is!*

Die Hebreeuse woord wat hier met *Ek is* vertaal word, kom in vers 15 voor as JHVH. In die Afrikaanse Bybel word dit meestal met Here vertaal. Die woord JHVH is die Godsnaam wat oral in die Ou Testament voorkom. Hoe dit uitgespreek moet word, weet ons egter nie.

Die Jode handhaaf dié woord tot vandag toe, maar kan (en wil) dit ook nie uitspreek nie, veral omdat dit deur die derde gebod oor die ydellike gebruik van die God se Naam belet word. Die Jode het toe die woord *Adonai* - wat ook Here beteken - gebruik om na die naam JHVH te verwys. Aanvanklik is Hebreeus net met medeklinkers geskryf, en toe die klinkers later bygevoeg is, is hierdie twee woorde oormekaar geskryf (die een se medeklinkers en die ander se klinkers) en so het die woord *Jehovah* ontstaan, wat eintlik nie 'n eienaam is nie, maar 'n verwysing na JHVH. Tog is die uitspraak van *Jehovah* nooit aanvaar nie, en die mense het die woord destyds as *Jahwe* uitgespreek.

Dit is jammer dat ons vandag al hoe meer mense teëkom wat meen ons mag nie Here sê nie, maar ons moet terugkeer na die oorspronklike Hebreeus. Party wil selfs nie eers Jesus sê nie, maar eerder Josua! Dit is onnodig om dit so te verstaan. 'n Mens mag name in vertalings verander, byvoorbeeld Johannes in Engels is John en Jakobus weer

James. Josua in Hebreeus is Jesus in Grieks en die Nuwe Testament is tog in Grieks geskryf. As ons nou skielik weer na die Hebreeus wil terugkeer, skep dit die indruk dat ons die Nuwe Testament se waarde afskaal en die werk wat Jesus kom doen het, selfs misken!

Jesus het hierdie *Ek is* volgens die Johannes-evangelie baie keer gebruik om ook sy persoon en werk te beskryf: *Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.* Glo jy dit?

16 Maart **Ons met al ons besware!** **Eksodus 4: 1-17**

Reeds vanaf die vorige hoofstuk blyk dit dat wanneer die Here Moses roep, hy drie, vier keer, verskillende verskonings voorhou om hom uit hierdie roeping te draai. Ons weet nie regtig wat sy motief was nie - wou hy van die Here af wegkom soos Jona, of was hy net te onseker van homself om die roeping te aanvaar?

In hierdie hoofstukke hoor ons hoedat God geduldig luister na elke vraag en beswaar van Moses; hoe Hy elke *maar* ernstig opneem en op 'n simpatieke en tegemoetkomende manier vir hom 'n antwoord daarop gee. As 'n mens mooi luister en oor Moses se verskonings nadink, kom jy agter dat die mens na 3 000 jaar steeds dieselfde gebly het!

Moses se eerste beswaar is opgeteken in hoofstuk 3: 11 wanneer hy sê, *Wie is ék...?* Die Here belowe Moses: *Ek sal by jou wees....* Vir Moses was dit genoeg. Die Here verwag immers nie dat Moses die onmoontlike moet verrig nie. Dalk het Moses die sinnetjie (tereg) omgedraai: hy gaan saam met die Here en nie die Here saam met hom nie.

Die tweede vraag van Moses is baie ernstiger as hy vra: *Here, wie is U?* Hierdie vraag is 'n vraag na die hart en wese van God en so diepgrypend as wat die vraag is, so onbegryplik is dit! Soos ons gesien het, is die antwoord die teenwoordige God wat omgee en by ons is tot aan die voleinding van die wêreld.

Dan kom Moses se laaste beswaar: *Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ...my tong sukkel.* Ook vir hierdie probleem van Moses toon die Here begrip en kom Hy hom tegemoet. Hy genees nie sy spraak nie, Hy *toor* nie ons probleme weg nie. Hy los Moses net so - met sy swakhede en al - maar gee iemand langs hom om hom by te staan en te ondersteun. Binne die geloofsgemeenskap is ons broers en susters wat mekaar se laste dra.

Dit is die wonderlike troos van die evangelie: wanneer jy vir die Here werk, is jy nooit alleen nie! Ons sal dit wat die Here van ons verwag, self nooit alleen kan doen nie, en gelukkig hoef ons ook nie. Ons hét broers en susters!

17 Maart **Bevryding - God doen die onmoontlike** **Eksodus 5: 1-21**

Die stryd om die Israeliete uit Egipte te bevry, verloop ongeveer oor drie rondtes. In die eerste rondte lyk dit nog of die farao in 'n gelyke stryd saamspeel, maar in die tweede rondte begin die rooi ligte vir hom te flits toe sy towenaars nie meer die uitdagings kan hanteer nie. Van die derde rondte af weet 'n mens sommer dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees. Dit blyk baie duidelik dat die farao algaande beheer verloor.

Met die plae wou die Here die farao tot besinning bring. Dit is nie slegs 'n uiterlike magsvertoon van God wat hom hier afspeel nie. Die Egiptenare moes besef dat die God van Israel die werklike en lewende Here is. Lees hoofstuk 9: 14: *Dan sal jy besef dat daar op die hele aarde niemand soos Ek is nie.* Met hierdie gebeure rig die Here Hom nie net tot die farao en die Egiptenare nie, maar dit gaan ook om die wyer wêreld. Die hele wêreld moet sy mag sien en sy Naam roem. En natuurlik ook Israel - die volk wat maar steeds gewonder het waarmee die Here regtig besig was. Ook Israel moes uit die geskiedenis sien en beleef wie God werklik is.

God is nie net die Een wat die moontlike doen nie, maar ook juis die onmoontlike! 'n Groot teoloog het gesê jy ken God eers regtig as jy besef en weet dat Hy ook die onmoontlike doen.

Met die uittog en ook die redding deur die Rooi See wou die Here sy volk op so 'n manier red dat hulle Hom hulle lewe lank sal onthou as die almagtige God, die God wat wonders doen, die God vir wie ook die onmoontlike moontlik is. Die God van Israel is nie net die *Een* wat *is* nie, Hy is ook die God wat regtig lêêf, die Almagtige, en daarom 'n verskil sal kan maak in die lewe van sy kinders - in tye wanneer hulle dink dit is moontlik én in tye wanneer hulle dink dit nie meer moontlik is nie.

18 Maart **God word mens** **Lukas 2: 1-7**

Kan jy jouself indink dat jy van nou af 'n miertjie moet wees? Klein, swak en onbeholpe.... Hoe gaan jy rugby gespeel kry, wie gaan kos kook, hoe gaan u die motor bestuur? Jy moet mens-dinge doen, maar intussen is jy 'n pieperige ou miertjie. Dit gaan die swaarste swaar wees en boonop ook nog vernederend.

Iets hiervan moet ons begryp as die Bybel ons leer dat God 'n mens geword het. Hy het sy almag, sy ewigheid, sy opperheerskappy prysgegee en 'n ou klein babatjie in 'n doek, in 'n krip tussen diere en mense geword. In plaas daarvan dat Hy God is wat mense en diere laat lewe

en na hulle omsien, word Hy deur 'n vrou versorg en deur 'n donkie rondgedra. Dit is vernederend, dit is lyding.

Hoekom het dit gebeur? Die kerk se belydenisskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis, sê dat Jesus *iets* geword het soos ons wat ongehoorsaam is, sodat Hy in ons plek met die allerbitterste lyding ons straf kon dra. Sien jy hoe volmaak Jesus soos ons geword het - selfs soos 'n babatjie in doeke - om ook volmaak ons lyding en straf op Hom te neem. Net soos jy verneder en klein en nietig sou voel om 'n miertjie te word, só het Jesus Homself verneder en verklein en vernietig om volkome soos jy te wees.

As jou sonde jou klein en magteloos laat voel, as jy platgeslaan op die grond lê, soos 'n babatjie voel wat nie eens kan praat of loop nie, onthou selfs tot op daardie vlak het Jesus aan jou gelyk geword. Al het dit vir Hom lyding beteken, het Hy dit gedoen sodat jy die ewige lyding gespaar kon word.

Dink in hierdie lydingstyd hieraan: Jesus het elke vorm en staat en fase van menswees aangeneem. Daarom kan Hy jou verlos in watter staat van lyding jy ook al verkeer.

19 Maart **Hoekom so geweldig ly?** **Hebreërs 10: 11-18**

Het jy al daardie magtelose gevoel gehad van skuldig wees? Jy het deur jou stoutigheid jou ma se duurste ornament gebreek en daar lê dit flenters. Jy is gewaarsku, maar jy wou nie hoor nie. Jy is skuldig. Of jy het vir jou vrou gelieg. Sy het jou uitgevang en daar sit jy, bloedrooi en sprakeloos.

As ons so voel oor mense, behoort ons lam te wees van magteloosheid, rooier as bloedrooi van skaamte en stom te word vir ewig as ons dink aan ons skuld voor God. Ons belydenisskrif sê dat ons skuldig is en die ewige vervloeking verdien. Gejok, geskinder, nie iets gedoen toe iemand die Here se Naam misbruik het nie, was lui gewees, het iemand beledig... so kan ons ritse en ritse dinge opnoem.

Maar dan hoor ons die goeie nuus wat ons vandag gelees het: *Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.* Kan daar enige beter nuus wees as dit: Absoluut skuldig, ewig vervloek teenoor altyd volkome van sonde vry gemaak? Dit is die goeie nuus in hierdie lydingstyd. As u ooit gewonder het waarom Jesus daardie geweldige lyding moes deurmaak, dan weet u nou. Praat dit opnuut met uself uit: *Ek was vir ewig vervloek. Nou is ek vir altyd volkome verlos.* Gesang 133 sê dit ook baie mooi:

Ja, ek kos Hom die slae,
die smarte en die hoon....
Vir my was daardie wonde,

vir my moes Hy daar staan;
Hy moes vir al my sonde
die bitt're kruisweg gaan.

20 Maart **Die rekening is betaal** **Jesaja 53: 5, 9, 12**

Daar is baie min van ons wat in vandag se dae nie sukkel met rekenings wat betaal moet word nie. Ons kry soms selfs aanmanings en partykeer word ons selfs gedreig. Dit het hier en daar dalk ook al gebeur dat u so 'n groot rekening ontvang het dat u dit glad nie kan betaal nie. Selfs al sou u alles verkoop wat u het, gaan dit nog steeds te min wees.

Het u al die rekening vir u skuld van God af ontvang. U kan dalk vra: *Watter rekening?* Die rekening vir alles wat u in 'n leeftyd teenoor God en teenoor u medemens verkeerd gedoen het. Werk maar self uit hoe diep u by God in die skuld is: Alles wat u moes gedoen het en nagelaat het om te doen; alles wat u verkeerd gedoen het; u totale sondeskuld voor God. Ontelbaar! Onberekenbaar! *Nee*, sou u sê, *ek het nog geen rekening ontvang nie.* Dit mag só wees, maar die aanklag teen u is daar. Lees maar gerus wat staan in Hebreërs 10: 31: *Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.*

Nee, gelowiges ontvang nie 'n rekening nie. Ons belydenisskrif sê dat Jesus Christus God se toorn met *volledige betaling* gestil het. Ons rekening is vereffen. Dink weer wat u in Jesaja 53 gelees het. Ons oortredings, ons sondes, ons straf, ons goddeloosheid, ons misdade het veroorsaak dat Hy deurboor, verbrysel, verwond, gedood en begrawe is.

Dink in hierdie lydingstyd aan wat Christus jou in die saak gebring het: Dié rekening, my sonde-rekening is betaal.

21 Maart **Stukkender as stukkend** **Psalm 22: 1-22**

Kan vlees en bloed soveel ellende verduur as wat Psalm 22 se digter verduur het? Hoor wat skreeu hy as 't ware uit: *My God, my God, waarom het U my verlaat...? ...ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot... verag... hulle steek vir my tong uit... daar is niemand wat help nie. ... Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval....* Hy is só benoud dat dit vir hom voel of verskeurende, brullende leeus op hom afstorm, of honde hom omsingel, of wilde beeste op hom toegesak het.

Dit is hierdie absolute ellende wat hom laat dink dat die wêreld alleen só kan lyk as God jou verlaat het. Aan die een kant is hy reg. Totale wanhoop heers alleen waar God nie is nie.

Hierdie man se roepe na God het nie op dowe ore geval nie. In vers 22 hoor ons: *U het my gebed verhoor!*

Voel u ook soms om ten hemele te skreeu? Lê u in die nag wakker met 'n beklemmende gevoel en 'n benoudheid asof *'n wreedaardige klomp mense u omsingel* of *'n trop beeste u toestaan* of u kyk vas in die oop bekke van *verskeurende, brullende leeus*?

Wonder u dalk waar God is? Hy kan mos nie hier wees waar dit só ellendig gaan nie! Hy, vir wie die Vader gestuur het om na jou klag te kom luister, skreeu net so hard toe Hy by jou uitkom: *My God, my God waarom het U My verlaat.* Want sien, aan die kruis het Jesus in jou plek, onder jou omstandighede, vir jou, by jou kom hang.

Hy ken jou. Hy weet waar jy is. Daarom het Hy jou te hulp gekom. Dink in hierdie lydenstyd hoe naby God in Jesus Christus aan jou gekom het. So naby dat Hy net soos jy ten hemele moes skree. So naby dat u kan sê: *U het my gebed verhoor*, want die sonde is oorwin, die dood se angel is uitgetrek, die duiwel is aan kettings geboei en Jesus Christus sit aan die regterhand van God en Hy pleit vir u.

22 Maart **Wat verstaan jy onder die woordjie *gely*?** **Jesaja 53: 1-4**

Hierdie is direkte woorde uit die Heidelbergse Kategismus, wat vir hierdie lydingsweek noodsaaklik is om te verstaan. Wat bedoel ons as ons elke Sondag bely dat Jesus Christus gely het?

Ons het op 18 Maart reeds gehoor dat Jesus se lyding alreeds in die krip op Betlehem begin het. Hierdie lyding het aangehou en aangehou.... Saam met sy ouers vlug Hy, Hy raak weg, Hy word honger, Hy treur oor sy broer se dood, Hy word deur mense verdryf, Hy word verraai, Hy word verloën, Hy *sweet bloed*, Hy word geslaan, Hy word gespoeg, Hy word uitgelag, Hy word doodgemaak, Hy beland in die hel. Geestelik en liggaamlik word Hy uitgemergel tot die uiterste toe. Vernedering, teleurstelling, seer, pyn, uitmergeling, verwerping ... alles wat u kan opnoem, het Hom in die oortreffende trap getref. Dink maar aan u eie lyding, wat die aard of omvang daarvan ook al mag wees. Jesus het dit geken en dit is wat ons wil sê met die woordjie *gely*. Sy lyding was so intens, so omvangryk, so alles-omvattend dat Hy ook begrip sal hê vir alles wat u deurmaak. Hy het selfs neergedaal na die hel, sodat Hy u van helse benoudheid en helse pyn kan verlos.

In hierdie lydingsweek word u daaraan herinner dat Jesus Christus lyding ken. Hy was daar. U kan maar u hart by Hom uitpraat.

23 Maart **Is ons vervloektes?** **Deuteronomium 21: 22-23; Galasiërs 3: 13**

Bogenoemde vraag se antwoord is *ja* vir hulle wat nie in Jesus Christus glo nie en *nee* vir almal wat in Hom glo. Hieroor is die Bybel baie duidelik: Daar is geen ander naam vir ons gegee waardeur ons gered kan word nie. *Ek is die weg en die waarheid en die lewe*, sê Jesus. En verder sê Hy: *Ek is die ingang.*

Hoekom is Jesus dan so uniek en die enigste Verlosser? Hy is die enigste Een wat kon kom *goed maak* wat ons verkeerd gemaak het. Net Hy is God en mens gelyktydig. Geen mens of engel of wie ook al sou die verskriklike straf kon verduur wat ons toekom nie. As gevolg van alles wat ons só nalaat en verkeerd doen, is ons vervloek. Ons kom God en ons medemens elke dag te na. Jesus kan die straf op hierdie vervloeking dra, want Hy het die Goddelike krag daarvoor.

Daarom is Hy aan 'n kruis opgehang, want dit was die uiterste straf vir vervloektes. Ons absolute vervloektheid het Hom dit gekos. Dit is bitter tragies, maar tog is dit die wonderlikste boodskap:

Hy sterf vir ons, so diep verlore,
vir ons stort Hy sy bloed.
So word ons nou uit God gebore
hernuwe van gemoed.
Laat ons Hom dan nou dankbaar nader
wat so uit liefde ly;
deur Hom het ons in God 'n Vader
wat ewig Vader bly.

Ons, die vervloektes, word kinders van 'n liefdevolle Vader.

24 Maart **Doodsvreugde!** **Hebreërs 9: 15-17**

Kom ons wees maar eerlik: Saam met die dood is daar in sekere gevalle ook vreugde. Veral as daardie *onbekende, ongetroude oom* dood is en jy erf 'n miljoen rand wanneer sy testament bekend gemaak word.

Ons wonder soms hoekom is Christus dood? Kon Hy nie maar vir altyd op aarde bly leef het en kos uitgedeel het, storms stil gemaak het en wonderwerke gedoen het nié? Nee, dan sou sy testament nooit in werking getree het nie, dan sou ons in hierdie jammerdal gebly het; altyd eers honger en siek en dors geword het voordat daar uitkoms gekom het. Met die dood van Christus het sy testament (die Nuwe Testament) in werking getree en ons erf die ewige lewe. U sien dus dat sy dood, hoe erg dit ook al mag klink, ewige vreugde gebring het.

Mag die skynbare tragedie, die dood van God se Seun op Goeie Vrydag, vir u uitloop op 'n ewigdurende blydskap, want die testament van alle tye het in werking getree: U erf die ewige lewe. Hoor hoe sing ons:

Getroue Heiland staan my by
my waarborg is u sterwe.
U spreek my van die oordeel vry,
dat ek u heil mag erwe.
Ek twyfel nie, U het voldoen....
Die bloed van Golgota versoen;
bedek my baie skulde.

25 Maart **Paasfees - 'n gedenkfees** **Eksodus 12: 1-28**

Die paasfees, of die fees van die ongesuurde brood is gevier op 14-21 Nisan wat op 'n stadium die eerste maand van die Israelitiese kalender was. Dit was 'n fees ter herinnering aan die groot bevryding wat Israel beleef het met die uittog uit Egipte.

Wanneer die farao ná nege plae nog weier dat Israel trek, kondig Moses aan dat die Here omtrent middernag dwarsdeur Egipte sal trek om alle eersgeborenes, van belangrik tot minder belangrik, te dood. Israel word egter van hierdie oordeel uitgesluit. Maar anders as by die vorige geleenthede, moes hulle eers iets doen. Op bevel van die Here sê Moses dat elke gesin 'n lam moet slag en die bloed aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte moet smeer. So sou hulle eersgeborenes die dood vryspring.

Na hierdie ramp gee die farao opdrag dat Israel moet trek. Hierdie uittog was 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van Israel; dit was die begin van die volk se vry en selfstandige bestaan as volk van God.

Die nag waarin die eersgeborenes van die Egiptenare gedood is, is 'n nag om plegtig te onderhou tot eer van die Here omdat Hy Israel uit Egipte uitgelei het.

Die paasfees was dus 'n fees wat gevier moes word om die herinnering aan die redding uit Egipte lewendig te hou. Hierdie herinnering aan die magtige dade van God en van sy liefde vir sy volk, het die volk weer aangespoor om God te dien en om hulle vertroue op Hom te plaas.

Teen hierdie agtergrond word ons, die nuwe volk van God, opgeroep om die slagting van die Paaslam, Jesus Christus, te gedenk en uit dankbaarheid in herinnering te roep.

26 Maart **Die tiende plaag** **Eksodus 12: 29-30**

Om middernag het die Here elke eersgeborene van Egipte laat sterf. Volgens Egiptiese opvattinge is middernag juis die tydstip dat die songod Ra op sy hewigste teen die bose magte veg. Die Egiptenaars het die songod Ra aanbid en geglo dat hy in die nag 'n stryd met die chaosmagte voer.

Maar op hierdie tydstip wanneer die songod Ra op sy aktiefste is, tref die ramp van die tiende plaag die Egiptenaars. Hierin sien ons duidelik die onmag van die god Ra. Van die kroonprins tot by die eersgeborene van die krygsgevangene in die tronk sterf om middernag. Alle lae van die samelewing, van die belangrikste tot die geringste, word getref; nie 'n enkele Egiptiese huis is oorgeslaan nie - in elkeen was daar 'n sterfgeval.

Die Egiptenaars word gestraf vir die onderdrukking van die volk Israel en die farao se weiering om die volk te laat trek. Die tiende plaag is eintlik die hoogtepunt van al die plae. Die Egiptenare word getref waar dit die seerste maak.

Die farao het toe aan Moses en Aäron bevel gegee dat Israel moet wegtrek uit Egipte. Eintlik het hulle daarop aangedring dat Israel vinnig moet trek omdat hulle vir verdere lewensverlies gevrees het.

In die tragiek van hierdie tiende plaag lê nie net die almag van God opgesluit nie, maar ook sy groot liefde vir sy volk. In die latere nuwe verbond met sy volk, sou God se mag oor lewe en dood, deur Jesus Christus, duidelik blyk. Dan is dit nie die Egiptenaars se eersgeborenes nie, maar God se Eniggeborene wat vir sy volk verlossing bring!

27 Maart **Die farao laat Israel trek** **Eksodus 12: 31-40**

Dieselfde nag nog laat die farao vir Moses en Aäron roep om vir hulle opdrag te gee om te trek. So sterk is die gevoel dat die Israeliete moet trek, dat daar nie eers tot die volgende dag gewag kan word nie. Sy bevel is baie beslis: *Gee pad onder my mense uit....* En die feit dat die Israeliete vee, silwer- en goue voorwerpe kon saamneem, dui op die desperaatheid van die Egiptenaars om van die Israeliete ontslae te raak.

Al sou hierdie besluit belangrike ekonomiese implikasies inhou, kon die farao nie langer die Israeliete terughou nie. Dat hy vir Israel toelaat om te trek, lê nie in sy vrees vir die Israeliete nie, maar veel eerder in sy vrees vir die God van Israel. Deur God se ingrype het die Egiptenaars reeds hulle eersgeborenes verloor en nou voel hulle dat almal se lewens bedreig word. Eintlik erken die farao sy eie hulpeloosheid en daarteenoor die almag van God as hy vir Moses en Aäron sê: *En bid dan dat dit met my ook goed mag gaan.*

Die feit dat die farao vir Israel laat trek, dui aan die een kant daarop dat die teenstanders van God nie sy oordeel kan ontduik nie. Maar terselftertyd kom dit sterk na vore dat niks God van sy volk kan skei nie. God doen sy beloftes gestand en nie eers die magtige farao kan keer dat Israel na die land trek wat God met 'n eed aan hulle belowe het nie.

28 Maart **Die Here laat die volk met 'n ompad trek** **Eksodus 13: 17-22**

Die pad wat hier beskryf word as die pad na die land van die Filistyne, was die kortste pad vanaf Egipte na Palestina. Omdat dit die pad was wat algemeen gebruik is, is dié pad dan ook beveilig deur 'n aantal forte wat deur Egiptiese soldate beman is. Om hierdie pad te volg, kon dus vir die volk gevaarlik wees, want as die farao dalk sou besluit om sy slawe terug te bring, sou dit vir Israel moeilik gewees het om hulleself sonder enige strydwaens en perde te verdedig teen die Egiptiese soldate wat die forte beman het.

Waar die woestynpad in die rigting van die Rietsee geloop het, weet ons nie vandag nie. Ook die feit dat Hebreeuse name vir plekke in Egipte gebruik word, bemoeilik dit om die pad te identifiseer. Israel het egter hierdie pad gevolg omdat God hulle daarlangs gelei het. Ons sien God se leiding in die wolkkolom wat bedags voor hulle uitgetrek het en die vuurkolom wat snags sigbaar was.

Dat die volk nie met die gewone pad na Palestina getrek het nie, dui weer eens vir ons op die heilsame bemoeienis van God met sy volk. Sy handelinge met sy volk Israel het alleen die voordeel van sy volk in die oog gehad. Die kortste pad is nie altyd die beste pad nie. God loop nie *kortpad* met ons nie. Sy pad lei ons soms deur dale van doodskaduwees, maar bring ons by die ware lewe uit.

29 Maart **Die farao agtervolg die Israeliete** **Eksodus 14: 1-14**

In Egipte het alles na normaal teruggekeer. Een probleem het egter nou na vore gekom: Wie moes die slawe se werk doen noudat die Israeliete getrek het. Dan neem die farao weer 'n koppige houding in deur te beveel dat die strydwaens en die leër saam met hom moet gaan om die Israeliete na Egipte terug te bring.

Die feit dat Israel weggedraai het, laat ook by die farao die gedagte ontstaan dat Israel dalk verdwaal het. Met hierdie ompad het die volk

eintlik in 'n swakker en kwesbaarder posisie beland. Hierdie situasie moes sekerlik vir die Egiptenaars 'n aanmoediging gewees het om die Israeliete weer terug te bring na Egipte toe sodat hulle kon voortgaan met hulle slawewerk.

In vers 8 lees ons dat die Israeliete onder die beskerming van God getrek het. Nou sien ons weer die ou vyande teenoor mekaar. Dit is weer die farao teenoor die Israeliete, maar God tree dan in Israel se guns op.

Die geweldige leër met strydwaens laat Israel skrik, soveel so dat hulle eintlik nie iets anders kan raaksien as dat hulle hier gaan sterf nie. In hulle benoudheid verwyt hulle vir Moses vir die benarde situasie waarin hulle hulle bevind. Maar dan kom die bemoedigende woord van Moses: *Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.*

Eeue daarna is dit die *nuwe* Moses, Jesus Christus, wat sy nuwe volk troos met die woorde: *Moenie vrees nie, klein kuddetjie. Kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld.*

30 Maart **Die Here red die Israeliete** **Eksodus 14: 15-28**

Die naderende Egiptiese leër en strydwaens het die Israeliete bang gemaak en hulle het benoud na die Here geroep. God antwoord sy volk deur vir hulle opdrag te gee om verder te trek, terwyl Moses die opdrag kry om sy kierie op te lig en sy hand oor die see uit te steek om die see oop te kloof sodat Israel droogvoets kon deurtrek.

Die redding van die Israeliete bestaan eintlik uit twee momente. Eerstens, die wolkkolom wat agter die volk Israel ingeskuif het om te keer dat die Egiptenare naderkom. Die tweede moment van die redding lê daarin dat die Israeliete droogvoets deur die see kon trek. Die feit dat die water weerskante 'n muur gevorm het, dui eintlik op 'n wonderwerk van God se kant af. As die goed toegeruste leër met die strydwaens van die Egiptenare die Israeliete agternasit, saai God verwarring onder die Egiptenare. Dan kom hulle tot die besef dat hulle van die Israeliete af moet wegkom, want die Here veg vir die Israeliete. As Moses dan op die Here se bevel sy hand oor die see uitsteek, stroom die water oor die Egiptenare.

In hierdie verhaal is dit weer, net soos by die dood van die eersgeborenes, die hand van God wat telkens opduik in elke handeling van Israel. Dit is ook deur die hand van God dat Israel die magtige aanslag van die Egiptenare kon oorleef om na die beloofde land te trek. Alreeds die Ou Testament leer ons dat God sy volk red, selfs deur die dood heen.

31 Maart **Israel kry nuwe vertroue in die Here** **Eksodus 14: 29-31**

Om droogvoets deur die see te trek met 'n muur van water aan weerskante van hulle, moes vir Israel al iets gesê het van die krag van die Here. Maar om terug te kyk en te sien hoe die magtige Egiptenare deur die hand van God omkom en dood op die strand lê, moes sekerlik vir Israel onder die indruk gebring het van wie God werklik is en wat Hy vir hulle beteken.

'n Mens leer eers iemand ken as jy sy optrede waarneem en dit is presies wat hier gebeur het. Die uitredding uit die mag van die Egiptenare, vir die soveelste keer, het Israel met ontsag vir God vervul. Ons lees in die een en dertigste vers dat hulle in die Here geglo het. Hulle het opnuut besef wie God is en wat Hy vir hulle beteken. Hulle kon op Hom vertrou met die vaste wete dat Hy hulle vertroue nie sal verloën nie.

Hierdie verhaal leer ons ook wie en wat God is. Hy is almagtig, Hy is getrou aan sy beloftes en sy liefde vir sy volk oortref alles. Uit hierdie kennis van God leef ons ook elke dag. Dit maak nie regtig saak watter draaie ons lewe ook al mag loop nie, want ons het God leer ken as die God wat alles feil het vir sy volk.

Dit is dan juis ook waarom die sakrament van die doop ons wil verseker: *Wanneer ons gedoop word in die Naam van die Vader, betuig en beseël die Vader aan ons dat Hy 'n blywende genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons as sy kinders en erfgename aanneem. Daarom wil Hy ons in alles versorg en alle kwaad van ons afweer, of dit vir ons ten goede laat meewerk.*

1 April **Die lied van Moses** **Eksodus 15: 1-19**

Met hierdie lied van Moses word die mag van God beskryf as die beskermer van Israel. Die oorwinning van God by die Rooi See was vir die Israeliete 'n duidelike teken, 'n waarborg dat God 'n plan met sy volk het. Die groot dade van God word die bewys van sy mag en krag. Die oorwinning oor die vyande van Israel, die Egiptenare en ander volke, getuig van God se grootheid en goedheid. Die Israeliete sien hierdie dade van God as die begin om hulle by die beloofde land uit te bring. God sal self sy volk lei en daarom loof en prys hulle Hom.

Hoe moeiliker die omstandighede word, des te meer word ons geloof op die proef gestel. As ons met 'n ware geloof lewe, het ons ook meer hoop op die toekoms. Ons leef dan uit die geloof dat God ons wil help in tye van nood. Die God van die Ou Testament is dieselfde God as van

die Nuwe Testament, en omdat Hy onveranderlik is, kan ons ons vertroue op Hom plaas.

Besef u wat dit beteken? 'n Gelowige wat gehoorsaam en dankbaar vanuit die Woord lewe, se hele lewe sal 'n loflied tot eer van die Here wees. Dit beteken dat hierdie lied altyd gesing sal word. Hierdie lied is deur Israel gesing toe hulle by die Rooi See gestaan het. Hierdie lied word ook deur die kerk gesing as ons na die kruis en die graf van Christus kyk. Die sentrale gedagte van die hele Bybel is om eer aan God te gee. Staan daarom elke dag eers stil voordat jy jou dag voortsit, en sing tot eer van die Here.

2 April **Die lied van Mirjam** **Eksodus 15: 20-21**

Die Bybelse geskiedenis is nie opgeteken om ons met irrelevante detail te verveel nie. Dit is geskryf met die oog daarop om ons geloof te versterk. Israel se hoop op die toekoms was gewortel in hulle ervaring in die geskiedenis. Ons hoop word gevestig op die dade van God in die verlede. Die Ou Testament is daarom 'n ryk bron van vaste geloof wat ons verseker van wat God kan doen op die basis van wat God alreeds in die verlede gedoen het. Daarom lees ons die Bybel met oë van geloof.

Daar is vele kere waar ons, soos Israel, God se hand aan die werk sien. Daarom vloei Israel se lof voort, veral ook in hierdie lied van Mirjam, uit 'n opregte belewenis met God. Wanneer ons ons besig hou met die evangelie, bring dit ons elke keer weer by God se wonderdade uit. As ons Hom volg, kyk ons met geloofsoë na God se vervulling van sy beloftes en ervaar ons sy genade deur moeilike tye in ons lewens. Meer as die tekens van 'n gespaarde aardse lewe is die getuienis van die kruis en die oop graf vir ons die sekerheid van 'n ewige lewe. Dit is God se wonderdaad aan ons. Daarom kan ons die lof van ons Here besing in die kerk en ook by die huisgodsdiens. Laat ons geloofslewe ook begin en eindig met die lofprysing aan die Here, want aan Hom kom al die lof, die eer en die danksegging toe.

3 April **Bitter water** **Eksodus 15: 22-27**

Wat 'n teleurstelling moes dit gewees het toe die Israeliete uitvind dat hulle nie die water kan drink nie. Hulle aanvanklike vreugde om water te kry, het skielik in woede verander. Hoe kon Moses hulle in hierdie plek in gelei het? Hierdie was 'n toets vir hulle geloof. Hulle kon nie insien dat hulle geloof ook in hulle daaglikse lewe tot uiting moes kom

nie. Eers vertrou hulle God as die magtige wat hulle uit die hande van hulle vyande red en dan wantrou hulle Hom in hulle daaglikse versorging.

Dit gebeur soms dat ons in die erediens sing tot God as ons groot Verlosser in nood, maar wanneer ons met die alledaagse lewe te doen kry, is ons bekommerd oor die kleinste dingetjie. Die punt is dat ons in ons eredienste dit makliker vind om ons vertroue op God te plaas, maar nie tydens die alledaagse lewe nie. Ons is so geneig om 'n valse onderskeid te tref tussen ons geloof op Sondag en in die week.

Wat gebeur as ons aan God se Woord vashou? As ons God se Woord glo, word die bitter water in ons lewens soet. Dit beteken nie dat die lewe makliker word of dat ons omstandighede verander nie, maar as ons God se Woord glo, sal Hy met ons wees ook wanneer omstandighede moeilik is - daar sal 'n soet smaak in die lewe wees waarin geen omstandighede die lewe bitter kan maak nie. Waar staan jy vandag in die woestyn waar jou omstandighede soos jou huwelik, werk, kerk, finansies, vriende, bure, eensaamheid en ander sake meer bitter as soet is?

Weet dat God die God van die lewende water is. Wie daarvan drink, sal nooit weer dors kry nie. Vertrou God as die magtige wat red en vertrou Hom in jou daaglikse versorging.

4 April **Kos uit die hemel** **Eksodus 16: 1-21**

Twee groot wolke hang in ons gedagtewêreld: bekommernis oor vandag en môre. Die hede en die toekoms. Waaroor anders? Die hede en die toekoms was vir die Israeliete twee groot bronne van kommer toe die woestyntog begin het. Hulle was bekommerd dat die kos wat hulle gehad het, nie genoeg sou wees nie en dat dit dalk die volgende dag opgeëet sou wees. Hulle het baie tyd spandeer om te kla oor hulle lot in die woestyn. Al het hulle oor God gekla, het Hy steeds vir hulle gesorg. Hy antwoord op hulle klagtes met sy oop hand wat gee. Dit is louter genade. Dit is totaal die teenoorgestelde van hulle begrip van God. Hoe anders is dit van ons begrip van God? Al kla ons, voorsien Hy steeds en gee Hy altyd genoeg. Sommige van die Israeliete het die wet oortree en manna oorgehou, want hulle was bang dat daar die volgende môre niks sou wees nie. Hulle het geredeneer dat God vandag gegee het, maar dat Hy dalk nie weer môre sal gee nie. God het belowe, maar hulle het Hom nie geglo nie.

God sal vandag en môre in ons behoeftes voorsien. Luister na Jesus se woorde: *Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge*

waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.

5 April **Die sabbat** **Eksodus 16: 22-30**

Op die sesde dag moes die mense twee maal soveel manna bymekaarmaak om ook op die sewende dag daarvan te kon eet, soos wat die Here beveel het. Hierdie manna het nie bederf soos dié wat die ongehoorsame mense vir twee dae bymekaargemaak het nie. Daar was dus genoeg kos vir die sewende dag. Sommige het steeds op die sewende dag uitgegaan om manna te soek, want hulle was gulsig gewees. Hulle wou meer as genoeg gehad het.

Die oorstaan van die manna het hulle nie oortuig dat die Here enigsins vir môre sal voorsien nie. Wat gebeur met hierdie mense wat nie glo dat die Here 'n Voorsiener is nie en steeds gaan soek vir dit wat hulle dink hulle nodig het? Hulle het niks gekry nie. Die soektog was verniet. Hulle het net tyd en energie vermors. Dit gebeur met jou wanneer jy obsessief raak: dit gee 'n wrede honger; tyd en energie word vermors in 'n soeke na satisfaksie wat nooit bevredig word nie.

Hulle is twee dae se manna gegee sodat hulle op die sewende dag hierdie geskenk van rus kon geniet. Dit is wat die sabbat vir ons beteken. Dit help ons om 'n sabbatsleefstyl aan te kweek wat periodieke rus insluit. Die sabbat wil ons daaraan herinner dat God aan ons voorsien wat ons nodig het. As ons hierdie voorreg geniet, is ons minder geneig om ons eie wil buite God se wil om te soek.

6 April **Bewaar 'n kruik manna** **Eksodus 16: 31-36**

Manna was 'n geskenk van God. Dit is nie 'n geskenk as jy geforseer word om dit te ontvang nie. God dwing ons nie om te eet nie, al is ons hoe honger. Jy hoef nie die lewende brood te eet as jy nie wil nie. Maar in die woestyn was die alternatief die dood.

Op die sesde dag het hulle twee maal soveel bymekaargemaak, want die sewende dag is die sabbat, 'n Heilige dag om aan God se Woord te wy. Die enigste dag wat die manna eetbaar gebly het vir die volgende dag, was die sesde dag. Jy is nie toegelaat om op die sabbat te werk nie omdat dit 'n rusdag is. Party van die Israeliete het probeer werk. Hulle

het God se woord getoets. Hulle het probeer om manna oornag te hou, maar die resultate was teleurstellend. Hulle het probeer om op die sabbatdag manna op te tel, maar dan was daar niks gewees nie. Hierdeur het hulle geleer dat God bedoel wat Hy sê. Hy sal hulle versorg soos Hy dit beplan het. Daarom word van hierdie manna as getuienis bewaar om die boodskap van God se wonderdade oor te dra.

Ons probeer dikwels om God se woord te minag; ons speel vas en los en buig sy wette om ons eie agenda te pas, ons behoeftes, ons kultuur en ons omstandighede. Om in God te glo, is om gevoed te word met die brood van die lewe wat van God kom. Om in Jesus te glo, is God se werk deur sy Woord en Gees. Om in Christus te glo, is om gevoed te word met die Lewende Brood.

7 April **Water uit die rots** **Eksodus 17: 1-7**

Wat moes die Israeliete omtrent die watertekort doen? As iets verkeerd gegaan het, was daar gewoonlik iets om daarvoor te blameer. As hulle nie iets kon kry nie, moes iemand die skuld daarvoor dra. Moses, hulle leier, het die blaam vir alles gekry. Dit is asof Moses voor 'n hof verhoor word. Hy word veroordeel vir die oortreding dat hy Israel nie met drinkwater voorsien nie. Ek wonder of dié van ons wat predikante of ouderlinge of diakens is, nie ook soms by tye soos Moses voel nie? Word ons nie ook soms soos Moses geblameer vir tekortkominge in die kerk nie?

Aangesien Moses die water by Mara soet kon maak en kwartels en manna kon voorsien, het die Israeliete in hulle situasie geëis dat hy nog wonderwerke moes doen. Dit is asof hy moes bewys dat hy outoriteit van God gekry het om hulle te lei. Moses kon net om hulp roep tot God met hierdie ontevrede mense voor hom, want ten spyte van Israel se hardheid, rebelsheid en sonde het God hulle nog lief. Hy spaar hulle lewens en voorsien in hulle behoeftes. As ons vereis dat iemand homself moet bewys, is dit 'n teken van ons gebrek aan vertroue in die persoon. Om te eis dat God Homself bewys, dui daarop dat ons in gebreke bly om Hom te vertrou. Dit is nie Hy wat nie betrouenswaardig is nie, dit is ons. In ons sondige natuur kan ons goed sonder God klaarkom - totdat ons 'n doodloopstraat bereik en geen ander alternatief as God het nie. Ons kan dalk nie die stem van God hoor nie totdat ons die woestyn op ons reis bereik. Soos wat ons die pad met Jesus na die kruis loop, mag ons ook die les leer wat Israel geleer het. Christus gee lewende water wat nooit opdroog nie. Mag ons van hierdie water drink en ons dors les.

8 April **My Verteenwoordiger** **Eksodus 18: 17-27**

Die hulp van 'n prokureur of selfs van 'n advokaat is vir baie mense van onskatbare waarde. Met so iemand by jou, kan jy vertroue hê dat jou saak reg behandel sal word. So iemand weet ook normaalweg om die regte woord op die regte tyd te sê.

In die gedeelte wat ons gelees het, sien ons dat Moses ook 'n soortgelyke rol gespeel het. Tog was daar 'n verskil. 'n Regsgeleerde pleit vir jou op die regbank. Moses het vir die volk by God ingetree. Hy het hulle sake voor God gebring en vir hulle by Hom gepleit. Hy moes ook vir hulle vertel wat God sê.

Dit moes 'n geweldige taak gewees het en asof hierdie werk nie genoeg van hom geëis het nie, sien ons dat hy ook nog na almal se sake en dispute geluister het. Hy moes ook as regter optree en uitsprake lewer. Geen wonder dat Jetro hom aanraai om sy werk af te skaal nie, want geen mens sal dit kan volhou nie. Hy moes hom eerder daarop toespits om die volk se verteenwoordiger by God te wees, terwyl die ander leiers hom met sy ander take help.

Dit was vir die volk van groot waarde dat hy vir hulle by God ingetree het. Dan was hulle sake met God reg en kon hulle vol vertroue voortlewe. Romeine 8: 34 sê vir ons dat ons ook so iemand het, Jesus Christus. Hy is die volmaakte Pleitbesorger. Hy ken ons lyding en benoudheid - Hy het dit self deurgemaak. Hy ken vervolging en veragting. Herdenk ons dan nie in hierdie tyd juis sy lyding nie? Dit is vir ons, vir u en my, dat Hy Homself laat spyker het om so die straf vir ons sonde te dra. As Hy nou vir ons pleit, mag ons weet, God vergeld ons nie meer vir ons oortredinge nie. Ons is met Hom versoen. Kom ons dank Hom daarvoor.

9 April **Dra mekaar se laste** **Eksodus 18: 20-27**

As 'n mens kyk na die gemeentes waarvan ons deel is, sou jy die gemeente gemaklik kon vergelyk met 'n besige fabriek met baie masjiene waar baie werk verrig word. Dikwels is daar een probleem ... in die hele fabriek is daar net een werker wat al die werk doen. Hierdie persoon is die direkteur van die fabriek, maar ook aandeelhouer, tikster, bankklerk, bedryfsassistent en koffiemaker!! So 'n fabriek kan natuurlik nie so aanhou funksioneer nie.

Moses wou dit ook so doen, maar hy moes leer dat God mense om hom plaas om sy taak te verlig. Hy moes leer om te delegeer na mense om hom. Hy moes leer dat hy nie alleen al die laste kon dra en al die werk

kon verrig nie. Die volk moes leer dat hulle ook deel het in en aan mekaar. Hulle moet mekaar help, lei en versorg.

Die Nuwe Testament noem hierdie deel in en deel hê aan mekaar *die liggaam van Christus*. Ons is daar om mekaar te onderskraag en te ondersteun en mekaar te dra, om die koninkryk van God uit te brei en op te bou. Soos 'n liggaam elke lid nodig het om volkome te funksioneer, so het ons gemeentes/kerk ons ook nodig. Daartoe moet elkeen van ons bereid wees - gewillig en sonder voorbehoud - uit dankbaarheid vir wat Jesus vir ons gedoen het.

Christus het immers ook ons slaaf geword. Hy het Hom selfs kom besmet met ons vuilste vuil, ons sonde. Deur sy diens aan ons het Hy ons verlos van die ewige verderf.

Waar staan u in hierdie fabriek? Staan u u plek vol?

10 April **Tree vir mekaar in** **Eksodus 19: 1-6b**

Om te werk, is vir sommige mense 'n las; hulle sou eerder iewers wou ontspan en 'n luilekker lewe wou geniet. Maar om te kan werk, behoort nie 'n las te wees nie, dit moet 'n vreugde wees. Hoekom? As jy kan werk, kan jy 'n diens lewer en word jy nuttig vir die samelewing en vir die mense om jou. Daar is mense wat nie meer kan werk nie en hulle voel nutteloos. Daar is ook baie mense wat deesdae nie werk het nie, en ons moet dit as 'n voorreg beskou as ons nog kan werk.

Om vir God te werk/diens aan Hom te lewer, is die grootste voorreg en vreugde. Israel moes hoor dat as hulle God se verbond hou, Hy hulle sou bevoorreg om diensbaar vir Hom te wees; hulle sal sy *eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie.*

Wat 'n voorreg was dit nie!! Die priester het in direkte kontak met God gestaan en Hom persoonlik geken - daar was geen tussenpersoon nie. 'n Priester het God se wil hoorbaar en sigbaar gemaak. Hulle moes met woord en daad getuies wees. 'n Priester het namens die volk by God ingetree en hulle nood voor God bekend gemaak. 'n Priester moes ook die offers bring om God se guns te wen.

Israel se lewe sou so betekenis kry. In Christus is dit nou ook elke gelowige se lewensvoorreg (1 Pet 2: 9). Hy het deur sy offer aan die kruis dit moontlik gemaak - Hy is die volmaakte Hoëpriester. En ons mag diensbaar wees in sy ryk.

* Ons mag met Hom lewe in 'n nabye verhouding. Ons mag Hom nou *ons Vader* noem.
* Elke gelowige moet sy getuie wees deur woord en daad en nie net die dominee of die kerkraad nie.

* Ons moet ook by God intree vir elke mens in nood.

Dien u God met moeite? Dra u nog u naaste aan God op? Moenie ophou nie. Dien God nog beter en dank Hom vir die voorreg om diensbaar in sy ryk te mag wees.

11 April **Ek is die Here jou God** **Eksodus 20: 2**

As iemand sê: *Jy mag nie...*, roep dit weerstand by ons op. Hierdie woorde is nie algemeen aanvaarbare woorde nie en dit klink te veel na 'n bevel, en daarvoor het ons nie sinnigheid nie. Ons is verstandige mense wat self besluite kan neem, so glo ons.

Dikwels is dit ook ons reaksie op die tien gebooie. In die eerste kerk het hulle nie so van die wet gepraat nie, maar eerder van die vreugde van die wet. Die rede: Die wet van God wil ons nie oorheers en ons lewensruimte beperk nie. Die wet is God se bekendmaking van sy wil vir ons. In hierdie bekendmaking klink God se liefde helder en duidelik deur. 'n Hollandse prediker het een keer gesê: *Luisteren naar de decaloog is niet gecommandeerd worden, maar bemind worden!* (Om na die tien gebooie te luister, is nie om beveel te word nie, maar om bemin te word).

Met die woorde, *Ek is die Here jou God*, maak die Here Hom (weer) bekend. Hy is die Een wat sy verbond ewig in stand hou. Hy is die ewig Getroue. Hy is jou en my God. Soos die bruidegom vir sy bruid sê: *Ek behoort aan jou*, so sê die Here hier vir Israel, *Ek is joune en jy is myne. Ek bly aan jou getrou en ek versorg jou.*

Dit is in hierdie lig dat die Here na u en my kom en sy wil (woorde/wet) aan ons bekend maak. Dit is omdat Hy ons liefhet en nie wil hê dat ons seerkry nie, dat Hy ons wil help om die pad te loop wat ons vreugde en blydskap sal verskaf. Hierdie liefde van God het vir elkeen van ons sy volle hoogte bereik in Jesus Christus. In Hom is ons werklik syne, en Hy is ons God.

As Hy ons dan op die regte pad wil lei, hoe sal ons dit kan weier?

12 April **Ek het jou uit Egipte gelei** **Eksodus 20: 2**

Die spreukwoord lui: *Woorde wek, maar dade trek.*

In ons samelewing is daar te veel mense wat te maklik kan praat. Mense maak maklik beloftes en verbreek dit dan weer. Dit bring mee dat ons mense nie meer wil glo nie.

God is nie iemand wat mense met mooi woorde wil troos en laat beter voel nie. God wil ons verseker van sy liefde vir ons. Hierdie liefde bewys

Hy met die daad. Die daad van sy liefde is dat Hy die mens nie in sy ellende wil alleen laat nie, maar dat Hy die mens wil bevry en verlos. Wat meer is: Hy het dit eers gedoen en toe die mens uitgenooi om dit raak te sien. Israel moes God se hand raaksien. Hulle moes eers sy liefde ervaar. Eers dan kon hulle antwoord deur in dankbaarheid sy wil te gehoorsaam. Israel was in Egipte en het moeilike tye beleef. As God hulle nie daaruit bevry het nie, sou hulle dalk vandag nog daar gewees het.

En ons?

Die sonde is 'n veel groter slawedrywer as wat Egipte ooit vir Israel kon gedryf het. Sonde sny jou lewensaar, jou verhouding met God af. Wie in sonde voortleef, leef die ewige dood tegemoet. Jesus het ons uit daardie sondeslawerny kom bevry. Sy kruis is ons liefdesbrief ... *so lief het God die wêreld gehad....* Sal ons onsself weer daardeur laat ketting deur aan sy wil ongehoorsaam te wees?

13 April **Net God alleen** **Eksodus 20: 1-5**

Ons het die afgelope tyd stilgestaan rondom die liefde van God soos blyk uit die wet. As dit die einde van God se liefdesverklaring sou beteken het, sal dit indruis teen die gees van die wet. God se liefde/sy evangelie loop soos 'n goue draad deur die hele wet. Uit die wet leer ons iets ken van God se wil en sy liefde vir ons. Die wet is die deernisvolle roep van die almagtige Vader dat Hy vir ons net die beste wil bied.

Dit is opvallend dat die eerste gebod na vorm anders daaruit sien as die res van die gebooie. Hier vind ons eerder 'n derde liefdesverklaring. Dit is asof God ons nie genoeg kan verseker van sy liefde vir ons nie, want Hy het ons grensloos lief. Soos 'n ouer sy/haar kind keer op keer wil verseker van sy liefde, so doen God ook hier. In hierdie gebod hoor ons die klank van 'n dringende versekering. *Ek is die Here jou God wat jou uit slawerny bevry het ... dit is vir My ondenkbaar dat as Ek jou so lief het, daar nog ander (af)gode in jou lewe sal wees. Dit kan tog nie! Daar is tog niemand anders wat jou so kragdadig lief het nie? Is Ek nie vir jou die enigste nie?* Egte liefde verdra geen mede-minnaar nie. Egte liefde is in die goeie sin van die woord *jaloers* (vers 5 Ou Vertaling)! Sy liefde is so intens... Hy wil ons volkome as sy eie hê, Hy wil ons nie met ander gode en geeste of magte deel nie!

Toe Israel hulle hart verhard het en die verkeerde pad geloop het, die gode aanbid en vereer het, wou God hulle uitdelg. Sy liefde het egter keer op keer geseëvier en Hy het hulle weer gered. Toe die mens nog steeds afgedwaal het, het hierdie liefdevolle God uiteindelik Jesus Christus gestuur, sodat die mens nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. God wil ons by Hom hê.

Sal ons dan nie ook uit dankbaarheid ons lewe aan Hom wy nie, wetend in sy liefde is ons veilig vir tyd en ewigheid. Kom ons dien Hom as ons God en Heer.

14 April **Eer jou vader en jou moeder** **Eksodus 20: 12; Efesiërs 5: 25-6: 3**

God ken die mens deur en deur. Hy weet selfs watter gedagte ons sal hê nog voordat dit by ons opkom (Ps 139). Hy is ons Skepper.

Die mooie is dat God ons nie oorlaat aan ons eie lot en dade nie. Hy skep vir ons orde (omdat Hy ons lief het en omdat Hy net die beste vir ons wil bied). Binne hierdie orde kan daar vrede en stabiliteit wees.

Hierdie orde begin in die huisgesin. Waar daar orde in 'n huis is, sal daar ook verder orde in elke lid se lewe wees. Die gesin is die groeibodem van die mens waardeur sy latere lewe bepaal word.

Die basis, sê die Here, moet wedersydse eer en respek vir mekaar wees. Hierdie eer en respek moet nie gebore wees uit wat 'n ander doen nie, maar omdat dit God se skeppingsorde/wil is en jy daaraan gehoorsaam wil wees. Eerbied is die sement van die gesin.

Christus het vir ons kom toon wat dit beteken. In die tuin van Getsemane moes Hy bid: *Nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil.* Hy was tot die uiterste aan sy Vader gehoorsaam. Daardeur het daar vir ons redding gekom.

Iemand het gesê: Julle (ouers) is die boë waaruit julle kinders soos lewende pyle geskiet word. Die Boogskutter (God) sien die doelwit op die pad van die oneindigheid en buig hulle met sy mag sodat sy pyle vinnig en ver mag trek. Laat julle tot blydskap in die hand van die Boogskutter gebuig word, want net so lief soos Hy die pyl het wat vlieg, so het Hy ook die boog lief wat bestendig is.

Is die probleem nie dalk dat ons al van hierdie gebod vergeet het nie?

15 April **Verlos van die slaweband van sonde** **Eksodus 21: 1-11**

Die bepalings vir goeie orde in die samelewing was streng en is meestal onbuigbaar toegepas. Slawerny was 'n algemene praktyk in die antieke Midde-Ooste. Hierdie gedeelte maak geen geheim daarvan dat slawe in die meeste gevalle ongenaakbaar streng behandel is nie. Mense het slawe geword as hulle nie hulle skuld kon betaal nie. Vaders kon hulle dogters as slawe verkoop het om hulle skulde te vereffen. 'n He-

breeuse slaaf was 'n skeldnaam gewees en dui op die slawe wat werklik die vuil werk van sy eienaar gedoen het. In die geval van 'n man was so 'n slaaf eers na ses jaar van harde arbeid geregtig op vrylating. Die bepalings vir vrylating was onbuigsaam. As hy as enkellopende 'n slaaf geword het, word hy as 'n enkellopende vrygelaat, en as hy as 'n getroude 'n slaaf geword het, word hy as getroude vrygelaat. Dit het beteken dat indien 'n eienaar vir 'n slaaf 'n vrou gegee het, sou die vrou en enige kinders die eiendom van die eienaar bly, met ander woorde hulle bly nog steeds slawe. Indien 'n slaaf egter nie bereid is om sy vrou en kinders in slawerny agter te laat nie, kon hy deur 'n eed sy vryheid opsê en sy vrou en kinders behou. Indien so 'n slaaf 'n vrou was, was die eienaar geregtig om alles van haar te verwag wat hy van sy eie vrou verwag het. Hy kon haar terugverkoop aan haar familie, of hy kon haar vir sy eie seun as 'n vrou gegee het.

Vir ons moderne samelewing klink hierdie bepalings geheel en al na onmenslike optrede en praktyke. Wat die beteuterdheid van slawerny verder onderstreep, is die feit dat die vryheid slegs gedui het op vry wees van die slawe-verpligtinge. Vryheid het egter geensins die herstel van status en burgerskap ingesluit nie. Die persoon wat een maal 'n slaaf was, het vir altyd 'n klad op sy naam gedra.

Daar is niks omtrent slawerny wat ons kan goedpraat of verromantiseer nie. Dit is dalk juis die rede waarom die Bybel die betekenis van Jesus Christus verbeeld as die verlossing vanuit die slaweband van sonde. Die prys was Hy betaal het om ons vry te koop, was die dood. Jesus Christus het meer as net kom vrymaak - Hy het kom verlos. Ons is vir ewig verlos van die slaweband van sonde - deur Hom het ons geen klad op ons naam meer nie.

16 April **Jy mag nie doodslaan nie** **Eksodus 21: 12-25**

Hierdie gedeelte sou mens kon beskou as die strafmaatreëls wat volg indien iemand die gebod, *Jy mag nie doodslaan nie*, oortree het. Die straf is duidelik: wie moord pleeg, verdien die doodstraf. Daar word egter 'n onderskeid gemaak tussen opsetlike en onopsetlike manslag. Wanneer iemand opsetlik doodmaak, met ander woorde moord pleeg, moet hy gedood word. Die gebruik het bestaan dat moordenaars by die altaar in die tempel asiel kon gaan soek. Die priester sou iemand wat onopsetlik doodgemaak het, na 'n asielstad toe kon stuur waar hy nie vervolg kon word nie. Indien iemand egter met voorbedagte rade gemoor het, sou hy selfs nie eers by die altaar genade ontvang nie. Wanneer iemand die gebooie dat jy jou vader en moeder moet eer asook

menseroof oortree het, is die doodstraf ook opgelê. In hierdie gedeelte vind ons ook die welbekende beginsel, 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

Hierdie beginsel vind ons slegs drie keer in die Bybel (Eks 21: 24, Deut 19: 21 en Matt 5: 38). Hier is dit van toepassing wanneer 'n 'n swanger vrou as 'n bystaander by 'n bakleiery, in so 'n mate beseer word dat sy haar ongebore baba verloor. Daar vind nie kompensasie plaas vir die verlies van die baba se lewe nie, maar slegs vir die vrou se beserings. Dieselfde beserings wat die vrou opgedoen het, moet aan die skuldige party toegedien word. Dit is nie 'n wraakbeginsel nie, maar 'n strafbeginsel, want dit moet alles met die goedkeuring van die regbank plaasvind. Jesus Christus wou dit ook duidelik maak dat 'n oog vir 'n oog nie oor wraak behoort te gaan nie. Wraak is nie iets wat die mens homself mag toeëien nie, want wraak kom God alleen toe. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie, is die woorde wat Paulus in Romeine 12: 17 gebruik. Om goeie orde in die samelewing te verseker, moet kwaad uit die gemeenskap uitgeroei word - selfs die kwaad wat moontlik uit ons eie wraakgevoelens kan ontstaan. Dit is die boodskap van die ware versoening van Jesus Christus.

17 April **Skadevergoeding** **Eksodus 22: 5-15**

Niemand kan iemand anders kwaad aandoen sonder om die gevolge daarvan vry te spring nie. Selfs al sou mens iemand anders onopsetlik skade aandoen, kan jy nie jou verantwoordelikheid vir jou dade ontkom nie. Dit is min of meer die beginsel waaroor dit in hierdie verse gaan. Diefstal moet gestraf word. As die dief een bees gesteel het en dit word lewend teruggevind, moet hy twee beeste (dubbeld) terugbetaal. As die gesteelde bees egter verkoop of geslag is, moet hy vyf keer soveel terugbetaal. Indien die dief niks kan terugbetaal nie, word hy as 'n slaaf verkoop om te vergoed vir die skade. Dit het dikwels gebeur dat die dief die slaaf geword het van die persoon van wie hy gesteel het. Die straf op die gebod, jy mag nie steel nie, is streng, maar regverdig toegepas. Diefstal hoort nie tuis in 'n ordelike samelewing nie.

Wat ons verder vanuit die gedeelte leer, is dat een bepaling nie 'n ander een uitkanselleer nie. God wil nie hê dat mense ooit die reg tot doodslag in eie hande moet neem nie - selfs nie eers in die geval van 'n dief nie. 'n Dief wat in die dag steel, kan geëien word en daarom mag hy nie doodgemaak word nie. Nalatigheid word in 'n ernstige lig beskou. Hier word die twee voorbeelde van weiland en veldbrand gebruik. Die beginsel van vergoeding sou egter ter sprake wees in enige geval van nalatig-

heid. Wanneer iemand bereid was om iets van 'n ander op te pas en daar kom skade, is daar regverdig teenoor die persoon opgetree.

Ons moet bereid wees om verantwoordelikheid te neem wanneer iemand anders deur ons toedoen skade aangedoen is - selfs al was dit nie met opset nie. Jesus Christus was bereid om in te staan vir ons sondes. Hy het die verantwoordelikheid van ons sonde op Hom geneem en daarom is Hy gestraf en nie ons nie. Laat ons daarom uit dankbaarheid verantwoordelik optree teenoor God en medemens.

18 April **Doen wat reg en billik is** **Eksodus 23: 1-9**

Om reg en billik teenoor alle mense op te tree, vereis baie wysheid. Dit is nie altyd so maklik om te bepaal wat billik is en wat nie. Geregtigheid en billikheid is nie iets wat deur die meerderheid van die gemeenskap bepaal word nie, maar dit is iets wat deur God bepaal word. Daarom sê die Skrif in dié verband: Jy mag nie agter die meerderheid aandoen wat verkeerd is nie. Skinderstories byvoorbeeld is nie ten bate van die waarheid nie, dit dien God nie en daarom behoort dit ook nie deel van ons lewe te wees nie. Tog gebeur dit so dikwels dat ons onsself skuldig maak aan skinderstories, of met vooroordele reageer op sulke stories. Wat reg en billik is, kan slegs deur een voorwaarde bepaal word: Is dit tot eer van God? Wat tot eer van God is, is dikwels nie wat die mensdom aan ons voorhou nie. Dit is tot eer van God om selfs iemand wat ons haat, in nood te help.

Dit is hoegenaamd nie hoe die mensdom ons leer om teenoor ons vyande op te tree nie, maar ons is op die aarde ter wille van God en tot eer van God, en nie ter wille van menslike voor- en afkere nie. Jesus Christus het hierdie waarheid op 'n nuwe manier aan ons kom leer met die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Laat ons ons lewe van nou af so inrig dat dit tot eer van God is, selfs al sou een van ons vyande daarby baat.

19 April **Ander gode** **Eksodus 23: 13**

Dit is deesdae nie meer vir ons vreemd om met ander godsdienste in aanraking te kom nie. Dit word trouens as algemene praktyk in die moderne samelewing aanvaar om alle bestaande godsdienste aan die woord te stel. As Christengelowiges kan ons nie onverdraagsaam wees teenoor mense wat ander godsdienste beoefen nie, maar ons mag nooit erkenning aan ander godsdienste gee nie. Dit word al meer en meer aan

ons voorgehou dat alle godsdienste gelyk is. Christus, word gesê, is maar net nog een van die maniere om by die opperwese (nie God nie) uit te kom. Dit is die mens se eie keuse of hy die opperwese wil aanbid deur Buddha, Mohammed, mediums, voorvadergeeste of Christus.

Vir die Israeliete in Eksodus was die situasie in werklikheid nie veel anders gewees as vandag nie. Vir elke moontlike natuurverskynsel was daar 'n god gewees om te aanbid. God Drie-enig is egter reguit en duidelik oor hierdie saak: Julle mag die naam van ander gode nie in julle gebede noem nie. Jy mag nie eers van hulle praat nie. Daar is net een manier om in 'n verhouding met die ware God te leef, en dit is deur Jesus Christus. Jesus self het gesê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.* Die rede wat so dikwels aangevoer word om ander godsdienste te regverdig, is dat *tye verander.* Tog het die Bybel se standpunt oor ander gode en godsdienste nie met die tyd verander nie. Vanaf Eksodus tot by Paulus het daar eeue verloop, maar in Efesiërs 4: 5 stel Paulus dit duidelik: *Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*

Laat ons Hóm alleen aanbid. *...bid tot Hom gelowig, vurig...* (Ges 188: 2).

20 April **Die viering van ons verlossing** **Eksodus 23: 14-19**

God het sy volk verlos. Hy het hulle uit die land van slawerny bevry. God het daarom 'n fees ingestel waarop die volk hulle verlossing kan vier. Hierdie fees is 'n offer-fees waartydens die beste uit die eerste opbrengs aan God moes toekom. Die volk toon hulle dankbaarheid deur fees te vier en te offer. Om offers aan God te bring, was egter net tydelik van aard. Die offers wat mense aan God bring, sal altyd te kort skiet. Daarom moes die Israeliete so gereeld offer.

Jesus Christus was egter die volmaakte offer gewees. Deurdat God sy eie Seun geoffer het, is al die onvolmaakthede van menslike offers vervul. Omdat Jesus Christus die volmaakte offer was, is dit oorbodig om ooit weer brandoffers te offer. Die verlossing wat deur die Jesus-offer bewerk is, is volmaak, uniek en ewig.

Ons hele lewe is dus aan God gewy en daarom moet ons hele lewe 'n geloofsoffer wees. God het ook vir ons, net soos vir die Israeliete, 'n fees ingestel. Die fees wat God vir ons ingestel het om ons verlossing te vier, is die Sondag, die eerste dag van die week. Dit is die dag waarop Jesus Christus opgestaan het. Dit is die dag waarop die Jesus-offer volmaak afgehandel is. Dit is die dag waarop die nuwe lewe in Christus aangebreek

het. As ons dit onthou, sal dit ons dalk help om ons Sondag so in te rig dat ons verlossing in Jesus Christus sigbaar in ons viering na vore kom.

21 April **Ons antwoord op sý Woord** **Eksodus 24: 1-8**

God maak moeite met mense. In hierdie gedeelte tref ons een van die vele voorbeelde aan van God wat by die mens betrokke raak. Hy openbaar sy Woord in die vorm van die wet aan die mens. Dit is God se boodskap van liefde aan sy volk. Teenoor die Woord van God kan die mens egter nie net 'n toeskouer wees nie. Die Woord van God vereis 'n reaksie, 'n antwoord. Daarom antwoord die volk: Ons sal alles doen wat die Here beveel het.

Jesus Christus is die ware openbaring van God. Hy is self die Woord, Hy is self God. Hy het by ons en ons sondenood betrokke geraak. Hy het die grootste moeite nie ontsien om ons te red nie. Ons lewe behoort daarom 'n antwoord te wees op die Woord van God. Ons woorde, dade en gedagtes moet daarvan getuig dat ons aan sy Woord gehoor gegee het. Daar is niks wat ons van God weet, niks wat ons van God bely en niks wat ons van God glo wat ons uit ons eie uit ontdek het nie. God het Homself uit genade aan ons bekend gemaak. Alles wat ons van Hom weet, het Hy aan ons geopenbaar. Sy Woord is vir alle mense bedoel, maar dit is nie 'n kosmiese leerstuk wat in 'n boek opgeskryf is nie. God se Woord is spesifiek en persoonlik. Sy Woord spreek deur sy Gees in ons harte. God se Woord is vir ewig en altyd die waarheid. Kom ons antwoord met ons lewe op die Woord van God en sodoende antwoord ons met ons lewe op die God van die Woord.

22 April **Gawes in diens van die gemeente** **Eksodus 31: 1-11; 36: 2-7**

Ons vind hier in Eksodus 'n vertelling wat ons daarop wys dat die Nuwe-Testamentiese beskrywing van die gawes wat die Heilige Gees aan mense gee om die gemeente mee op te bou en te dien, nie 'n nuwe verskynsel is nie. Die verduideliking wat hier gegee word waarom sekere mense sekere dinge goed en mooi kan doen, is: *Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen....*

Daar word dan vertel hoedat 'n hele span vakmanne alles gemaak het wat nodig was vir die *kerk* van daardie tyd. Wat opmerklik is, is dat hulle nie self die materiaal verskaf het nie. Dit weer, het van ander mense gekom wat dit gehad het.

God gee vir elkeen dit wat ons nodig het om God se werk in die kerk te doen: vir party goud en silwer en weefstof, vir ander die vaardigheid om te bou en te vorm en te weef. Dit is merkwaardig dat ons lees dat Moses later vir die volk moes sê: *Wag nou eers 'n bietjie met julle offers.*

Die gedeelte laat my wonder oor kerkbou en gemeentebou. Is dit dalk kenmerkend dat ons met veel meer ywer woeker en ons gawes gee wanneer ons in die stadium van 'n gemeente se lewe is waarin ons 'n gebou oprig, as wanneer die bedieninge waarvan die gebou die simbool is, op- en uitgebou moet word? Miskien is die groot uitdaging om onsself die hele tyd daaraan te herinner dat *kerkbou* om veel meer gaan as bakstene en vensters. God kan nie in konstruksies vasgevang word nie; God se eintlike *tempel* is God se mense ...*in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon* (Ef 2: 22).

23 April **'n Beeld van God?** **Eksodus 32: 1-8**

As ons die tien gebooie mooi lees, is die verskil tussen die eerste en tweede gebod nie altyd so duidelik nie. As iemand 'n boomstomp uitkerf, en die boomstomp aanbid, sy hulp van die boomstomp afsmeek en aan die boomstomp offers bring, oortree hy die eerste of die tweede gebod? Na my mening die eerste gebod omdat hy 'n ander god aanbid.

In die gedeelte gebeur iets anders. As die volk die bulkalf sien, sê hulle: *Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!* En Aäron roep: *Môre is daar fees vir die Here!*

Dit gaan dus daaroor dat hulle vir hulle 'n beeld van God probeer maak het. Hulle het God met 'n beeld probeer beperk en inperk. Hulle het vir hulle 'n god gemaak na hulle beeld. So verlei die oortreding van een gebod ons na 'n volgende toe. Oppas om beelde van God te maak wat jou sal pas. Oppas om 'n beeld in woorde of gedagtes van God te maak wat Hom anders voorstel as die God wat ons uit die Bybel leer ken. Dis baie moeilik om dit prakties te maak. Miskien kan enkele voorbeeld ons help dink:

God hou van afsonderlikheid ... of ... God haat afsonderlikheid.

God haat orrels! Of God is mal oor orrels!

God gee nie om as ons die ontvanger kul nie, almal doen dit tog.

Ons moet onthou dat alles wat ons oor God sê, presies net dit is: dit is dinge wat ons oor God sê. Voordat ons te seker raak oor ons beeld van God, moet ons net eers by ons geloofsgenote van ons eie en vroeë tye gaan kers opsteek. Dalk sal ons dan met veel meer huiwering aankondig: *Hier is jou God, o Israel!*

24 April **Trek sonder My (die Here)! (1)** **Eksodus 33: 1- 6**

Die prentjie wat hier vir ons van God en sy volk geteken word, laat my dink aan 'n pa met 'n baie stout kind vir wie hy oneindig lief is en hy sê vir die kind: *Gaan na jou kamer toe en bly daar, anders verwurg ek jou.*

Die Here sê: *...Ek sal nie saamtrek ... nie, want dan verdelg Ek julle op pad daarheen. ... As Ek net 'n oomblikkie saam met julle trek, sal Ek julle verdelg.*

God is so kwaad dat Hy liewer nie nou naby hulle wil wees nie. Dit laat 'n mens dink, né? Ek wonder hoeveel keer in die geskiedenis die Here al so gevoel het oor wat sy kinders aanvang? Hoeveel keer het God nie al gedink en gesê: *Gaan liewer alleen voort, want as Ek julle nou gryp...!*

Ek dink God het so gevoel toe sy kinders op *kruistogte* gegaan het in die waan dat hulle met wapengeweld God se koninkryk kan bevorder. Dalk ook toe gelowiges mekaar in die Middeleeue verbrand het omdat hulle verskillende woorde oor God gesê het. Of dalk ook wanneer mense om watter rede ook al by eredienste weggewys word. En ek wonder wat God daarvan dink as mense in sy Naam gewelddadige politiek bedryf, aan weerskante van die spektrum?

Mag die Here ons vergewe vir alles wat ons aanvang wat Hom daartoe beweeg dat Hy liewer nie saam met ons wil trek nie omdat Hy ons selfs net na 'n *oomblikkie* sal verdelg.

25 April **Trek sonder die Here?! (2)** **Eksodus 33: 7-17**

Die Here wil nie saamtrek nie, want dan gaan die volk verdelg word, maar Moses gee nie moed op nie. Hy doen 'n beroep op die verhouding wat hy met God het. Ons lees in vers 11 dat die Here direk met Moses gepraat het, *soos 'n man met sy vriend.* Moses herinner God daaraan dat Hy gesê het: *Ek is jou goedgesind.* Nou pleit Moses: *As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.*

Hieruit blyk twee sake baie duidelik:

* Ons mag nêrens gaan waarheen die Here nie sou wou saamtrek nie. Ons mag nie doelwitte nastreef en planne maak, ons mag nie *trek* as God nie saamgaan nie. Ons *roem* is in niks anders geleë as in Wie met ons saamgaan nie. Dit is wat ons anders maak en nie die feit dat ons 'n volk is of geld het of aan 'n party behoort of enige iets op aarde nie.

Net die een wat met ons saamgaan maak saak.

* Moses se pleidooi berus op 'n verhouding. Party van die dinge wat Moses vir God vra, klink 'n bietjie voorbarig, want net in die volgende deel wil hy sommer God se magtige verskyning sien! Wat egter

die deurslag gee, is God se liefde wat in die verhouding met Moses en sy volk na vore kom.

God herstel weer die verhouding. Dit het God finaal in en deur Jesus Christus gedoen. Nou kan en wil ons ook nêrens heen trek as Hy nie saamgaan nie.

26 April **Die wet kom na die verbond** **Eksodus 34**

Moses het die eerste twee plat klippe met God se wette op flenters gegooi toe hy die volk om die goue kalf sien dans en feesvier het. Gelukkig was net die klippe onherwinbaar. Dit wat daarop geskryf was, die wil van God, kan, Goddank, nie deur 'n mens stukkend gegooi word nie.

Ek dink dit is wesenlik belangrik dat ons raaksien dat die verhouding met God, die verbond, die verlossing uit Egipte, **eerste** kom, en daarna kom die wet, dit wil sê die bepalings waarvolgens hulle moet lewe. Dit blyk uit die handelsweë van God met sy volk: Eers lei Hy hulle uit Egipte, toe lei Hy hulle die woestyn in, en toe gee Hy die wet aan hulle.

Ons sien dit ook in hierdie hoofstuk: In vers 10 bevestig die Here weer dat Hy met hulle 'n verbond sluit, en daarna kry hulle voorskrifte, en nog later moet Moses dit op die klippe skryf (vs 28). Dit beteken dat die nakoming van God se wette **nooit** die voorwaarde vir verlossing en vir 'n verhouding met God is nie. Dit is altyd die uitvloeisel daarvan. Ons moet nooit die wet nakom **sodat** ons God se mense kan word of verlos kan word nie. Ons doen dit altyd **omdat** ons klaar God se mense is, en dit by sulke mense pas om volgens God se wil te lewe.

As ons dit só doen, leef ons nie onder die wet nie, maar onder die genade. Ons leef egter volgens die wet, want dit rig ons verbondslewe.

27 April **Sabbat!** **Eksodus 35: 1-3; Lukas 6: 1-5**

In die gedeelte het ons 'n duidelike voorbeeld van 'n Ou-Testamentiese opdrag wat baie duidelik deur Jesus opgehef word. Dit is belangrik dat wanneer ons as Christene die Ou Testament lees en woorde daaruit aanhaal, ons onsself sal afvra: *Wat sou Jesus daarvan sê?*

Ons hoor baie mense praat deesdae van *'n oog vir 'n oog*, want *die Bybel sê so*, sonder om dit deur Jesus se bril te bekyk.

As Christene hou ons nie meer die sabbat nie. Ons vier Sondag - die dag van Jesus se opstanding. Ons hoef nie en mag nie alles wat van die sabbat gesê word, net so op die Sondag oor te dra nie.

Aan die ander kant leer die heiliging van die sabbat ons om tyd te maak vir God - om spesiaal tyd te maak. Veral in ons gejaagde lewe is elke week verby nog voordat ons mooi tot verhaal kon kom na die vorige een.

Jesus is Here van die sabbat, en ook van elke ander dag wat ek lewe. As ek dus die bepalings oor die sabbat in Eksodus lees, laat dit my wonder: Op watter wyse wy ek my tyd aan God?

28 April **Nogmaals offergawes!** **Eksodus 35: 4-9**

Offergawes en geld is nou eenmaal onderwerpe wat nie baie gewild is in die Ned Hervormde Kerk nie. 'n Mens mag nie daaroor praat nie en die predikant mag nie daaroor preek nie, dan hoor ons: *Die kerk soek al weer net geld.*

Hoe minder ons dit in 'n geloofsraamwerk plaas en daaroor preek, hoe meer raak ons begrotings agter, en hoe meer móét *die kerk* oor geld praat. Ons is in 'n bose kringloop vasgevang!

Volgens Eksodus was dit in die Israeliete se tyd anders gewees. Hulle het 'n opdrag van die Here gekry: *Julle moet uit julle besittings 'n offergawe vir die Here gee.*

Miskien is dit ons probleem: Ons gee 'n *bydrae vir die kerk* in plaas van 'n *offergawe vir die Here.* Ons wil weet: *Wat maak die kerk met my geld?*, in plaas daarvan om seker te maak waarmee die Here in en deur die gemeente besig is, en te sê: *Hier is uit my besittings 'n offer vir die Here.*

En dit was vrywillig! Hulle het dit vrywillig in gehoorsaamheid aan die Here gedoen wat hulle uit Egipte gered het.

Kom ons sien toe dat dit wat ons in die gemeente doen, die Here se saak dien, en dan bring ons uit wat God vir ons gegee het offergawes vir die Here. Miskien sal ons gemeente ook daarby baat!

29 April **Dankbaarheid** **Eksodus 35: 1-36: 7**

Hoeveel het ons om werklik vir die Here af te staan? Gee ons uit dankbaarheid of is dit 'n gewoontehandeling?

Die volk het die opdrag gekry om die heiligdomme te bou waar God aanbid kan word. Al hierdie heiligdomme het 'n belangrike rol in die lewe van die volk gespeel, want hierdeur het God die verbond wat Hy met die volk gesluit het, beklemtoon.

Die vakmanne moes toesig hou oor die werk. Almal was betrokke om die instruksies van die Here tot op die letter uit te voer. Hierdie werk

was nie 'n las nie, maar 'n uiting van hulle godsdienstige lewe. Hulle het vrywillig bygedra, soveel so dat Moses hulle moes stop sodat hulle nie nog meer moes bydra nie. Hierdeur beklemtoon die volk dat die teenwoordigheid van die Here in hulle midde nie slegs 'n roetinesaak of 'n verpligte ontmoetingsgeleentheid is nie.

Die feit dat die Here in hulle midde teenwoordig is, stem hulle daartoe om net hulle beste te gee. Dit wat hulle gee, kan nooit genoeg wees nie. God is steeds in ons lewens teenwoordig. Hoe belangrik is dit vir ons om onsself en ons besittings so oorvloedig tot God se beskikking te stel? Besef ons wat God vir ons in Jesus Christus gedoen het? Steeds lei en rus Hy ons toe deur sy Gees.

30 April **Die tabernakel** **Eksodus 36: 8-38**

God is self die argitek van sy huis; Hy stel self die plan op. Die voorskrifte van hoe sy huis gebou moet word, word tot in die fynste besonderhede beskryf. Want die huis van die Here moet so opgerig word dat dit 'n harmonieuse geheel vorm, sodat dit God waardig kan wees.

Alle besonderhede van hoe die tabernakel opgerig moet word, staan in verhouding met mekaar. Die materiaal wat gebruik moet word, is die kosbaarste en beste beskikbaar. God se heiligheid word nie alleen weerspieël in die besondere plan wat deur Hom opgestel is nie, maar ook in die plek waar Hy gaan woon.

God het die hemel en die aarde volmaak gemaak. Hy wil ook vir Hom 'n volmaakte woonplek laat oprig sodat Hy daar gedien kan word. In Jesus Christus het Hy vir ons die volmaakte woonplek kom gee. In verbondenheid met Jesus Christus kan ons saam met die psalmdigter van Psalm 27 sê: *Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel* (vers 4).

Christus verseker ons ook as Hy vir ons kom sê: *In die huis van my Vader is daar baie woonplek ...En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

Wat 'n voorreg is dit om te weet dat God so na ons omsien; dat ons in sy teenwoordigheid kan wees, nie net as ons sy huis besoek nie, maar waar ons onself ook al mag bevind. Meer nog, dat ons in hierdie plan van Hom kan deel en dat ons met dié versekering elke dag tegemoet kan gaan.

1 Mei **Die ark** **Eksodus 37: 1-9**

Hoe sien ons die kerkgebou? In die voorafgaande gedeeltes word gehandel oor die tabernakel en met hoeveel entoesiasme die volk bygedra het sodat die heiligdomme opgerig kan word. Moses gee bepaalde voorskrifte aan die volk van hoe hulle moet voorberei en hoe die heiligdomme ingerig moet word sodat die volk hulle verbondslewe kan uitleef. Elkeen van die voorwerpe in die tabernakel vorm deel in die aanbidding van die volk en die uitlewing van hulle geloofslewe.

Hoe die ark gemaak moet word, word in die fynste besonderhede beskryf. Elkeen van die items wat hier beskryf word, het 'n belangrike rol in die opstel van die ark vervul. Moses moes die getuienis van die verbond in die ark sit. Dit wat die Here aan die volk gegee het, moes dus hierin bewaar word. Vanuit hierdie opset sou die Here met Moses praat. Daarom was die ark die verpersoonliking van die teenwoordigheid en die werksaamheid van die Here.

In ons kerkgeboue staan daar ook sekere dinge met 'n bepaalde betekenis. Dit speel egter nie meer so 'n beslissende rol in gebeure in die kerk nie. Maar wat wel waar is, is dat God belowe dat waar daar twee of drie mense in sy Naam vergader, sal Hy ook teenwoordig wees. God is nie net teenwoordig nie, Hy ontmoet ook sy volk in die heiligdomme. Deur die verkondiging van die Woord praat God met ons. Hoe luister ons daarna?

2 Mei **Die tafel vir die offerbrood** **Eksodus 37: 10-24**

Die tafel het die vorm van 'n kis met pote gehad. Net soos in die geval van die ark, moes dit ook maklik gedra kon word, maar geen mensehand mag daaraan geraak het nie. Dit moes met goud oorgetrek word soos alle ander dinge wat direk in die teenwoordigheid van die Here is, van goud moes wees of met goud oorgetrek moes wees.

Bo-op die tafel is die volgende vier voorwerpe gevind: skottels - dit was waarskynlik hol voorwerpe met ore wat gebruik is vir olie; panne - breër voorwerpe waarop die offerbrood geplaas is; drinkbekers of kanne wat vir die drankoffer gebruik is en laastens groot komme wat ook vir die offers gebruik is.

In al hierdie voorwerpe word die goedheid en die offerbereidheid van die Here voorgestel, dat Hy vir sy volk omgee en dat Hy hulle telkens in die gebruik daarvan herinner aan sy teenwoordigheid by hulle. In Jesus Christus het Hy die grootste offer gebring.

God is 'n God wat die oorvloed van sy goedheid sigbaar ten toon stel. Is die wêreld hiervan bewus? Is die kerk hiervan bewus?

3 Mei **Die brandofferaltaar** **Eksodus 38: 1-8**

Besaleël het nou die brandofferaltaar gemaak. Anders as die ander voorwerpe, het hierdie altaar in die voorhof gestaan sodat dit maklik sigbaar vir almal sou wees. Dit is ook die belangrikste stuk meublement in die voorhof van die tabernakel. Dit is met brons oorgetrek, en het dan ook as die *bronsaltaar* bekend gestaan. Opmerklik is dat hier van 'n minder kosbare metaal gebruik gemaak is. Die brons wat hier ter sprake is, was 'n vermenging van koper en tin wat harder as gewone suiwer koper is. Verder was daar 'n hol houtbak waarin water gehou is waarin die priesters hulle hande kon was voor die bring van die offer. Hierby was daar ook die potte wat vir die verwydering van die as aangewend is. Skoppe is gebruik vir die opruim van alle afvalstowwe en komme waarin hierdie afvalstowwe gegooi is. Dan was daar ook vurke om die offervleis mee te hanteer. Die vuur is in die vuurpanne gemaak waarmee die altaar aan die brand gesteek is. Aan die bokant was die bronstraliewerk met ringe aan vir die draaghoute. Al hierdie voorwerpe is met brons oorgetrek.

Die opdrag om die tabernakel en al die voorwerp daar saam te stel, moes noukeurig uitgevoer word. Hoe noukeurig en gesteld is ons nog vandag daarop om al die voorskrifte wat God vir ons gee om Hom te dien, na te kom?

4 Mei **Die priesters se klere** **Eksodus 39: 1-31**

In hierdie gedeelte word die kleredrag van die priesters breedvoerig beskryf. Dit moet gewyde klere wees - nie net die persoon wat dit dra, moet gewyd wees nie, maar ook die klere. Dit moet pas by die een in wie se diens hy is en wie hy verteenwoordig. Hierdeur word die hart van aanbidding van die verbondsvolk na vore gebring. Al die wyse manne van hart wat die Here gevul het met 'n gees van wysheid is hier ter sprake. Want in hierdie mense is die Here teenwoordig.

Israel moet op hierdie teenwoordigheid van die Here antwoord. Die priesters se kleredrag en die priester self moet die volk hierin lei om voortdurend op die teenwoordigheid van die Here in hulle lewens te antwoord. Daarom het die klere wat die priesters gedra het, 'n dubbele betekenis gehad. Eerstens simboliseer dit hulle priesterlike gesag en tweedens beklemtoon dit dat die priesters deur hulle gewydheid die begin van hulle belydenis in lewe teenoor die Here is.

Vandag het ons nie hierdie simbole nie. Ons het wel die erediens, die doop en die nagmaal om ons telkens van God se liefde te verseker en

ons te herinner aan sy teenwoordigheid. Deur sy Gees wil Hy ons van sy troue liefde verseker. Gebruik ons egter nog al die geleenthede om die Here te loof en te prys vir sy teenwoordigheid in ons lewens?

5 Mei **God se teenwoordigheid** **Eksodus 40: 1-38**

God se teenwoordigheid word aan die volk belowe en by Sinai gedemonstreer. Die volk moet daarop antwoord. Hierdie antwoord kom sigbaar na vore in die oprigting van die tabernakel en al die voorwerpe daarin, asook die priesters wat betrokke is in die bring van die offers.

In hierdie heilige voorwerpe kommunikeer God met sy volk en beklemtoon Hy dat Hy in hulle midde is. Hy is nie net teenwoordig in sy dade of in sy leiding of in sy oordeel of op 'n heilige berg nie, maar Hy is in hulle midde. Daarom was die tabernakel en alles wat dit bevat het, die simbool van die nabyheid en vertroosting van God.

In Jesus Christus het God aan ons getoon dat Hy steeds met ons bemoeienis wil maak en in ons midde teenwoordig wil wees. Deur sy Gees wil hy ons elke dag daarvan verseker. Hoe reageer ons op hierdie teenwoordigheid van God in ons lewens, by ons werk en waar ons in die wereld besig is?

6 Mei **Die tweede paasfees** **Numeri 9: 1-14**

Twee jaar nadat die volk vir die eerste keer die paasfees gevier het op die aand voor hulle vertrek uit Egipte, moet hulle nou weer die paasfees vier voordat hulle van Sinai af verder trek. Die eerste paasfees is gevier toe die Israeliete 'n jaar oud lam sonder gebrek moes slag en dié se bloed aan hulle deurkosyne moes smeer om so te verhoed dat hulle eersgeborenes sterf saam met dié van die Egiptenare tydens die tiende plaag. As 'n mens terugblaai na Eksodus 12: 24-25, kan jy die indruk kry dat die volk eers weer in die beloofde land paasfees sou vier, maar in ons Skrifgedeelte kry hulle 'n uitdruklike opdrag om vir die tweede keer die paasfees te vier. Die paasfees moet weer gevier word deur 'n paaslam te eet saam met ongesuurde brood en bitter kruie. Opvallend is ook die noukeurige opdragte wat ten doel het dat almal die paasfees moet vier, ook dié wat om een of ander rede dit nie saam met die res van die volk kon doen nie, omdat hulle dalk op reis was of onrein was omdat hulle aan 'n lyk geraak het. Vir hulle word 'n ander geleentheid geskep en selfs vreemdelinge kan ook die paasfees vier, mits hulle die regte voorskrifte en bepalings volg.

Die paasfees moes as herinneringsmaal dien - die volk moes deur die paasfees daaraan herinner word dat God hulle Verlosser uit nood is. Almal moes die geleentheid kry om deel te neem aan die paasfees en dié wat uit onverskilligheid nie aan die paasfees deelgeneem het nie, moes van sy volksgenote afgesny word.

Hieruit is dit duidelik watter hoë premie geplaas word op deelname aan die paasfees as herinneringsmaal. Hoe belangrik is ons deelname vandag aan die maaltyd waartydens ons herinner word aan die verlossing wat Jesus Christus vir ons aan die kruis bewerkstellig het, die nagmaal?

7 Mei **Die wolk bo die tabernakel** **Numeri 9: 15-23**

Die Here red die Israeliete uit die slawerny in Egipte; by Sinai sluit God 'n verbond met die volk en ontvang hulle die tien gebooie; die volk vier vir die tweede keer die paasfees - elk van hierdie gebeure bevestig God se betrokkenheid by die volk wat Hy uitverkies het. Nou trek hulle verder die onbekende in op pad na die beloofde land. Maar God laat hulle nie alleen nie! Bedags is daar 'n wolk bokant die tabernakel, die tent waarin die ark met die tafels van die wet was, en snags het die wolk soos vuur geword en so gebly tot die môre toe. Die wolk en die vuur was die teken van God se teenwoordigheid by die volk en ook het God die volk deur die wolk gelei. Die Here het die wolk laat oplig en voortbeweeg en op 'n ander plek laat hang. Daar moes die volk weer die tabernakel opslaan en so weer vir God ontmoet.

Ons sou dalk kon redeneer dat dit wonderlik moes gewees het om so naby aan die Here te kon beweeg en presies te kon weet dat die Here by jou is omdat jy die wolk kan sien, presies te kon weet waarheen om te gaan omdat die wolk jou lei. Maar nou lees ons dat die volk soms net een dag op 'n plek gebly het, soms 'n maand, soms selfs langer as 'n jaar - en dit moes seker ongerieflik gewees het om nie te weet hoe lank jy op 'n plek gaan bly nie en of jy môre of eers oor 'n jaar weer verder gaan trek nie. Om die Here te volg en om sy wil te gehoorsaam, is nie altyd gerieflik nie, maar dit is altyd voordelig - ook vir ons op ons pad deur die lewe!

8 Mei **Die silwer trompette** **Numeri 10: 1-10**

Moses kry van die Here die opdrag om twee trompette van silwer te maak. 'n Mens kan wonder waar Moses daar tussen êrens en nêrens silwer in die hande moes kry om die trompette mee te maak, maar dan

onthou ons dat die Israeliete ook goud en silwer van die Egiptenare geëis het toe hulle weggetrek het - en die Egiptenare was so gretig om van hulle ontslae te raak, dat hulle dit vir hulle gegee het! Dit was sekerlik van dié silwer wat Moses gebruik het om die trompette mee te maak.

Die trompette moes gebruik word wanneer die volk kamp moes opbreek om verder te trek, wanneer hulle oorlog moes gaan maak en ook wanneer een van hulle feeste moes begin. Elke keer wanneer die trompette geblaas het, was dit 'n aanduiding dat iets belangrik en groot sou begin. Ons lees in vers 10 dat die Here van die blaas van die trompette sê: *Dit sal My, julle God, aan julle herinner. Ek is die Here julle God.* Die blaas van die trompette herinner terselfdertyd weer die volk daaraan dat God by hulle is en dat Hy hulle sal lei. Dit gebeur wanneer hulle deur die woestyn trek, dit gebeur wanneer hulle oorlog moet voer en dit gebeur wanneer hulle feesvier. God is by hulle in goeie en slegte tye. Hoe waar is die woorde van Psalm 139 nie: *Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit.... Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. ... U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.*

9 Mei **Die Israeliete trek verder** **Numeri 10: 11-11: 4**

Wanneer die Israeliete weer in die trekpad val, bietjie meer as 'n maand nadat hulle die tweede paasfees by Sinai gevier het, doen hulle dit op 'n baie geordende wyse. In die hoofstuk wat ons gelees het, word in detail beskryf hoe die volgorde opgestel word waarin die volk moes trek. Dit stem ooreen met Numeri 2, waar uitdruklik gesê word dat die Here hierdie volgorde voorskryf. Die tabernakel het die posisie ingeneem wat 'n bevelvoerder normaalweg sou inneem, weer om te wys dat hulle onder die leiding van die Here trek.

In die gedeeltes wat ons die afgelope vier dae behandel het, word telkens duidelik gemaak hoe die Here by sy volk teenwoordig is en hoedat Hy self vir hulle die leiding gee, in die besonder met die wolkkolom wat vir hulle die pad aangedui het. Maar selfs hierdie wonderbaarlike en duidelik sigbare teken was klaarblyklik vir Moses nie voldoende nie. Ons lees in verse 29 tot 32 dat Moses vir Gobab, die seun van sy skoonpa Reüel, probeer oorreed het om saam met hulle te trek. *Jy ken die plekke in die woestyn waar ons kamp kan opslaan, en jy moet ons gids wees*, het Moses vir Gobab gesê, so al asof die Here se gidswerk nie goed genoeg sou wees nie. Dit is dus geen wonder nie dat ons in Numeri 11 lees dat dit sleg gegaan het met die volk en dat God hulle gestraf het deur vuur onder hulle in te stuur.

Ly ons nie ook aan dieselfde kwaal nie - om nie volkome op die Here se leiding in ons lewens staat te maak nie en altyd eerder ons eie koppe te wil volg of agter ander mense aan te wil loop? Net soos in Moses se tyd is en bly dit 'n resep vir groot moeilikheid!

10 Mei **Die volk kla** **Numeri 11: 4-35**

Dit wat begin het toe Moses nie meer tevrede was met die leiding van die Here nie, soos ons gister gesien het, kring nou baie wyer uit as die mense wat saam met die Israeliete getrek het en later toe die Israeliete self begin kla het oor die kos wat hulle eet op hulle tog deur die woestyn.

Die Here self voorsien die kos deur vir hulle manna te gee wat snags geval het as dit gedou het. Hulle het die manna bymekaargemaak en tot roosterkoeke verwerk. Maar nou pak 'n *onweerstaanbare lus* vir vleis hulle en hulle verlang terug na die lekkernye van Egipte. As ons kyk na die dinge waarna hulle verlang - vis, komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel - kry 'n mens 'n kykie na wat in die Bybelse tyd as lekkernye beskou is. Die Israeliete verlang na die spreekwoordelike *vleispotte van Egipte* en vergeet gerieflikheidshalwe van die swaarkry tydens die slawerny in Egipte. In sy groot genade voorsien die Here weer: Hy stuur kwartels wat van die see af ingewaai word en Hy voorsien só dat daar vir elke man, vrou en kind 'n ton vleis is! Maar die Here se geduld raak op met die ondankbare Israeliete en by Kibrot-Taäwa (wat beteken *grafte van gulsigheid*) bring die Here 'n hele klomp van hulle om die lewe.

Om nie tevrede te wees met wat die Here voorsien nie, maar altyd meer en beter te wil hê, is 'n baie gevaarlike speletjie!

11 Mei **Moses kla** **Numeri 11: 4-35**

Ingebed in die verhaal van die volk wat kla omdat hulle nie vleis het om te eet nie, is die beskrywing oor hoe dinge ook vir Moses te veel geword het. In Numeri 12: 3 word Moses beskryf as *'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde.* Maar selfs hierdie uiters sagmoedige man kon naderhand nie meer die aanhoudende gekla van die volk aanhoor nie. En hoe erg dit vir hom moes gewees het, sien 'n mens duidelik as Moses sy lot by die Here gaan bekla in Numeri 11: 10-15. Lees gerus weer dié gedeelte: dit spreek van 'n onuithoubare moedeloosheid wat Moses beetgepak het. Moses toon in die gedeelte dat hy ook net 'n mens is - iets wat ons maklik uit die oog verloor wanneer ons met die groot figure uit die Bybel werk.

Dit doen 'n mens goed om te besef dat die eerbiedwaardige Bybelse figure mense was net soos ons, mense wat ook kwaad geword het, moedeloos geraak het, foute gehad het en foute gemaak het. Met al sy tekortkominge gebruik God Moses om sy dienswerk te doen en net so gebruik God ons in ons volle menswees om in sy diens te staan. Wat ons wel by Moses kan leer, is dat hy met sy moedeloosheid en frustrasie na die Here toe gegaan het en die Here se raad gevolg het deur sewentig manne aan te stel om hom by te staan. Moses het besef dat hy op dié manier nie alleen tot alles in staat sou wees nie en dat hy ander mense moes toelaat om hom te help - 'n waardevolle les wat ons ook kan leer!

12 Mei **Mirjam** **Numeri 12: 1-16**

As ons lees dat Moses kla, dat die volk kla, en dat hulle onder mekaar verdeeld is, besef ons hulle was mense met tekortkominge net soos ons ook is. En dan besef 'n mens heimlik met 'n glimlag dat die ooreenkoms dalk veel dieper strek - dit lyk alte veel of die volk Israel soos ons ou volkie is! Dit alleen nie omdat hulle so kla en weerbarstig kan wees nie, maar veral ook omdat hulle so sukkel om saam te staan en daar alewig 'n leierskapskrisis is - ken ons dit nie ook nie!

In ons gedeelte van vandag kla Mirjam en Aäron kwansuis omdat Moses met 'n Kussitiese vrou getrou het, maar dit is net 'n rookskerm: hulle is jaloers omdat God Moses op so 'n uitsonderlike manier is sy diens gebruik! Ook in die vorige hoofstuk het ons gesien dat daar gedurig onderstrominge was oor Moses se leierskapsposisie, want as die Here vir Eldad en Medad gebruik om vir die volk te profeteer, beskou die ander dit dadelik as 'n bedreiging vir Moses se leierskap. Die Here duld nie hierdie onderstrominge nie en spreek vir Mirjam en Aäron baie skerp aan. Aäron bely dadelik sy sonde en vra om vergifnis. Mirjam doen dit egter nie en dit kom daarop neer dat sy God beledig. Hy straf haar deur haar melaats te maak. Nadat Moses vir haar by God ingetree het, sê God dat sy vir sewe dae buite die kamp moet bly en dan kan terugkom, met die veronderstelling dat sy dan gesond sal wees.

Omdat die Bybel vertel van God se handelinge met en deur mense, bly dit vir ons 'n spieël waarin ons onsself telkens kan herken. Mag ons die genade kry om ook ons tekortkominge raak te sien en werk daarvan te maak.

13 Mei **Die mens wik, maar God beskik** **Numeri 13**

God het die Israeliete uit Egipte bevry en aan hulle 'n land belowe wat sou oorloop van melk en heuning. In hierdie gedeelte bevind die volk

hulle in die Paranwoestyn (die sentrale gedeelte van die hedendaagse Sinai-skiereiland). Van hier af word die leiers van die stamme na die nuwe land gestuur om dit te gaan verken. Die skrywer gee vir ons 'n uitvoerige beskrywing van die hele verkenningsoperasie om vir ons duidelik te laat verstaan dat die verspieders die hele land gesien het. Geen deeltjie is uitgelaat nie; al die volke wat daar woon, word by die naam genoem. En wanneer hulle dan aan die volk en Moses verslag doen, is dit duidelik dat dit presies die land is wat God aan hulle beloof het.

Maar ongelukkig is daar twee uiteenlopende verslae: die een groep sê dat daar volke woon wat te sterk is om teen oorlog te voer en dat dié land vol gevare is wat sy inwoners gedurig bedreig. Man alleen sê Kaleb dat dit nie waar is nie, hulle kán die land inneem. God het dit immers aan hulle belowe. Maar net soos ons dit ook soms in die lewe ondervind, versprei 'n negatiewe storie vinniger as 'n positiewe een en kort voor lank sou almal net die negatiewe verslag glo. Ten spyte van die feit dat die verspieders se verslag strook met God se landsbelofte, weier die Israeliete om die belofte van God te glo.

Met ons gaan dit vandag presies dieselfde. Ons ken God se liefde in Jesus Christus, sy daaglikse ontferming deur sy Heilige Gees, en tog is ons twyfel dikwels sterker as ons geloof. Ons moet eerder fokus op God en sy planne vir ons as om ons eie planne vir ons lewens te maak. Ons moet in God se planne vir ons lewens glo, en die stukke en dele van sy plan wat ons nie verstaan nie, moet ons aan Hom oorlaat. Ja, ons moet leer om God blindelings te volg en te vertrou. Mag ons soos Kaleb nie teen ons eie swakheid vaskyk nie, maar God in alles vertrou, want die mens mag wik, maar God sal uiteindelik beskik.

14 Mei **Geloof teenoor ongeloof** **Numeri 14: 1-9**

In hierdie gedeelte is dit duidelik dat die resultate van 'n bose kwaadstokery deurgewerk het. Die volk deel nie die geloof van Moses, Aäron, Josua en Kaleb in God se voorsienigheid nie. Nee, hulle kom in opstand teen God en weier om sy beloftes te glo en Hom te vertrou. Hulle fokus eerder op hulle eie kragte, vrese en vooroordele, as op God se almag, liefde en trou. Maar ten spyte van hulle ontrou staan Moses, Aäron, Josua en Kaleb vas in hulle geloof en vertroue in die almagtige God. Hulle weier om een tree terug te wyk in ongeloof; hulle hou aan die beloftes van God vas. Hy het immers sy woord gestand gehou toe Hy hulle uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het.

Ons lewe ook baie keer so onder die druk van die wêreld dat ons nie ons geloof met hart en siel uitleef nie. As Christene word ons baie keer

uitgelewer aan menslike vooroordele, bygeloof en voorspellings en ons vind dit dikwels moeilik om standvastig in God te bly glo. Daar is so baie geleenthede wat die wêreld aan ons bied wat ons terughou om ons geloof uit te lewe. Ons moet weer 'n keer net soos Moses, Josua, Kaleb en Aäron nadink oor al God se beloftes wat waar geword het in ons lewens, soos sy liefde en genade in Jesus Christus en dat sy Heilige Gees ons daagliks bystaan en help. Dit sal ons help om weerstand te bied teen enige vorm van ongeloof. Gesang 258 sê immers:

Waak, Christen, staan in die geloof
dat niemand jou die kroon ontroof!
Gedra jou manlik, sterk en moedig -
steeds toegewy aan God se werk -
standvastig, onbeweeglik, sterk,
vol ywer, altyd meer oorvloedig -
dan sal jou arbeid in die Heer
tot seën wees, sy Naam ter eer!

15 Mei **Hoe oordeel God?** **Numeri 14: 10-38**

In aansluiting by die vorige gedeelte sien ons dat al Moses se mooipratery met die weerbarstige volksgenote niks gehelp het nie. Inteendeel, hulle het net meer aggressief geraak. En nou verskyn die Here by die tent van ontmoeting. Die tent van ontmoeting was 'n gewone tent van bokhaar wat Moses opgerig het waar die volk aanbid het. In hierdie tent was die verbondsark van God gewees.

Ons kan die gelese gedeelte in vier dele verdeel, naamlik:

- Verse 11-12 - Die Here reageer met toorn en straf.
- Verse 13-19 - Moses doen voorspraak vir die volk.
- Verse 20-25 - Die Here vergewe die volk.
- Verse 26-38 - Die Here is regverdig in sy oordeel.

Hier sien ons hoe God is. Hy belowe sy volk 'n land vol belofte. Hulle glo Hom nie. Dan verskyn Hy aan hulle en veroordeel hulle. Maar Moses tree vir hulle by God in en Hy luister na Moses se pleidooi. Hy is liefdevol en genadig, want Hy vergewe hulle. Maar Hy is ook regverdig in sy oordeel, en sê dat diegene wat nie sy beloftes glo en aanvaar nie, nie die beloofde land sal binnegaan nie.

Ons wonder baie keer oor God en ons eie sondes en oortredinge. Ons is meestal so vasgevang in ons eie sondes en verkeerdhede dat ons sukkel om gelowig in hierdie wêreld te lewe. Ons voel dikwels dat ons as mense nie werd is om langer kerk toe te gaan en met ander mense oor God te praat nie, want ons is te sondig en doen te maklik die kwade.

Gelukkig het God as Vader hierdie ellende van die mens raakgesien en in Jesus Chrsitus self aarde toe gekom en die mens gered van sonde, die dood en hel. Dié wat glo, word daarom nie langer veroordeel nie. Maar dit is nie al nie. God het sy Heilige Gees aan die mens gegee om ons elke oomblik te help om in geloof, hoop en liefde te lewe, sonder 'n gevoel van minderwaardigheid of vrees vir die oordeel van God.

Mag ons die genade ontvang om God te glo dat Hy dié wat glo, alreeds in Jesus vrygespreek het!

16 Mei **Spyt kom altyd te laat** **Numeri 14: 39-45**

Dit is so tragies dat die volk nie betyds besin het nie. Dit is so jammer dat hulle nie in die eerste plek na God geluister en Hom geglo het nie. Noudat Moses God se oordeel oor hulle aangekondig het, kom hulle vir die eerste keer agter dat hulle verkeerd was en is hulle spyt oor hulle dwase ongeloof. Hulle is nou seker dat God die beloofde land aan hulle sal gee en daarom wil hulle nou die beloofde land ingaan. En selfs as Moses hulle waarsku om nie vir die tweede keer hulle koppe te stamp nie, maak hulle net soos hulle wil - hulle sal hulle eie koppe volg en self die land binnegaan. Al Moses se pleitredes val op dowe ore, en net soos voorspel is, word hulle verslaan.

Ons as gelowiges wil ook baie keer ons eie koppe volg sonder om na God te luister. Dit word duidelik as na die hoë egskeidingsyfers in ons land gekyk word. Ons dink dikwels dat ons huwelik en ons lewe in ons hande is om daarmee te maak wat ons wil. En hierdie tendens is besig om na alle lewensterreine deur te spoel. Ons wil onsself eenvoudig nie meer ondergeskik stel aan God nie. En as God dan met ons praat deur gebeurtenisse, geleenthede en mense, maak ons asof ons Hom nie hoor nie. En later wanneer ons ons te pletter loop teen die eise en druk van ons wêreld, dan moet ons erken: Spyt kom altyd te laat...! In plaas daarvan moes ons eerder na die roepstem van God geluister het toe Hy met ons deur sy Woord en Gees gepraat het, want *as die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs....*

17 Mei **Hoe sê ons vir God dankie?** **Numeri 15: 1-21**

Van die vroegste tye af het die Israeliete offers aan God gebring met die gawes wat Hy aan hulle geskenk het. Hulle het om verskeie redes offers gebring - soos om God te eer, om vir Hom dankie te sê, om hulle berou teenoor Hom uit te druk en om hulle in die regte verhouding met

Hom te bring. Daar was verskeie offers, soos wat ons in die gedeelte kan agterkom, met spesifieke voorskrifte wat hulle moes nakom.

Die gelese gedeelte kan in drie dele verdeel word, naamlik die vervulling van God se belofte, die reaksie van die volk om dankie te sê en die spesifieke reëls vir die bring van offers. Hulle sê dus met al hierdie offers dankie vir God se liefde, trou en genade.

Vandag bring ons nie meer formeel offers aan God nie. Die mens kon dit nog nooit regkry om self deur offers 'n verhouding met God te hê nie. Daarom het Hy eenmalig deur Jesus Christus 'n offer gebring om ons in die regte verhouding met Hom te stel en al ons sondes te vergewe. Maar dit beteken nie dat ons nie meer aan Hom lof, eer en dank hoef te bring nie. Ons moet nou veral aan Hom dank betuig vir die groot offer wat Hy vir ons gebring het. En hoe sê ons dankie? Deur te lewe soos Hy wil - om nooit ooit die verhouding met Hom te verbreek nie, want niks mag ons van Hom skei nie.

18 Mei **Wat is sonde?** **Numeri 15: 1-36**

Die skrywer wil met hierdie gedeelte sê hoe die Israeliete volgens die wil van God moet lewe, naamlik deur die wet na te kom. Maar die skrywer is realisties en hy weet hoe moeilik dit is om daarby te hou. Daarom gee hy aan hulle voorskrifte oor wat hulle moet doen as hulle sondig. Dit is interessant om daarop te let dat hy sonde in twee groepe verdeel, naamlik opsetlike en onopsetlike sondes. Die feit van die saak is dat wanneer jy opsetlik teenoor God sondig, jy figuurlik gesproke jou Moses sal teëkom. Aan die hand van 'n praktiese voorbeeld verduidelik hy dit aan sy lesers. Dit blyk uit die gedeelte in verse 30-31 dat sonde die volgende elemente inhou:

- laster teen God;
- veragting van die Woord van God en
- ongehoorsaamheid aan die wet/bevele van God.

Wanneer hierdie elemente in jou lewe insluip, is jou verhouding met God besig om te verbrokkel.

Vandag weet ons as gelowiges dat God ons in Jesus Christus vrygespreek het van ons sondes. En dit is beslis 'n goeie vraag om te weet wat sonde dan nou vir ons is. Dit blyk uit die Bybel dat sonde enige iets is wat die verhouding wat God met ons in Jesus gesluit het, versteur. Sonde is alles wat ons aanvang waaroor ons te skuldig voel om met God te praat. En hoeveel keer het ons dit nie al agtergekom nie - 'n gebroke verhouding met God beteken ook gebroke naasteverhoudinge! Maar gelukkig kan ons alles wat ons van God skei in die gebed met Hom reg-

maak. Hy is immers deur Jesus Christus en sy Heilige Gees net 'n gebed ver van ons af. Ons hoef nie meer na die priester toe te gaan nie, maar kan nou self ons sondes voor God bely en weet dat Hy dit alreeds vergewe het.

19 Mei **Vergeet om te vergeet en onthou om te onthou!** **Numeri 15: 37-41**

Met hierdie voorskrifte wil die skrywer die volk oproep om deur middel van sigbare tekens sekere goed nooit te vergeet nie. Hy wil in die eerste plek beklemtoon dat hulle anders moet wees omdat hulle die heilige volk van God is. Hierdie andersheid moet sigbaar wees, daarom kry hulle die opdrag om klossies aan hulle klere vas te werk. Dit moet hulle aan twee dinge herinner, naamlik dat hulle die wet van God moet nakom en dat hulle die heilige volk van God is wat volgens sy gebooie moet lewe. Dit moet hulle daaraan herinner dat hulle soos heiliges, dit wil sê afgesonder vir God, moet lewe. Hulle mag nooit ooit vergeet dat God hulle Redder is wat hulle uit Egipte uitgelei het nie. Hy is hulle God en hulle is sy volk. Hulle moet in verantwoordelikheid teenoor Hom lewe.

Vandag lewe ons in 'n wêreld waar ons aan so baie dinge aandag moet gee. Dit lei maklik daartoe dat ons van God, sy verlossing, liefde, hoop en genade vergeet. Maar gelukkig is daar ook in ons kerke vandag twee herinneringstekens wat heenwys na Christus en sy verlossing, naamlik die doop en die nagmaal. Dit is sigbare tekens wat ons oproep, herinner, vernuwe en aanspreek om nie te vergeet wat God in Jesus Christus vir jou en my gedoen het nie. Met hierdie tekens word ons deel van God se liefde en genade. Daarom kan ons opstaan en by die kerk uitstap met die wonderlike wete van Gesang 253:

Jesus Christus het gesterwe,
het verrys, verrys vir my;
het sy vrede my laat erwe
deur sy soendood, ook vir my.
Hy wat intree by die Vader,
trek my deur sy liefde nader;
in ontferming oor my lot
staan Hy in my plek voor God.

20 Mei **Help dit om te kla?** **Numeri 17: 1-13**

Ons lees in Numeri 16 dat die Israeliete telkens in opstand gekom het teen Moses en Aäron. Hulle was ontevrede met hulle omstandighede in

die woestyn en het gewens dat hulle liewer nog in Egipte was. Hulle het natuurlik al vergeet hoe sleg dit met hulle in Egipte gegaan het. Opstand teen hierdie twee mense het egter opstand teen God beteken, want dit was immers Hy wat hulle as leiers van die volk aangestel het. Hulle was sy verteenwoordigers.

Die Here het besef dat Hy op een of ander manier 'n einde aan die volk se verset sal moet maak, en in plaas daarvan om hulle almal voor die voet uit te wis (wat Hy natuurlik kon doen as Hy wou), het Hy besluit om deur middel van 'n wonderteken aan die volk bekend te maak wie hulle leiers is. Die groot probleem was dat die Leviete nie meer daarmee tevrede was om slegs diens in die tabernakel te doen nie. Hulle wou Aäron se priesterskap vir hulleself toeëien en dit kon nie geduld word nie.

Elke stam moes vir Moses 'n kierie bring. Daardie aand het daar 'n wonderwerk gebeur: Aäron se kierie ('n doodgewone, dooie kierie) het begin blom! Die volk het hulle natuurlik boeglam geskrik; hulle het dit as 'n duidelike teken van God se besluit gesien waarby hulle berus het.

Wat leer ons uit hierdie verhaal? God laat alles met 'n doel gebeur - dit is nie in ons mag om sy wil te bevraagteken nie. God het nie om dowe neute vir Aäron as priester gekies nie. Net so het Hy ook elkeen van ons in ons besondere posisie geplaas omdat ons 'n doel het wat ons daar moet vervul. Maar ons is so lief om te mor en te kla oor ons omstandighede. En wat bring dit jou die sak? Jy konsentreer so op dit waaroor jy ongelukkig is, dat jy later nie eers meer die dinge raaksien waaroor jy dankbaar kan wees nie, wat nog van die doel wat jy moet vervul. As ons oë net op ons probleme gerig is, sal ons nooit die tekens wat God op ons pad bring, kan raaksien nie.

21 Mei **God vra eenhonderd persent** **Numeri 20: 1-13**

Die Israeliete het ook nie maklik geleer nie - vir die soveelste keer is hulle in opstand teen Moses en Aäron en verwyt hulle die twee leiers vir die omstandighede waarin hulle hulle bevind. Hulle is moedeloos omdat daar nie vir hulle drinkwater in die woestyn is nie. Aäron en Moses is ook moedeloos oor die volk wat nooit ophou kla nie, en wend hulle tot die Here.

Omdat die behoud van sy volk vir die Here belangrik is, gee Hy vir Moses en Aäron opdrag om die volk by die rots te versamel en dan met die rots te praat, sodat daar water uit die rots kan kom. In plaas daarvan slaan Moses egter twee keer met sy kierie op die rots. Daar het wel water uitgekom, maar omdat Moses en Aäron hulle deur hulle emosies laat beheers het en nie eenhonderd persent aan God se opdrag gehoor-

saam was nie, het hulle die voorreg verbeur om self die beloofde land binne te gaan.

Hoeveel keer bevind ons onsself nie in dieselfde situasie as Moses en Aäron nie? Hoeveel keer word ons nie ook só kwaad vir iemand of is ons só ongelukkig oor iets dat ons anders optree as wat ons weet ons veronderstel is om te doen nie? Dit het tot gevolg dat dit vir daardie oomblik eerder daaroor gaan om onsself te laat geld as om op te tree soos wat God van ons verwag.

Om jou deur jou emosies te laat beheers, is nie 'n verskoning vir swak gedrag nie. God verwag eenhonderd persent toewyding van ons - uit dankbaarheid daarvoor dat Hy sy enigste Seun gestuur het om vir ons sondes te kom sterf - agt en negentig persent is net nie goed genoeg nie.

22 Mei **Sien is glo - of is dit?** **Numeri 21: 4-9**

Die Israeliete se reis na die beloofde land was definitief nie 'n piekniek gewees nie. Hier lees ons dat die koning van Edom nie wou gehad het dat hulle kortpad deur sy land moes vat nie. Dit het die Israeliete baie moedeloos gemaak, want hulle tog deur die woestyn het net nie tot 'n einde gekom nie. Dit was vir hulle só erg dat hulle selfs al gedink het dat hulle nie op pad iewers heen was nie, maar dat Moses en Aäron hulle in die woestyn wou laat sterf. Om alles te kroon, het hulle kos en water ook min geraak en was dit sleg.

God het besluit om dié ondankbare volk hierdie keer anders te hanteer. As antwoord op hulle klaagliedere stuur Hy giftige slange onder hulle in. Dit het die volk vinnig daartoe gedryf om te sê dat hulle jammer is! Moses het toe vir hulle by God ingetree en in opdrag van God het hy 'n koperslang gemaak waarna elkeen wat deur 'n slang gepik is, moes opkyk, sodat die persoon kon bly lewe. Hierdie koperslang het nie magiese kragte gehad nie - dit was bloot 'n simbool om die volk aan hulle feilbaarheid te herinner. As hulle die belofte van God - dat hulle nie sal sterf as hulle na die slang opkyk nie - geglo het, sou hulle nie sterf nie.

Waarom moet 'n mens altyd eers tot stilstand geruk word voordat jy besef hoe goed dit eintlik met jou gaan? Al was die kos van die Israeliete sleg, het hulle nog kos gehad, en al was dit vir hulle aaklig in die woestyn, was hulle immers op pad na die beloofde land toe. Miskien sou dit die Israeliete nou, elke keer as hulle die koperslang sien, daaraan herinner dat hulle nie so ondankbaar moet wees nie.

En ons? Is ons nie net so afhanklik van sigbare tekens om daarvan verseker te word dat God in beheer van ons lewens is en met ons op pad iewers heen is nie? God het dit reeds aan ons in Jesus Christus be-

wys. Gaan geloof nie juis daaroor dat ons nié van sigbare tekens afhanklik moet wees nie?

Kom ons leer uit Israel se foute sodat ons nie ook ons koppe herhaaldelik teen dieselfde klip stamp nie.

23 Mei **God verbreek nie sy beloftes nie (1)** **Numeri 22: 1-21**

Die Israeliete se omswerwinge in die woestyn het ten einde geloop en uiteindelik kon hulle kamp opslaan in die Moabsvlakte van waar hulle die beloofde land kon sien. Balak, die koning van Moab, was bang vir die Israeliete, want hulle was so baie soos die sand van die see en hy het gehoor van die groot oorwinnings wat hulle oor ander volke behaal het. Hy het nie kans gesien om die Israeliete op eie stoom aan te durf nie en hy het Bileam se hulp ingeroep. In daardie dae was dit 'n algemene gebruik om jou vyande voor die aanvang van die stryd deur 'n profeet te laat vervloek, en vir dié taak was Bileam klaarblyklik beroemd en suksesvol.

Alhoewel Bileam nie deel van die volk van God was nie, weet ons dat God van enige iemand gebruik kan maak om sy wil te laat geskied. En omdat Hy Israel geseën het en aan hulle 'n land belowe het, sal Hy nie toelaat dat hulle vyande in sy pad staan as Hy sy beloftes wil nakom nie - Hy gebruik hulle eerder.

As profeet, kon Bileam net dit sê wat die Here hom in die mond gelê het, en op daardie voorwaarde het God hom toegelaat om na Balak toe te gaan.

Uiteindelik kon die Israeliete sien dat God tog al die tyd met hulle op pad was en - anders as hulle - dat Hy getrou gebly het aan sy beloftes.

Omdat God geweet het dat ons mense nooit ons kant teenoor Hom sal kan bring nie, het Hy hierdie verantwoordelikheid van ons skouers af weggeneem - Hy het Jesus gestuur om in 'n ons plek te sterf vir al ons oortredinge. Om dus met God in 'n verhouding te lewe, is vir ons soveel makliker as wat dit vir die Israeliete was. Die vraag is net: Lewe ons soos mense wat besef wat hierdie liefdesdaad van God vir ons beteken?

24 Mei **God verbreek nie sy beloftes nie (2)** **Numeri 22: 22-40**

Terwyl Bileam op reis was na Balak toe, besluit God om seker te maak dat Bileam nie dalk omgekoop word deur al die geskenke wat Balak hom gaan aanbied nie - dat hy net dit wat God hom in die mond lê, sal

sê. Om seker te maak dat sy wil geskied, laat God 'n vreemde ding gebeur - Hy laat 'n engel aan Bileam se donkie verskyn. Drie keer sien die donkie die engel van die Here, maar Bileam - wat veronderstel is om 'n profeet te wees - sien hom nie raak nie. Eers toe die Here Bileam se donkie met hom laat praat, het hy besef dat daar iets vreemds aan die gang was. Die engel het in sy pad kom staan om hom te waarsku dat dit 'n baie gevaarlike pad is waarop hy besluit het om te gaan. Hy het homself toe beskikbaar gestel as instrument in die hand van die Here wat beteken het dat hy nie sommer vir die Israeliete kon sê wat hy wou nie.

Bileam het só groot geskrik dat hy dit nie durf waag het om die Here teë te gaan nie. So het God seker gemaak dat sy wil geskied, want Hy het belowe om sy volk te seën, en Hy sou nie toelaat dat iemand in sy pad staan nie.

Ons moet sorg dat ons - anders as Bileam - met oop oë deur die lewe gaan, sodat ons kan sien watter paaie God wil hê ons moet neem en dat ons nooit in sy pad sal staan nie. Ons moet toelaat dat God ons gebruik as instrumente in sy hand, sodat hy deur van ons gebruik te maak, sy wil hier op aarde kan laat geskied.

25 Mei **Die mens wik... (1)** **Numeri 22: 41-23: 26**

Balak was seker baie opgewonde omdat Bileam nou uiteindelik na hom toe gekom het om Israel te vervloek. Balak kon nie alles gou genoeg gedoen kry wat Bileam hom gevra het nie. Dan wag Balak en sy manne in spanning terwyl Bileam alleen weggaan om 'n openbaring van God te ontvang. En toe Bileam terugkom nadat hy wêl 'n openbaring van God ontvang het, wou Balak homself net op die skouer klop oor sy goeie idee om Bileam te laat kom, toe hy hoor wat Bileam vir Israel sê: In plaas daarvan om hulle te vervloek, seën hy hulle! Balak kon sy ore nie glo nie, maar hy het besluit om nie moed op te gee nie en neem Bileam toe na 'n ander plek toe om weer te probeer. Dieselfde prosedure speel hom af en weer seën Bileam die volk.

In antwoord op Balak se verontwaardiging sê Bileam dat hy as profeet niks anders kan sê as wat God hom in die mond lê nie. Teen hierdie tyd moes Balak seker al agtergekom het dat hy nie gaan wen nie - dat Israel God se afgesonderde volk is en dat Hy nie sal toelaat dat hulle vervloek word nie, maar uit radeloosheid het hy weer probeer.

Bileam het nie stilgebly en voorgegee dat hy nie die Israeliete kan vervloek nie, maar hy het hulle keer op keer geseën. Is dit nie wonderlik om te weet dat God selfs dié mense wat sy kinders te na wil kom, se kwade bedoelings ten gunste van sy kinders kan aanwend nie?

26 Mei **Die mens wik... (2)** **Numeri 23: 27-24: 25**

Vir 'n derde keer probeer Balak om Israel deur Bileam te laat vervloek, maar toe hy hulle wéér seën, jaag Balak hom soos 'n sleg hond weg - wat natuurlik te verstane is!

Maar Bileam laat nie so gou van hom ontslae raak nie - hy het nog nie klaar gepraat nie. Hy vertel eers vir Balak wat Israel nog alles in die toekoms aan sy volk gaan doen. En nie net aan sy volk nie, want al die heidense volke sal een of ander tyd moet swig onder die almag van God.

God laat nie sy planne deur mense kortwiek nie. Die een persoon wat Israel só moes vervloek dat die see hulle nie sou kon afwas nie, seën hulle keer op keer. God het sy beloftes aan Abram nagekom: die volk het so baie soos die sand van die see geword, hulle is geseën en staan op die drumpel om die nuwe land te betree. God kom steeds vandag sy beloftes na - die bewys wat ons daarvoor het, is Jesus Christus. Daarom kan ons verseker weet: Al sê of doen die wêreld wat, as ons ons lewens in God se hande plaas, sal Hy alles vir ons ten goede laat meewerk. Hy sal selfs die Bileams in ons lewe verstom laat staan oor die woorde wat uit hulle monde kom.

27 Mei **Josua word geroep** **Numeri 27: 12-23**

God roep mense. Hy gee opdragte en Hy rus mense toe vir die opdragte wat Hy gee. God hou sy woord. Hy trek niemand voor nie, selfs nie vir Moses nie. Moses en sy broer Aäron was ongehoorsaam aan die Here gewees. As straf sou Aäron sterf voordat hulle by die beloofde land kom en Moses sou die land net sien, maar nie die voorreg hê om die land binne te gaan nie.

Die volk is nou, na veertig jaar, weer voor die beloofde land. Moses kry die bevel om na die land te kyk, want dan sal hy sterf. Moses dink aan sy volk en vra God vir 'n opvolger. God wys vir Josua as opvolger aan. Hy was een van die twee verspieders wat veertig jaar tevore gesê het dat hulle met die Here se hulp die land kan inneem. Die volk het 'n gehoorsame man nodig om hulle die land in te lei. Die leier moet iemand wees wat met vertroue op God leef en sy volk so sal lei. Josua het as leier God se opdragte gehoorsaam uitgevoer. Hy het dit altyd in die lig van die keuse gedoen waarvoor hy later die volk, na die inname van die land, stel: *...kies dan vandag wie julle wil dien.... Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien* (Jos 24: 15).

God eis gehoorsaamheid. Leiers het veral die verantwoordelikheid om vir hulle volgelinge 'n voorbeeld van gehoorsaamheid aan en afhanklik-

heid van die Here te wees. Gehoorsaamheid aan God word van elkeen in 'n gesagsposisie verwag, van die leiers van 'n land tot by ouers in die ouerhuis. Indien die onervares verkeerd gelei word, is die gevolge sleg. Jy is ook in 'n gesagsposisie, hoe voer jy jou opdragte van die Here uit? Doen jy dit met of sonder afhanklikheid van en gehoorsaamheid aan die Here?

28 Mei **In die woestyn** **Deuteronomium 1: 19**

Die boek Deuteronomium word aangebied as toesprake van Moses. Na veertig jaar in die woestyn staan die volk weer voor die beloofde land. Voordat hulle die land binnetrek, vertel Moses weer die geskiedenis en leer hy die volk hoe God wil hê hulle in die land moet lewe. Die nuwe geslag moet uit die geskiedenis leer. As hulle in die nuwe land is, moet hulle die Here nie vergeet nie.

Moses vertel hoe dit gebeur het dat die volk veertig jaar in die woestyn moes rondtrek. Hulle ongehoorsaamheid aan die Here se opdrag en hulle gebrek aan vertroue in die Here was die oorsaak daarvan. Toe hulle vaders die eerste keer voor die beloofde land gestaan het, het hulle bang geword vir wat op hulle gewag het: dit was 'n land met groot mense en versterkte stede. Hulle het alles vergeet wat die Here in die verlede, met hulle uittog uit Egipte, vir hulle gedoen het. Hulle wou nie God se opdrag uitvoer en saam met Hom die land intrek nie. Eers toe die Here hulle gestraf het, het hulle teen sy bevel in, die land ingetrek, maar met katastrofiese gevolge.

Sonde het baie keer langtermyn gevolge. Sonde moet reggemaak word, en nie vererger word deur nog meer sonde te doen nie. Ons moet ook self onthou en ons kinders leer wat God gedoen het. Ons kom dikwels voor omstandighede te staan waar ons geen lig sien nie. Dan moet ons ons kwitansies uit die laai haal. Ons moet dink aan dit wat God al vir ons in ons lewens gedoen het. Ons moet onthou wat Hy deur die eeue gedoen het. Ons moet onthou wat Hy op Golgota gedoen het. Ons moet onthou van die ander kere toe dit donker was en Hy uitkoms gegee het. Dan sal ons die moed hê om God se pad te loop en sy opdragte met vertroue uit te voer.

29 Mei **Ompad deur die woestyn** **Deuteronomium 2: 1-19**

Uiteindelik staan die volk voor die beloofde land. Die pad na die beloofde land behoort elf dae te geneem het, maar die Israeliete het veertig jaar deur die woestyn getrek. Anders as hulle voorvaders, gehoor-

saam die volk God se bevel nou. Hulle ouers was weerbare manne, maar ongehoorsaam en hulle ongehoorsaamheid het hulle dood beteken. Die nuwe geslag is gehoorsaam en die Here maak hulle reis voorspoedig. Ons lees in Deuteronomium 8 dat hulle klere nie verslyt het en hulle voete nie geswel het nie. Moses herinner die volk daaraan hoe God vir hulle gesorg het gedurende die woestynreis.

Gehoorsaamheid word baie sterk beklemtoon in die boek Deuteronomium. Die huidige geslag se vaders was ongehoorsaam en is gestraf. Die veertig jaar in die woestyn was wel hulle straf, maar God los nie sy volk nie. Hy is met hulle terwyl hulle op pad is. Straf het gewoonlik 'n negatiewe betekenis. Straf is die mens se verdiende loon, maar dit is nie hier die geval nie. Die volk is gestraf totdat hulle geleer het om op God te vertrou en Hom te gehoorsaam. Dit was straf met 'n positiewe gevolg. Tugtiging is 'n teken van God se liefde om sy kinders op die regte pad te hou. Die vader wat nie sy stout kind tug en teregwys nie, is liefdeloos en verwaarloos die kind.

Kinders van God moet God glo, op Hom vertrou en op sy beloftes staatmaak. Hulle moet optree asof sy beloftes nie net woorde is nie, maar 'n werklikheid - want dit is. Gehoorsaamheid is 'n belangrike deel van die verhouding tussen God en sy kinders. Jy is gehoorsaam omdat jy dankbaar is vir die verlossing en nie om iets daarmee by God te verdien nie. 'n Gelowige wat nie aan God gehoorsaam is nie, kan nie bly glo dat God hom sal help nie. God los nie sy kinders nie, maar soms moet hulle 'n lang en swaar ompad loop, sodat hulle kan leer om regtig op Hom te vertrou en aan Hom gehoorsaam te wees.

30 Mei Oorloë met die Kanaäniete Deuteronomium 3: 1-11

Ons lees in Deuteronomium 2 dat die volk Israel vreedsaam deur sekere volke se gebiede moes trek, byvoorbeeld deur die gebiede van die Edomiete en die gebied van die Moabiete. God is nie net die God van Israel nie, Hy sorg ook vir ander volke. Israel kan God nie vir hulleself opeis nie, Hy beskik oor die wêreldgeskiedenis. Ons lees in Deuternomium 3 dat ander volke uitgeroei moes word om plek te maak vir die volk van God. God beskik oor volke en nasies en hulle woonplekke. Die volk Israel was nie baie nie en het nie oor 'n geoefende leër beskik nie, maar God sê vir Moses dat Hy sal sorg dat die vyandelike nasies vir Israel bang sal wees. Moses stuur boodskappers om toestemming te vra om deur die gebied te trek. Konings soos Sihon en Og is onversetlik en word uitgeroei.

Die volk van God behaal die oorwinnings omdat God hulle vyande in

hulle mag oorgee. Dit gaan met hulle heeltemal anders as veertig jaar gelede. Hulle is gehoorsaam aan God. Hulle glo Hom as Hy sê dat Hy met hulle is. Hulle moet self veg, maar sonder God sou dit net soos die vorige keer met hulle gegaan het. Die volk leer hieruit dat ongehoorsaamheid straf bring en gehoorsaamheid sukses.

Gehoorsaamheid vra dat ons ons eie ek, ons eie belang, minder moet ag en God meer. Gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid is 'n saak wat jou verhouding met jou Vader direk raak. Dit is 'n saak wat jou lewensgehalte direk raak. God het ons tot sy kinders gemaak, daarom verwag Hy gehoorsaamheid van ons as sy kinders. Hy sorg in alle opsigte vir ons; Hy beskik oor ons hele lewe. Gehoorsaamheid is die wyse waarop ons dankie sê vir God se genade.

31 Mei **Gehoorsaam die Here** **Deuteronomium 4: 32-40**

Hierdie gedeelte vorm die einde van die inleiding tot die boek Deuteronomium. Moses beklemtoon dat God Homself in die verlede aan die volk verbind het. Hy is hulle God wat hulle uit Egipte gered het en in die woestyn bewaar het. Hy het aan hulle sy wet gegee. Hy het hulle oortredinge vergewe. Hy het Homself aan hulle voorouers en aan hulle verbind. Nou gaan Hy hulle die land inlei en niks en niemand sal voor hulle staande bly nie omdat Hy met hulle is. Hulle is nou weer by 'n keerpunt, 'n punt waar gekies moet word oor die toekoms. Omdat God hulle gekies het, moet hulle in hulle antwoord vir Hom kies.

'n Keuse vir Hom is 'n gehoorsame lewe. Moses gaan hulle nou vertel wat God van hulle verwag. As hulle dit doen, sal hulle geseënd lewe. As hulle dit nie dit doen nie, kan hulle die land verloor (wat later wel gebeur het). Die mens kan met sy ondankbaarheid ook God se genade in sy gesig teruggooi. So 'n mens moet dan ook nie twyfel oor die sekerheid van God se straf nie.

God verbind Hom nog altyd aan sy kinders. Jesus Christus het ons met God versoen deurdat Hy die band tussen ons en God herstel het. Dit is nie ons wat Hom gekies het nie, maar Hy het ons gekies. Dit is 'n geweldige troos vir ons: ons kan en hoef nie God se genade te verdien nie - Hy gee dit self aan ons, verniet. Dit is te groot om te begryp dat die heilige almagtige God sondaars tot sy kinders kan maak. Dit is te goed om waar te wees, maar dit **is** waar. God **het** sondaars lief. Dit is die motivering vir ons gehoorsame, dankbare lewe. 'n Gehoorsame, dankbare lewe is 'n lewe van liefde omdat God ons eerste liefgehad het.

1 Junie **Afskrif van die wet** **Deuteronomium 5**

In die inleiding van Deuteronomium 5 word 'n beskrywing gegee van die wyse waarop 'n gelowige tot 'n gehoorsame lewe kom. Daar word vier werkwoorde gebruik om hierdie pad te beskryf:

Luister na God. As jy God wil gehoorsaam, moet jy eers hoor wat Hy sê. Luister en hoor dat God die lewende God is wat sondaars red. Om gelowig na God se Woord te luister, is dit noodsaaklik om sy wil te ken. Luister is om in toewyding aan God te leef.

Dan volg ***leer***. Jy kan nie net luister nie, jy moet ook leer wat God se wil is. Leer is om werklik te luister, sodat dit wat jy leer, werklik deel van jou sal word. Leer is om kennis van God en sy beloftes deel van jouself te maak. Dit moet ook aan die volgende geslag oorgedra word. Hulle moes leer om op dié God staat te maak, dat Hy sy beloftes waar maak.

As jy luister na God en leer wat Hy sê, dan lei dit logies tot ***gehoorsaamheid***. 'n Mens kan met 'n bietjie moeite baie kennis van die Woord hê, en dit is goed, maar as dit net kennis in jou kop bly, as dit net teorie bly, dan help dit jou absoluut niks nie. Nee, jy moet hoor en leer wat God se wil is en dit gehoorsaam, eers dan beteken dit iets vir God en vir jouself.

...en daarvolgens lewe. Die volk moes leer van God; hulle moes leer dat God 'n verbond met hulle gesluit het. Hy het hulle sy volk gemaak en Hy is hulle God. Dit plaas 'n verpligting op die volk om sy volk te wees en volgens sy voorskrif te lewe. Dit maak hulle anders as die volke rondom hulle. Hulle God is 'n unieke God. Hulle moet 'n unieke volk wees wat op 'n unieke wyse optree, want hulle is anders as die heidenvolke.

Wat maak die Christengelowige anders? Die liefde waarmee hy/sy in die wêreld leef.

2 Junie **Jy moet die Here jou God liefhê** **Deuteronomium 6: 1-13**

Die belydenis in vers 4 lui: *Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.* Dit is die grondwaarheid waarop die volk in die beloofde land moes lewe. Die mense rondom Israel het in baie gode geglo. 'n God of godin was gewoonlik gekoppel aan 'n bepaalde saak of landstreek. As jy verhuis, aanbid jy die god van jou nuwe streek. Die volk word gewaarsku om nie ander gode te dien nie. Hierdie belydenis beklemtoon die uniekheid van God. Hy is die enigste God wat bestaan. Die ander is gode wat deur mense uitgedink is. Om te sê daar is net een

lewende God, het in daardie tyd net so vreemd op die oor van die wêreld geval as vandag. In ons tyd word alle godsdienste dikwels gelykgestel. In 'n samelewing waar gelykheid en verdraagsaamheid hoog op die agenda is, is dit verkeerd om te beweer dat die God van die Bybel die enigste God is. Dit pas nie by die gees van die tyd nie, dit is verwaand in die oë van die wêreld. Maar dit is so - God **is** die enigste lewende Here.

In enige en elke ander godsdiens, en in baie Christelike dwaalleringe, word op een of ander manier van die mens verwag om homself te red of ten minste 'n bydrae te lewer tot sy redding. Die gedagte dat God sondaars uit genade red, is vreemd aan die logika van die mens. Daarom kan 'n godsdiens met 'n God wat sondaars red, nie deur die mens uitgedink wees nie. Dit is die enigste godsdiens waar jy jouself nié kan red nie en van buite gered moet word. Dit is die enigste godsdiens wat vry maak en nie bind nie. Dit is die enigste godsdiens met 'n lewende God. Die enigste lewende God het sondaars lief, Hy het jou lief, glo dit en lewe. Lewe dan volgens die riglyne wat Hy vir jou gee. Leef dan uit dankbaarheid met liefde en leer jou kinders dat die Here ons God die enigste Here is.

3 Junie **Onthou - moenie vergeet nie** **Deuteronomium 7**

Israel staan op die punt om die lank verwagte beloofde land binne te trek. Hiervoor moet Moses hulle voorberei. Hulle gaan die Enakiete verslaan en in die proses gaan hulle posisie in die oë van die ander volke verander - God gaan hulle 'n groot volk maak. Ingesluit by die beloofde land is verdere voorspoed en oorvloed. Hierdie rooskleurige toekoms het egter ook slaggate gehad (soos ons hierdie week sal sien), waarvan die grootste is dat hulle van God sal vergeet. Dit is daarom noodsaaklik dat Moses hulle moet voorberei; hulle bewus moet maak van die slaggate.

Om deur alles heen koers te hou, is die gebeure van die verlede 'n baie belangrike hulpmiddel vir hulle. Vandaar die waarskuwing wat soos 'n refrein deur Moses se toespraak loop: ...*onthou* en *moenie vergeet nie.* As hulle nie vergeet waar hulle was en wat alles sedertdien met hulle gebeur het nie, sal hulle bewus bly van Wie die Here is en wat Hy vir hulle gedoen het.

God se opdrag aan Israel om hulle vyande uit te wis, lyk op die oog af baie wreed. God is tog 'n God van liefde en genade, hoe kan Hy so 'n opdrag gee? Ons mag egter nooit vergeet nie dat hoewel God liefdevol en genadig is, Hy terselfdertyd regverdig is. Dit beteken dat Hy die sonde nie ongestraf laat bly nie.

Ons koester dikwels die idee oor God dat Hy te *sagmoedig* is om te straf. Dit is moontlik die rede waarom so baie mense in die sonde bly volhard ten spyte van al die waarskuwings. Dit is fataal om jou so met God te misreken.

Vertrou op God vir jou toekoms.

4 Junie **Moenie die Here vergeet nie** **Deuteronomium 8: 1-9**

Die groot wekroep in hierdie hoofstuk is: *Moenie die Here vergeet nie!* Hiertoe word Israel opgeroep deur hulle te herinner aan die swaarkry tydens hulle omswerwinge in die woestyn. Met alles is daar 'n Goddelike doel - selfs ook met hulle beproewing. God het sy volk in die woestyn getoets en terselfdertyd het hulle Hom leer ken. Israel se afhanklikheid van die Here is ook gedurende hulle swerftog in die woestyn beklemtoon waar hulle letterlik op God alleen aangewese was vir hulle voortbestaan. Die manna is sekerlik die beste voorbeeld daarvan. Die manna was egter veel meer as net kos, dit was 'n bewys van hulle afhanklikheid van God en sy woord. Hulle moes leer om God op sy woord te neem.

Nou bevind hulle hulle in die bevoorregte posisie om die beloofde land met al sy oorvloed te bewoon. Maar in hierdie oorvloed en weelde skuil 'n gevaar: die versoeking om God te vergeet. Die versoeking is om te vergeet Wie alles vir hulle gegee het en dit moontlik gemaak het. Hulle is nie gekies omdat hulle invloedryk of belangrik was nie. Hulle verkiesing was in twee dinge gegrond: God se liefde vir hulle en sy belofte aan die aartsvaders. Daar is dus geen verdienste waarop hulle enige aanspraak kan maak nie.

Die versoeking is baie groot om sukses aan eie vermoë toe te skryf. In tye wanneer mense voorspoed beleef, vervaag God in hulle lewens en speel Hy geen rol meer nie. Dit is die wesenlike gevaar vir ons almal: dat ons van God kan vergeet.

5 Junie **Vertrou op God en nie brood nie** **Deuteronomium 8: 10-20**

Oorvloed skep ook die gevaar van hoogmoed. Wanneer ons swaar kry, ken ons die Here, maar wanneer dit met ons goed gaan, vergeet ons van die Here. Israel word teen hierdie realiteit gewaarsku. Op die oomblik koester hulle nog baie verwagtinge en sien hulle uit na die beloofde land met al sy voorspoed. Maar later, wanneer dit met hulle goed gaan, kan hulle van God vergeet.

God se verbond met hulle het vir hulle baie voordele ingehou, maar ook verantwoordelikhede. God het hulle uit liefde gekies en hulle moet Hom nou uit liefde dien. Daarom moet hulle Hom nie vergeet nie.

Hierdie waarskuwing geld ook vir ons. God is die Gewer van ons oorvloed. Daarom mag ons nie so besig raak met die bestuur van ons aardse besittings dat daar nie meer plek of tyd vir God in ons lewe is nie. Ons moet onsself afvra: Het materiële gewin die alles bepalende faktor in ons lewe geword? Die wêreld word immers deur hierdie drang gedryf.

Ons ken God se genade, maar ken ons die God van genade? Ons ervaar sy liefde, maar beantwoord ons die liefde van God? Ons werk vir ons brood, maar sien ons nog die hand raak wat die brood voorsien?

Natuurlik moet ons werk vir ons daaglikse brood, maar in die laaste instansie is dit God wat voorsien. Hy kan alles wat ons het, ook van ons af wegneem. Maar dan het Hy steeds ons behoud voor oë. God se seëninge is nooit 'n permanente besitting nie. Vertrou op God en nie op brood nie.

6 Junie **Die Here het jou lief** **Deuteronomium 9: 1-6**

Israel gaan deur die Jordaanrivier trek, en hulle gaan nasies verdryf wat groter en sterker as hulle is. Die groot stede met hulle versterkte mure sal hulle nie kan keer nie. Die klein volkie gaan die magtige Enakiete verdryf. God sal toesien dat dit gebeur; dit is God se belofte aan sy volk.

Hoekom doen die Here al hierdie dinge vir Israel? Sekerlik nie omdat hulle gehoorsaam was nie. Inteendeel, hulle was 'n hardkoppige volk! Maar dit maak nie sin nie, want hardkoppigheid kan mos nie beloon word nie!

Hier leer ons wat genade eintlik is. Israel is 'n hardkoppige volk, maar God help hulle nogtans. Hulle optrede het géén invloed op die gebeure nie. Wat God doen, doen Hy om ander redes as wat hulle mag dink. Die oorwinning is geleë in Gód se krag en beloftes, want hulle was ongehoorsaam. Trouens, as dit van hulle moes afgehang het, sou hulle nie die land gekry het nie, want hulle was 'n hardkoppige volk.

God het 'n ooreenkoms met Israel aangegaan en Hy bly getrou aan sy beloftes. Ja, Hy het hulle gestraf, maar Hy het steeds sy beloftes gehou. Ons kan hieruit leer dat God se genade onvoorwaardelik is. Hy het ons lief **ten spyte** van ons ongehoorsaamheid en al ons foute.

Die ewige lewe is nie iets wat ons kan verdien deur aan bepaalde vereistes te voldoen nie. Jesus Christus het dit vir ons aan die kruis bewerkstellig, danksy God se onvoorwaardelike liefde. Daarom moet dankbaarheid die dryfkrag in ons lewe wees.

7 Junie **Neem God op sy woord** **Deuteronomium 9: 7-29**

Eienaardig genoeg was Israel nie oortuig van God se trou aan sy beloftes nie. Hulle verlede staaf dit. Dink maar aan die gebeure by die Sinaiberg toe hulle onder leiding van Aäron 'n goue kalf gemaak en aanbid het (Eks 32). Daar was nog vele ander geleenthede waar hulle die Here se toorn ontketen het.

Nou wil Israel nie glo dat hulle die magtige Enakiete kan verslaan nie. Hulle is nie daarvan oortuig dat God magtiger as die Enakiete is nie. Hulle het nie geglo dat God hulle regtig sou help om die oorwinning te behaal nie. Hulle plaas nie hulle vertroue op God nie ten spyte van alles wat Hy reeds vir hulle gedoen het. Dink aan die woestyntog wat pas verby is. God het getrou gebly aan al sy beloftes ten spyte van hulle hardkoppigheid en ongehoorsaamheid. Moses pleit by sy volk om nie die foute van die verlede te herhaal nie.

Ongeloof lê aan die wortel van baie van ons probleme en sondes. Ons wil God nie op sy woord neem nie. Daarmee sê ons eintlik dat ons God nie vertrou nie. Hoe dikwels hoor ons nie die aanklag teen God dat Hy ons nie help nie; dat Hy ver van ons af is. Dit doen ons terwyl ons besig is om oplossings te soek of om op die verkeerde plekke om hulp aan te klop. Vertrou God. Neem Hom op sy woord, want Hy is getrou aan sy beloftes.

8 Junie **God se genade** **Deuteronomium 10**

Baie Christene (en kerke) van ons tyd het verstrik geraak in reëls en regulasies met betrekking tot hulle geloof en godsdiens. Geloof en godsdiens word gekompliseer deur allerhande *vereistes* waaraan voldoen moet word. En natuurlik is die probleem dat hoe harder ons probeer, hoe minder ons daarin slaag. Dit lei tot frustrasie en gee aanleiding tot moedeloosheid. Die rede hiervoor is omdat ons vergeet dat God se genade die basis van ons geloof vorm.

Dit is presies waarteen Moses Israel waarsku. By 'n vorige geleentheid - aan die voet van Sinai - het die volk die Here kwaad gemaak met hulle hardkoppigheid. Moses moes by die Here pleit om nie sy volk te vernietig nie, alhoewel hulle dit verdien het. 'n Ramp is danksy God se genade afgeweer. So byna was die verbond iets van die verlede. Nou is die Here weer bereid om die verbond dat Hy met hulle sal wees, te bevestig. Israel mag nie vergeet dat God sy bystand oor hulle beskik vanweë sy genade en nié op grond van enige verdienste van hulle kant af nie.

Dit is goed dat ons ook herinner word aan God se genade teenoor ons. Jesus se soenoffer is genade. My geloof is genade. Dat ek sekerheid kan

hê oor my ewige toekoms, is genade. Daarom is daar net een platform vir alles wat ek in my lewe doen: dankbaarheid teenoor die Here vir sy onvoorwaardelike genade aan my. Deur dit voortdurend te onthou, sal ons nie verstrengel raak in allerlei reëls en vereistes nie. Uit dankbaarheid sal ek Hom eer, sy wil gehoorsaam, Hom liefhê en Hom dien met alles wat ek het.

9 Junie **Ons is bevoorreg** **Deuteronomium 11**

Israel was in 'n besonder bevoorregte posisie deurdat hulle God se magtige dade met hulle eie oë gesien het. Dink aan die manna in die woestyn, die wolk en die vuurkolom wat hulle deur die woestyn begelei het, om slegs enkele voorbeelde te noem. Daar kon by hulle geen twyfel oor God se almag en sy liefde vir hulle gewees het nie. Dit moes dus vir hulle baie maklik gewees het om aan die Here gehoorsaam te wees en getrou aan Hom te bly.

Teen hierdie agtergrond is dit verstommend dat Israel 'n keuse tussen seën en straf gehad het. Maar die verstommendste is dat die meeste van hulle deur hulle ongehoorsaamheid en hardkoppigheid die straf gekies het.

Maar voordat ons Israel te kras oordeel, laat ons vir 'n oomblik na onsself kyk. Ons is ook in 'n bevoorregte posisie. Ons is die rede waarom Jesus die vernedering van menswees gesmaak het. Ons is die rede waarom Hy aan 'n vloekhout gehang het. Ons is die rede waarom Hy die vernedering van die dood ondergaan het. Nou mag ons ook die wonder van Jesus se opstanding uit die dood smaak. Al hierdie dinge moet ons oortuig van God se liefde vir ons. En nogtans is daar baie gelowiges wat met hulle daaglikse doen en late bevestig dat hulle teen Hom kies.

Kom ons laat hierdie bewustheid van God se liefde en genade vir ons ons meevoer om met diepe dankbaarheid elke dag gehoorsaam aan Hom te leef, nie om iets daarmee te verdien nie, maar omdat ons nie anders kan nie.

10 Junie **Net een plek van aanbidding** **Deuteronomium 12: 1-10**

God praat deur Moses met die volk. Hy is die almagtige God wat in beheer is van die verlede, hede en ook die toekoms. Daarom weet God dat die volk in die nabye toekoms die land Kanaän gaan verower. Daar sal vir die Israeliete baie nuwe uitdagings wees. Hulle sal byvoorbeeld

die voorreg hê om stede te bewoon, maar daar sal ook vreemde volke met hulle eie gode en godsdienstige gewoontes wees.

God weet hoe beïnvloedbaar die Israeliete is, daarom beskerm Hy sy volk. Hy doen dit deur hulle alle afgodery te verbied en ook deur hulle geestelike aktiwiteite te orden. Alle ander aanbiddingsplekke moet vernietig word, daar mag net een plek van aanbidding wees wat deur God aangewys sal word. Hier sal hulle mekaar vermaan, bystaan om stand te hou teen afgodery en toesien dat geen vreemde gebruike in hulle eie godsdiens ingevoer word nie. Dit sal verseker dat God die middelpunt van die Israeliete se lewens bly.

Paulus bepleit ook in 1 Korintiërs 12 die eenheid van die kerk. Deur eenheid word die kerk beskerm, bemoedig, vertroos en versterk. 'n Gesonde gemeenskap van gelowiges vra dat:

* God Drie-enig alleen daar gedien word en
* dat elke lidmaat betrokke sal wees en sy verantwoordelikhede teenoor God en sy medegelowiges sal aanvaar.

So voorkom ons as Christengelowiges dat valshede en dwaalleer die kerk insypel. Deur God te dien, stel ons onsself diensbaar vir ons medegelowiges en ook die wêreld daarbuite. Dit alles doen ons nie soos dit ons pas en op die wyse waarop ons dit wil doen nie, maar soos God dit van ons vra.

11 Junie **Valse profete** **Deuteronomium 13: 1-5**

In die teksgedeelte word erkende en bekende profete bedoel wat die volk met valse godsdienstige praktyke mislei het. In Matteus 7:15 lees ons ook van valse profete en word hulle beskryf as die wat in skaapsklere kom, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. Die teks waarsku dus dat niemand se voorspellings, preke en verklarings onvoorwaardelik aanvaar moet word nie. Jy moet self kan onderskei of die persoon 'n ware of valse profeet is. Maar hoe doen ons dit?

Die Matteusteks sê dat 'n boom aan sy vrugte geken sal word. Met ander woorde, glo die persoon self wat hy sê en kan hy dit in opregtheid uitleef.

Paulus sê weer vir Timoteus dat hy moet bly by wat hy geleer het en wat hy vas glo (2 Tim 3: 10-17). Paulus sê ook: *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.*

Ken ons die Bybel goed genoeg sodat ons dit vir al die bogenoemde kan gebruik? Ons praat so maklik oor die Bybel, maar kommunikeer ons nog met die Skrif en motiveer ons nog vanuit die Woord van God.

Nog 'n metode van ontmaskering is om iemand se motiewe te ondersoek. Wanneer die duiwel vir Jesus in Matteus versoek, maak hy ook van die Skrif gebruik, maar hy maak aanhalings wat hy buite verband gebruik. Aan die einde van die gesprek met Jesus kom die duiwel se ware motief na vore. *Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.* Jesus is in die woestyn versoek en ons word daagliks deur valse leerstellings verlei. Daarom moet ons voorbereid wees deur die Bybel te lees en tot God te bid vir wysheid. Wees ook versigtig, want nie alles wat geestelik is, is noodwendig Christelik nie.

12 Junie **Paasfees** **Deuteronomium 16: 1-8**

Ons vergeet so maklik en twyfel selfs aan dinge wat ons verseker weet. Daarom het God hierdie vaste afspraak, paasfees, met sy volk geskep. In die teks lees ons wat die fees behels en hoe dit gevier moes word.

Die hele gesin moes hierin deel en as die kinders sou vra wat paasfees beteken, moes die ouers antwoord dat dit 'n paasoffer aan die Here is. In Egipte het Hy die Israeliete se huise oorgeslaan, terwyl Hy die Egiptenare met die dood van hulle oudste seuns getref het. Die Israeliete moes daaraan dink dat dit dieselfde God is wat hulle die land Kanaän sal inlei. Deur die ingrype van God in die verlede raak te sien, kon hulle verseker weet dat dit ook in die toekoms so sal gebeur.

En vandag se paasfeesvieringe? Vir ons is paasfees ten nouste gekoppel aan Jesus Christus. In 1 Korintiërs 5: 7b word gestel dat Christus, ons paaslam, vir ons geslag is. 1 Petrus 1: 19 stel dit so: *Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.* Ons weet dit het met Jesus se kruisiging gebeur toe Hy ter wille van ons sondes gekruisig is. Soos die uittog uit Egipte lê dit in die verlede. Maar waaraan dink u as u aan die opstanding dink? Aan die toekoms? Ja, alhoewel dit in die verlede met Jesus Christus gebeur het, is Christus se opstanding ons opstanding en weet ons nou reeds dat ons uit die dood sal opstaan. Dit is wat paasfees vir ons beteken: deur die verlede is dit wat nog moet kom, naamlik ons toekoms, vas en seker.

13 Junie **Moenie ander afgode dien nie** **Deuteronomium 16: 21-17: 7**

In die gelese gedeelte is dit duidelik dat God kompromisloos is. Vir Hom moet net die beste geoffer word en as afgode gedien word, word die

oortreders doodgemaak. Alle afgode moet vernietig word. Breek af die klippilare van gewone klippe wat tot die eer van Baäl, 'n manlike natuurgod, regop geplant is. Die houtpale wat vir Astarte, die godin van vrugbaarheid, opgerig is, moet verbrand word. God wil aan die volk uitwys dat dit gode is en dat hulle die tempels en altare moet afbreek.

Om hierdie gode, die son, maan, sterre of enige iets anders belangriker as, of gelyk aan God te stel, of om toe te laat dat dit inbreuk maak op die verhouding wat God met jou skep, is gewoon om jouself te mislei. Die mens raak te maklik verknog aan en afhanklik van alles wat die wêreld bied. Ons sê selfs dat ons nie daarsonder kan klaarkom nie.

God het die land Kanaän vir die volk gegee om namens Hom te bestuur. Alles wat ons besit, ja selfs ons kinders, behoort aan God. God plaas ons families en al ons aardse besittings tot ons beskikking om ons te bederf, en nie sodat dit plaasvervangend vir God moet dien nie.

Ons moet bewus word van God as realiteit in ons lewe en ons moet dit wat Hy ons bied, geniet tot die eer van sy Naam. Kom ons sê dankie vir alles wat Hy aan ons gee deur gehoorsaamheid aan Hom te bewys en diensbaar aan ander te wees.

14 Junie **Moses** **Deuteronomium 18: 15-22**

Moses word in hierdie gedeelte as die ideale profeet voorgehou. Ja, dit is Moses wat die Egiptenaar doodgeslaan het. Hy wou ook nie die uitdagings aanvaar toe God hom geroep het om sy volk te lei nie. Hy het vir die Here gesê dat hy nie goed kan praat nie, en dat hy nie weet hoe om God aan die Israeliete bekend te stel nie. Alhoewel God al Moses se praktiese probleme hanteer het, moes Moses uiteindelik by God se antwoord berus: *Ek is wat ek is.*

As God vir ons sê: *Ek is wat ek is*, is dit vir jou genoeg? Vir Moses was dit genoeg, en deur Moses kon God aan die Egiptenare toon dat Hy die almagtige en enigste God is. Ook in die woestyn het God wonders deur Moses gedoen. Ook was die persoonlikheidsverandering wat Moses ondergaan het, 'n wonder. Hy het nie meer by sy eie swakhede stilgestaan nie, maar hom bemoei met die nood van ander. So pleit hy vir die volk en vir Mirjam. Hy het ook nie meer vir Aäron nodig gehad om namens hom te praat nie en Moses word later deur sy nageslag vereer (Heb 11: 23 e v).

Wat sou die rede vir dit alles wees? Moses het toegelaat dat die Here deur hom spreek en hy het self ook volgens die wette en bevele van God geleef.

In vandag se lewe is daar soveel mense wat die profetiese taak op hulle neem met voorspellings oor marktendense, politieke partye en tegnolo-

giese ontwikkeling. Hierdie bespiegelinge kan ons lewens baie maklik verander, maar luister ons nog na die woord van God? Doen ons wat God van ons vra? Kom ons waag self 'n voorspelling. As jy eendag dood is, wat sal as die uitstaande kenmerk beskou word waarvoor die mensdom en jou kinders jou sal onthou?

15 Junie **Asielstede** **Deuteronomium 19: 1-13**

In die gedeelte is God besig om die volk te beskerm - nie teen afgodery, vreemde volke of gebruike nie, maar teen hulleself. As ons na die geskiedenis van die mensdom kyk, is dit duidelik dat daar min dinge so wreed en koud soos die mens self is. Hoeveel moorde en massamoorde, gedryf deur wraak, is daar al gepleeg. Hoeveel keer het ons self al daarna gevoel om moord te pleeg.

Die Israeliete sal 'n nuwe land beset. Hulle sal oorlog maak en duisende mense gaan sterf. Vestings en stede gaan afgebreek word, maar deur dit alles mag die Israeliete nie hulle menswaardigheid verloor nie en ook nie hulle respek vir mekaar nie. Omdat God die mens ken, laat hy ses asielstede uitroep. Dit was stede waarheen 'n Israeliet kon vlug as hy per ongeluk iemand doodgemaak het. As sy onskuld bewys word, moes hy daar gaan woon tot met die dood van die hoëpriester. Na die dood van die hoëpriester sou die persoon weer vry wees om 'n nuwe lewe te begin, sonder vrees vir weerwraak. Diegene wat moord gepleeg het, sou 'n regverdige verhoor ontvang en daarna ter dood veroordeel word.

Asielstede is 'n vorm van genade wat vandag nie meer bestaan nie. Tog vind ons in Levitikus 19: 17 en 18 'n opdrag van God, wat heelwat later nie net deur Jesus herbevestig is nie, maar ook uitgeleef is. In die vroeë kerk word hierdie teks in die boek Romeine onder die opskrif: *Riglyne vir die Christelike lewe* behandel. Mag hierdie verse ook in u lewe grondslag vind: *Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.*

16 Junie **Seëninge en strawwe** **Deuteronomium 28: 1-35**

As 'n mens die gedeelte begin lees, roep jy dadelik die muurprent van die smal en die breë weg op. Maar soos wat jou oog deur die versies stap, is een ding 'n voldonge feit: die breë weg is geen weg nie. En die smal weg, die lewe van gehoorsaamheid, was vir die Israeliete te nou.

Daarvan getuig Rigters, die Assiriese inname, die Babiloniese ballingskap en die boek Klaagliedere asook die Romeinse juk.

Nog hartseerder is die wyse waarop die Jode tekste soos hierdie gebruik het. Hulle het hiermee God se wil vir die mens probeer bepaal. In die boek Job is sy vriende daarvan oortuig dat hy sonde gedoen het en dat hy eers daardie sonde moes bely voordat dit weer met hom goed sou gaan. Ook die Fariseërs sou later die wet gehoorsaam om so God se seën te kry en oor ander te oordeel wat nie aan hulle standaarde voldoen nie.

In vandag se lewe is daar steeds mense wat terugslae in hulle lewe as God se straf beleef. En ja, God straf nog in vandag se lewe ook, maar die boek Job wys duidelik uit dat nie alles wat negatief is, noodwendig straf is nie. Daarom moet ons liewer aan die beginsel vashou dat ons glad nie moet oordeel nie. As ons wil oordeel, moet ons oor onsself oordeel. So sal ons agterkom dat ons nie onvoorwaardelik aan die eise van God kan voldoen nie. Is ons dan nou verlore? Nee, want God het sy volk nie daar gelos nie. Hy het die volk bygestaan en Hy doen dit vandag nog. Die hoogtepunt van sy betrokkenheid by die mens is Jesus Christus se kruisiging en opstanding. Dit is 'n finale ingrype om nie net as seën vir hierdie lewe te dien nie, maar ook vir die lewe na die dood.

17 Junie **Jesus, ons voetewasser** **Johannes 13: 1-17**

Ons wil graag altyd die belangrikste, die meeste, die hoogs geplaaste wees. As ek rugby speel, moet dit vir die eerste span wees. Ek moet die hoogste punte in my klas behaal. Ek moet 'n bestuurspos by my werk beklee. Selfs onder gelowiges in die kerk tref ons hierdie gesindheid aan. As ek nie die belangrikste kan wees nie, as my eie standpunte nie kan seëvier nie, wil ek nie betrokke wees nie. Hierdie gesindheid tref ons ook by Jesus se apostels aan.

In Johannes 13 word 'n aangrypende toneel vir ons geskets. Jesus en sy apostels gaan paasfees vier. Voor die aanvang van die maaltyd verwag ons dat die minstes, die apostels, Jesus se voete gaan was. Die teendeel gebeur egter. Jesus was die voete van sy apostels. Jesus Christus, die Seun van God, self God, doen die werk van 'n slaaf. Hy wat die hoogste, die belangrikste is, is bereid om die minste, die onbelangrikste te word. Soveel so dat Hy nie net die werk van 'n slaaf gedoen het nie, maar ook die dood van 'n slaaf gesterf het. Sy hele lewe deur was Hy bereid om die minste te wees en die mens te dien. Deur dit wat Hy gedoen het, het ons die meeste ontvang: vergewing van sondes en die ewige lewe. Ons het die voorreg ontvang om kinders van God te wees.

Uit dankbaarheid teenoor Jesus Christus moet ons ook bereid wees om ander se voete te was, om die minste te wees, om ander te dien. As die Here ons voete gewas het, is ons verplig om mekaar se voete te was. Deur hierdie diens dien ons God en maak ons Jesus Christus groot wat ter wille van ons klein geword het.

18 Junie **Jesus Christus ons Here** **Lukas 8: 22-25**

Ons is nie so groot en sterk soos ons dikwels dink nie. Die meeste van die tyd is ons nie wenners, heersers of base nie. Nee, as gevolg van die sondeval is ons dikwels eerder slawe as heersers. As die magte van die natuur losbars, soos byvoorbeeld 'n groot storm of 'n geweldige brand, staan ons magteloos. As die duiwel en die bose magte ons op verkeerde paaie wil lei, gee ons maklik toe. Baie keer luister ons eerder na hulle as na die Here. In plaas daarvan om die wil van die Here te doen, doen ons eerder die wil van die duiwel. En wat gebeur as ons voor die dood staan? Dan is daar niemand wat wen nie, selfs nie een nie.

Jesus Christus is egter nie 'n verloorder of 'n slaaf nie. Nee, Hy is die oorwinnaar oor alles en almal. Hy is die Here aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Om Here te kan wees, het egter van Hom lyding gevra. Om oor die natuur te kan heers, was dit nodig dat Hy self die storms van die see moes trotseer. Om die duiwel te oorwin, moes Hy self deur die duiwel versoek word. Om die sonde te oorwin, moes Hy die verskriklike dood aan die kruis op Golgota sterf. Om die dood te oorwin, moes Hy self eers in die donker graf ingaan.

Omdat Hy nou Here is, hoef ons nie meer bang te wees vir die magte van die natuur of die duiwel of die dood nie. Jesus het al hierdie magte oorwin en as ons in Hom glo, is ons saam met Hom oorwinnaars. Ons kan nou saam met die apostel Paulus uitroep: *Ek is verseker dat niks my meer kan skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus is nie.*

19 Junie **Jesus Christus ons gemoedsrus** **Matteus 6: 25-34**

Ons is voortdurend besig om ons te bekommer. Ons is bekommerd oor die toekoms, of ons kos het vir môre, oor ons gesondheid, ons skoolwerk, ons ouers en ons kinders. Ons lewe te midde van baie storms. Die storms van die lewe dreig dikwels om ons onder te kry. Die stryd om te midde van alles te oorleef, bring dan ook vir ons slapelose nagte mee.

Hoe is dit om sonder bekommernis te wees? In Matteus 6: 28 verwys

Jesus ons na die lelies in die veld en die voëls van die hemel as plekke waar ons dit kan leer. Die lelies groei, gaan dood en daar is by hulle geen bekommernis nie. Dieselfde sien ons by die voëls. By die see het ek eendag 'n voëltjie diep in 'n skeur gesien sit met sy koppie onder sy vlerk, vas aan die slaap, terwyl die branders woes rondom die rots geslaan het. Dit, het ek vir myself gesê, is kalmte, vreesloosheid. Kalmte is om rustig te kan wees te midde van die storms om ons. Aan die storms kan ons niks doen nie.

Jesus sê as God vir die voëls van die hemel en die gras van die veld sorg, hoeveel te meer sal Hy nie vir ons sorg nie? Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Ons is inderdaad baie meer werd. Ons beteken soveel vir God dat Hy sy eie Seun, Jesus Christus vir ons gestuur het. Hy het in ons plek in die storms van die lewe kom staan. Net soos ons het Hy honger gehad en dors geword, was Hy eensaam gewees, het Hy gehuil, is Hy deur sy eie mense verstoot, gemartel en gekruisig. Dit alles het vir Hom lyding beteken. Lyding ter wille van ons, van my en jou. Omdat Hy langs die mens in die storms van die lewe kom staan het, kan ons wat in Hom glo, met vrymoedigheid na Hom gaan. As ons aan Hom vashou, kan daar by ons ook gemoedsrus kom, soos by die voëltjie in die rots.

20 Junie **Jesus huil saam met ons** **Johannes 11: 33-44**

Om te huil, is deel van die lewe, dit is deel van ons menswees. Ons kan maar huil. Daar is baie redes waarom 'n mens huil. As ons nog klein is, huil ons as ons seerkry. Ons huil as ons iets verloor het of iets graag wil hê en dit nie kan kry nie. Ons huil as ons geliefdes, ons pa, ma, sussie, boetie, ouma of oupa dood is.

In Johannes 11: 33-44 lees ons dat Jesus ook gehuil het. Hy huil omdat sy vriend Lasarus dood is en omdat Hy jammer is vir sy vriende, Lasarus se susters, Maria en Marta.

Jesus Christus, Seun van God, die almagtige God, huil. Hy is bedroef, Hy ly omdat Hy lief was vir Lasarus, Marta en Maria, maar ook vir ons. Hy huil vir jou en my - Hy huil in ons plek.

Jesus se droefheid het vir ons besondere betekenis. Op grond van sy lyding hoef ons nooit meer alleen te voel as ons hartseer is nie. Hy verstaan ons hartseer en pyn. Ons kan daarvan seker wees dat Hy ons altyd sal troos, help en bystaan as ons ons toevlug na Hom neem. Hy wil ons nie net bystaan nie, maar kan en sal ons ook werklik bystaan en troos omdat Hy nie net 'n mens is nie, maar self God is.

21 Junie **Jesus, die vriend van geringes en sondaars** **Johannes 4: 7-26**

Ons is geneig om mense wat anders as ons is, te vermy. Ons is veral geneig om mense wat volgens ons norme groot sondaars is, soos dronkaards, egbrekers, hoereerders, diewe, moordenaars, prostitute en homoseksualiste, geheel en al te verwerp en uit ons kerke en samelewing te stoot. Ons is ook geneig om ons te onttrek van die geringes soos die boemelaars, armes, mense met 'n lae intelligensie, die gebreklikes en kronies siekes. Hulle is vir ons baie keer tweederangse mense met wie ons niks te doen wil hê nie.

By Jesus tref ons geheel en al 'n ander houding aan. Hy keer nooit die sonde van mense goed nie, maar verwerp nie die sondaar nie. Nieteenstaande die lyding en vernedering wat dit vir Hom meegebring het, ontferm Jesus Hom nogtans op 'n heel besondere wyse oor die geringes en die sondaars. Hy doen baie moeite om met vrouens en kinders, die minderwaardiges van sy tyd, te kommunikeer en gebruik selfs die kind as voorbeeld van hoe geloof behoort te wees. Hy gaan tuis en eet by tollenaars en sondaars. Hy tree by verskillende geleenthede met Samaritane, die vyande van die Jode, mense met wie kommunikasie verbode was, in gesprek en gebruik selfs 'n Samaritaan se ontferming oor 'n mens in nood as voorbeeld.

Die vrou van wie ons in Johannes 4 gelees het, het vyf mans gehad en sy het op daardie stadium buite-egtelik saamgeleef met 'n volgende man. Jesus gooi haar nie met klippe nie, Hy veroordeel en verwerp haar nie, Hy kom staan medelydend langs haar.

Jesus se optrede roep ons op tot begrip, insig, medelye en daadwerklike ontferming vir mense wat anders as ons is en doen, veral die geringes, die swakkes, die sondaars. Jesus self het gesê dat gesonde mense nie die geneesheer nodig het nie, maar die siekes.

22 Junie **Jesus, die lig van ons lewe** **Johannes 1: 1-4**

Ons verkies die lig bo die donker. Ons is gewoonlik bang vir die donkerte, want dit kan vir ons gevaar inhou. Dit is wanneer die diewe en die moordenaars hulle werk doen. As ek in die donker loop, kan ek maklik val en seerkry, of ek kan verdwaal. Al hierdie negatiewe dinge wat in die donker kan gebeur, het daartoe aanleiding gegee dat ons, veral as ons nog kinders is, aan die donkerte dink as iets lelik en gevaarlik.

Toe Jesus as mens op die aarde geleef het, was die donkerte nog erger as vandag gewees. Die mense het gewoonlik net 'n ou klein olielampie

gehad waarmee hulle hulle huise verlig het. As hulle in die nag op die paaie gegaan het, was die moontlikheid baie groot dat hulle deur rowers of wilde diere oorval kon word. In die Bybel word die duisternis ook gekoppel aan die bose magte, die dood en feitlik alles wat vir die mens gevaar inhou. Die duisternis is die dood, die einde. Dit is pyn en smart.

Teenoor die duisternis staan die lig. Die lig is die vriendelike, die aantreklike, die mooie, die lewe.

Ons lewe word gekenmerk deur lig en duisternis, vreugde en teëspoed, oorvloed en gebrek, geluk en ongeluk. Baie keer is daar meer duisternis as lig. Dit is meer nag as dag.

Die Bybel sê vir ons dat Jesus Christus die lig van die wêreld en die lig van ons lewe is. Om die lig vir ons te kan wees, moes Hy ly. Hy moes in hierdie duister wêreld inkom, self in die duisternis kom woon, self deur die duister magte van Satan aangeval word, selfs vir drie ure in die duisternis aan die kruis op Golgota hang. Maar toe Hy sy laaste asem uitgeblaas het, het daar lig gekom wat nooit weer gedoof sou word nie. Deur sy sterwe aan die kruis is die mag van die bose verbreek en is die dood oorwin. Hy is die Lig wat in die duisternis geskyn het en die duisternis het Hom nie oorweldig nie. Hy het die duisternis oorweldig.

Jesus Christus se oorwinning beteken dat ons wat in Hom glo, in die lig kan lewe. Ons hoef nooit weer bang te wees nie, Sy lig verlig elke oomblik ons lewenspad. Ons wat nou kinders van die lig geword het, moet ons lig in die wêreld laat skyn sodat die ander mense ook na die Lig, Jesus Christus, sal gaan as enigste Verlosser en Saligmaker.

23 Junie **Jesus, die brood van ons lewe** **Johannes 6: 47-57**

Kos neem 'n baie belangrike plek in ons lewe in. Hulle vertel dat daar 'n sekere papagaai is wat se kleur van groen na geel verander afhangende van watter soort vis hy eet. Dit is belangrik om reg te eet, want die voedsel wat ons inneem, bepaal ons gesondheid. Dit is ook op geestelike vlak waar.

Brood was in die tyd van Jesus se lewe op aarde die mees algemene kos. Brood en lewe was sinoniem met mekaar. Brood het lewe beteken.

In Johannes 6: 26 lees ons dat baie mense Jesus gevolg het omdat hulle die wonders wat Hy gedoen het, gesien het. Hulle het Hom gevolg omdat hulle gedink het Hy sal en kan vir hulle brood gee. Jesus sê egter vir hulle dat Hy wel vir hulle brood wil en kan gee, maar meer nog, dat Hyself die brood van die lewe is. Hy is die brood wat vir die mensegeslag gebreek is, gely het, betaal het. As 'n mens ander brood eet, sal jy weer honger kry, maar as jy Hom eet, sal jy nooit weer honger word nie.

Hiermee sê Jesus vir sy dissipels en vir ons: Hy voorsien nie net in ons materiële behoeftes nie, maar ook in ons geestelike behoeftes. Hy gee vir ons baie meer as net brood vir die oomblik. Hy gee vir ons brood van ewigheidswaarde. Hy gee vir ons vergifnis van sonde en die ewige lewe. Hy maak van sondaars soos ons kinders van God.

As Jesus die brood van jou lewe is, is jou sonde vergewe, het jy deel aan die ewige lewe en is jou hele lewe 'n lewe in diens van God en jou medemens. Is Jesus die brood van jou lewe?

24 Junie **God is ons Verbondsgod** **Josua 1: 1-9**

Josua is die opvolger van Moses. Die Israeliete staan op die punt om die land Kanaän binne te gaan. Moses het egter nie die voorreg gehad om die volk die beloofde land in te lei nie, maar die geskiedenis moet voortgaan. God sorg daarvoor. Hy wys Josua, die seun van Nun, aan as Moses se opvolger. Hy was vroeër Moses se assistent. God maak sy beloftes aan Josua bekend en sê vir hom: *Soos Ek by Moses was, sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie....* Daar is egter 'n belangrike voorwaarde: *Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie.*

Hierdie woorde is die taal van die verbond wat God met die mens gesluit het: Ek is by jou. Ek sal jou God wees. Die mens moet God se gehoorsame kind wees, dan sal hy slaag in die dinge waarmee hy besig is. Ons vergeet in vandag se tyd so maklik van die verbond wat God reeds van Abraham se tyd af met die mens gesluit het. Dwarsdeur die geskiedenis heen bly God die Verbondsgod wat met die mens op pad is na sy einddoel toe. Hierdie verbond waarin God vir ons sê: *Ek is by jou, Ek sal jou God wees, maar jy moet my gehoorsame kind wees*, het in Jesus Christus volle vervulling vir ons gekry. So het God aan ons kom wys hoe Hy by ons is. Hy het ons lief en wil ons red sodat ons vir ewig by Hom kan wees. So is Hy ons Verbondsgod! Maar juis daarom vra Hy gehoorsaamheid van ons deur ons geloof in Jesus Christus, uit dankbaarheid.

Ons is die volk op pad na die *beloofde land* toe, die ewige lewe. Ons loop in die geloof op die weg wat Christus vir ons gebaan het. God sal met ons wees, maar ons moet met Hom wees. Ons moet gehoorsaam wees aan sy wet; ons moenie daarvan afwyk nie. Doen dit omdat jy die God van die verbond vandag nog steeds ken en Hom wil dank vir jou verlossing!

25 Junie **Begenadigde sondaar in diens van God** **Josua 2: 1-24**

Dit kan gebeur dat iemand van wie jy dit die minste verwag, jou so verras of teleurstel dat jy dit nie kan glo nie. Die rede hiervoor is omdat ons vooraf uitgewerkte maatstawwe het waarvolgens ons ander mense beoordeel. Volgens hierdie vooraf uitgewerkte maatstawwe veroordeel ons baie mense al by voorbaat en gee ons hulle nie eers 'n kans om hulleself te bewys nie.

Tog kan iemand jou baie keer verras met sy of haar optrede. So kan iemand met 'n slegte reputasie 'n mens verras. Veral in hulle verhouding met God kan ons nie ander mense volgens menslike maatstawwe veroordeel nie, want God gebruik baie keer mense in sy diens wat ons nooit eers sou oorweeg het nie. God werk volgens 'n ander agenda as ons. Hy wil mense red, terwyl ons baie keer net tot voordeel van onsself ander mense afskryf. Daarom kom ons telkens tot die besef dat dit net God se genade is as ons vir Hom mag werk en in sy diens mag staan. Ons is net 'n klein skakel in sy groot plan.

Dit sien ons raak in die verhaal van die verkenners wat vooruit gestuur is om te gaan kyk hoe die land lyk wat die Here aan sy volk sou gee. God gebruik 'n prostituut as skakel in sy plan met die volk Israel om sy plan ten uitvoer te bring. Ragab, die prostituut, word deur God as instrument in sy hand gebruik. Deur haar optrede kan die verkenners veilig terugkeer na Josua en die volk, en is die voorbereidings getref vir die intog in die beloofde land Kanaän. Later word hierdie vrou juis as 'n voorbeeld van geloof voorgehou en selfs in die geslagsregister van Jesus Christus vermeld.

Jesus Christus, die Verlosser van ons mense, is uit hierdie sondaargeslag gebore vir sondaars. God gebruik dikwels die geringes en die onaansienlikes om sy groot krag en mag te openbaar. God kom staan in ons sondaarmense se skoene. Daarom is daar vir elkeen van ons plek in sy diens, afgesien van wie of wat ek is. Belangrik egter is dat ek in die Here sal glo en op Hom sal vertrou. Waar dit gebeur, kan 'n sondaarmens 'n instrument wees in die hand van die Here, selfs al dink ander mense nie so nie.

26 Junie **Hoekom mense opsien na jou?** **Josua 3 : 1-17**

Oor die algemeen is die mense wat belangrike en hoë posisies beklee juis diegene vir wie ons respek en agting het. Sulke mense se posisies in die samelewing word deur hulle stand bepaal. Dit gaan eintlik oor

hoe hoog jy deur mense geag word. Maar hoeveel mense in sulke belangrike posisies het ons nie uiteindelik teleurgestel nie. Natuurlik is ons almal sondige mense, maar die teleurstelling is soveel groter as iemand na wie jy opgesien het jou teleurstel, maak nie saak op watter wyse nie.

Daar was en is baie sulke mens in die samelewing. Selfs in die kerk en nog nader, in ons gemeentes, is jy moontlik al teleurgestel deur 'n bepaalde verkeerde optrede. Die Bybel sê ook dat ons nie op prinse moet vertrou nie en op mense jou hoop nie bou nie. Tog praat die Bybel ook van aansien, dat jy 'n belangrike posisie in die gemeenskap kan beklee. Die Here het vir Josua gesê: *Ek begin vandag om vir jou hoë aansien in die oë van die hele Israel te gee, sodat hulle kan weet dat Ek by jou is soos Ek by Moses was.* Die aansien wat Josua ontvang, is dat die Here in sy lewe teenwoordig is.

Die aansien wat ons almal, jonk en oud, kan geniet, is nie geleë in die hoë posisies wat ons in die samelewing beklee nie, maar of die Here in ons lewe teenwoordig is. Daar waar mense die opdragte van God uitleef en gehoorsaam is aan die wil van God, dwing jy respek af. Dan maak dit nie saak in watter posisie jy staan nie, jy sal onder alle omstandighede aansien hê omdat jy met integriteit as God se kind wil en kan optree. God verhoog die nederiges, hulle wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is.

Josua het geglo en gedoen. Hy het naby die Here gelewe, daarom het hy hoë aansien in die oë van die hele volk geniet. Hoekom sal mense na jou kan opsien?

27 Junie **Die klippe roep dit uit!** **Josua 4 : 1-24**

Wanneer ons hierdie gedeelte lees waar die volk deur die Jordaanrivier trek op pad na die beloofde land, kom 'n mens agter dat hierdie gedeelte teruggryp na daardie oomblik toe die volk deur Moses uit Egipte gelei is. By daardie geleentheid is die volk deur die Rietsee of die Rooi See verhinder om verder te kon gaan, maar God het op wonderbaarlike wyse die volk droogvoets deur die Rietsee laat gaan toe Hy die water opgedam het.

Hier het ons 'n soortgelyke verhaal. Die volk is op pad om deur die Jordaanrivier te trek met die ark van die Here by hulle, maar hulle word afgesny deur die water van die rivier wat op daardie oomblik in vloed afgekom het weens die sneeu wat gesmelt het op die Hermongebergte.

Hier gebeur weer 'n wonderwerk deur God. Soos God hulle voorvaders droogvoets deur die Rietsee laat gaan het, kan die volk hier onder Jo-

sua se aanvoering droogvoets deur die Jordaanrivier trek op pad na die beloofde land toe. Maar sulke wonderlike gebeurtenisse moet met 'n teken onthou word en Josua kry die opdrag van die Here om twaalf klippe, een vir elke stam, by die plek op te rig waar hulle daardie nag sou oornag. Dit moes 'n teken vir die nageslag wees, vir hulle kinders en al hulle geslagte om hulle te vertel watter groot dade God in die lewe van sy volk gedoen het. Die klippe sou getuig oor die groot dade van God.

God het vir ons vandag ook tekens gegee waardeur ons kan onthou watter groot dade Hy aan ons bewys het deur die dood vir ons te oorwin in Jesus Christus, sodat ons eendag in die ewige Vaderhuis kan tuiskom. Hierdie tekens, wat ons ook sakramente noem, is sigbare waarborge dat Christus vir ons gesterf het. Die tekens getuig soos die klippe van ouds, oor God se groot verlossingsdade. Ons noem hierdie sigbare tekens vandag die doop en die nagmaal. Die vraag is net: Vertel ons as gelowige ouers en grootmense nog aan ons kinders wat hierdie tekens wil sê? En is ons jongmense daar waar hierdie sakramente bedien word sodat hulle kan vra: *Wat beteken dit?* Of het ons traag geword om dit aan ons kinders te verduidelik dat dit heenwys na God wie ons verlos het deur Jesus Christus wat aan die kruis vir ons gesterf het? Ons het die taak om dit aan almal, ons kinders inkluis, te vertel. Want as mense oor die groot dade van God in die geskiedenis sou swyg en ons nie meer ons plig nakom nie, sal die klippe dit weer moet uitroep (Luk 19: 40)!

28 Junie **Gilgal en Golgota** **Josua 5: 2-12**

Die heuwel Gilgal neem 'n baie belangrike plek in die geskiedenis van Israel in. Gilgal beteken letterlik: *Ek het bevry*, en 'n mens sou in godsdienstige sin kon sê: Die Here het bevry. Daar by Gilgal moes die hele volk weer besny word. In die gedeelte word vertel dat die volk al 'n geruime tyd onderweg was na die beloofde land toe. Baie van die mense wat intussen onderweg gedurende die woestynreis gebore is, het nog nie die teken van die besnydenis ontvang nie - hulle het nie die teken van God se verbond gedra nie. Daarom die oproep dat almal, kinders en volwassenes, daar by die heuwel van *Ek het bevry* (Gilgal), besny moes word. Hulle moes weer die teken van God se verbond ontvang. Alhoewel hierdie teken net aan die manlike deel van die volk bedien is, was die vrouens deel van die verbond.

Baie jare later het Jesus Christus op die heuwel Golgota sy bloed laat vloei vir ons sondes. Op daardie heuwel buite Jerusalem het God ons van ons sondes kom bevry. Hy het ons verlos van die sondeskuld en die mag van die dood, deur sy bloed vir ons te laat vloei. Hy het ons son-

des op Hom geneem sodat ons gered kan word. Ons staan nie meer by Gilgal nie, maar ons het by Golgota uitgekom. Die bloed van Christus reinig ons van ons sonde.

Vandag is die doop die teken dat die kerk aan God mag behoort. Die bloed het klaar gevloei. Daarom doop ons met water; dit is 'n teken wat sê dat jy gewas is. Jy is gewas in die bloed van Christus! Die teken sê: Christus het klaar vir ons sondes betaal. God het ons uit genade bevry. Ons bloed is nie meer nodig nie. Dit mag ons glo en daaruit lewe.

29 Junie **Die getal sewe** **Josua 6: 1-11**

Die getal sewe het 'n baie belangrike betekenis in die Bybel. Veral in Openbaring tref ons die getal sewe baie aan. Daar sien ons dat dit heenwys na die volkome dade van God. Maar ook op ander plekke in die Bybel speel die getal sewe 'n belangrike rol. Dink maar aan die sewe skeppingsdae in Genesis. Dit is weer eens die volkome dade van God wat hemel en aarde geskape het.

Ook in hierdie gedeelte wat handel oor die wyse waarop die Israeliete die stad Jerigo kon inneem, spring die getal sewe onmiddellik na vore en 'n mens besef dat dit hier ook 'n besondere betekenis het. Dit wys na die Goddelike ingrype in die lewe van God se volk en sy kinders. Dit is God wat Jerigo aan sy volk sal oorgee. Dit is sewe priesters wat met die ramshoring die volk vir sewe dae om die stad moet lei en op die sewende dag moes hulle sewe maal om die stad gaan. Toe het die mure ingetuimel en was die stad gereed om ingeneem te word deur die volk Israel.

Daarom wil hierdie gedeelte vir ons sê dat dit God self is wat Jerigo in die hande van die Israeliete oorgegee het. God was die aanvoerder van sy volk gewees. Hy het die oorwinning gegee! God se dade is volkome! Daarom kan die gelowiges in hierdie gedeelte juig oor die redding wat God uit genade geskenk het. Hierdie gedeelte is nie 'n oorlogsverhaal nie, maar 'n viering van die redding wat God gebied het.

Solank God die aanvoerder in ons lewens is en ons die volkome dade van God in ons lewens erken en raaksien, het ons 'n toekoms. So word daar vir ons ruimte geskep om sinvol te kan lewe. Miskien moet ons die getal sewe ook meer in ons lewens laat spreek deurdat ons God se dade groot maak en nie op onsself roem nie. Daarvan getuig Paulus op verskeie plekke in sy briewe in die Nuwe Testament. As ons roem, laat ons in die Here roem. Laat Hy groter word en ek as mens kleiner. Want dit wat Hy doen, is goed. Selfs sy Woord is magtiger as die swaard.

30 Junie **Aan die Here kom die lof toe!** **Josua 6 : 12-27**

Wanneer daar 'n wonderwerk in ons lewens plaasvind, is die eerste opmerking wat 'n mens daaroor wil maak, dat dit van God af kom. Dit is net God wat die menslik onmoontlike 'n werklikheid kan laat word. En alhoewel 'n mens nie die wonderwerk kan verstaan nie, want dit kom van God af, kan 'n mens wel daaroor juig en bly wees. Dit is presies wat ons hier in Josua 6 vind in die beskrywing van die verowering van Jerigo wat getuig van die groot werk van God. Gelowiges kom hierdie groot werk van God in die erediens besing.

Jerigo was gesluit en verskans teen die Israeliete. Vir die Israeliete, wat maar 'n skaapwagtersvolk was, moes die mure ondeurdringbaar gelyk het. Tog was dit nie vir God ondeurdringbaar nie, want deur sy bemiddeling het die mure geval sodat die stad ingeneem kon word. Daarom word in hierdie gedeelte nie 'n militêre operasie beskryf nie, maar 'n godsdienstige ritueel. Dit is nie soldate wat die stad verower nie, maar gelowiges onder aanvoering van priesters wat in diens van God is. Die Here het aan Josua die opdrag gegee dat al die manne om die stad moet gaan, en hulle moet dit ses dae lank doen. Sewe priesters moet elkeen 'n ramshoring voor die ark uit dra. Die sewende dag moet hulle sewe maal om die stad loop en dan moet hulle op 'n gegewe moment skreeu. Dit is duidelik dat dit hier gaan om die feit dat God die oorwinning aan hulle gee.

In ons lewe is daar ook dinge wat ons, menslik gesien, nie kan kleinkry nie. Een van die dinge is die oorwinning oor die dood. Dat dit plaasvind, is 'n wonderwerk. Dit kom van God. Die dood lyk ondeurdringbaar. Tog word die menslik onmoontlike 'n werklikheid in Christus. God gee die oorwinning oor die dood. Daarom, alhoewel ons dit nie kan verstaan nie, kan ons wel daaroor bly wees en daaroor juig. Dit is waaroor 'n erediens gaan; 'n godsdienstige handeling waarin ons aan God die eer wil bring, deur te luister na sy Woord en te bid en te sing! Ons wil elke keer weer jubel oor die oorwinning wat God ons skenk!

1 Julie **Die mens voor God** **Markus 12: 13-17**
Gee aan God wat aan God behoort!

Die betaal van belasting was vir die Jode 'n groot probleem. Hulle het die stelsel as 't ware gehaat omdat dit vir hulle 'n simbool van onderdrukking was. Die belasting-inkomste is gebruik vir die instandhouding van die Romeinse heidense tempels en die maak van afbeelde waardeur die keiser en goewerneur se magsgebied beklemtoon sou

word. Dit was vir die Jode in vele opsigte ongehoord om hierdie stelsel te eerbiedig!

Die vraag aan Jesus: *Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal of is dit nie?*, is aan Hom gestel om Hom in die openbaar tot skande te bring. Die antwoord op hierdie vraag was in beginsel irrelevant. 'n *Ja* sou beteken het dat Jesus 'n ondersteuner van die Romeinse owerheid is en dit sou Jesus in sterk onguns by die Fariseërs gebring het! Aan die ander kant sou 'n *nee* beteken het dat Jesus 'n rebel is en dat Hy in stryd met die Romeine is en Hy sou deur die Herodiane doodgemaak word!

Jesus se antwoord op die vraag oor die betaal van belasting was in alle opsigte uitmuntend gewees. Hy het 'n muntstuk ('n denarius) gevra. Op die munt was die kop en naam van die Romeinse keiser gedruk (Tiberius).

Wie se kop en naam is hierop?, was Jesus se vraag aan hulle. Op hierdie muntstuk, 'n wêreldse geldeenheid, is die kop ('n beeld) van die keiser aangebring, en sy antwoord aan hulle was: *Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort....* Maar Hy sê ook: *Gee ... aan God wat aan God behoort.*

Wat God van elke mens eis, is dieselfde as wat die keiser van sy onderdane eis. Ons geld/belasting kom die keiser toe. Maar ons as mense dra elkeen op 'n unieke wyse die stempel en beeld van God. Genesis 1 stel dit onomwonde dat God die mens na sy beeld gemaak het. Ons is beelddraers van God. Aan die keiser moet ons gee wat die keiser toekom en aan God moet ons betaal wat Hom toekom.

Om jou lewe aan God te gee, aan God te wy, beteken dat jy in alle opsigte elke dag sal leef en dink soos God wil. Die grootste gevaar in hierdie lewe (individueel/kollektief) is dat jy aan die keiser dié dinge gee wat eintlik aan God behoort!

2 Julie **Die mens voor God** **Prediker 11: 7-10**
Jesus Christus - Ons Lig in
'n donker wêreld

Chiaroscurio is 'n Italiaanse skilder-begrip wat *donker lig* beteken. Skilders maak van 'n baie eenvoudige konsep in die skilderkuns gebruik. Hierdie tegniek word selfs in baie beroemde werke aangetref. Daar word pertinent gebruik gemaak van kontras (teenstelling). Om 'n goeie skilder te kan wees, hou verband met die skilder se vermoë om *lig* en *donker* te kontrasteer. Met *lig* alleen maak geen werk sin nie, en net so is *donker* alleen in die werk nutteloos.

Vir die Prediker is en werk die lewe sò! Die lewe is soms lig met donker skakerings en/of soms donker met ligte skakerings. Miskien kan ons verstaan hoekom hy die lewe sò negatief/pessimisties beleef het - hy

het om en by 'n tyd van ballingskap geleef. Sedert die periodes van ballingskap het God vir die volk al meer die verwyderde en onpersoonlike God geword. Die Prediker sê byvoorbeeld in hoofstuk 3: 11 dat God die *verwyderde Een* is. In Prediker 5: 2 beskryf hy 'n God met wie hy nie eens kon praat nie en in Prediker 9: 2-3 beskryf hy God se werk as 'n *lot*. Alhoewel hy nie geglo het dat God sy rug op die wêreld gedraai het nie, was God steeds vir hom ver en 'n ontoeganklike mag.

Die sonde het tussen God en die mens/wêreld 'n *leegte*/vakuum teweeggebring. Die mens poog al vir eeue lank om hierdie vakuum te vul. Ons probeer om met allerlei lewensbeginsels en filosofieë van hierdie lewe 'n sukses te maak. Ons spartel en spook om van hierdie *leegheid* af weg te kom. Hierdie leegheid het by die Prediker baie vrae laat ontstaan wat hy as negatief beleef het.

Die leegheid/vakuum moet verwyder word. Christus is inderdaad die Persoon waardeur ons diè vakuum kan oorbrug. In Christus word ons negatiwiteit ten opsigte van die wêreld en alles wat ons hier beleef, 'n wonderlike belewenis en onbeskryflike stuk vreugde. Die Prediker het die Christus nie geken nie, maar ons ken Hom, Hy leef in ons en selfs in die skynbaar donkerste uur van ons lewe bly Jesus die lig in ons lewe. Ten spyte van alle donker moet ons gefokus bly op diè Lig, ons sin en alles in hierdie lewe!

3 Julie **Die mens voor God** **2 Korintiërs 3: 1-18**
Jy moet 'n weerspieëling van God se verlossing wees

Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is (2 Kor 3:18).

Paulus soek geen bekendstellingsbriewe van die lidmate in Korinte nie. Hulleself moet as bekendstellingsbriewe dien. Hulle lewens moet innerlik sowel as uiterlik getuig van die verlossing en genade wat daar in Jesus Christus is.

Elke Christen het die verantwoordelikheid om in sy eie lewe te getuig van die wonder van verlossing. Elke Christen se lewe moet as 't ware 'n *vertaling* of 'n weerspieëling van die evangelie van verlossing wees. Vir die gelowige kind van God impliseer dit nie bloot 'n oppervlakkige weerkaatsing van die beeld van God nie. Die Gees van God verander/transformeer ons ganse lewe om aan God gehoorsaam te wees. Ons lewenswyse sal in totaliteit moet getuig van die feit dat ons aan God behoort.

Ons sal konkreet moet besig raak in die uitlewing van hierdie beeld. Ons sal in die wêreld en in die omgewing waarin ons werk en leef 'n impak moet maak op mense en ons omgewing. Deur die heerlikheid van God uit te straal, word ons al meer gelyk aan die beeld van Jesus Christus.

Dit alles is genade! Dit is alleen moontlik dat ons deur die werking van God se Gees in ons, draers van hierdie beeld mag wees. Wat 'n voorreg is dit nie vir die kinders van God nie?

4 Julie **Die mens voor God** **1 Petrus 1:13-21**

As kind van God, vra God dat ek soos Hy sal wees

As Christene is ons kinders van die almagtige en lewende God, Jesus Christus. Elke oomblik van ons bestaan behoort ons lewensinhoud deur ons Christenskap bepaal te word.

As kind van God vra God dat ek soos Hy sal wees; dat ek vanuit sy Woord sal verstaan en begryp wie Hy is en waartoe Hy in staat is; dat Hy magtig is. Daar behoort 'n direkte verband te bestaan tussen dit wat ek doen (die dinge waarmee ek elke dag aktief besig is) en dit wat God in sy Woord oor Homself sê. Soos God is en soos Jesus geleef het, sò moet Christene ook doen.

As Petrus in vers 17 melding maak van ons vreemdelingskap, bedoel hy daarmee dat ons vanweë ons óptrede en ons gedrag as *anders* deur die wêreld gesien word. Die wêreld herken ons as vreemdelinge. In 'n wêreld waarin die dade en werke van God nie erken word nie, sal hulle wat soos God leef, natuurlik nie by wêreldordes inpas nie.

Namate ons al hoe meer aan God en sy Woord gehoorsaam word, sal ons gedrag hierdie *andersheid* vertoon. Ons moet in leer en lewe aan God gewy leef. Ons gewydheid/heiligheid hou ook pertinent verband met ons ontmoeting met Jesus Christus. Ons is as God se kinders losgekoop van hierdie wêreld deur die bloed van Jesus Christus en ons is erfgename van sy ewige koninkryk.

Heilig wees, beteken dus allereers dat ons anders as die wêreld sal leef; dat ons al hoe meer aan Christus gelyk sal word. Juis dit is die struikelblok vir so baie Christene! So baie Christene is nie anders as die wêreld nie, maar anders as God! Vanweë hierdie andersheid het Ghandi in sy veldtog om politieke vryheid gesê: *I love your God, but I hate your Christians.*

Miljoene Christene se lewens hou nie verband met die God wat ons aanbid nie! Leef jy soos God wil?

5 Julie **Die mens voor God** **Openbaring 3:1-6**
Ons kerklidmaatskap verseker geen heil nie!

Johannes het opdrag gekry om aan die leraar van die gemeente in Sardis te skryf: *Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.*

Sardis is 80 km noordoos van Efese in Klein-Asië (moderne Turkye) geleë. Kenmerkend van hierdie stad was sy oninneembare ligging. Hy was geheel en al onbereikbaar! Verder was die stad bekend vir sy rykdom en handel in wol en kleurstowwe.

Ten spyte van die stad se gewildheid, liberale gees en uitstekende ligging (wat veral in die antieke tyd van militêre belang was), was dit in 'n groot mate vervalle. Die stad was twee keer (soos 'n dief in die nag) deur die vyand oorval. En dit het gebeur omdat sy inwoners nie waaksaam was nie! Hulle sterkste bate, om sekerheid te kan beleef, het veroorsaak dat hulle verwaand en sorgeloos geword het.

Hierdie probleem was ook duidelik sigbaar in die gemeente. Die lidmate het vanweë hulle lidmaatskap en die wete dat hulle *aan die kerk* behoort, 'n gevoel van sekerheid ontwikkel. Lidmaatskap aan ons gemeente verseker niks nie! 'n Naam in ons gemeenteregister verseker geen ewige saligheid nie. Die mate waartoe jy by gemeentelike aktiwiteite betrokke is, dra nie *per se* by tot jou verlossing nie.

Ons moet daarteen waak om 'n gevoel van sekerheid te ontwikkel vanweë ons kerklike prestasies. In ons geloof en hoop op die ewige God moet ons lewenshouding een van opwinding en paraatheid wees. Dit is 'n lewenshouding wat getuig van geestelike waaksaamheid en nugterheid.

6 Julie **Die mens voor God** **Deuteronomium 11: 16-25**
Ware identiteit =
om soos God te wees!

In Deuteronomium 11:19 lees ons: *Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.*

Ons hoor baie keer 'n ouer sê: *My kind se lewe het op iets anders uitgeloop as wat ons gehoop het en waaroor ons gedroom het.* Kinders/jongmense is deesdae anders! Hulle is anders as pa en ma en anders as oupa en ouma. Hulle doen dinge anders en benader die lewe anders. Soms wil dit voorkom asof daar geen verband tussen die kinders en hulle voorgeslagte is nie!

Vanweë hierdie *andersheid* word kinders dikwels geskel en verwerp as

mislukkings en teleurstellings! Die voortdurende negatiewe terugvoer kan baie maklik by ons kinders 'n identiteiskrisis veroorsaak.

Die jongmens van die 21ste eeu is iemand wat soekend en vraend is. Hulle ondersoek dinge wat vroeër *taboe* (heilig of verbode) was. Hulle raak betrokke by en in dinge wat *algemeen* is/voorkom: Seksualiteit (homo- en heterosekualiteit); dwelms (skuldig en onskuldig); *Rave* en-sovoorts. Is ons kinders nie ten diepste besig met 'n soeke na hulle ware self en 'n eie identiteit nie? Is daar nie binne ons eredienste en ouerhuise 'n gebrek aan identiteitgewing nie?

Die vraag is natuurlik wat is identiteit (Latyn: *identitas* - dieselfde)? Binne die Christelike gemeente hou identiteit direk verband met ons Drie-enige God. Daar moet 'n direkte verband bestaan tussen die lewe van die kind en God, en tussen die leefwêreld van die kind en God.

... Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat....

* Leer hulle dat God die maker en onderhouer van alle dinge is (die blomme, die rëen, die son, vriende, ensovoorts).
* Leer die kind dat God deel moet wees van sy verwysingsraamwerk.
* Leer die kind dat God allereers die liefdevolle en verlossende God is.

Ons moet ons kinders grootmaak om elke dag, in watter omstandigheden ook al, saam met God te leef. Jy kan net saam met God leef as jy God ken. Eers wanneer jy God ken, kan jy leef soos Hy wil.

7 Julie **Die mens voor God** **Jeremia 2: 10-19**
Sonder God is geen lewe moontlik nie

Het daar al ooit so iets gebeur, dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie (Jer 2: 10-11).

Die tydperk waarin Jeremia as profeet opgetree het, was oorheers deur die politiek van twee groot wêreldmagte, naamlik Egipte en Babilonië. Hierdie twee moondhede het baie druk vanuit verskeie rigtings op die volk van God geplaas. Polities, ekonomies en godsdienstig was die volk in 'n groot mate onderdruk. Hierdie onderdrukking het nie plaasgevind van-weë God se ontrouheid en sorgeloosheid teenoor sy uitverkore volk nie. Dit was die loon op hulle sonde: Hulle het hulleself skuldig gemaak aan verbondsverbreking, ontrouheid aan God en die verering van afgode.

Daar het by hulle die illusie ontstaan dat dit beter is om afgode te dien as die lewende Verbondsgod - Jahwe. Hulle het van God en sy genade, sy liefde en sy lewe met hulle vergeet! Hoe kan dit moontlik wees dat 'n kind van God van sy God vergeet! Hoe kan dit moontlik wees dat ons onsself doelbewus van hierdie lewensbron afsny!

Wie God verruil, moet egter oortuig daarvan wees dat dit 'n goeie ruil is! Jeremia 2: 5 bevestig dat hulle wat nikswerd afgode dien - self ook *niks* word! Is dit nie verskriklik nie?

Hy wat van God vergeet/verruil - vergeet van:

- sy genade,
- sy sorg,
- sy verbond,
- sy liefde,
- sy redding,
- sy eie afkoms,
- die sin van sy eie bestaan,
- sy eie toekoms,
- sy identiteit en
- van homself.

'n Lewe sonder God is vir die gemiddelde lidmaat nie denkbaar moontlik nie! Tog leef ons asof Hy nie 'n faktor is nie. Tog beplan en bestuur ons ons lewe asof Hy nie 'n realiteit is nie. Hy wat God verruil, verloor sy lewe!

8 Julie **Die mens voor God ... kroon van die skepping** **Genesis 1: 24-26**

Die Bybel gee nie vir ons 'n klinkklare beskrywing van hoe God die wêreld geskape het nie. Die Bybel is nie 'n aardrykskundeboek nie. Die natuurwetenskap kan ons meer leer oor die ontstaan van die heelal en hoe die dinge op die aarde tot stand gekom het.

Die Bybel is teologie - dit is 'n boek oor God en die mens. God word beskryf as die almagtige Skepper van alle dinge, ook van die mens. Trouens, van alle geskape dinge is dit net die mens met wie God in 'n verhouding tree. Die volgende paar dagstukkies handel oor hierdie besondere verhouding tussen God en die mens.

Van alles wat geskape is, is die mens die enigste redelike wese. Net die mens het die vermoë ontvang om tussen reg en verkeerd te onderskei, om te kan kies tussen goed en kwaad, tussen mooi en lelik, om sy keuse en besluite tot dade om te sit en om ook in 'n verhouding met God te lewe.

'n Mens kan daarom seker tereg beweer dat die mens die kroon van die skepping is. Maar dit is nie 'n passiewe kwaliteit wat die mens bloot bô die ander skepsele verhef nie. Inteendeel, die mens het met sy ongehoorsaamheid skuld en sonde oor homself gebring waaroor ons maar net ons koppe in skaamte moet laat hang.

Gelukkig is die almagtige God ook 'n liefdevolle Vader wat herskep het. Dit het Hy gedoen deur die tweede Mens, Jesus Christus. Deur geloof in Hom vind ons genade en vergewing en kan ons weer ons koppe optel om in die regte verhouding met God te lewe.

9 Julie **Die mens voor God ... Heerser oor die skepping** **Genesis 2: 19-20(a)**

In die vorige dagboekstukkie is opgemerk dat die mens die kroon van die skepping is. Maar die mens is ook koning in die skepping om as God se verteenwoordiger oor die skepping te heers.

Die besondere verhouding waartoe God die mens geroep het, is nie 'n rustende, eervolle posisie nie. Daar is werk aan verbonde. Die mens moet hierdie taak wat God hom oplê, verrig met die gesag wat God aan hom verleen. Die gesagsposisie wat die mens oor ander lewende wesens het, kom na vore wanneer die mens name aan die verskillende diere gee. Wie 'n naam toeken, het gesag oor die een wat benoem word. Die mens in verhouding met God, het 'n koninklike taak om in die Naam van God oor alles te heers en te regeer. Hy moet toesien dat die wil van God geskied. Alles en almal moet aan God gehoorsaam wees.

Helaas, die eerste mens het self gefaal. Die sondeval het die skeppingsorde omgedraai; die mens laat toe dat die dier aan hom voorskryf. Die koning van die skepping word die slaaf van die skepping. Die mens betaal met sy lewe in die ewige dood.

Tog, die Skepper God het sondaars lief. Deur die tweede Mens, Jesus Christus, het God alles herstel. Onder Jesus se genade en liefde mag en moet ons steeds beelddraers wees en as konings in die skepping heers.

Wie volg jy na: die eerste mens of die tweede Mens?

10 Julie **Die mens voor God ... pagter van God** **Genesis 2: 8-15**

Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here... (Ps 24: 1). Alles behoort aan Hom vir solank dit Hom mag behaag. Net God self is ewig.

Die mens is nie 'n besitter van iets in die skepping nie. Ons kaart en transport is maar tydelik. Daarvan geld die woorde: en wie s'n sal dit wees? Daar is niks waarop ons beslag kan lê nie en daar is niks wat ons kan opeis nie. Hy wat skep, besit dit wat geskape is, alles.

Die Here laat egter toe dat ons eiendom mag hê, ook geld, goud en goedere om as ons lewensmiddele te dien. Dit word ons gegun, ons huur dit van die Here. Ons is die huurders (pagters) wat die wêreld en wat dit bied, mag gebruik en geniet. Dit wat ons oes en ons verdienste word met onselfsugtige mededeelsaamheid tot mekaar se voordeel aangewend - veral vir die wat minder bevoorreg is.

Maar deur die sonde het God die mens se arbeidsvreugde tot moeite-

...net deur harde werk sal jy kan eet... (Gen 3: 17, 19).
Danksy Jesus Christus wat die sonde oorwin het, geskied ons moeite en arbeid met dankbare toewyding. In Christus is ons meer as pagters, ons is nou erfgename van die ewige ryk van God.

11 Julie **Die mens voor God ... tot diens van God** **Prediker 12: 13-14**

Wat staan die mens in die skepping te doen? Waarmee moet ons ons besighou? Waartoe is ons geroep in ons verhouding met God?
Om te hoor dat die mens die kroon van die skepping is, wat as God se verteenwoordiger en op sy gesag ook heerser oor die skepping is, kan maklik aanleiding gee tot menslike hoogmoed, meerderwaardigheid en selfverheffing.
Maar die feit dat ons bloot pagters van God is wat ons plek, besit en goedere slegs huur, sal die neiging tot hoogmoed beslis temper. Wie sy eiendom nie kan noem nie, het nie veel om oor te roem nie. Die mens word tot nederigheid gedwing by die wete dat jy niks jou eie kan noem nie. Dit sou magsmisbruik wees en die doel mis om die skepping aan die mens te verslaaf. Om grootdoenerig te wees en vir jouself naam te maak, was juis die sonde en die mislukking van die Babelprojek. Die teendeel is ook waar: die mens is ook nie die slaaf en werkesel van die skepping nie.
In sy verhouding tot God moet die mens sy plek en taak in die skepping reg verstaan. Ons is hier tot diens van God met alles wat ons is, het en nastreef. Die sin van die mens se bestaan is nie in homself of by die skepping te vind nie, maar in sy diensbaarheid teenoor die Skepper. Jesus Christus is juis die Dienskneg van die Here wat met sy gehoorsaamheid tot aan die kruis ons weer op die regte spoor geplaas het om die skepping voor te gaan om tot eer van God te bestaan.

12 Julie **Die mens voor God -- verantwoordelik oor die skepping** **Genesis 1: 26-31**

As ons van die skepping praat, bedoel ons die totale ruimte waarbinne en waarop ons lewe. Dit is nie net die bodem waarop ons woon, loop en ry wat ons lewensgang beïnvloed nie. Ons bestaan is ook afhanklik van die kosmos waarbinne ons aardbol en sonnestelsel beweeg.
Hoe die mens sy gesag en vermoëns as God se verteenwoordiger uitoefen, het 'n bepalende invloed op die skepping en tegelyk op die mens se

bestaan. Die skepping staan eintlik magteloos teenoor die mens al beskik die mens maar oor min fisiese krag.

Deur middel van sy breinkrag en vindingrykheid het die mens al daarin geslaag om berge te vernietig, deur reuse opdamming water te beheer en selfs die magnetiese krag van die aarde te oorkom. Vandag verken ons satelliete die verste buitenste ruimtes en strek ons invloed baie verder as net die blou koepel wat ons sigbare hemelruim omspan. Met elke satelliet wat ons lanseer, elke boom wat ons afkap, gebou wat ons oprig en selfs elke tree wat ons op die grond trap, word iets kosbaars van die skepping vir altyd vernietig. Daar is gewasse, diere, insekte en die osoonlaag wat uniek is, en ons het alles nodig om as skepping van God te bestaan. Net die mens het die taak en vermoë ontvang om die skepping te versorg sodat alles kan meeleef.

Ongelowige barbarisme is daarop gerig om te gebruik en te vernietig. Die dankbare Christengelowige sal kultuur met sorg teenoor die skepping beoefen met 'n gesindheid van leef en laat leef. Laat ons dan die skepping met verantwoordelikheid bewaar soos ons veral die kosbare pand van die evangelie van Jesus Christus, wat die ewige lewe gee, in die wêreld in stand moet hou.

13 Julie **Die mens voor God - verantwoordelik aan God** **Genesis 3: 8-9**

Die mens het eintlik 'n vrye hand om in die skepping te doen wat hy wil. As jy 'n boom in die tuin wil afkap, kan niemand jou keer nie. As jy 'n stuk veld aan die brand wil steek, staan niks in jou pad nie. Daar is natuurlik bepaalde gevolge wat jy sal moet verduur, maar wette en beheer bind nie jou hande vas nie. Die skepping is daar vir ons om dit na hartelus te geniet!

Maar wie die skepping nie verantwoordelik gebruik en versorg nie, tree eintlik soos 'n tiran op wat sy onderdaan, die skepping, verslaaf. Daarmee saam bly een groot waarheid ook vergete: dit is God se skepping!

Omdat ons van nature sondaars is, soek ons graag ons eie belang en doen graag waartoe ons begeertes ons lei. Ons verhef onsself bó God. Daar is egter 'n skeppingsorde wat God daar gestel het wat ons nie mag oorskry of ignoreer nie. Hierdie skeppingsorde se lyn loop van bo na onder: God is die Skepper, die mens is sy dienende verteenwoordiger en oor die skepping word geheers. Dus: God> Mens> Skepping.

As middelman het ons mense nie net 'n verantwoordelikheid na onder nie, maar moet ons veral verantwoording na Bo doen, teenoor Hom wat alles geskape het, wat alles besit en in die laaste instansie deur sy

almag vir alles sorg. Die mens en nie die skepping nie, word tot verantwoording geroep met: *Waar is jy?*

Hoe die mens voor God leef en hoe hy vir die skepping sorg, dra alles daartoe by hoe God se skepping daar uitsien. *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.* Maar die sonde het alles geskend en God se eer aangetas, en dit duur vandag nog voort. Danksy Jesus Christus word alles weer heel en vind ons vergewing vir ons versuim.

14 Julie **Die mens voor God - in gemeenskap met ander mense** **Genesis 2: 21-24**

In die wêreld is geeneen van ons alleen nie. God is nie 'n eensame wese nie, en Hy het die mens ook nie eensaam geskape nie. Genadiglik nie. 'n Sinvolle bestaan is alleen moontlik deur 'n tweesame of 'n meersame bestaan. God het dit onder andere so gewil dat daar voortplanting, maar ook harmonie sal wees.

As dit oor voortplanting gaan, kan ons nie eintlik kla dat daar iets skort nie. Behalwe natuurlik die kwessie van oorbevolking. Die probleem lê by die harmonie. Die verhale van Adam en Eva en van Kain en Abel, wil onder andere juis aantoon dat alle mense deur hulle selfsug en eie belang die doel wat God gestel het, gemis het. Die Bybel sê: *Ons was haatlik en het mekaar gehaat* (Titus 3: 3). Hoe kenmerkend is ons lewe nie daarvan nie!

God se bedoeling was dat ons in gemeenskap met ander moet saamleef. Dit beteken dat ons alles gesamentlik besit en met mekaar sal deel: die gawe van die lewe, besittings, vreugde en leed. Hierdie gemeenskap kom ten nouste tereg in die intieme kring van die huwelik. Daarom kan daar nie werklik sprake van gemeenskap wees sonder die liefde nie. Dit is juis die grootste gebod om God bo alles lief te hê, en jou naaste soos jouself.

Ons gemeenskap met mekaar is egter nie net aards gerig nie. God se heilsplan loop uiteindelik uit op sy hemelse koninkryk. Deur sy sondaarsliefde laat Hy toe dat ons, wat selfsugtige sondaars is, deel mag hê aan sy groot besitting, die hemel. God is inderdaad nie 'n eensame God nie, anders sou Hy nie sy Seun, Jesus Christus vir ons gegee het nie. Deur geloof in Hom het ons ook gemeenskap met Christus en alles wat aan hom behoort, die verlossing uit sonde en dood.

Ons tema vir die volgende week, vanaf 15 tot 22 Julie is:

Omring van alle kante... deur God!

As daar een saak is waarvan geen mens op aarde kan ontsnap nie, is dit die kosbare feit dat jy en ek elke oomblik van ons bestaan voor die aangesig van God leef. Van alle kante af word jy omring... omring deur die Skepper van die lewe. Jy is as 't ware soos daardie vis in die visbak met water wat deur almal, te eniger tyd, deur en deur, van onder en van bo en van enige kant af bewonder en aanskou kan word. Haal die ou vissie uit die lewensbelangrike water uit, en dit sal net 'n paar lughonger gape wees....

In jou geval is dit God, jou Skepper, wat jou as mens deurskou. En hier voor God word jy bewus van jou ongehoorsaamheid; bewus van sy oordeel, maar ook van sy reddende genade! Jy ontdek jou afhanklikheid van jou Maker en Verlosser. En jy ontdek: *as ek, begenadigde sondaarmens, uit die Here se teenwoordigheid gehaal sou word, sal ek omkom!* En daar en dan ontdek jy jou afhanklikheid van God vir lewe, vir sorg en vir orde.

15 Julie **Ongehoorsame sondaar** **1 Samuel 15**

Dit is hier, voor en in die aangesig van God dat ons begin bewus word van ons ongehoorsaamheid, ons mensontwerpte verskonings en kompromieë op sy opdragte. In die lewe van Saul, 'n ongehoorsame en onsuksesvolle volksleier, ontdek ons onsself, met ons eie maniere om die opdrag en Woord van God te draai en te verdraai om by ons behoeftes te pas. Soos Saul, het ons ook baie verskonings en probeer ons om ons verskonings voor God toe te smeer met nog verskonings, met nog kompromieë. *Ek het u Woord gehoorsaam, Here, maar ek het nie dit en dat kon doen nie...!*

Gehoorsaamheid aan God is soos ons asemhaling. Dit is onlosmaaklik deel van ons elkeen se lewe, elke dag, elke sekonde. Om die woordjie *hoor* te vertaal in die groot woord *gehoorsaamheid*, kan 'n gedugte eksamen word vir elke Christengelowige. Om waarlik met ons lewens gehoor te gee aan God se wil en opdrag, is nie so eenvoudig en maklik nie - dit is en bly elke oomblik die uitdaging van God aan jou en my. 'n Mens hoor hierdie uitdaging in die woorde van die gryse ou Samuel as hy as God se spreekbuis deur al die eeue met jou en my praat en ons oproep met die woorde: *Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.*

Hierdie vers is die spieël wat voor my en jou lewe gehou word. Probeer jy dalk ook om agter verskonings en kompromieë weg te kruip, solank jy net nie volkome gehoorsaam hoef te wees nie? God vra dat ons Hom bo alles sal liefhê. Hoeveel maal het jy vandag hiervoor verskonings gesoek of kompromieë gemaak? Hoeveel keer was jy vandag ongehoorsaam aan God se duidelike opdrag? In die aangesig van God ontdek jy en ek onsself: Ons is ongehoorsame sondaars!

16 Julie **Vervreem van God** **Romeine 3: 9-31**

As 'n mens vir 'n oomblik bietjie dieper in jou eie lewe delf, maak jy 'n paar eienaardige ontdekkings. Ons is daaraan gewoond om net op die oppervlak van die lewe besig te wees met die eise, die hoekom's en die waarom's. Maar onder die oppervlak van die alledaagse lewe ontdek jy en ek weer die grootste ramp van alle tye wat ons as mense getref het: die sonde. Dink jy elke dag aan al jou sondes? Dink jy aan al die dinge wat jou as 't ware 'n vreemdeling maak in die aangesig van God?

Sonde vervreem my en jou van God. Ja, ons verkeerde keuses, wanneer ons ons rug teenoor God draai, ons verkeerde dade, woorde en gedagtes is deel van die vernietigende krag van die sonde wat ons van God vervreem. Romeine 3: 23 in die eerste persoon gestel, verwoord dit: *Ek het gesondig en is ver van God af....* Mag ons altyd onthou hoe groot hierdie skeiding is wat deur die sonde in ons lewe veroorsaak word. Mag ons weet dat daar nie 'n manier is hoe ons onsself by God kan uitbring nie; ons kan nie met God onderhandel nie; ons kan in elk geval nie stand hou voor die Here nie. Jesaja het geprofeteer dat ons beste dade sóós vuil klere is.

As jy 'n roos van die boom afsny, is daar nie 'n manier waarop jy daardie selfde roos oor 'n maand in sy oorspronklike vorm te voorskyn kan bring nie. Die oomblik toe dit afgesny is, het die kosbare lewe daaruit gevloei, en was daar nie 'n manier om die roos te red nie. So kan jy en ek ook deur die sonde afgesny word van die verlossing van die Here Jesus Christus, want as ons gaan toelaat dat die sonde ons afsny van God, dan vervreem ons en net 'n wonderwerk kan ons dan nog red!

17 Julie **Onder die oordeel van God uit die paradys** **Genesis 3: 13-24**

'n Pragtige paradys-verhouding tussen God en mens was aan skerwe die oomblik toe God vir Adam en Eva uit die paradys verdryf het (vers

23). Dit is soos 'n groot, swaar klip wat in 'n diep poel water gegooi word. Die rimpelings wat daardie dag op daardie poel gevorm is, kring vandag nog uit, tot in my en jou lewe. Ook ons is vasgevang in die *rotresies* van die wêreld met sy fokus op werk, werk en nogmaals werk. Dit is in hierdie werkende, gejaagde wêreld waar ons in slaggate trap, seerkry, sondig, ongehoorsaam is en soms sonder dat ons dit besef, ons rug teenoor God draai. Ons dwing weg sonder dat ons twee keer daaroor dink en soos Adam en Eva verkeer ons onder die oordeel van God. Ons staan uitgelewer en is skuldig!

Waarom sou God dan die ongehoorsame Adam en Eva uit die paradys gejaag het? God het in sy oordeel besluit om te verhoed dat die mens in sy sondaarsbestaan altyd sal bly lewe, deur van die vrug van die boom van die lewe te eet. God se oordeel rus op die mens omdat die mens ongehoorsaam was aan die grense wat God gestel het. God bou grense in jou en my lewe in - grense wat perke aan ons lewe, doen en late stel. Nou moet jy en ek ons skeppingsopdrag gaan uitvoer deur harde werk. Dit is op hierdie lang pad van die lewe, buite die paradys, waar God - as die genadige God - weer met ons die pad stap om met dit wat op hierdie pad met ons gebeur, ons aan Hom gehoorsaam te maak. Selfs in sy oordeel straf God net tydelik. Sy genade breek selfs in sy oordeel oor my en jou deur. As Vader trek Hy ons nader en stap Hy weer saam met ons die pad, terug na die paradys!

18 Julie **Onder die oordeel van God: verganklik** **Psalm 90**

As jy vir 'n oomblik sou afkyk op jou polshorlosie, sal jy die haastige sekondewysertjie dadelik raaksien. Dit is 'n metertjie wat jou en my lewe se aardse tyd(elikheid) aftik. Van sekonde tot sekonde, van oomblik tot oomblik, van dag tot dag, selfs van jaar tot jaar is tydmetings vir hierdie aardse tydelikheid. In Psalm 90 stel die digter teenoor hierdie verganklikheid God se onbegrensde maat: God is van ewigheid tot ewigheid. In sy oordeel het God die grens om ons sondaarsbestaan gespan, sodat ons nie vir altyd buite die paradys sou wees nie. Daar sou ook weer 'n tyd in elke lewe aanbreek dat die mens sou kon terugkeer na die ewigheid. Dit alles nadat jy en ek ons lewe - 'n verganklike lewe - gebruik het om voor te berei om vir ewig saam met God te wees. Daarom ons gebed: *Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom!*

In ons aardse lewe, deur die geloof in Jesus Christus, is dit nie die getal van ons dae wat belangrik is nie, maar die inhoud van ons lewe. Vir 'n oomblik beleef die digter die krisis dat die tyd genadeloos aanstap. Maar in dieselfde asem word hy herinner aan God se beloftes van trou

en redding; hy word herinner aan vergifnis en verlossing wat alleen God kan gee. 'n Lang, nuttelose lewe is maar kort as dit met God se meetsnoer gemeet word.

Die wonderlikheid van die lewe saam met God word juis weerspieël in 'n kort lewe, vol van arbeid, toewyding en seën aan ander. Want so seën die Here God vir jou en my in ons aardse lewe, nie net ter wille van onsself nie. Nee, die Here seën jou en my met 'n lewe, geloof, genade en soveel meer om ander, hulle rondom my, tot seën te wees en om al die eer aan Hom toe te bring.

Mag jy jou tyd uitkoop, mag jy nou besig wees om voor te berei!

19 Julie **Onder die genade van God** **Psalm 16**

Die één of ander tyd is daar by elkeen van ons 'n behoefte om 'n bietjie inventaris te neem of voorraadtelling van ons eie lewens te maak. Dan sal jy dalk nostalgies terugkyk oor jou lewe en al die afdraaipaaie sien, die afgronde en die laagtes waardeur jy is. Jy sal ook sien hoedat jy ander kere op die kruin van die golf gery het. Jy kyk na jouself en jy begin jou seëninge uit God se Vaderhand tel, en jy kom baie gou agter: *Ek is 'n miljoenêr!* En jy kom tot die besef dat die enigste belydenis wat jy hier voor God kan maak, die dankbare preweling is: *Here, dit wat ek is, dit wat ek het, is slegs genade uit u Vaderhand!* Die psalmdigter verwoord dit pragtig in sy belydenis as hy sê: *Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af! ... U leer my hoe om te lewe!*

Terwyl jy bely, dring die harde werklikheid ook tot jou as mens deur: Sonder God - sonder sy genade - sou ek soos daardie vissie buite die visbak gewees het. Sonder God sou jy en ek in 'n oogwink vergaan het. Genade is wanneer God vir jou en my gee, sonder dat ons dit kan verdien, regverdig of daaroor kan onderhandel. Genade word gratis aan ons gegee; ons kry dit verniet. Maar dit beteken nie dat hierdie genade goedkoop is nie. Die genade wat jy en ek deel en uit sy Vaderhand ontvang, het 'n duur prys gevra. Dit het niks minder gekos as die liggaam en bloed van die Here Jesus daar op Golgota nie! Dan ontdek jy en ek weer: Ons word van alle kante omring deur 'n God wat ons liefhet. Hy skep en vorm ons elkeen uit liefde. Die mens stel teleur en God moet optree. Maar dan tree Hy weer toe deur in genade ons elkeen weer terug te koop. Ons is dubbeld en dwars God s'n: gemaak en weer teruggekoop! Dit is genade!

20 Julie **Afhanklik van God vir lewe** **Johannes 4: 1-26**

Toe jy 'n oomblik gelede hierdie dagboek oopgemaak het, na vandag se datum en hierdie dagstukkie geblaai het, was jy besig om iets spontaan te doen. Sonder dat jy daaroor hoef te gedink het, het jy asemgehaal. Jy lewe! Daar is suurstof! Dit is in God se teenwoordigheid dat ons aan die lewe bly, want elke oomblik, elke asemteug en elke lewenstree kom uit 'n groot Vaderhand wat omgee. Soos hierdie Samaritaanse vrou, beleef jy en ek ook dat, afgesien van ons fisiese behoeftes, soos om honger en dors te word, daar soms ook geestelike droogtes in ons eie lewe is. Daar ontstaan 'n dieper behoefte by jou en my om nie net alles van die Here te weet nie, maar om die Here persoonlik te ken. Daar ontstaan 'n dieper behoefte by ons om nie net besig te wees met kerksake en die dinge van die Here nie, maar om ook weer die Here te ontmoet.

En dan wag die Here vir ons op ons lewenspad. En Hy bied vir ons die lewenswater aan, heeltemal verniet. Die lewenswater, waarvan Jesus die bron is, sal in jou en my 'n fontein wees met water wat opborrel en vir ons die ewige lewe gee. Afgesien van 'n tydelike aardse lewe wat God vir ons gee om te kan voorberei tussen die twee bakenpunte van ons geboorte en sterfdag, ontvang ons ook die ewige lewe. Omdat Jesus ons voed met die lewenswater, ons geestelike honger en dors stil, en jy en ek Hom as persoonlike Verlosser kan ken, is daar lewe. Hierdie lewe uit God se hand is 'n lewe tot in alle ewigheid. Kan jy aan 'n kosbaarder feit in hierdie oomblik dink, dat jy onsterflik is, omdat God vir jou nie net 'n lewe gee nie, maar in Christus Jesus ook 'n ewige lewe?

21 Julie **Afhanklik van God: vir sorg** **Matteus 6: 25-34**

Oor die afgelope paar dae het ons dikwels verwys na die beeld van 'n vissie wat in 'n deursigtige bak rondswem; hoedat die vissie van alle kante aanskou kan word en dat die vissie buite die water sal sterf. So is jy en ek voor God. Hy sien deur ons, Hy ken ons beter as wat ons onsself ken. Sou jy uit sy teenwoordigheid gehaal word, sou jy dadelik omkom. Sonder die hand wat vir daardie vissie kos ingooi, wag daar 'n gewisse dood op hom. So sorg God dag na dag vir ons, sy kinders, daar waar ons uit sy Vaderhand ontvang, genoeg vir elke dag.

Jare gelede het 'n arm man sonder 'n sent agter sy naam deur 'n rotsagtige land gestap. Die mense van hierdie land het regtig baie swaar gekry - hulle het hard gewerk om 'n lewe te maak. Op 'n dag, op 'n heuwel, het 'n skare rondom hierdie man versamel en daardie dag het Hy 'n toespraak gehou; 'n preek, wat meer as enige ander toespraak aange-

haal is deur die mens op enige tydstip, op enige plek. So het Jesus, ons Here, ons dan in hierdie preek ook self geleer **hoe** om te bid, in die Onse Vader: *Gee ons vandag ons daaglikse brood...!* Here, sorg vandag vir ons! In die gebed word nie gevra: *Gee ons solank môre se brood* nie. Die gebed vra slegs vir vandag se brood! Dit kla nie oor die gemufde brood van gister nie. Dit sê ook nie: *O Here, dit was die laaste paar jaar baie droog in die koringstreke gewees - en ons kan hierdie jaar weer 'n droogte beleef - waar sal ons brood kry vir volgende jaar nie.* Vandag se brood is die enigste brood wat jy moontlik kan eet.

Gebruik vandag om jou lewe te vul met die inhoud wat God vir jou lewe wil: Soek allereers sy koninkryk en vra na sy wil, dan sal Hy vir jou al die ander dinge daarmee saam gee. Doen dit vandag, want môre is dit te laat. Soek vandag sy koninkryk en vra vandag na sy wil, nie môre nie, want die getroue God sorg vandag vir jou....

22 Julie **Afhanklik van God: vir orde** **Jeremia 7: 1-15; Handelinge 6: 8-15**

In die aangesig van God ontdek ons dat God 'n bepaalde orde gegee het aan alles wat in sy skepping geskep is. Hy self is 'n God van orde, daarom verwag Hy gehoorsaamheid van jou en my en nie wanorde en willekeur van ons kant af nie. God verwag orde - en vir hierdie orde van God is ons elke oomblik van Hom afhanklik, want ons kan ook 'n menslike orde teenoor God se orde stel. Dan beland ons in die vaarwater en verkeer ons in groot gevaar.

Net so min as wat die profete in Jeremia se tyd besware gehad het teen die georganiseerde tempeldiens, kan enige mens besware hê teen die georganiseerde kerklewe of die besondere ampte van die predikant, ouderling en diaken. Selfs Jesus en die profete het hierdie instellinge geëer omdat hulle besef het dat dit deur God georden is. Ons moet egter nooit vergeet dat die rykste gawes van die Here ons grootste gevare kan word as ons die oorspronklike bedoeling van hierdie gawes nie meer verstaan nie. Die kwaad lê nooit in die georganiseerde kerkdiens nie, maar in die mens wat dit verkeerd gebruik.

Daar is twee soorte roem in die kerk, naamlik 'n geestelike en 'n vleeslike roem. Ons kan roem daaroor dat die Here ons 'n geordende kerklike lewe geskenk het waarin alles met stigting en orde kan geskied. God is nie 'n God van willekeurige wanorde nie. Maar telkens hoor jy en ek ook valse, vleeslike roem in die kerk. Dit is wanneer mense roem in hulle eie kerk, maar nie kan roem in Christus as hulle persoonlike Saligmaker nie. Mense raak verstok in die formele kerklike aktiwiteite.

sonder om in hulle eie lewenswandel gelowiges te wees. Die formele aktiwiteite in ons kerk word gewoonte en die mens beland in 'n groef - dan is dit nie meer orde tot eer van God nie.

In Christus se tyd was die georganiseerde tempeldiens geestelik so dood dat Jesus en Stefanus as duiwels gebrandmerk is. Johannes Hus en Martin Luther het dit ook later ondervind. Sou net ons eeu, hierdie millennium, daarvan vry wees? Kom ons leef die orde wat ons uit God se hand ontvang; kom laat ons opnuut gehoorsaam wees!

23 Julie **Die mens voor God: 'n Kind van sy koninkryk** **Matteus 5: 1-12**

In die Bergpredikasie gaan dit oor die koninkryk van God en meer bepaald oor die lewe van diegene wat tot die koninkryk behoort, dit wil sê oor die lewe van die kinders van die koninkryk. In 'n reeks van agt saligsprekinge verklaar die Here hoedanige mense die kinders van die koninkryk is - wat dus die kwaliteite is waardeur hulle lewens gekenmerk word.

In hierdie boodskap van die Here gaan dit duidelik om 'n innerlike gesteldheid wat vir die Here welgevallig is en op grond waarvan 'n mens *salig* (of *gelukkig* - nuwe vertaling) genoem word. Die woord salig of *gelukkig*, soos Jesus dit hier gebruik, het 'n diepe betekenis. Dit het te doen met blydskap en vreugde, maar behels nog veel meer omdat dit te doen het met die verhouding waarin 'n mens tot God staan. Die beste toeligting vir wat hierdie gelukkigheid beteken, vind ons in die Bybel self. Veral Psalm 32 verklaar dit vir ons baie treffend. Daar vertel Dawid van 'n swaar las van sonde wat hy in sy hart geheim gehou het, maar wat sy gees en selfs sy liggaam van binne verteer het. Deur sy nood gedryf, besluit hy om sy sondes voor God te bely. Wanneer hy dit doen, ondervind hy tot sy groot vreugde dat God die sondes vergewe. En noudat hy van sy sondes bevry is, bemerk hy dat God hom ook innerlik vernuwe het sodat daar voortaan in sy gees geen bedrog is nie. Daarom sing Dawid: *Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.* So iemand, sê Dawid, is bly in die Here (Ps 32: 11), maar nie net vir 'n tydjie nie - vir ewig. Hy het in die Here 'n nuwe lewe gevind en het 'n blydskap wat hom nooit weer ontneem kan word nie. Daarom is hy *salig*. Hy het 'n kind van die koninkryk geword.

24 Julie **Die mens voor God: Geroepe tot diens** **Matteus 5: 13-16**

Teen die einde van die saligsprekinge gee Jesus 'n aanduiding van die

roeping van die kinders van die koninkryk. Die voorreg om die hemelse geluksaligheid reeds hier op aarde te smaak, is van so 'n aard dat dit 'n mens opeis om in diens van die uitbreiding van die koninkryk te staan. Dit is dus eintlik so dat hierdie vreugde wat vanuit die regte verhouding tot God gebore is, nie verborge gehou kan word nie. Om dit te illustreer, gebruik Jesus drie beelde of kort gelykenisse: die van die sout, van die lig en van die stad op die berg.

Van die sout gaan daar 'n onsigbare, stil werking uit waardeur die bederf geweer en die voedsel smaaklik gemaak word. Die lig skyn in die duisternis en bring sigbaarheid en lewensmoontlikheid. Daarom word die lig nie onder 'n emmer weggesteek nie. Dit sou tog 'n miskenning wees van die wesenlike waarde van die lamp wat opgesteek is. Dit is duidelik die bedoeling met die lamp dat die lig vir almal ten goede gebruik moet word. Die stad op die berg is van ver af sigbaar. Dit is dus ook eie aan sy aard dat dit gesien sal word.

So is dit en so moet dit wees met die kinders van die koninkryk. Hulle leef en werk op die plek in die samelewing waar God hulle geplaas het. Daar dra hulle die koninkryk onder die mense uit, soms deur 'n stil invloed soos die sout, maar soms openlik soos die lig in die duisternis deur hulle woord en hulle daad.

Wat baie duidelik moet wees, is dat die nuwe lewe van die kinders van die koninkryk nie bedek of verborge kan bly nie. Dit bring daardie vrugte voort vir almal om te sien, maar die werke wys nooit na hulleself om die eie beuel te blaas nie. Hierdie werke wys na God heen en dien tot sy verheerliking.

25 Julie **Die mens voor God: Die nuwe funksie van die wet** **Matteus 5: 17-20**

Jesus handhaaf die bindende gesag van die wet van God. Daarom verwag Hy ook van sy volgelinge goeie werke, dit is werke wat in gehoorsaamheid aan die wet gedoen is. Die Fariseërs doen dit ook, en tog is daar 'n radikale verskil tussen hulle opvatting en dié van Jesus oor hierdie saak. Hulle skryf die goeie werke voor as 'n voorwaarde en noodsaaklikheid om salig te word; Jesus verlang die goeie werke van diegene wat Hy reeds salig genoem het. Hier sien ons dus reeds die deurbraak van die genade wat Paulus later uitdruklik onder woorde gebring het. Die saligheid word nie van die verdienstelikheid van die goeie werke afhanklik gestel nie. Inteendeel, deur die genade van die Here word die mense wat hulle armoede voor God besef, salig genoem. Daarna ontvang so 'n mens, wat nou in die regte verhouding tot God

staan, die opdrag om goeie werke te doen sodat die Vader in die hemel verheerlik kan word. Met groot nadruk verklaar die Here dat die hemel en die aarde eerder sal verbygaan as dat die een jota of titteltjie van die wet ooit sal verbygaan. Die jota is die kleinste lettertjie in die Hebreeuse alfabet en die titteltjie is die klein hakie of strepie waardeur die een letter van die ander onderskei word.

Dus, die wet word deur die koms van die koninkryk in Jesus nie ontbind nie, maar dit kry 'n nuwe funksie in die lewe van die kinders van die koninkryk. Dit leer hulle hoe om hulle dankbare lewens in te rig dat dit inderdaad tot verheerliking van die Vader mag strek.

26 Julie **Die mens voor God: Die wet: nuwe vertolking** **Matteus 5: 20-48**

Dit kan 'n tweeledige betekenis hê wanneer Jesus sê Hy het gekom om die wet te vervul. Enersyds beteken dit dat Jesus uitvoering aan al die eise en voorskrifte van die wet gegee het. Hy het dit ook in plaasvervangende hoedanigheid gedoen, dit wil sê in ons plek, sodat hulle wat in Hom glo, uit genade gered kan word. Andersyds beteken dit egter ook dat Hy aan die wet sy volle betekenis kom gee het. Die onmiddellike teksverband dui veral op laasgenoemde betekenis. Teenoor die Jode wat 'n uiterlike en dus dikwels 'n oppervlakkige betekenis aan die wet gegee het, kom maak Jesus die diepe betekenis daarvan duidelik. Hy wys daarop dat dit nie gaan om 'n slaafse gehoorsaming van die letter van die gebod nie, maar om die opneem van die wet in die hart. Dan word die wet gehoorsaam met die dankbare vryheid van 'n kind en nie onder dwang soos 'n slaaf nie. So kom die gees en bedoeling van die wet tot uitvoering.

Volgens die leer van die skrifgeleerdes was iemand skuldig aan oortreding van die wet slegs indien hy op die daad betrap is. Daarteenoor stel Jesus dat die oortreding van die wet van God nie plaasvind wanneer 'n mens dit sien nie, maar wanneer God dit sien. Daarom kan iemand 'n oortreder van die wet in die oog van God wees nog voordat die daad gepleeg is. Die oortreding vind in die wese van die saak in die hart plaas, daar waar die sondige gedagte gebore word.

27 Julie **Die mens voor God: Opregtheid van hart** **Matteus 6: 1-18**

Die een saak wat in die prediking van Jesus baie groot klem gekry het, is dat dit in die uitvoering van godsdienstige pligte nie moet gaan om

uiterlike vertoon en om gesien te word nie. Waarop dit werklik aankom, is die gesindheid, dit wil sê die innerlike gesteldheid van die mens wanneer hy uitvoering gee aan sy godsdienspligte.

Om die suiwere motief toe te lig, bring die Here die drie sake ter sprake wat die Jode as grondpilare van hulle geregtigheid of vroomheid beskou het, naamlik: die liefdadigheid, die gebed en die vas. Wanneer die Fariseërs hulle liefdadigheid doen, het dit met groot gebaar geskied om die aandag te trek. In die sinagoge of tempel het hulle nie onopgemerk hulle gawe in die skatkis geplaas nie, maar dit aan die priester oorhandig om deur hom geprys te word. In die strate waar daar baie armes was, het hulle soos groot weldoeners rondgegaan om aalmoese uit te deel. Maar die Here lê dié innerlike gesteldheid bloot as die begeerte om deur die mense gesien en geprys te word.

Daarteenoor is die ware motief van egte vroomheid om uit innerlike ontferming aan die lydende medemens 'n daad van hulpverlening te verrig. Hierin hoef die linkerhand nie te weet wat die regterhand doen nie, omdat die ware liefde geen aardse lof soek of die aandag op die weldoener wil vestig nie.

Met die gebed en die vas is dit net so gesteld. Wanneer dit geskied as uiterlike vroomdoenery is dit niks meer as huigelagtige toneelspelery nie. God wat in die verborgene sien, soek by die aanbidder opregtheid van hart en verootmoediging.

28 Julie **Die mens voor God: Sy ganse lewe** **Matteus 6: 19-34**

Nadat Jesus oor die godsdienstige pligte gepraat het, wend Hy Hom tot die mees konkrete saak in die lewe: die besit van aardse goedere. Hy wil sy hoorders laat verstaan dat die ware godsdiens nie beperk is tot slegs 'n deel van 'n mens se lewe of tot die een dag in die week of selfs tot die uitvoering van allerlei godsdienstige pligte nie. 'n Mens se geloof moet sy hele lewe deursuur en hierin is dit besonder belangrik dat ook die besit van geld en goed en die aanwending daarvan in die diens van God moet staan.

Jesus waarsku dat die versamel van aardse goed groot gevaar inhou. In die eerste plek omdat die rykdom van hierdie wêreld stoflik en vergankliik is - dit het geen blywende waarde nie. Die gevaar van rykdom bestaan verder daarin dat dit die mens kan verlei om sy vertroue daarop te stel. Dan kan hy probeer om twee here te dien: God en Mammon. Dit is baie waarskynlik dat die naam Mammon saamhang met die Hebreeuse woord *amen* wat vastheid en sekerheid aandui. Dit wil sê waarop jy kan vertrou. Met die naam Mammon word die rykdom dus aange-

dui as 'n god op wie iemand vir sy hele bestaan vertrou en wat dan ook die hele leefwyse van so 'n mens bepaal.

Jesus laat daaroor geen twyfel nie - niemand kan twee gode dien nie omdat die God van die Bybel die volle diens en ook die volkome vertroue opeis. Daar is geen ruimte vir verdeelde trou of gedeeltelike vertroue nie.

Hierdie woord van die Here is 'n dringende oproep om sake in die regte verhouding te sien en om die beslissing te maak om God alleen te dien - ook met die skatte wat Hy aan die mens skenk, maar waaroor daar ook verantwoording gedoen moet word aan Hom.

29 Julie **Die mens voor God: Die gelowige: luister en doen** **Matteus 7: 13-29**

Aan die einde van die Bergrede stel Jesus 'n saak aan die orde wat teruggryp oor die hele rede wat Hy uitgespreek het, naamlik die vraag oor die regte houding teenoor sy woorde. Nadat Hy breedvoerig uiteengesit het hoedanig die kinders van die koninkryk daar uitsien en wat alles van hulle verwag word, moet daar nou iets daaruit voortvloei. Wat maak mens met die woorde van Jesus? Luister jy slegs daarna en bewonder dit vir die skoonheid en die trefkrag daarvan?

Daar is net een korrekte antwoord op hierdie vraag. Wie geluister het na die woorde van Jesus, word opgeroep om dit ook te doen. Die woorde van Jesus eis 'n mens op, dit lê op jou beslag en maak jou diensbaar aan die koninkryk. Die enigste regte houding teenoor die woorde van Jesus is dié van *luister en doen*. Sy woorde is nie net daar om aangehoor te word nie. Hulle eis optrede. Die gehoorsaamheid word deur die daad bewys. Die man wat tot hierdie insig gekom het en dit ook uitvoer, is werklik gelukkig. Sy fondament is op die rots en daarom bestand teen die storms. Dit is dwaas om te dink dat Jesus se woorde beluister kan word sonder om dit met gehoorsaamheid op te volg. So 'n gesindheid verkrummel tot puinhope voor die storms wat die geloof kan tref.

Hier het die mens te doen gekry met iemand wat met 'n gesag spreek soos hulle nog nie teëgekom het nie. Hy kon, omdat Hy deur sy woorde en optrede die koninkryk tot by die mense gebring het. Juis daarom eis die kennis aangaande Jesus en sy woorde optrede van elke ernstige beluisteraar daarvan.

30 Julie **Die gelowige voor God: Bestem vir die hemelse heerlikheid** **Romeine 5: 1 - 5**

Wat maak dat jy elke oggend kan opstaan en kan aangaan met jou

daaglikse roetine en jou dagtaak? Te midde van al die ellende en swaarkry wat ons in ons tyd ervaar, te midde van die soms geweldige stryd om oorlewing - wat verhoed jou om nie in 'n hoekie te gaan sit en jou dood te treur nie, maar om tog nog sin en vreugde te vind in jou lewe en bestaan hier op aarde?

Paulus sê hier aan die begin van Romeine 5 dat dit wat vir hom alles die moeite werd maak, die vreugde is wat hy gevind het. Hy skryf selfs in vers 3 dat hy vreugde vind in die swaarkry! 'n Mens wil eintlik jou wenkbroue lig en op hierdie punt vir Paulus vra: *Dominee Paulus, weet jy waarvan jy praat? Ken jy die pyn en smart van swaarkry; om 'n slagoffer te wees van die misdadigheid wat in ons land seëvier; om 'n geliefde aan die dood afstaan? Ken jy dit? Want as jy dit regtig ken, sal jy nie so maklik verklaar dat jy vreugde vind in jou swaarkry nie?*

Maar dan verduidelik Paulus wat hy bedoel. en dit is duidelik dat hy nie probeer voorgee dat gelowiges sieklike smartvrate is nie. Nee, met behulp van 'n ketting-betoog verklaar hy waarin hy sy vreugde vind te midde van ellende en swaarkry. Hy sê hy weet dat swaarkry tot volharding lei wat weer tot egtheid van geloof lei en uiteindelik eindig in die hoop wat nie beskaam nie. En in hierdie hoop vind die gelowige mens sy vreugde, selfs te midde van en ten spyte van tye van swaarkry en beproewing! Want hierdie hoop is baie meer as daardie vae wens dat jy die boerpot sal wen in die Lotto-trekking. Hierdie hoop beskryf Paulus in vers 2 as daardie sekere en vaste wete dat hierdie lewe met al sy ellende nie al is wat ons het nie. Ons vind ons vreugde in die vaste en sekere oortuiging dat God ons vir 'n heerlikheid bestem het wat die smart van hierdie wêreld by verre oortref. Die hemelse heerlikheid waarvoor ons bestem is, maak dat ons ons swaarkry met 'n glimlag kan klaarkry.

31 Julie **Die gelowige voor God: Erfgenaam van die ewige lewe** **Romeine 8: 14 - 17**

Ek het 'n manie oor horlosies; veral muur-horlosies en staan-horlosies en kaggelrak-horlosies. In my ma se huis staan so 'n pragtige kaggelrak-horlosie wat sy by haar pa geërf het wat hy weer by sy ouers geërf het. Die reëling is klaar getref: die dag as my ouers afsterf. erf ek daardie horlosie; my susters weet dit ook! Dit is nie net omdat ek 'n manie oor horlosies het nie, maar veral omdat ek hulle seun is.

Gelowiges erf egter nie net wanneer jou ouers of iemand na aan jou sterf nie, jy erf ook wanneer jy self sterf. Natuurlik erf jy nie horlosies of dergelike aardse goed nie: jy erf iets baie kosbaarder! Jy erf iets wat

baie langer as enige horlosie sal hou; selfs langer as tyd. Jy erf die ewige lewe wat deur Paulus in Romeine 8:17 beskryf word as om deel te hê aan die heerlikheid wat Christus vir ons bewerk het toe Hy gesterf het, maar toe ook opgestaan het en opgevaar het om vir ons 'n heerlike plek by God gereed te gaan maak.

Hoe weet Paulus dat gelowiges deel het aan hierdie heerlike erfporsie wat vir ons in die hemel wag? Hy sê hy weet dit omdat ons kinders van God is! Ons is kinders van God nie omdat ons so gebore is nie, maar omdat God ons as sy kinders aangeneem het. Dit het gebeur deur dit wat die eniggebore Seun van God, naamlik Jesus Christus, vir ons gedoen het. In sy dood, opstanding en hemelvaart is jy en ek ook opgewek tot die nuwe lewe. Paulus skryf in Romeine 8 dat hierdie nuwe lewe 'n lewe is wat nie onder beheersing van die mens se sondige natuur staan nie, maar wat beheer word deur die Heilige Gees van God wat aan ons gegee is toe ons tot geloof gekom het in Christus. Dis die Heilige Gees wat in ons woon (en nie ons bloedlyn of eie prestasie nie) wat getuig dat ons kinders van God is, en daarom ook erfgename van die erfporsie wat God vir ons bestem het. Dis die Heilige Gees van God wat dit vir ons moontlik maak om God as *Abba* aan te roep, dit is *Pappa*!

1 Augustus **Die gelowige voor God: Gelykvormig te wees aan die beeld van Christus** **Romeine 8: 28-30**

Die Afrikaanse spreekwoord: *Bloed is dikker as water*, wil iets verwoord van die waarheid dat familiebande baie sterker is (of behoort te wees) as die verhoudings tussen mense wat nie aan mekaar verwant is nie. Dit sê dat jy deel van 'n groep (jou familie) is waarbinne jy tuishoort en waar jy geborgenheid kan vind. Dit maak ook nie saak hoe sleg en verkeerd iemand in my familie optree nie, hy of sy sal altyd deel van die familie wees en sal daarom altyd weer vrede en vreugde binne die familiekring kan vind. My kinders vang soms goed aan wat my baie kwaad maak, maar nooit sal ek hulle uit my familiekring verdryf of verban nie.

Hierdie selfde waarheid word as 'n beginsel van die huisgesin van God in die Bybel vir ons aangetoon. In die begin het God immers die mens na sy beeld geskep (Gen 1: 27). Daarmee het die mens deel van die familie van God geword. Die Bybel noem die mens dan ook die kinders van God. Hierdie *kinders van God* het egter probeer om los te breek van die gesag van die Hoof van die gesin. Hulle wou self God wees. Soos dit 'n goeie vader betaam, het God toe hierdie ongehoorsame kinders van

Hom gestraf, maar nooit het Hy hulle verwerp nie. Inteendeel, in Christus het God die vertroebelde verhouding tussen Hom en sy kinders kom herstel. Christus is die Kind van God soos God dit bedoel het toe Hy die mens aanvanklik na sy beeld geskep het.

Die goeie nuus is nou dat Paulus ons leer dat Christus ons Voorloper is en dat ons almal wat glo, sy broers en susters is. Hy beskryf dit met die uitdrukking dat ons *gelykvormig* is aan die beeld van Christus. Met ander woorde, ons is nou wat Christus was: die volmaakte mens! Ons is dit, nie omdat ons sulke goeie mense is nie, nee, ons word dit omdat God ons uitverkies het, of soos dit in vers 30 gestel word: omdat God ons *geroep* het. *En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.* Dit is wat dit beteken om gelykvormig aan die beeld van Christus te wees!

2 Augustus **Die gelowige: mens in gemeenskap met God** **Romeine 8: 31-39**

Gelowige: mens by wie God woon

Ons het 'n spreekwoord in Afrikaans wat sê: *Aartjie na sy vaartjie.* Hiermee word verklaar dat die kind na wie verwys word, ooreenkomste in voorkoms, gedrag en/of gesindheid met sy vader (vaartjie) vertoon. Met ander woorde, die kind aard op 'n sekere manier na sy pa. Daar is sekere trekke van sy pa in hom/haar te bespeur.

In die vorige oordenking het ons ontdek dat ons mense as kinders van God geskep is, maar dat ons toe probeer losbreek het van ons Vader en van ons familiebande met God. Ons Vader het ons egter in Christus weer kom herskep sodat ons nou gelykvormig aan die beeld van Christus is. Dit impliseer dat ons deel het aan die weldade waarin Christus deel as Kind van God.

In Romeine 8: 31 - 39 verduidelik Paulus nou wat dit alles beteken vir die praktyk van ons daaglikse lewe. In kort kom dit daarop neer dat God nou aan ons kant is: Hy is vir ons - nie in ons onderlinge stryd met ander mense nie, maar in ons stryd teen die Bose. God woon in ons en die bewys daarvan is die feit dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgelewer het om ons te red. En omdat God dit alles vir ons gedoen het, woon Hy met sy liefde in ons, dié liefde wat daar in Christus Jesus is. En hierdie liefde van God wat in ons woon, stel ons nou in staat om meer as oorwinnaars te wees. Daarom is daar niks wat die Bose teen ons kan aanslinger wat ons van God se liefde kan skei nie. Dit nie omdat ons sulke besondere mense met besondere vermoëns is om die aanslag teen ons te kan weerstaan nie. Inteendeel, dit is slegs

moontlik omdat God se liefde ons staande hou teen hierdie aanslag. Hou dit gerus in gedagte wanneer jy weer deur die Bose geteister word en die een of ander ellende, verdriet of smart jou oorval!

3 Augustus **Die gelowige: mens in gemeenskap met God Rank in die wingerdstok: Bid** **Johannes 15: 1-8**

Laat my toe om te luister na die gesprek tussen 'n vader en sy kind, en ek sal vir jou sê hoe die verhouding tussen daardie pa en sy kind is! Want dit is waar: as 'n pa nie tyd vir sy kinders het nie en dus ook nie by hulle betrokke is nie, het daardie pa en kind min om vir mekaar te sê. Die ander kant is natuurlik ook waar dat as 'n kind iets gedoen het wat hy of sy weet nie die pa se goedkeuring gaan wegdra nie, is daardie kind ook geneig om enige gesprek met sy of haar pa te vermy. Maar waar daar liefde en toegeneentheid en vergewensgesindheid en belangstelling in die verhouding tussen ouer en kind is, vind daar spontane gesprekvoering plaas. In só 'n geborge verhouding het die kind dan ook die vrymoedigheid om enige iets van sy pa te vra wat hy of sy wil hê. Dit wil nie sê dat die pa altyd alles sal gee nie, want dan is dit bederf. Maar die kind het steeds die vrymoedigheid om te vra.

Johannes gebruik 'n pragtige beeld om hierdie verhouding tussen God, ons Vader, en ons, sy kinders, te beskryf. Hy sê God is die boer, sy Seun Jesus Christus is die wingerdstok en ons is die lote. En soos wat daar 'n baie intieme verhouding tussen die boer, die wingerdstok en die lote is, is dit ook in ons verhouding met God in Christus. Soos die lote vir hulle voortbestaan van die boer se versorging van die wingerdstok afhanklik is, só is ons as God se kinders van Hom afhanklik. Soos wat 'n boer die lote aan die wingerdstok met liefde en toewyding versorg in die verwagting om baie vrugte daarvan te oes, só versorg God ons in liefde.

En nou skryf Johannes dat as jy jouself oorgee aan die liefdevolle versorging van die Boer en jou afhanklikheid van die Wingerdstok en van die Boer se versorging aanvaar, kan jy met vrymoedigheid met die Boer praat. Meer nog: dan kan jy vra net wat jy wil, en jy sal dit kry. Laat my dus toe om na jou gebed te luister, en ek sal vir jou kan sê hoe lyk die verhouding tussen jou en jou hemelse Vader!

4 Augustus **Die gelowige: mens in gemeenskap met God Gemeenskap deur die Gees: Luister** **Romeine 8: 31-39**

Ons kan partykeer so behep raak met wie God vir ons moet wees en

wat Hy alles vir ons behoort te doen, dat ons nie altyd mooi hoor wie en wat Hy vir ons wil wees nie. Soos die omie wat eenkeer vir my gesê het dat hy nie belang stel om hemel toe te gaan as daar anderskleuriges in die hemel is nie!

Reeds in Jesus se tyd het die mense sulke vooropgestelde idees gehad oor wie en wat God vir hulle moet wees. Johannes vertel vir ons van só 'n insident. Jesus bevind Hom in die laaste winter van sy lewe op die aarde. Hy was vir die fees van die tempelwyding in Jerusalem en terwyl Hy in die tempel was, wou die mense hê dat Hy vir eens en vir altyd moes wys dat Hy regtig die Christus is. Dít ten spyte daarvan dat Hy dit by hoeveel geleenthede reguit vir hulle gesê het (vergelyk Joh 9: 35-37) en dit talle kere met behulp van wonderwerke vir hulle gewys het! Maar nog steeds is hulle nie tevrede nie, want hulle het ander idees gekoester oor wie en wat die Messias behoort te wees.

Daarom antwoord Jesus hulle deur hulle op hulle ongeloof te wys. Hulle glo Hom nie omdat hulle nie van sy skape is wat Hom ken nie. Geloof is immers 'n gawe van God. Dit word 'n mens se deel wanneer God deur sy Gees in jou werk en jou só tot die geloofsoortuiging bring dat Jesus die Here is. En waar jy deur die Gees tot hierdie geloofsoortuiging gelei is, word jy soos 'n skaap wat onvoorwaardelik luister na die roepstem van sy Herder. As die Herder roep, vra die skaap nie vrae nie, maar volg hy blindelings, want hy weet: sy Herder lei hom altyd na waters waar daar vrede is. Sy Herder laat hom rus in groen weivelde.

Het jy al geleer om só na die stem van Jesus te luister? Of is jy so besig om met Hom te onderhandel oor jou regte en voorregte as sy kind, dat jy nie eens die beloftes hoor wat Hy reeds gemaak het nie! Want wat het 'n mens meer nodig as die ewige lewe en die versekering dat niks en niemand jou hier en nou uit die liefdevolle hande van God kan ruk nie?

5 Augustus **Die gelowige: mens in gemeenskap met God** **Johannes 10**

Draer van Geesvrugte: Gehoorsaamheid

Martin Luther het eenkeer geskryf: *Glo in God en doen wat jy wil!* Op die oor af klink dit natuurlik verskriklik verkeerd, want hoe kan iemand wat sê dat hy of sy 'n kind van God is, net doen wat hy wil. Ons weet immers dat die mens van nature geneig is tot die kwade en daarom eerder presies dít sal doen wat God nie wil hê hy moet doen nie. Daarom klink Martin Luther se uitspraak vir ons soos die woorde van 'n mens wat sy sonde probeer regverdig deur te beweer dat hy in God glo, en daarom is selfs sy sonde eintlik geloofsdade.

Maar luister mooi wat sê Luther. Hy sê dat daar 'n voorwaarde verbonde is aan die dinge wat ons doen wanneer ons wil en soos ons wil. Dit naamlik is dat ons eers in God moet glo; eers dan kan 'n mens doen wat jy graag wil doen. Want om in God te glo, beteken dat ek Hom en sy wil en plan vir my lewe altyd eerste sal stel. En waar dit gebeur, word God se wil al meer en my eie wil al minder, en wel in só 'n mate dat my wil uiteindelik totaal omvorm word om gelyk te word aan God se wil. Wanneer dit gebeur, kan ek nie anders as om God se wil te doen wanneer ek my eie wil (wat intussen vanweë die geloof gelykvormig geraak het aan God se wil) uitvoer nie.

Jesus verwoord ook iets van hierdie waarheid in ons teksgedeelte. Hy sê hier dat die gelowiges soos sy skape is van wie Hy die Herder is. En omdat hierdie skape die stem van hulle Herder goed ken, vertrou hulle Hom en luister hulle na elkeen van sy bevele. Want hulle weet: hulle Herder sal hulle veilig lei solank hulle doen wat Hy vra.

U kan dus gerus Martin Luther se goeie raad volg: Glo in God, en doen wat jy wil! Want om werklik in God te glo, beteken dat jy Hom as die Herder ook van jou lewe erken, en daarom luister jy na sy stem. Só word jou wil en God se wil uiteindelik presies dieselfde.

Die gelowige mens in gemeenskap met God

6 Augustus **Liefde** **1 Korintiërs 13**

Hierdie is een van die mooiste gedeeltes in die Bybel. Die agtergrond waarteen dit geskryf is, is egter nie so mooi nie. Daar was mense in die gemeente van Korinte wat gedink het hulle is beter as ander. Nou verduidelik Paulus aan hulle dat **liefde** die wesenskenmerk van 'n gelowige is. As 'n gelowige nie in liefde optree nie, dan het al die ander wonderlike gawes geen waarde nie.

Liefde is die basis van 'n gelowige se lewe. Vanuit die liefde kry al die ander gawes wat ons ook die res van die week gaan behandel, hulle betekenis.

Uit die teksgedeelte kom ons gou agter dat liefde nie iets is wat met jou gebeur nie, maar dit is iets wat jy doen; dit is nie net 'n lekker warm gevoel om die hart nie, maar 'n opdrag van God; dit is nie om te ontvang nie, maar om te gee.

Om lief te hê, is nie moeilik nie. Dit is byvoorbeeld om vriendelik, geduldig en nederig te wees. Dit kom eintlik neer op die nakoming van 'n mens se verantwoordelikhede as kinders van God. Daarom is liefde die teenoorgestelde van die sonde. God het ons sonde beantwoord met 'n liefdesdaad in Jesus Christus.

Deur in liefde te leef en op te tree, vertoon ons die beeld van God, want ***God is liefde!***

7 Augustus **Vreugde** **Filippense 4: 4-7**

Om bly te wees, is een ding, maar om altyd bly te wees, is nie so maklik nie. Daar kom tye in enige mens se lewe dat jy hartseer of bedruk voel. Tog is daar iets waaroor ons altyd bly kan wees: dit is God se liefde en genade vir ons. Daarom staan daar geskrywe: *Wees altyd bly in die Here.*

Ons kan altyd bly wees oor dit wat God vir ons gedoen het. God se liefde vir ons sal nooit verander nie. Niemand kan dit ooit van ons af wegneem nie. Jesus Christus het vir ons aan die kruis gesterf en ons van die sonde bevry. Deur Hom ontvang ons die ewige lewe. Daaroor kan ons altyd bly wees. Al gaan dit miskien nie so goed met my hier op aarde nie en al is daar omstandighede wat my hartseer of bedruk maak, oor God se liefde vir my kan ek altyd bly wees.

Die vreugde van 'n gelowige kind van die Here is dus nie 'n losbandige en uitspattige vreugde nie, maar dit is gegrond in 'n dankbare verhouding met Jesus Christus: *die bron van al my vreugde* (Ges 201).

8 Augustus **Vrede** **Lukas 2: 8-14, 19; 37-44**

Hoor u die verskil tussen hierdie twee liedere? Die engele het by Jesus se geboorte gesing van *vrede op aarde*, terwyl die mense by Jesus se intog in Jerusalem sing van *vrede in die hemel*. Wat het dan van die vrede op aarde geword?

As ons rondom ons kyk, sien ons alles behalwe vrede. Oral in die wêreld heers daar oorloë, opstande en geweld, bomme ontplof en mense word vermoor. Ons sou inderdaad ook kon vra: Wat het van die vrede geword waarvan die engele gesing het?

Dit kan wees dat ons die vrede van Jesus Christus op die verkeerde plek soek. As ons dink dat dit 'n aardse vrede is, maak ons 'n fout. Dit is in die eerste plek vrede wat groei uit 'n mens se verhouding met God. Dit is 'n hemelse vrede. Deur Jesus Christus het daar vrede tussen ons en God gekom. Daarom kan ons vrede ervaar te midde van aardse konflik en stryd. Dit is 'n vrede wat 'n mens se verstand te bowe gaan.

Maar dit kan ook gebeur dat ons gewoon net blind geword het vir die vrede wat God gee, soos met die Joodse leiers gebeur het. Hulle het Jesus nie herken as God se manier om vir die wêreld vrede te gee nie. Hulle eie opvattings het hulle daarvan weerhou om Hom as die *Vredevors* te sien.

Die hoop vir die wêreld is daarin opgesluit dat ons die boodskap van Jesus Christus se vrede sal verkondig en self ook vredemakers sal word.

9 Augustus **Geduld** **Job 42: 1-6**

Job het in ons volksmond die spreekwoordelike voorbeeld van 'n geduldige mens geword. As ons die hele boek egter mooi lees, besef ons dat dit eintlik God is wat geduld met Job gehad het. Want in meer as dertig hoofstukke praat Job en sy vriende oor God. God wag geduldig totdat hulle klaar gepraat het en dan eers in hoofstuk 38 begin God met Job praat. Uit dit wat ons van hier af lees, kom ons gou agter dat Job en sy vriende die kat aan die stert beetgehad het. Hulle het gedink dat hulle God kan manipuleer en laat inpas by hulle prentjie. Maar God is baie groter en meer as wat ons ooit kan besef.

As ons besef hoe klein en nietig ons voor die almagtige God is, sal ons dalk ook 'n bietjie meer geduld met ander se swakhede hê. Maar ons is gewoonlik so groot en belangrik in ons eie oë dat ons ander se swakhede nie kan verdra nie. As ons maar net iets kan begryp van hoe groot God se geduld met ons is, sal ons ook meer begrip vir ander hê. Dink daaraan dat die almagtige God soos 'n skaap wat stom is, geduldig na die kruishout gelei is om vir ons sondes te ly. Dink aan al die spot en hoon wat Hy moes verduur. Waarom is ons dan so gou op ons perdjie? Waarom sien ons ander se foute so gou raak? Mag dit nooit vir God nodig raak om eers alles van ons af weg te neem om ons te leer om na Hom te luister nie.

10 Augustus **Vriendelikheid** **2 Timoteus 2: 22-26**

Vriendelikheid kos niks nie - en tog is ons so suinig daarmee! Dit is deel van die sondige natuur van die mens om jou eie belange eerste te stel. Daarom is ons bang dat as ek vriendelik is, ander dalk mag dink ek is 'n swakkeling.

Om vriendelik te wees, is seker die beste manier om te getuig van Jesus Christus se liefde. Slegs 'n vriendelike woord is nodig om die skanse tussen mense af te breek. 'n Glimlag of 'n vriendelike opmerking is so verfrissend anders dat dit mense dadelik aantrek. Let maar gerus op hoe dat 'n tikkie vriendelikheid die wind uit 'n ou suurknol se seile neem.

Een van die plekke waar ons gerus 'n bietjie vriendeliker kan wees, is juis by die kerk. Ons kan mekaar groet en moeite doen om mekaar te leer ken. Ons hoef nie net met die bekendes te staan en gesels nie, maar moet veral probeer om besoekers en nuwe lidmate welkom te laat voel. Natuurlik is die bedoeling nie 'n onegte stroperigheid nie. Gelowige kinders van die Here het egter juis rede om die lewe te geniet en saam te kan kuier en lag.

Om te dink God kan dalk deur 'n vriendelike woord wat jy gebruik iemand tot bekering bring!

11 Augustus **Goedhartigheid** **Genesis 50: 15-21**

'n Tienerseun het kanker gehad en as gevolg van die behandeling het al sy hare uitgeval. Hy was bekommerd daaroor om met 'n kaal kop skool toe te gaan. Groot was sy verrassing toe hy by die skool instap en sien dat al die seuns in sy klas hulle koppe kaal geskeer het!

Dit is wat goedhartigheid beteken: om vir ander om te gee. Dit is om heeltemal teen jou menslike natuur in op te tree en iemand anders se behoeftes bo jou eie te stel. Josef is 'n goeie voorbeeld: Hy het die ideale geleentheid gehad om hom op sy broers te wreek. Maar hy het die hand van God in sy lewe raakgesien (vers 20) en het daarom 'n ander gesindheid geopenbaar: *Moenie bang wees nie, ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.*

Net God kan so goedhartig wees dat Hy Homself aan die kruis opoffer ter wille van ons sonde. Eers wanneer ek God se goedhartigheid teenoor my verstaan, sal ek ook goedhartigheid teenoor ander kan bewys.

Om goedhartig te wees, is nie net 'n gevoel nie. Dit is om iets van jouself te gee, om iets te doen aan die nood van 'n ander. Kom ons klim van ons troontjies af en raak werklik betrokke deur middel van 'n besoek, 'n telefoonoproep, 'n bord kos of 'n kledingstuk.

12 Augustus **Getrouheid** **Josua 6: 22-25**

Ons het al so gewoond geraak aan die leuen dat ons dit soms nie eens meer agterkom nie. Ons word toegegooi met leë beloftes deur politici, adverteerders en ander mense wat dikwels nie realiseer nie.

Christene behoort egter mense te wees op wie jy kan reken. Hulle hou hulle woord en hulle kom hulle verantwoordelikhede na. Josua was so iemand. Hy het gesorg dat die ooreenkoms wat sy verkenners met Ragab gesluit het, nagekom word.

Ons moet ons daarvan weerhou om valse beloftes teenoor ander mense en veral teenoor die Here te maak. As ons soms in die nood is, is ons geneig om beloftes aan die Here te maak wat ons nie kan nakom nie of wat ons gou vergeet. Kom ons maak ook sommer meer erns met die beloftes wat ons voor God afgelê het by die huwelik, doop en as lidmate en ampsdraers van die kerk.

Op God se beloftes kan 'n mens natuurlik altyd reken. In teenstelling

met die mens voer God altyd sy beloftes uit. Die Bybel is vol voorbeelde daarvan. Daarom kan ons ook met hoop en verwagting uitsien na die wederkoms van Jesus Christus en die ewige lewe wat God in sy Woord aan ons belowe.

13 Augustus **Nederigheid** **Sefanja 3: 1-13**

Wat behels nederigheid vir ons as gelowiges? Daar is verskillende wyses en maniere in die samelewing waarop nederigheid in mense se lewens na vore tree. Sommige mense het 'n nederige lewenstyl, terwyl ander daarvan hou om nederigheid ten toon te stel, en daar is nog ander wat hulle glad nie aan nederigheid steur nie.

In die teksgedeelte word die oordeel as 't ware oor Jerusalem uitgespreek wat van die Here weggedwaal het. Hulle het God nie meer eerbiedig as die Almagtige en die Voorsiener in hulle daaglikse behoeftes nie. Israel en Juda het *hoogmoedig* geword, want hulle het nie meer hulle skuld en afhanklikheid voor God besef nie. Hulle sonde en swakhede het nie meer vir hulle saak gemaak nie. Daarvan getuig die ongeregtighede waaroor daar geskryf word. Die Here spreek 'n oordeel oor hulle uit. Dit is as 't ware 'n suiweringsproses, sodat die nederiges en ootmoediges onder Israel en Juda sal oorbly.

As ons na Sefanja kyk, kom ons tot die besef dat 'n mens slegs nederig kan wees in jou verhouding tot God. Buite om daardie verhouding kan daar nie sprake van nederigheid wees nie. Ons kan slegs werklik nederig word as ons ons afhanklikheid van God besef. Ons afhanklikheidsbesef van God kweek by ons 'n nederigheidsbesef en lewenstyl. In die gedeelte spreek die Here sy toorn uit oor die ongeregtighede en opstandigheid van die volk. Hulle wat nie glo nie, en tog sogenaamd *nederig* leef, is besig met 'n uitstalling in hulle lewens oor 'n vroom lewenswyse. As Christene kan ons nooit uitstallers wees van ons nederigheid nie, want ons moet altyd onthou dat ons dankbare begenadigdes in Jesus Christus ons Verlosser is.

14 Augustus **Selfbeheersing** **Titus 2: 1-15; Spreuke 16: 32**

Elkeen van ons het al in 'n situasie beland wat ongemaklik is, en dat 'n mens dan baie hard moet probeer om jouself in bedwang te hou. Dit is wat selfbeheersing beteken: om totale beheer uit te oefen oor 'n mens se behoeftes, begeertes, emosies en handelinge. U sal moet saamstem

dat dit nie altyd so maklik is om selfbeheersing toe te pas nie, veral wanneer emosies hoog begin loop.

In die teksgedeelte bring die skrywer selfbeheersing in verband met die *gesonde leer*. Die mens se totale lewe word deur selfbeheersing beïnvloed. Die selfbeheersing waarvan die skrywer praat, is nie 'n *wetlike oplegging* op 'n gelowige nie. Die toepassing van selfbeheersing wys veel eerder na die reddende genade van God wat Hy aan alle mense geopenbaar het, en wat 'n radikale lewensvernuwing tot gevolg behoort te hê. Hierdie genade van God voed ons as gelowiges as 't ware op tot 'n nuwe lewenstyl en lewenskultuur van selfbeheersing, opregtheid en godsvrug. Wanneer ons tot so 'n nuwe lewenskultuur beïnvloed word, kan ons nie anders as om met hartsverlange uit te sien na die geluksalige wederkoms van ons Here Jesus Christus, ons Rots en Verlosser nie.

Kan ons eerlik sê dat dit ons strewe is om so 'n lewenskultuur te handhaaf uit dankbaarheid? Is dit 'n opregte hartsverlange van ons om die wederkoms van ons Koning af te wag? Miskien is daar 'n bietjie van 'n *ja-nee*-antwoord op die vrae. Ons is sondaars wat daagliks sondig, en hopelik diep bewus is van ons sonde. Maar juis ons sonde- en skuldbesef behoort ons daartoe te bring om 'n oorweldigende *ja* te antwoord op die vrae. Want eers as ons ons sonde besef, besef ons waar ons redding lê. Met so 'n lewensbesef kan ons nie anders as dat dit 'n nuwe lewenskultuur met 'n gesonde leer tot gevolg sal hê nie!

15 Augustus **Om man te wees** **1 Samuel 17: 1-7; 48-57**

Wat beteken dit om man te wees? Die manlike ego staan heel dikwels vierkantig en dwars in 'n man se lewe. Daar is ook dikwels die manlike trots wat veroorsaak dat mans nie hulle eie tekortkominge wil raaksien en erken nie, wat nog te sê verskoning vra as hy dalk verkeerd was. Dink 'n bietjie by uself waar u tekortkominge in die lewe as man is. Waar het jy al gefouteer en het jy al verskoning gevra vir aanstootlike optredes of gesprekke?

In die baie bekende teksgedeelte vind ons man wat teenoor man te staan kom. Soos u weet, is die groot verskil dat dit 'n *reus* teenoor 'n *dwerg* is. Menslik gesproke is dit geen regverdige stryd nie, aangesien Goliat ongeveer 3 meter lank was, en die harnas wat hy gedra het, ongeveer 57 kg geweeg het. Hy was groot en sterk en vir enige soldaat 'n nagmerrie. Dawid was ongeveer 1,8 meter lank. Daar was nie een Israeliet wat kans gesien het vir die grote Goliat nie, behalwe die *kleine* Dawid. Miskien sal party mense sê dat Dawid nie geweet het wat hy doen nie. Tog, as ons in retrospek na die gebeure kyk, is dit duidelik

dat Dawid *mans* genoeg vir Goliat was. Fisies was Dawid te klein om regtig vir Goliat te laat les opsê, maar hy het sy tekortkominge besef en erken, en die probleem (Goliat) met die hulp van die Here aangepak. Die res van die verhaal is geskiedenis, dat die Here vir Dawid begenadig het sodat hy vir Goliat kon verslaan.

Dalk kan elke man 'n les uit Dawid se optrede en lewensingesteldheid leer. Om man te wees, beteken om diep bewus te wees van al jou tekortkominge: om ook al daardie sondighede voor God te erken. En laastens om met die genade van die Here en die leiding van die Heilige Gees die dikwels *onoorkomelike* probleme aan te durf. Eers as ons diep bewus geword het van ons tekortkominge, besef ons werklik hoe groot die genade van die Here is wat ons deur voorspoed en teëspoed lei.

16 Augustus **Om vrou te wees** **Lukas 10: 38-42**

Vrouens tree dikwels as gasvrouens op. Die NHSV tree ook dikwels by funksies en geleenthede as gasvrou op. Die rol wat die vrou in die kerk speel, is vir ons as mans baiekeer tot voorbeeld van deugsaamheid en werksywer.

Ons vind dieselfde gedagte in die teksgedeelte. Marta, die ouer suster van Maria en Lasarus, is daaraan gewoond om baie hard te werk. Sy het nie geskroom om die huis gereed te maak en al die gaste tevrede te stel met haar diensbaarheid en werksywer as gasvrou nie. Marta wou so graag die gaste tevrede stel, dat sy hulle heel dikwels *ongemaklik* laat voel het. Sy het soveel moeite gedoen en uit haar pad gegaan om die gaste te bedien dat sy nooit werklik die kuier saam met hulle kon geniet nie. Tog is dit ook juis wat vir Marta gepla het - die feit dat sy so baie voorbereidingswerk gedoen het, terwyl haar suster, Maria, so min gedoen het. Inteendeel, dit pla haar so baie dat sy selfs vir Jesus by die saak betrek. Jesus het Marta liefdevol tereggewys en haar op haar prioriteite gewys wat goed was, maar dat dit nie reg was nie. Jesus sê vir Marta sy moet meer aandag aan haar gaste gee, en minder vir hulle doen!

Dit is dikwels een van die groot probleme in die gelowige vrou se lewe. Sy raak so besig om vir die kerk, en vir die Heer van die kerk te werk, dat haar geloof *agterweë* begin bly. Dit klink nogal ironies. Ons raak dikwels so besig met die kerk van die Here, dat ons *vergeet* van die Heer van die kerk. Maria, daarenteen, was nie 'n ondeugsame vrou nie, maar sy het reeds besef dat aanbidding begin deur in stilte te luister. Om 'n deugsame vrou te wees, beteken dat diensbaarheid 'n uitvloeisel van die geloof is, en nie dat geloof uit die werke vloei nie.

17 Augustus **Om getroud te wees** **Matteus 19: 1-12**

Watter voorreg is dit om getroud te wees, of meer nog, dit is 'n genadegawe. Daarom word ook na die huwelik verwys as *eg*. Dit is dus nie iets wat vals is nie, maar *waar*, en dit is deur God self ingestel. Daar word na mense wat skei, verwys as *egbrekers*. Enige poging om die huwelik nietig te maak, kom neer op *egbreuk*. Dit klink baie kras en hard, maar dit wys ons juis na God se wil en bedoeling met die huwelik.

In die teksgedeelte word Jesus deur die Fariseërs gekonfronteer met die vraag oor egskeiding. Hulle gesprek met Jesus is nie omdat hulle werklik besorgd was oor egskeiding nie, maar om iets teen Jesus te kon inbring. Hy gebruik egter die geleentheid om hulle te leer oor die wil van God met die huwelik. In sy gesprek laat Jesus dan nie die klem op egskeiding val nie, maar op die huwelik. Die Fariseërs konfronteer Jesus met 'n negatiewe saak, en Jesus verskuif die klem na die positiewe, die werklike betekenis van die huwelik. God se wil met die huwelik is dat man en vrou vir die res van hulle lewe tot eer van God sal saamleef. Moses het wel 'n skeibrief gegee, juis om die mense te beskerm teen die hardheid van hulle hart. 'n Man moes twee keer dink voordat hy 'n skeibrief aan sy vrou gegee het. Voorheen het die mans hulle vrouens net eenvoudig uit die huis gejaag, en die egskeiding was voltrek.

In ons tyd leef ons ook met 'n *skeibrief*, die wetlike implikasies van egskeiding. Baie mense meen dat solank hulle nie wettiglik geskei is nie, hulle nog getroud is, en dus in die *eg* verbind is. Daar is egter soveel huwelike waar die man en vrou nog wettig getroud is, maar hulle lewenswyse is van so 'n aard dat dit op 'n egskeiding neerkom. Sulke huwelike is soos 'n pasiënt wat breindood is en aan masjienerie gekoppel is wat hom aan die lewe hou. Klinies is daardie huwelik reeds dood. Enige optrede van die man of vrou in die huwelik wat nie meer tot eer van God strek nie, kom neer op *valsheid* en nie op *egtheid* nie. God se wil bly steeds dat man en vrou saam sal wees tot eer van sy Naam. God het in Jesus Christus vir ons gewys wat 'n ware huwelik beteken. Christus is die Bruidegom, en die kerk is sy bruid. Die Bruidegom lei in liefde, en die bruid volg in liefde, tot eer van God.

18 Augustus **Om getroud te wees** **Efesiërs 5: 21-33**

Die huwelik as genadegawe impliseer ook sekere verantwoordelikhede. Inteendeel, die genadegawe van die lewe impliseer sekere verantwoordelikhede. Ons kan dus nie die verantwoordelikhede ontkom nie. Dit is 'n geval waar ons òf die verantwoordelikheid van die huwelik nakom òf ons

kom dit nie na nie. Baie van die huweliksprobleme in ons tyd ontstaan omdat egpare hulle huweliksverantwoordelikheid begin afskeep het.

In die tekgedeelte word die verantwoordelikhede pragtig deur die skrywer gestel. Ons moet egter waak teen 'n verkeerde persepsie van die verantwoordelikhede van man en vrou in die huwelik. Onderdanigheid en liefde is seker twee van die belangrikste verantwoordelikhede in die huwelik. Maar as ons mooi daaroor nadink, sal ons besef dat dit nie net twee van die belangrikste verantwoordelikhede in die huwelik is nie, maar ook van gelowig wees. Man en vrou moet altwee onderdanigheid aan en liefde teenoor mekaar betoon. Vir die vrou is dit onderdanigheid by uitnemendheid, en vir die man liefde wat selfkruisigend is. Die opdragte wat gegee word, kan net reg verstaan word as dit saamgelees word en in terme van Christus en die kerk verstaan word. Vir die vrouens word gesê: *Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.* En aan die mans: *...julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het.*

Die verantwoordelikhede is dus waarlik verantwoordelikhede wat ons elke dag, keer op keer moet besef, en ons moet in ons bede vra dat die Here ons deur die leiding van die Heilige Gees sal begelei om ons verantwoordelikhede na te kom. Waarskynlik die grootste uitdaging vir die huwelik in vandag se tyd is die opkoms van menseregte. Almal en alles maak oral aanspraak op regte, sonder om te besef dat dit alles net voorregte is, en elke voorreg bring 'n verantwoordelikheid mee. Om gelowige egpare te wees, is om al hierdie dinge te besef, God daarvoor te dank, en dit uit te leef in die geloofsgemeenskap waar ons is.

19 Augustus **Die gelowige gesin** **Efesiërs 6: 1-4**

Vir die kerk is een van die belangrikste strukture in die lewe die gesinstruktuur, daardie mikrokosmos waar die basis vir die Christelike opvoeding gelê word. Dit gebeur dikwels dat ouers die opvoedingstaak aan die kerk wil oordra. Die kerk neem die opvoeding van die kind verder, maar die primêre taak vir die opvoeding van die kind lê by die huis. As daar by die kerk nie 'n kategeet vir my kind is nie, bly dit steeds my, as ouer, se plig en taak om die kind te katkiseer.

In Efesiërs hoofstuk 6 word hierdie gedagte bevestig. Kinders het altyd die verantwoordelikheid om hulle ouers te eer, selfs al voel dit dikwels of hulle onredelik en veeleisend is. Ouers moet altyd hulle kinders met die nodige liefde grootmaak, al is die kinders soms ongehoorsaam en dalk onaangenaam. Die ouers het ook die gawe van tug ontvang. Dit is

belangrik dat tug as 'n genadegawe beskou sal word in die opvoedingsproses en nie as dwangmaatreël nie. Tug het altyd die bedoeling om 'n saak in liefde reg te stel. Tug moet dus altyd gemik wees op die ontwikkeling van die kind en nie om die kind te ontmoedig nie. Om kinders groot te maak, vra besondere inspanning, en dit kan maklik gebeur dat ouers uit frustrasie hulle kinders straf, en nie omdat hulle dalk regtig ongehoorsaam was nie. Net so kan dit gebeur dat kinders, namate hulle ouer word, al hoe meer wegbeweeg van hulle ouers totdat hulle hulle ouers op so 'n wyse ontwyk, dat daar nie meer sprake van eer en respek kan wees nie.

Die gesin is die wonderlike genadegawe waar elke lid van die gesin in 'n bevoorregte posisie is om die liefde van Christus teenoor mekaar uit te leef. Moontlik is dit die groot probleem in die hedendaagse gesin. Elke lid van die gesin raak so besig met sy of haar eie sake, dat die hegtheid en egtheid van die gesin daardeur in gedrang gebring word. Om 'n gelowige gesin te wees, vra 'n offerbereidwilligheid, iets wat baie skaars in ons samelewing geword het. As 'n gesin nie bereid is om op te offer nie, kan daar later nie meer sprake wees van 'n gelowige gesin tot eer van God nie. Ons is immers almal deel van die gelowige gesin van die koninkryk van God die Vader. Ook dit vra van ons 'n besondere dankbaarheidshandeling en offerbereidwilligheid.

20 Augustus **Kind-wees** **Eksodus 2: 1-10**

'n Mens word in 'n wêreld gebore waarvan jy met jou dag van jou koms en die daaropvolgende paar maande eintlik geen bewustelike erg aan het nie. Al waarop 'n mens in daardie tyd floreer, is die liefde en versorging van jou ouers. En by terugdenke kan 'n mens daardie eerste paar maande van jou lewe glad nie eers onthou nie.

En tog het daar rondom jou 'n klomp dinge gebeur wat jou lewe in 'n bepaalde rigting in die wêreld sou stuur. Neem maar vir Moses. Op grond van sy moeder en sussie se optrede rondom sy eerste paar lewensdae, is hy teen 'n wrede Egiptiese wêreld beskerm, waarvan hy salig onbewus was. En afgesien daarvan dat hy sy lewe aan sy moeder en sussie te danke het, was God toe al, deur al hierdie menslike gebeurlikhede heen, besig om met Moses 'n pad te stap. Hiervan sou die geskiedenis later baie duidelik vertel.

Eindelik kom ons elkeen op die een of ander manier op ons eie voete te staan omdat ons ouers ons ook, deur wat ook al heen, met sorg gevoed en opgevoed het. Die grootste ontferming wat ons egter in ons sorgelose kinderdae ontvang het, al was ons onbewus daarvan, is van God

ons Vader. Die verbond wat Hy met ons ouers gesluit het, het Hy alreeds aan ons toegesê toe ons, onbewus, in sy Naam gedoop is.

Teen alle lewenstryd heen kan ons soos die kerkhervormer, Maarten Luther, net uitroep: Aan God die dank, ek is gedoop - ek behoort aan die Here.

21 Augustus **Kind-wees** **Eksodus 20: 12; Efesiërs 6: 1-4**

In Eksodus 20 word die jong Israeliet aangespreek: *Eer jou vader en jou moeder....* Daar word ook van heidense kinders verwag om hulle ouers te respekteer - immers, hulle ouers het hulle in die wêreld gebring en die moeite gedoen om hulle te versorg totdat hulle groot is.

Nou gee God ook die opdrag aan gelowige kinders om hulle ouers te eer. En hierdie opdrag van God strek veel verder en hou baie meer in as die heidense gewoonte. Jy moet jou ouers eer, word vir die jong Israeliet gesê, sodat hy, om dit in die taal van Eksodus te sê, in God se land, Israel, mag bly woon. Die jong Israeliet het by sy ouers van God en sy liefde geleer en daarom moes hy sy ouers eer omdat hulle diensknegte van God is. As die Israeliet sy ouers minag, minag hy God se diensknegte en daarom God self. Die uiteinde daarvan is dat God hom dan God se land, sy beskerming, ontsê.

Vandag eer 'n kind sy ouers omdat hulle met hulle doopbelofte aan God, hom op hulle beskeie manier aan God en sy liefde voorgestel het. Dit is die liefde wat 'n mens deur hierdie lewe dra en uiteindelik vir ons uitmond in die land van God, die vrederyk wat Jesus Christus gebring het.

22 Augustus **Man-wees** **Efesiërs 5: 21-32**

Die opskrif van ons Skrifgedeelte is: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.* Dit was 'n rewolusionêre uitspraak vir die tyd en wêreld waarin dit gemaak is. In daardie tyd was die man die eienaar van die vrou; sy het 'n ondergeskikte posisie beklee. Nou vind ons dat die Bybel aan die huwelik, vir sy dag en vir die res van die tyd, 'n totaal ander fondament gee, naamlik Jesus Christus. Hiermee sê die Bybel: as 'n mens na die huwelik kyk, moet jy iets van die gemeente van Christus daarin sien.

Christus, die Seun van God, het as dienskneg van die Vader gekom en uit selfopofferende liefde sy lewe daarvoor afgelê. Die man kry nou die opdrag om sy vrou ook só lief te hê - 'n opdrag om lief te hê soos

immers alle gelowiges mekaar behoort lief te hê. As 'n mens die man se lewe in oënskou neem, moet jy as 't ware sien hoedat hy Christus in sy huwelik, in sy verhouding met die kerk, nadoen: Christus is nie 'n hoof wat gekom het om gedien te word nie, maar om self te dien - om sy lewe daarvoor op te offer. Die liefde van 'n man vir sy vrou is in die eerste plek nie erotiese of romantiese liefde nie.

Kom ons sê vers 21 oor: Man, staan uit eerbied vir Christus met jou lewe in vir jou vrou!

23 Augustus **Vrou-wees** **Efesiërs 5: 21-32**

Eerstens word aan die vrou gesê dat sy aan haar man behoort net soos sy as gelowige aan die Here behoort. As 'n mens na die vrou kyk, moet jy weer, net soos by die man, iets van die verhouding tussen die kerk en Jesus Christus sien.

Die skrywer gebruik in die geval die beeld van 'n menslike liggaam. Christus is die hoof en die kerk is die lyf. So is die man die hoof in die huwelik en die vrou is die lyf. Die een is nie ten koste van die ander een nie en die een kan ook nie sonder die ander een nie.

En omdat die man Christus nadoen in selfopoffering, antwoord die vrou hierop deur te doen soos gelowiges teenoor mekaar behoort op te tree: sy ag haar man hoër as haarself. Hierdie eer wat sy aan haar man bewys, beteken dat sy aan hom, uit wederliefde, die voorrang gee - hy staan immers met sy lewe in vir haar.

Kom ons sê vers 21 weer oor: Vrou, ag uit eerbied vir Christus jou man hoër as jouself!

24 Augustus **Vader-wees** **Deuteronomium 6: 1-9**

Die man wat God ken, dra sorg soos sy eie gelowige pa gesorg het - hy sorg dat ook sy kinders in God se erfenis deel.

In die Bybelse tyd was die pa die broodwinner en beskermheer; hy was die sekuriteit van die huisgesin. Vandag is pa en ma broodwinners. Pa is nog die fisies sterkere en hy is nog steeds die beskermheer, maar in ons tyd het gemeenskapsinstellings, in vergelyking met die Bybelse tyd, hierdie funksies van die pa drasties laat verander. Dinge soos landswette, regstelsels en sekuriteitsfirmas het hierdie rol in 'n groot mate oorgeneem. En as gevolg van versekeringsinstellings en pensioenfondse is gemiddelde huisgesinne materieël redelik goed versorg as pa wegval.

Hoe die wêreld van die Bybel ook al van ons s'n verskil, binne die Christelike huisgesin bly dit die pa se verantwoordelikheid om sy gesin te lei tot ontmoeting met Jesus Christus. Dit verg van 'n besige pa om in verantwoordelikheid die tyd daarvoor uit te koop, sodat hy sy gesin om die Woord van God sal ontmoet en hulle sal onderrig oor God se verbond - die verbond waarvan hulle die doop as teken dra dat God hulle reeds in sy wêreld ingetrek het. Wie dit nie doen nie, laat 'n verarmde huisgesin agter.

25 Augustus **Moeder-wees** **Galasiërs 3: 21-29**

As 'n pa hom vandag in 'n totaal ander wêreld bevind as 'n pa in die tyd rondom die Bybel, geld dit in 'n veel groter mate van 'n ma. Afgesien daarvan dat die vrou haar vandag in 'n sogenaamde geëmansipeerde wêreld bevind, het die Nuwe Testament aan haar in Jesus Christus gelykwaardigheid aan die man toegesê wat selfs vir die tyd rondom die Nuwe Testament ongehoord was. Ook die klassieke huweliksformulier, wat al in die verlede onder verdenking geplaas is dat dit aan die vrou 'n tweederangse plek in die huis toesê en haar beroepsideale inhibeer, stel dat die vrou aan haar huisgesin die regte aandag moet gee. Die huweliksformulier inhibeer haar nie, maar roep haar op, soos vir die man, tot nakoming van haar eerste verantwoordelikheid.

Ongelukkig het die materialisties-veranderde wêreld rondom die vrou al haar aandag en tyd opgeslurp en hierdie eerste, baie groter en belangriker saak het in die slag gebly, naamlik haar evangeliese medeverantwoordelikheid in die huisgesin. Miskien moet ons moderne pa en ma vandag eers hulle huis voor God in orde kry - om net uit te vind dat die Here hulle dan boonop ryklik seën met al die ander dinge.

26 Augustus **Mens in gemeenskap** **Matteus 6: 22-23**

Met die beeld van die oog as die lamp van die liggaam word aangetoon hoe 'n mens se ingesteldheid jou roeping beïnvloed om 'n lig in die wêreld te wees. As jou oog goed is, dui dit daarop dat jy besig is met die evangeliese opdrag om vir jou skatte in die hemel bymekaar te maak. Met ander woorde, om 'n lewe te lei van onverdeelde lojaliteit aan God alleen. Die belofte staan dat 'n mens dan self die lig sal beleef en die lig sal voortdra.

Ons kan goedskiks sê dat die ingesteldheid van jou huis, die huis waarin jy grootgeword het, of die huis waaraan jy as volwassene nou

self help gestalte gee, jou beïnvloed. Daarom, as jou oog (jou huis) goed is, sal jou hele liggaam (jou gemeenskap) lig hê, want vanuit jou huisgesin tree 'n mens die wêreld, jou gemeenskap binne.

Of 'n mens daarvoor of daarteen wil redeneer dat 'n gemeenskap uit die somtotaal van al die huisgesinne binne 'n sekere gebied bestaan, is hier van minder belang. Indien ons ons Skrifgedeelte op ons huise van toepassing maak, bly die waarheid van hierdie Skrifgedeelte staan - dit wat in ons binneste omgaan, ook dit wat in die intieme kringe van ons huise omgaan, mond uit na die mense, die gemeenskap om ons.

Mag God ons huise seën sodat onsself en die wêreld om ons die lig, die blydskap van die evangelie beleef.

27 Augustus **Lid van 'n volk** **Josua 4: 1-9**

Ons kan lofliedere oor die heroïese geskiedenis van ons volk sing. Ons kan begin deur te sê dat die Afrikanervolk deur bloed aan mekaar gebind is. In die eerste plek die bloed wat ons voorgeslagte, ons families en ons aan mekaar verbind. Ons kan ook sê dat die bloed van ons voorgeslagte wat gevloei het in hulle stryd om hier in ons land beskawing te skep en om land en nageslag teen die destydse Britse imperialisme te beskerm, ons tot volk bind.

Maar ons kan ook 'n streep deur ons geskiedenis, ons herkoms trek. Ons kan al ons monumente afbreek, ons geskiedenis tot niet verklaar, ons volk se geboortesertifikaat verbrand.

Hoe dit ook al sy, wat ons ook al met ons geskiedenis wil doen - die teenwoordigheid en die lotsbepaling van ons volk deur God ons Vader kan deur niks uitgewis word nie. Immers, geen volk, van watter heidense aard ook al, ontkom aan die almag van God nie. Dit staan vas. Hoe verswarend sal die verantwoording van daardie volk dan net nie wees nie as hy, bo en behalwe alles, homself moet verantwoord oor 'n gelofte waarop God in sy geskiedenis ag geslaan het? Veral as daardie volk dit so gou vergeet het en dit selfs willens en wetens uit sy geskiedenisboek wegvee?

God stap met elke volk 'n pad. Die Afrikaner self het nie en sal ook nie hieraan ontkom nie. As lid van 'n volk, die Afrikanervolk, lê die verlede vir my 'n taak op om vandag te getuig van en te herinner aan God se ontferming, sodat ons ook môre op God se ontferming kan hoop - want aan God ontkom ons nie - nie aan sy liefde nie en ook nie aan sy toorn nie. Die volk Israel het God se liefde gesmaak en moes daarvan getuig, maar hulle het ook sy toorn gesmaak toe hulle begin nalaat het om hulle nageslag van daardie stapeltjie klippe te vertel.

Antropologie: Die gelowige-mens in gemeenskap:
28 Augustus Kultuur-verantwoordelikheid 1 Korintiërs 6: 12

Die Bybel gee nie werklik 'n voorskrif ten opsigte daarvan of die gelowige aan kultuuraktiwiteite in hierdie wêreld mag deelneem of nie moet deelneem nie. Dit beteken dus dat daar nie 'n verbod op die gelowige geplaas word om aan kultuuraktiwiteite deel te neem nie. Elke gelowige bevind hom-/haarself in 'n bepaalde gemeenskap met 'n bepaalde kultuur wat daarbinne bestaan. Binne 'n gemeenskap en sy kultuur sal daar dus deur die mense van die gemeenskap op 'n bepaalde wyse uitdrukking aan hulle kultuur gegee word. As gelowige sal ek daarom ook op 'n bepaalde wyse in die gemeenskap uitdrukking gee aan die kultuur waarbinne ek leef.

Ooreenkomstig die Skrifgedeelte moet ek egter besef dat my kultuurbande en die uitlewing van my kultuur nie in sigself 'n uitdrukking van my geloofsverhouding met die Here sal wees nie. Die wyse waarop ek as gelowige my verhouding met God binne 'n bepaalde kultuur uitleef, sal wel 'n uitdrukking van my geloof kan wees. Wat ek dus sê en doen (my optrede), sal 'n spieëlbeeld van my geloofsverhouding met God wees. Waar die uitlewing van 'n bepaalde kultuur my lewe so oorheers dat dit my verhouding met God beskadig, is dit nie heilsaam nie.

As gelowige kan ek dus 'n bepaalde kultuur uitleef en deel daarvan wees en selfs 'n verantwoordelikheid daarteenoor hê. My verantwoordelikheid bestaan daarin dat ek binne my kultuurbande as Christen-gelowige sal optree. Dit plaas 'n besliste verantwoordelikheid op my.

29 Augustus Taal-verantwoordelikheid Handelinge 2: 1-13

Met die uitstorting van die Heilige Gees het die godsdienstige Jode uit verskillende nasies gehoor hoe daar in sy eie taal (moedertaal) gepraat word. By hierdie geleentheid het die evangelie tot verskillende nasies in elkeen se eie taal gespreek *...oor die groot dinge wat God gedoen het* (Hand 2: 11). Tot vandag toe het verskillende volkere reg oor die wêreld hulle eie taal waarin die evangelie tot hulle kom.

Die evangelie spreek ook vandag, binne ons eie kerk, in ons moedertaal - Afrikaans - tot elkeen van ons wanneer ons die Bybel lees sowel as deur die verkondiging van die Woord (prediking, huisbesoek, kategese ens) aan ons. Hierdie omstandighede plaas ons in 'n bevoorregte posisie om die Woord in ons moedertaal te kan hoor. Hierdie bevoorregte posisie waarin ons ons bevind, is deur ons voorvaders vir ons moontlik gemaak deurdat hulle self die taal gepraat en gevestig het.

Ons as gelowiges het daarom 'n verantwoordelikheid om ook ons taal by elke moontlike geleentheid te praat, sodat ons daardeur die taal se voortbestaan vir ons nageslag kan verseker. Deur alleen die taal te praat, sal ons kan verseker dat ons ook die Woord in ons moedertaal sal kan lees en hoor en so ons taalverantwoordelikheid nakom vir ons nageslag. Mag dit binne die wil van God vir ons moontlik wees!

30 Augustus **In die lyn van die geskiedenis** **Romeine 8: 31-39**

Baie van ons as gelowiges se voorouers se oorsprong is van ander oorsese lande, byvoorbeeld Nederland, Frankryk, Duitsland ensovoorts. Byna vier eeue gelede het die eerste voorouers ons land hulle tuiste begin maak en vele ander het daarna hulle opwagting gemaak om hulle hier te vestig. In die tyd tussen nou en die verlede het daar egter baie water in die see geloop. Die afgelope byna vier eeue is gekenmerk deur vele bloedige stryde, fisies sowel as met die tong. Hier dink ons aan die Voortrekkers se *Groot Trek* na die noorde om hulle daar te vestig, en ook later ons eie kerk se stryd om oorlewing. Om vandag te kan sê dat ons lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is en lewe, is om 'n woord van dankbaarheid teenoor God te spreek. Dit is ook om 'n woord van hoop vir die toekoms te kan spreek!

Maar waarom? As ons terugdink aan die afgelope paar honderd jaar, het God sy kerk, en dan spesifiek ons kerk, behoed en bewaar. Hierdie Skrifgedeelte was seker vir vele gelowiges en lidmate van ons kerk in die verlede die krag, die hoop en die troos wanneer hulle in lyding, benoudheid en gevaar verkeer het (Rom 8: 35). Baie geliefdes moes in die stryd aan die dood afgestaan word, maar selfs dit, sê die Here, kon nie die gelowiges van sy liefde, die liefde in Jesus Christus skei nie (Rom 8: 38, 39).

Die afgelope paar jaar, wat reeds deel van die geskiedenis is, was vir ons, sowel as vir die kerk, moeilike en pynvolle jare, selfs nou nog steeds. Hierdie Skrifgedeelte bied vir ons die hoop, troos en redding in Jesus Christus dat net soos wat Christus in die geskiedenis ons en ons gelowige voorouers versorg het, Hy ons ook nou wil versorg. Ja, vandag en in die toekoms, die geskiedenis wat nog moet realiseer.

31 Augustus **Draer van tradisie** **Matteus 15 : 1-9**

Daar is baie tradisies wat vandag deur mense in stand gehou word. Daar is familie- en gesinstradisies, maar ook tradisies binne die kerk

en selfs gemeentetradisies. Van hierdie tradisies of gebruike, soos dit ook genoem word, is bevorderlik vir die verhouding met God, terwyl daar ander is wat die verhouding eerder sal benadeel.

In die kerk is daar twee rituele wat binne die erediens plaasvind wat sterk gekoppel is aan die verhouding met God. Dit is die doop en die aflegging van geloofsbelydenis. Vir baie gelowiges is hierdie twee gebeure 'n tradisie, maar dit hou sterk geloofsbetekenis en waarde vir hulle in. Tog is daar ook diegene wat hierdie twee gebeure maar net as 'n tradisie beskou, 'n geloofsgebeure wat 'n verantwoordelikheid teenoor God op hulle plaas.

Baie ampsdraers binne die kerk ervaar en beleef dit dat ouers nie die doopbelofte nakom nie. Ouers laai hulle kinders by die kerk af om die kategese by te woon, terwyl die ouers saam met hulle kinders die erediens moet bywoon. Die erediens vorm juis die onderbou vir die kategese-onderrig. Dit word ook ervaar dat sommige ouers die aflegging van geloofsbelydenis sien asof hulle kind matriek skryf en dat die kategese dan ook afgehandel is. Hoeveel jongmense verdwyn nie van die kerklike toneel na aflegging van die geloofbelydenis nie? Ons almal weet dit!

Die Skrifgedeelte wil vir ons sê dat die rituele in die erediens tot eer van God plaasvind en dat dit die gelowige se lewe bepaal waarop hy/sy met verantwoording met die daad moet antwoord op wat met die mond in die erediens bely is. Anders moet die Here ook van ons sê: *Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af* (vers 8). Dan is dit wat ons in vers 9 lees, ook van ons waar, naamlik dat ons van die rituele wat tot eer van God moes plaasvind, bloot menslike leerstellings/tradisies gemaak het. Dit word voorgehou dat dit tot eer van God is, maar dit word nie in die daaglikse lewe uitgeleef nie.

Elkeen van ons is die draer van tradisies, maar ons moet seker maak dat die tradisies, en veral dié wat ons verhouding met God direk raak, ons nie tot nadeel strek nie.

1 September **Burger van 'n staat** **Romeine 13: 1-7**

As 'n gelowige burger van 'n staat, en spesifiek ons land, het elkeen 'n verantwoordelikheid om na te kom. Aangesien die regering van die dag 'n wettige regering is, is elke burger van die staat aan die wette van die regering onderworpe in soverre hierdie wette nie strydig is met die Woord van God (Bybel) nie. In Romeine 13: 1 ontvang ons as gelowiges 'n opdrag om as burgers van die staat onsself aan die gesag van die owerheid te onderwerp - in vers 5 word dit as 'n gewetensaak genoem. Daarom betaal ons belasting en beywer ons ons vir wet en orde.

Die regering van die dag laat godsdiensvryheid toe, wat beteken dat alle godsdienste gelykgestel word. Die gevolg hiervan is dat Christelike beginsels en die Woord van God nie noodwendig as vertrekpunt vir die regering dien wanneer besluite geneem of wetgewing ingestel word nie. Sommige besluite van die regering of die gebrek om wet en orde te handhaaf, dui vir menige gelowige burger daarop dat die optrede van die regering lynreg teenoor die Skrif staan. Die vraag is of die gelowige burger tot enige verset teen die regering kan oorgaan en in watter vorm?

Volgens 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering (1995) word die reg van gelowiges tot protes (optogte) en vreedsame verset erken. Gewelddadige verset word egter sterk afgekeur. Optrede van protes en verset moet vir die gelowige burger van die staat 'n laaste opsie wees. Die weg wat die gelowige deurentyd behoort te volg, is om by elke moontlike geleentheid die evangelie van vrede en versoening in Jesus Christus uit te dra en ooreenkomstig die opdrag van die Woord voorbidding vir die owerheid te doen. Hierdeur sal die gelowige as burger van die staat beklemtoon dat alhoewel hy/sy die gesag van die owerheid as burger erken (God het dit so bepaal), daar net een Heerser is, naamlik Jesus Christus, die Koning vir ewig!

2 September **Burger van God se volk** **1 Petrus 2: 4-10**

Geliefdes, om burgers van God se volk te wees, is om soos hierdie gedeelte sê, die uitverkore volk van God te wees. Ons was dit nie oorspronklik gewees nie omdat ons in die Ou Testament lees dat slegs die volk Israel die uitverkore volk van God was. In hierdie gedeelte word aan ons verduidelik hoe ons dan ook die uitverkore volk van God/burgers van God se volk kan wees.

Eerstens is Jesus Christus die hoeksteen, die lewende steen wat met sy kruisdood, sy opstanding en hemelvaart vir ons wat in Hom glo, deel laat kry aan 'n nuwe lewe. Hierdie hoeksteen waarmee Jesus Christus beskryf word, is 'n vierkantige klipsteen wat eerste as fondament van 'n gebou gelê is en een van die hoeke van die gebou vorm. Vanaf die hoeksteen word die lyne van die gebou getrek sodat die gebou verder opgerig kan word. Die hoekklip is dus die belangrikste steen in die gebou omdat die struktuur van die hele gebou daardeur bepaal word. So is Jesus Christus dan ook die fondament, die hoekklip van die gebou.

Maar waarom is Jesus Christus die belangrikste klip in die gebou? Omdat die gelowiges wat burgers van sy volk wil wees, alleen hulle geloofslewe kan bou op die fondament, hierdie hoekklip, Jesus Christus. Jesus Christus het met sy daad van genade dit vir die gelowiges moont-

lik gemaak om ook lewende stene te wees wat die geestelike huis (geloofslewe) opbou tot 'n heilige koninklike priesterdom om geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. So het die gelowige die uitverkore volk/nasie/eiendomsvolk, burgers van God se volk geword.

3 September **Lidmaat van die kerk** **1 Petrus 2: 4-10**

In hierdie gedeelte word gesê dat elke gelowige 'n lewende steen is wat die geestelike huis, dit wil sê die kerk, opbou tot 'n heilige koninklike priesterdom. Heilig beteken afgesonder en die gelowiges is dus afgesonder om as priesters diens te doen in die sigbare koninkryk van God, naamlik die kerk. Ons is priesters omdat Jesus Christus, die groot priester, ons wat glo ook tot priesters gemaak het. In die Ou Testament kon slegs die afstammelinge van Aäron priesters wees. Maar nou deel ons ook in die koningskap van Jesus Christus, want God het aan Hom 'n ereplek gegee en omdat ons in Hom glo, deel ons in die eer (sien vers 7 wat dit bevestig).

As priesters kan ons nou ook geestelike offers aan God bring, nie die diere- en brandoffers soos tydens die Ou-Testamentiese tyd nie, maar lofoffers, dankoffers en offers van gebed. Want so is die gelowiges, ons, sy kerk, sy eiendomsvolk. Ons is duur gekoop met die bloed van Jesus Christus om sy eiendom te wees, 'n nasie van gelowiges, afgesonder, uitverkies om sy volk, sy kerk te kan wees.

Daarom is dit nie anders dat die gelowiges nou ook soos in vers 9 gesê word, die verlossingsdade van Jesus Christus wat ons uit die duisternis na sy wonderbare lig geroep het, moet verkondig nie. As ons in die lig lewe, sal ons ook graag hierdie redding uit die duisternis wil verkondig waarin ons deel. Jesus Christus is ons hoeksteen, die hoeksteen van die kerk waarvan ons deel is. Dit is ook vir ons 'n groot vreugde om dit te weet, en dit maak ons ook hoopvol om in hierdie wêreld te leef waar mense hierdie hoeksteen/Christus verwerp. Ons weet egter dat die ongelowiges, soos die gedeelte sê, juis oor die hoeksteen Christus self sal struikel. Hulle sal dan vir ewig in die duisternis voortleef, want hulle het nie gehoor gegee aan die Woord wat tot hulle gekom het nie.

4 September **Lidmaat van ons kerk** **Romeine 6: 1-14; 1 Korintiërs 12: 13**

Om lidmaat van die kerk te kan wees, beteken om in 'n bepaalde verhouding tot Jesus Christus te staan en te leef. Hierdie verhouding tot

Jesus Christus word bevestig met die bediening van die doop aan 'n persoon wat lidmaat van ons kerk wil wees. Romeine 6: 1-14 sê dat die dopeling met Christus verenig is en deel in die voordeel van die sterwe (afwassing van sondes) en opstanding van Jesus Christus tot die nuwe lewe.

Die gedoopte is met Christus verenig/verbind en daarom is gedooptes ook met mekaar verenig (gemeenskap van gelowiges). Op verskillende plekke in die Bybel word gesê dat die kerk die liggaam van Christus is. As die doop dan die teken is dat die gedoopte in die liggaam van Christus ingelyf is, beteken dit dat die doop die geleentheid is wanneer ons sigbaar in die kerk ingelyf word (lidmaat word). Daar vind 'n vereniging met Christus en met medegelowiges plaas.

Ons lees in 1 Korintiërs 12: 13: *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam...* (Ou Vertaling). Die konteks van hierdie Skrifgedeelte beklemtoon dat die doop as inlywing dien in die reeds bestaande liggaam van Christus. Die Gees lyf ons by die doop in die liggaam van Christus, in sy kerk in. Van die vroegste tye af is die doop beskou as die inlywing van die dopeling in die gemeenskap van mense wat Jesus as Christus en as die Here bely. Die doop is die openbare en amptelike toetrede tot die kerk van Christus. Daarom sê die doopformulier dat wanneer ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, Hy in ons wil woon en ons tot lede van Christus wil maak.

In die konteks van die formulier word dit duidelik dat die inlywing nie eers plaasvind wanneer ons belydenis van geloof afgelê het nie, maar dat dit eintlik reeds by die doop plaasvind. Tog is die doop net 'n voorlopige lidmaatskap wat eers bevestig word wanneer die gedoopte in die openbaar belydenis van geloof aflê.

5 September **Lidmaat van die gemeente** **Efesiërs 4: 11-13**

Lidmate van die gemeente is saamgestel uit die leraar/s, kerkraadslede (ouderlinge en diakens) en ander gelowiges (gewone lidmate). Aan die leraar en kerkraadslede het die Here sekere gawes gegee om besondere dienswerk in die gemeente te kan verrig volgens Efesiërs 4: 11. Die doel met hierdie gawes (om besondere take te kan verrig) is dat die ampsdaers dit sal gebruik om die gewone lidmate van die gemeente toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus (Ef 4: 12).

Hierdie gedeelte sê dus dat 'n lidmaat van die gemeente nie net lidmaat van die gemeente is omdat sy naam in die lidmaatregister aangeteken is nie. 'n Lidmaat moet aktief deel wees van die gemeente. Dit word dus nie net van my verwag om elke Sondag erediens toe gaan nie! Dit is nie al wat gevra word van 'n gelowige lidmaat van die gemeente

nie! Omdat die gelowige in 'n verhouding met Jesus Christus staan, vra hierdie verhouding gehoorsaamheid aan sy Woord. Die lidmaat van die gemeente is dienskneg van God en staan dus in diens van God wat 'n verpligting op hom/haar as lidmaat.plaas. Een van die verpligtinge is om dienswerk in die gemeente te verrig.

Om hierdie dienswerk in verantwoordelikheid en tot eer van God te kan verrig, vra dat die lidmaat oor voldoende kennis van die evangelie van Jesus Christus sal beskik (Ef 4: 13). Om hierdie kennis te kan verkry, sal die lidmaat toegerus moet word deur die ampsdraers met hulle besondere gawes. Deur toegerus te wees, sal die eenheid in die geloof in Jesus Christus tussen lidmate in die gemeente versterk. Om dus lidmaat van die gemeente te wees, beteken om as 'n toegeruste dienaar diensbaar te kan wees tot eer en verheerliking van die Hoof van die gemeente, Jesus Christus.

Die gelowige en sy arbeid

6 September **Geroepe tot arbeid** **Genesis 2: 5**

Dit gebeur so maklik in ons lewens dat ons arbeid sien as straf en as 'n deel van ons lewens waarna ons moet opsien. Ons haak vas by die verhaal van die sondeval en die gedagte dat ons die brood wat ons eet met moeite sal verdien.

Arbeid het 'n baie meer positiewe beeld in die Bybel. Dit was nie 'n straf vir die mens om te werk nie; die skepping kon nie mooi gelyk het sonder dat die mens arbeid daarin verrig nie. Die mens is geroepe daartoe om in hierdie skepping te werk en op dié manier deel te hê aan die voltooiing van dit wat by die skepping begin is. Sodra ons kan raaksien dat dit nie ons straf is om te werk nie, kan ons met rustigheid begin aanvaar dat ons nie net daartoe geroep is om te werk om te kan eet nie, maar op 'n meer fundamentele vlak geroep is tot arbeid as deel van dit wat ons in die skepping is en wat ons tot die skepping bydra. So gesien, sal ons daarna streef om te werk as deel van dit wat eie aan ons wese en opdrag in die skepping is. Ons is geroepe tot arbeid, nie daartoe gestraf of gedoem om te werk nie.

7 September **Arbeid en roeping** **Matteus 6: 25-34**

Sodra ons besef dat dit eie aan ons wese is om te werk, kan ons op 'n meer gebalanseerde manier na ons roeping in hierdie wêreld kyk. Ons roeping is nie in die eerste instansie om in ons beroepe op te gaan nie.

Ons is nie hier op aarde om ons identiteit en daarom ook ons siel te verloor in die afhandeling van een of ander taak nie. Al is ons tot arbeid geroepe, kan ons nie daaruit aflei dat dit ons hoogste roeping in die lewe is nie. Die oomblik dat ons dit wel dink, loop ons die gevaar om aan onsself te dink as mense wat sonder God kan bestaan en op onsself aangewese is.

Dit is belangrik om te besef dat ons daartoe geroepe is om in afhanklikheid van God te lewe, ten spyte van die mate van sukses wat ons in ons eie beroepe kan behaal en die hoogtes wat ons kan bereik. Om geroepe daartoe te wees om in afhanklikheid van God te lewe, beteken in die eerste instansie dat ons arbeid tot eer van God sal wees, dat dit aan God opgedra sal wees, en dat ons ons afhanklikheid van God sal erken, selfs in die oomblik van ons grootste persoonlike triomf of prestasie. Ons werk kan ons nie tot 'n ander insig bring nie as dat ons steeds afhanklik van God moet lewe.

8 September **Arbeid tot eer van God** **Psalm 128: 2**

Dit is moontlik om 'n hele loopbaan of beroep so te kies en uit te leef sonder om God in die saak te ken. Ons weet dat dit moontlik is om te lewe sonder om te glo of in toewyding aan God sake aan te pak. Wanneer ons egter tot die insig gekom het dat ons daartoe geroepe is om in afhanklikheid van God te lewe, is die vraag altyd na die hóé. Hoe lewe 'n mens in afhanklikheid van God?

Die antwoord is deels daarin geleë dat die mens tot eer van God moet lewe. Om tot eer van God te lewe, beteken dat jy ook in die arbeidsveld aan sekere kriteria onderwerp word. Sodra jy bely dat jy glo, is die vraag wat elke keer weer aan jou gestel word of jy na die wil van God vra? Dade waarin nie rekening gehou word met die wil van God nie, is dade van ongeloof en ongehoorsaamheid. Ons kan nie redeloos vashou aan die voorspoedsgeloof wat baie mense terugvind in Psalm 128 nie. Maar ons kan steeds weet dat die mens wat na die wil van God vra, God se goedkeuring op sy arbeid gaan ontvang. Selfs al gebeur dit nie altyd dat 'n mens in hierdie lewe na verwagting of behore beloon word nie, kan ons tog in die oortuiging leef dat God só die mens seën.

9 September **Arbeid om den brode** **Lukas 10: 7**

Die arbeider is sy loon werd. Hierdie woorde word hier deur Jesus gebruik ten opsigte van die sending van die twaalf. Die vanselfsprekend-

heid waarmee hierdie woorde geuiter is, val egter op. Jesus aanvaar dit as vanselfsprekend dat die arbeider sy loon werd is.

Hierdie saak het meer as een kant. In die eerste instansie word aanvaar dat arbeid sy loon verdien. Daar is nie sprake van genadegawes of uitbuiting nie, net eerlike werk en eerlike vergoeding. Hierdie loon word tweedens gesien as stoflike versorging, sodat die arbeider nie honger sal ly of gebrek sal ervaar nie.

Al het ons situasie drasties verander, geld dieselfde in vandag se situasie. Arbeid gaan om versorging van die self en sy/haar geliefdes. Sodra arbeid 'n instrument word tot selfverryking ten koste van dit wat eintlik die wesenlike is, vervorm die arbeid. Om te werk, beteken nie om te kyk hoe ryk jy kan word nie. Aan die ander kant is dit net so waar dat die werkgewer moet onthou dat die mens in diens ten brode werk. Uitbuiting en minder as genoeg loon vir die persoon om van te lewe, sal jou tot eie skade gereken word deur die Een wat rekenskap gaan vereis. Ook die werkgewer moet besef dat die arbeider nie onder die broodlyn kan lewe nie. Dit is nie aanvaarbaar dat 'n persoon hard werk, maar dat hy nie eens genoeg geld verdien om kos te koop nie.

10 September **Arbeid tot hulp van die naaste** **Efesiërs 4: 28b**

Werk as 'n eerbare aktiwiteit is nie net die opdrag wat aan die leeglêer en die dief gegee word nie, maar dit word aan elke mens gegee. Werk het nie net die dimensies van selfversorging en selfaktualisering nie, maar eie arbeid het ook die medemens in die oog. Die rede hiervoor is dat alhoewel almal die opdrag ontvang om te werk, daar mense is wat nie aan hierdie opdrag gehoor kan gee nie. Daar is 'n verskeidenheid redes waarom mense nie vir hulleself kan sorg nie. Dit kan as gevolg van hoë ouderdom wees, swak gesondheid, 'n gebrek aan kwalifikasies en deesdae ook as gevolg van die diskriminerende praktyk van regstellende aksie.

Dit maak nie saak wat die geldige rede mag wees nie, daar sal altyd mense wees wat wil werk en werk soek, maar wat nie geakkommodeer kan word nie. Hierdie mense het in ons hoogs kommersiële samelewing steeds die behoefte om te kan eet en warm te gaan slaap. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die skouers van die mense wat wel werk het, om op 'n manier ook vir hierdie mense te sorg. Arbeid is daarom nie net 'n werk om den brode van die eie nie, maar ook van die naaste wat weens omstandighede nie vir hom-/haarself kan sorg nie.

11 September **Liggaam en lewe 'n gawe van God** **Psalm 104: 29-30**

Marionette en poppespel was nog altyd genotvol vir die kinders van alle eeue en ouderdomme. Hoe dunner die toutjies en hoe beter die manipuleerders weggesteek is, hoe hoër word die vertoning aangeskryf. Dit is waarskynlik waarom radiobeheerde speelgoed net so gewild is. Die mens weet egter dat daar iemand is wat die motortjie of pop beheer, en hy weet ook dat hierdie beheerde item se lewe afhanklik is van die een wat in beheer is.

Die mens het dit egter reggekry om in sy eie denke die belangrikste band van die lewe te ontken of te ignoreer. Ons, die poppe, het soos 'n Pinocchio gestreef na 'n eie lewe en onsself nou al oortuig dat ons sonder God kan bestaan. Die verskriklike werklikheid is egter dat ons lewe net so afhanklik is van God se hand soos wat die marionet van die manipuleerder afhanklik is. Hierdie band tussen Skepper en skepsel is onverbreeklik. Selfs die ongelowige is vir sy lewensasem van God afhanklik. Net omdat die ateïs God se bestaan ontken, beteken dit nie dat God skielik gaan ophou om te bestaan nie. Dit sal die mens deug om sy afhanklikheid van God en God se goeie guns voor oë te hou. Ons sal altyd 'n band met God hê, al probeer ons dit hoe goed wegsteek.

12 September **Liggaam as tempel van die Here** **1 Korintiërs 3: 16; 1 Timoteus 4: 8**

Dit is opvallend hoeveel plekke die mens van vandag op sy liggaam gevind het waarop daar getatoeër kan word, of ringe of dinge deurgesteek kan word. Dit is net so opvallend hoeveel mense daar is wat hulle liggame versorg, terwyl ander alles maar net laat gaan. Sommige mense is oorversigtig en ander stel hulle liggame aan soveel druk en pyn bloot, net om te kyk wat hulle kan verduur. Dwelms, te veel kos, te min kos, noem maar op, mense gebruik en misbruik hulle liggame. Die vraag is egter na die regte gebruik van die liggaam. Dit is juis waarom die vers in 1 Timoteus 4 van belang is.

Die mens is die tempel van die Here, maar hierdie tempel is net 'n tydelike woning en moet daarom nie verafgod word nie. Die mens se liggaam is 'n tempel van die Here, aangesien die Heilige Gees in ons woon, en dit beteken dat ons onsself tot beskikking van God se saak moet stel. Ons word gebruik om die evangelie aan ander mense oor te dra en om vir ander mense te sorg. Om hierdie dinge te kan doen, moet ons persoonlik teenwoordig wees en dit beteken dat ander mense die tem-

pel gaan sien. 'n Tempel verteenwoordig God, en daarom moet die tempel altyd goed versorg word.

13 September **Verantwoordelikheid teenoor liggaam** **1 Tessalonisense 5: 23**

Daar was tye in die geskiedenis dat die mense in die oortuiging geleef het dat die liggaam nie van belang is nie. Al wat belangrik was, was dat die mens se siel gered moes word. Wat jy ook al aan jou liggaam gedoen het, of met jou liggaam gemaak het, was van min of geen belang nie. Solank jy jou siel kos gegee het, was alles in orde.

Wanneer God in Openbaring waarsku teen die leer van die Nikolaïete en Isebel, is dit in alle waarskynlikheid juis hierdie tipe benadering waarteen gewaarsku word. Aan die een kant is dit moontlik om jou liggaam af te skeep en op dié manier nie erkenning te gee aan die eenheid van menswees wat jy is nie. Aan die ander kant kan jy agter 'n vermeende tweeheid in jou menswees wegkruip en jou dan op dié manier aan jou liggaam vergryp. Die kern van die saak is dat die mens 'n eenheid is en daarom soos 'n eenheid moet optree en benader word. In 1 Tessalonisense 5 word ons juis voorberei op die wederkoms, na die tyd wat ons na liggaam en siel versorg en onberispelik moet wees. Gebalanseerde aandag en versorging van die liggaam is deel van ons menswees en roeping.

14 September **Soos 'n blom in die veld** **Psalm 22: 30**

Selfs al is dit ons roeping om sorg te dra vir ons liggame, moet daar altyd gekyk word na die balans wat in die Skrif teruggevind kan word. Die mens is steeds op meer as een vlak aan verganklikheid onderworpe. In die eerste instansie is ons as mense steeds sterflik en kan dit te eniger tyd gebeur dat ons die laaste asem uitblaas. Daar is geen waarborg dat enige persoon die dag van môre sal kan sien nie. Versorging van die liggaam staan daarom in die laaste instansie onder die teken van die grafsteen.

Tussen wieg en grafsteen het elke mens egter ook 'n sekere tyd hier op aarde. In hierdie bestaan is die mens op 'n tweede manier aan verganklikheid onderworpe. Ouderdom is 'n onvermydelikheid wat aanvaar moet word. Soos 'n blom in die veld, is die mens se bestaan ook een van groei en bloei en eindelik verval. Hierdie veroudering as 'n gegewene moet met waardigheid aanvaar word en die mens moet sy lewenstyl by veranderende kragte en vermoëns aanpas. Die waardigheid

waarmee ons ons ouderdom en die dood aanvaar, vind sy beslag in die geloof wat ons uitleef. Ons vertrou op die wonder van God, wat deur geen woord beskryf kan word nie, die wonder dat ons eendag saam met God in die ewigheid nie meer aan hierdie verganklikheid onderworpe sal wees nie, soos Paulus dit ook in die Romeinebrief oorvertel.

15 September **Die gelowige en sy liggaam** **Genesis 3: 17-19;**
Gestorwe liggaam: **Markus 15: 42-47**
begrawe of veras

Wie al 'n mens sien sterf het, is altyd verwonderd oor die vreemde proses wat daar voltrek word. Die een oomblik is daar 'n mens en die volgende oomblik ... ja, wat is daar dan? By gebrek aan beter woorde praat ons van sy gestorwe liggaam as sy stoflike oorskot. En wat seker is, is dat dié liggaam totaal tot stof vergaan soos wat God in Genesis bepaal. Wat maak ons daarmee?

In die Ou Testament het die Israeliete hulle dooies begrawe. Ook in die Nuwe Testament was dit die gebruik gewees. Die heidene, soos die Romeine, het lykverbranding toegepas. Trouens, baie heidense volke doen dit vandag nog. Die kerklike tradisie was om afgestorwenes te begrawe.

Maar mag ons glad nie veras nie? Wat nou gemaak wanneer ons begraafplase as sokkervelde gebruik word?

Daar is geen Bybelse aanduiding dat ons nie mag veras nie. En bloot natuurwetenskaplik gesien, werk die een oksidasieproses net vinniger as die ander een.

Soos wat dit vir God moontlik is om uit die stof van die aarde 'n lewende mens te skep, is dit vir Hom moontlik om uit die stof of as 'n mens te herskep. Daarom mag ons ook veras. Ons gee egter in die kerk hoofsaaklik om twee redes voorkeur aan begrawe: Eerstens volg ons Christus se voorbeeld. Christus was in die graf en Hy het die graf oorwin. Tweedens gee 'n begrafnis aan die naasbestaandes 'n sielkundige afsluiting wat niks anders bied nie.

Watter metode ons ook al gebruik, in ons gedagtes, woorde en dade moet ons duidelik ons dank en eer aan die Heer van lewe en dood betoon dat Hy ons gun om te lewe, maar ook dat Hy ons verseker dat ons aan Hom behoort - in lewe én in sterwe.

16 September **Die gelowige en sy liggaam** **Johannes 20: 19-31;**
Bestem om op te staan **1 Korintiërs 15: 35-58**

Ek glo ... die opstanding van die vlees. So bely ons elke Sondag in die erediens. Maar presies wat bedoel ons?

Die apostel Paulus verduidelik ons opstanding op grond van Christus se opstanding teen die agtergrond van die Ou-Testamentiese begrip oor lewe en dood. Die lewensbeginsel is die Hebreeuse *nefesh* wat ons met *siel* vertaal. 'n Lewende mens is 'n lewende siel en 'n gestorwe mens is 'n dooie siel. *Siel* is egter nie iets wat soos 'n spook iewers in 'n mens leef en by sy dôod die liggaam verlaat nie. Siel is eintlik die liggaam self, lewend of dood.

Daarom verduidelik Paulus dat ons liggaam opgewek sal word, maar in 'n ander bestaanswyse. Hy sê ons verganklike, sterflike liggaam word as onverganklike, onsterflike liggaam opgewek. Hy bedoel daarmee: ons sal soos Christus opstaan in ons eie sigbare, tasbare menslike gestalte, maar verheerlik.

Lasarus en andere wat uit die dood opgewek is, het na hierdie aardse lewe teruggekeer en moes ook later weer sterwe. Ons enigste getuienis oor hoe ons opstanding uit die dood sal wees, is Christus self wat uit die dood opgestaan het. Hy het nie soos Lasarus teruggekeer na hierdie lewe nie. Hy het uit die tydelike lewe deur die dood na die ewige lewe beweeg. En hoe sien ons die opgestane Christus? Ons sien Hom as 'n herkenbare mens, maar nie soos ons aan tyd en ruimte gebind nie. Hy is 'n wese wat buite tyd en ruimte bestaan. Christus het teruggekeer na sy ewige bestaan by die Vader. Die aardse Jesus was soos ons aan tyd en ruimte gebind. Dit het tyd geneem om die massa en ruimte wat Hy beslaan het van Galilea na Jerusalem te beweeg. Na sy opstanding het die mure Hom nie gekeer nie - en die een oomblik was Hy in Jerusalem, en die volgende oomblik in Galilea. So sal ons ook opstaan: in 'n ander bestaanswyse buite tyd en ruimte - verheerlik. Dit is soos die gesangversie sê:

Soos die mense het die Christus hier gelewe in die tyd;
soos die Christus sal Gods kinders lewe in die ewigheid.

17 September **Die gelowige en die natuur**
God se skepping

Kolossense 1: 15-20;
Genesis 1

Wat fisici met baie moeite en indrukwekkende wiskundige berekenings vasstel, vertel die Bybel in 'n eenvoudige verhaal, naamlik dat God die hemel en die aarde uit niks geskep het. Fisici kan bereken wat tot in miljoenstes van 'n sekonde ná die skeppingsoomblik plaasgevind het en ook wat dermiljoene jare later gebeur het - alles baie indrukwekkend en interessant. Aan die een kant help dit ook om baie dinge in die Bybel te verstaan en aan die ander kant bevestig die Bybel baie van die fisici se bevindings. Dit groot vraag oor die natuur word egter nie in die fisika beantwoord nie, naamlik wat is die doel van die skepping?

Die Bybel gee die antwoord: Tot sy eie eer het God die hemel en die aarde geskep. Hy het dit gedoen deur die Skeppingsmiddelaar Jesus Christus. Daardeur het God die ganse skepping, en dus ook die natuur wat ons om ons ken, in 'n besondere verhouding met Homself geplaas. Dié verhouding word miskien die beste beskryf deur die Johanneswoord wat sê dat God die wêreld só liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie.

Die ware gelowige benader die skepping en die natuur om ons dus vanuit 'n perspektief wat van God se kant af op die natuur gerig is, en nie van die mens se kant af nie. Só merk ons op dat die natuur God se eiendom is. Hoewel die objek van God se liefde, is die natuur nie goddelik of aanbiddelik nie. Hoewel die Skepper, is God vry van die natuur. Hoewel vry van die natuur, is God tóg ook daaraan verbind as Onderhouer en Beskikker.

Uiteindelik vra die gelowige: Watter plek neem ek in die opset in, want ek is immers óók skepsel van God?

Hierdie plek word bepaal deur my verhouding met Jesus Christus.

18 September **Die gelowige en die natuur** **Genesis 1: 26; 2: 4;**
Heersers in die Naam van God **Kolossense 3: 1-17**

Die mens is geskep na die beeld van God. Dié beeldskap word afgelei van die gedagte dat die mens as 't ware God se skaduwee op aarde is. As sodanig is hy geskep om God op aarde te verteenwoordig. Sy doel was om só oor die skepping te heers dat die ganse skepping God sal eer. Dit het behels dat hy onder andere God se rentmeester moes wees wat die skepping moes versorg en beskerm. Deurdat hy egter God se eer vir homself wou toeëien, het hy deur die sondeval in 'n toestand beland waarin hy voortdurend sy doel mis - die sondetoestand. In plaas daarvan dat hy rentmeester oor die skepping is, word hy die primêre uitbuiter en verwoester.

Deur ongebreidelde verbruik van grondstowwe en gepaardgaande besoedeling word die aarde só vernietig dat die beste vooruitskouings die aarde tyd gun tot die jaar 2145. Dan behoort deur besoedeling en verbruik die lewensaktiwiteite tot totale stilstand te kom. Geen skoon grond, geen suiwer water, geen suurstof meer nie.

Deur geloof in Jesus Christus word die mens in sy oorspronklike heersersposisie herstel. 'n Gelowige behoort só te lewe dat hy meehelp om die lewenspan van die aarde tot in oneindigheid te bestendig. En dit is moontlik. Die eerste taak is om die wêreld te kersten. Die tweede is om aan die wêreld voor te leef hoe om vergenoegd te wees met die gawes

wat ons van God ontvang. Maar ook verder, hoe om die moderne tegnologie te benut om tot voordeel van mens én wêreld ons ontwikkelingstaak uit te voer. En: hoe om die tegnologie nóg verder te ontwikkel dat die aarde mens en dier kan bly huisves.

19 September **Die gelowige en die natuur** **Genesis 1: 28-30;**
Tot ons beskikking **1 Korintiërs 10: 23; 11:1**

Die bevel van die Here aan die mens om oor die aarde te heers, is die klassieke kultuurbevel. Dit is 'n bevel om die natuur só te omvorm dat dit vir die mens diensbaar is - om die grond só te bewerk dat dit in die vorm van voedsel eetbaar is. Om wol, hare, huide, velle en plantvesels só te omvorm dat dit as klere gedra kan word. Om klippe, sand en klei te meng en te bak om daarmee huise te bou as beskerming teen dieselfde natuur waaruit dit kom. Om uit organiese en anorganiese materiaal middele te maak wat mens, dier en plante kan genees as hulle siek geword het.

Die wet van God het later met goeie redes sekere beperkings geplaas op die mens se gebruik van die natuur - tot Christus gekom het en die wet vervul het. Christus het die gelowige vrygemaak van die wet en dié se beperkings. Trouens, Christus het die gelowige in staat gestel om weer sy kultuuropdrag te kan uitvoer.

Die gelowige is nou vry van sonde en dood, maar ook vry om die hele skepping te gebruik. En die manier waarop hy dit doen, is om alles te gebruik met die doel waartoe God dit geskep het. Op dié manier is alles tot ons beskikking, maar vir die regte doel en in die regte hoeveelhede. So mag ons die natuur gebruik vir ons lewensonderhoud en -beskerming, maar ook om van te geniet. God het ons só gemaak dat ons byvoorbeeld mooi gekomponeerde klanke as musiek kan geniet, mooi kleure as skilderye, in klere of blote versiersels, so ook aangename smake, geure en gevoelens.

Die bedoeling is uiteindelik om wat ons ook al gebruik en geniet, dit met danksegging te doen tot eer van God. Van Hom kom al die goeie gawes - aan Hom die dank en eer.

20 September **Die gelowige en die natuur** **Genesis 1: 27-30;**
Gebalanseerde verantwoordelikheid **Efesiërs 4: 17-24**

Die kultuuropdrag van God aan die mens is deur baie mense verstaan as 'n opdrag om oor die skepping te heers soos 'n heerser oor slawe. Dit spreek vanself dat só 'n beskouing die natuur aan die mens se bose

grille prysgee. Vandaar waarskynlik die verbruikende uitbuiting van reserwes, besoedeling en oorbevolking. Daarom is dit goed om weer oor dié opdrag te besin.

Die gelowige beskou die opdrag vanuit drie perspektiewe. Eerstens is die opdrag onlosmaaklik verbind aan die mens se beeldskap van God. Ons moet dus met die skepping omgaan as God se verteenwoordiger op aarde en dit kan net beteken dat ons die aarde só sal bewerk en bewaar dat dit alle geskape lewe kan onderhou. Dit is waarvoor God die aarde bedoel het - alles tot sy eer.

Die perspektief is dat God sy seën verbind het aan die opdrag. Hy het die mens geseën en aangesê om vrugbaar te wees, baie te word en die aarde te bewoon en te bewerk. Solank as wat die mens dus die natuur op 'n gebalanseerde manier benut, naamlik na die bedoeling van God, rus God se seën op sy werk.

Derdens voer die gelowige sy kultuuropdrag uit vanuit die perspektief dat God in Jesus Christus Homself met sy beeld op aarde verenig het. In Christus het God sy beeld geword - die mens. Wie dus in Christus glo, word soos Adam aan die begin, in 'n posisie geplaas waarin dit vir hom moontlik is om God se beeld op aarde te vertoon. Maar ook om die werk van God se verteenwoordiger te verrig. Hy is nou in staat om in toewyding aan God op 'n ewewigtige manier te leef. Hy leef van die aarde, maar sorg ook dat hy en alle lewe wel daarvan kán leef.

21 September **Die gelowige en die natuur** **Genesis 1: 1; 26-31;**
Wetenskap en kennis **Jesaja 40: 12-31**

As die mens sy kultuuropdrag na behore wil uitvoer, moet hy besef dat navorsing oor sy onderwerp noodsaaklik is. Hy moet dus die skepping bestudeer om te wete te kom hoe alles lyk en funksioneer sodat hy die wette in die natuur nuttig kan aanwend om lewe te onderhou en te bewaar. Ook om die skepping te bewaar. Hy moes dus gaan vasstel hoe God die skepping gemaak het.

In sy versameling en aanwending van dié kennis, moet die mens bewus bly van bepaalde riglyne waarvan sommige hier genoem word. Daarvan is die belangrikste dat God die kosmos geskep het - alle natuurwette is deur God daargestel. Verder, dat die mens se navorsingsresultate altyd voorlopig sal wees, dit wil sê totdat meerdere kennis sy kennisstand verbeter. Vervolgens moet hy hom laat lei deur 'n etiek van selfbeperking, sowel wat sy eksperimentering as aanwending van sy kennis betref. Uiteindelik moet sy doel die algemene welsyn van die skepping wees.

Só 'n positiewe aanvaarding van die wetenskap lê in die kultuuropdrag van God opgesluit. Een resultaat daarvan is dat die werklike groot wetenskaplike verwonderd staan voor die grootheid en almag van God. Verder, dat die positiewe ontwikkeling van die tegnologie die aarde al meer in staat stel om die vermeerdering van die mensdom te kan dra.

Daar is negatiewe uitwasse van die wetenskap, byvoorbeeld mense wat, as hulle 'n bietjie kennis verwerf het, begin dink dat hulle kennis die totale inhoud is van wat daar te wete is. Hulle eerste resultaat is dat die moderne mens nie kan aanvaar dat daar 'n God is wat van buite tyd en ruimte kan ingryp in hierdie aardse werklikheid nie. Volgens hulle is daar dus geen God nie - net omdat hulle klein verstand nie alles kan omvat nie. Gewoonlik lei hierdie benepe kennis tot aanwendings wat strydig is met God se opdrag en 'n verwoestende uitwerking op die aarde en die lewe het.

Die gelowige moet wetenskap en kennis positief benader en in dankbare en nederige verantwoordelikheid teenoor God, natuur én kultuur doelmatig bestuur.

22 September **Die gelowige en die natuur** **Psalm 8**
Wetenskaplike kennis en geloof

Die mens het op die 21ste Julie1969 die eerste keer op die maan geland. Dit is voorafgegaan deur groot opskuddings in sommige godsdienstige kringe. Daar is gesê dat die mens nou te ver gegaan het. Redenasies is aangevoer, soos:

* God se sfeer is nou binnegedring en ons sal daarvoor gestraf word.
* God het die mens geskape om op die aarde te woon, ons het niks te doen op die maan nie.
* Ateïste en ongelowiges sal soos die Russiese ruimtevaarder, Joeri Gagarin, ná die tyd 'n bespotting van God maak en sê dat Hy nie bestaan nie omdat hulle Hom nie gesien het nie.

Die mens hét wel op die maan geland en veilig teruggekeer. Daar was geen straf nie, maar eerder 'n vewondering oor die grootheid van die heelal. Die ruimtevaarders is gesien as die pioniers, die helde wat die heelal verken.

Wat kan ons uit hierdie episode in die geskiedenis leer? God, die Skepper, word nie bedreig deur mense wat die wonders van die heelal navors en verken nie. Hy wil juis hê dat die mens se kennis van sy skepping sal toeneem. Ons hoef dus nie bang te wees vir uitbreiding van kennis nie. Al weet en verstaan ons ook hoe baie van die skepping, sal ons nooit alle kennis kan besit nie. Dit is alleen die Outeur (God) se voor-

reg. Intussen bring ons uitbreiding van kennis ons tot groter verwondering, aanbidding en geloof in die Skepper. Saam met die psalmdigter moet ons bely: *Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!*

23 September **Antropolgie: Die gelowige en die natuur - Grense van ons kennis?** **Psalm 136**

Die werking van die natuur is, om die minste te sê, fassinerend. Neem nou maar die aswenteling om die omwenteling, die twee bewegings van die aarde. Aswenteling beteken dat die aarde om sy eie as wentel. Dit neem so vier en twintig uur. Omwenteling beteken weer dat die aarde om die son wentel. Hierdie siklus neem so driehonderd vyf en sestig dae om te voltooi. Dan het ons ook nog die maan wat terselfdertyd om die aarde wentel. Dit is nogal ingewikkeld: die aarde wentel om sy eie as, dan ook nog rondom die son en die maan wentel weer rondom die aarde.

Dit is ook interessant om te weet dat, omdat hierdie wetmatighede so in die skepping ingebou is, dit lewe fasiliteer. Indien dit nie so was nie, as ons byvoorbeeld sou sê dat die aarde 'n omwentelingsiklus van vierhonderd dae gehad het, en dat die aarde in 'n wentelbaan nader aan die son beweeg, sou lewe op ons planeet onmoontlik gewees het. Dit sou lang, koue winters en verskroeiende somers beteken het waarin mens, dier en plant moeilik sou kon oorleef. Seisoene en weerpatrone sou ons nie meer so goedgesind gewees het nie. Gelukkig werk dit nou anders vir ons.

Die wetenskaplikes staan verstom voor hierdie feite. Hulle kan slegs verstaan *hoe* dit gebeur. Hulle sien met ander woorde slegs die prentjie en maak dan afleidings, maar hulle kan glad nie verstaan *hoekom* dit gebeur nie. Om te weet hoekom dit so gebeur, is alleen die voorreg van die Skepper. Hy het in sy wysheid bepaal dat die natuur volgens die reëlmaat en wetmatighede soos deur Hom bepaal, sal werk. In die proses het Hy ook vir die mens 'n woonplek gemaak. Dit is 'n woonplek waar ons kan leef en werk, ons kan plant volgens die seisoene en ons kan diere aanhou. Hier vermeerder ons kennis wel. Ons weet *hoe* baie dinge werk, maar ons verstaan nie *hoekom* dit so werk nie. Hierdie besef bring ons tot groot nederigheid oor onsself vanweë ons beperkte vermoë om dinge te verstaan. Dit bring ons veral tot aanbidding voor die God wat hemel en aarde op sy unieke wyse geskape het.

24 September **Antropologie: Die gelowige en die natuur - Kundigheid en tegnologie** **Handelinge 27**

God het die mens met verstand en vermoëns geskape. Die mens het die wil tot kennis, uitbreiding en verstaan. Reeds vanaf die vroegste tye is tegnologie ontwikkel om die mense te help om die wêreld te verken en onbekende horisonne aan te durf. Ons lees in Handelinge 27 van 'n skip, 'n dieptemeetinstrument (dieplood), ankers, toue en roeispane. Hierdie antieke tegnologie, hoewel feilbaar (die skip het gesink), was van groot waarde vir die mens. Dit het hom tot by plekke gevoer wat vroeër onbereikbaar was. Op daardie plekke het Paulus, dikwels vir die eerste keer, die evangelie verkondig.

Tegnologie het sedert daardie tyd geweldig ontwikkel. Ons verken nie meer net die see en land nie, maar ook die ondersese en die buitenste ruimtes. Binne minute kan ons van een stad tot 'n ander stad beweeg en binne ure van een kontinent na 'n ander kontinent. Ons kan harte oorplant en kwaadaardige gewasse verwyder. In ons huise het ons die mees gevorderde tegnologie in die vorm van mikrogolfoonde, rekenaars en selfone. Met die druk van 'n knoppie het ons deur die internet en e-pos toegang tot kennis en mense reg oor die wêreld gekry.

Die tegnologie is as 't ware 'n verlengstuk van die mens. Dit is sy arms om die werk te doen waarvoor hy nie sterk genoeg is nie, sy oë om te sien as sy sig nie meer so goed is nie en sy ore om hom te laat hoor indien sy gehoor nie meer so goed is nie. Al die tegnologie het ons lewens soveel makliker gemaak. Dit het ook die wêreld kleiner gemaak. Daar is niks fout met tegnologiese vooruitgang nie. Ons moet dit nie slegs gebruik nie, maar God ook dank dat Hy aan die mens die vermoë en kundigheid geskenk het om dit te maak. Saam met Paulus in Romeine 11: 36 moet ons bely: *Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.*

25 September **Antropologie: Die gelowige en die natuur - Tegnologie ten dienste van die skepping** **Genesis 1: 28**

In die Skrifgedeelte lees ons dat God die opdrag aan die mens gee om oor die natuur te heers. Die mens word volgens die gedeelte medewerker van God om die skepping te bewaar. Ongelukkig het die mens jammerlik misluk in die uitvoering van hierdie opdrag. Ons is besig om die aarde se natuurlike hulpbronne uit te put. Daar word bereken dat ons slegs vir die volgende vyftig jaar steenkool oorhet. Verder het ons deur onoordeelkundigheid verskeie dierspesies laat verdwyn. Die Kaapse

bergkwagga en die bloubok is enkele diere wat ons nie meer by ons het nie. Dit is hartseer om te dink dat dié spesies vir ewig verlore is. Op 'n manier moet ons sorg dat die natuur nie verder agteruitgaan nie. Daarvoor behoort tegnologie tot diens van die skepping ingespan te word. Voorbeelde hiervan is die volgende:

* Die gebruikmaking van kunsmatige inseminasie om die uitsterwing van spesies verder teë te werk.
* Die monitering van oorbevolkte spesies deur gebruik te maak van onder andere helikopters en die hervestiging daarvan in nuwe reservate.
* Die neem van monsters om water- en lugbesoedeling teen te werk.
* Die verbanning van die jag op walvisse vir olie en olifante vir ivoor.
* Die wetenskaplike soeke na en navorsing van alternatiewe hulpbronne wat nie so 'n skadelike effek soos steenkool op die natuur sal hê nie.

Dit gaan dus hier om die vindingryke uitvoering van God se opdrag om die natuur te beheers. Dit verg gehoorsaamheid aan hierdie opdrag sodat ons nageslag ook die voorreg kan hê wat ons het, om God se skepping te bewaar vir die geslagte wat kom.

26 September **Antropologie: Die gelowige en die natuur - Tegnologiese bedreiging van die skepping** **Job 28: 1-11**

Dié gedeelte uit Job is 'n treffende getuienis van mynbou in die antieke tyd; hoe skagte gegrawe is, waterare toegestop is, erts uit die grond gehaal en koper, goud en saffier uit die erts gehaal is. Hier word dus, hoewel nie noodwendig in dié volgorde nie, 'n mynbouproses beskryf. Sedertdien het die tegnologie op die gebied van mynbou geweldig ontwikkel. Die mynskagte en -hope langs die paaie is stille getuienis daarvan.

Ons weet dat daar ook in ons tyd nie net edelmetale nie, maar veral steenkool gemyn word. Kom ons gebruik die myn van steenkool as voorbeeld van die tegnologiese bedreiging vir die skepping. Die steenkool word uit die grond uit gemyn, afvalstowwe word op hope gegooi en die steenkool word gebruik om energie te verkry vir industrieë en huishoudings. Hierdie hope met afvalstowwe, waarin daar nog steeds steenkool is, neem omtrent vyf en twintig jaar om uit te brand. Hierdie branding kan in die nag waargeneem word. Van die stowwe wat deur koolstofvure in die atmosfeer vrygestel word, is koolstofdioksied, swaeldioksied en swaeltrioksied. Dit het 'n onberekenbare skadelike uitwerking op die mens en sy omgewing. Mediese probleme, byvoorbeeld sinus, asma en longsiektes is algemeen onder die mense in die omgewing van

steenkoolmyne. Die omgewing word verder geteister deur swaelreën en 'n hoë voorkoms van roes. Die probleem is dat ons op hierdie stadium so afhanklik geraak het van steenkool vir energie, dat ons glad nie daarsonder kan klaarkom nie. Stel u voor dat alle steenkoolkragstasies meteens ophou funksioneer. Sonder elektrisiteit sal dit katastrofies wees as geen rekenaars, treinsinjale en verkeersligte werk nie!

Ons is dus besig om 'n baie hoë prys te betaal vir ons tegnologiese vooruitgang. Ons sal baie vaardig en vindingryk moet wees om hierdie situasie, wat ons self geskep het, te bowe te kom. Ons kan maar net tot die Here bid om ons te vergewe omdat ons die natuur so uitbuit en Hom vra dat Hy op 'n unieke wyse vir ons 'n toekoms sal gee.

27 September **Antropologie: Die gelowige en menseregte - Ideologie of evangelie** **Kolossense 3: 18-4: 1; 4: 9-14**

Ons leef in 'n tyd dat baie gepraat word oor menseregte. Daar is soveel wette ingestel wat daarop gerig is om die regte van elke moontlike individu te beskerm. Vrouens, kinders, gestremdes, agtergeblewenes en nog vele ander is volgens dié wette geregtig op hulle volwaardige plek in die samelewing. Kortom, daar mag nie meer teen enige persoon of groep gediskrimineer word nie. Sulke diskriminasie word gereguleer deur boetes en strafmaatreëls. Die wyse waarop menseregte afgedwing word, laat dikwels 'n wrang smaak in die mond. Selfs in die geval van 'n werksvakature blyk dit dat nie gesoek word na die bekwaamste kandidaat nie, maar dat ander faktore van deurslaggewende belang is.

Dit is verrassend om agter te kom dat die bogenoemde Skrifgedeeltes heeltemal ten gunste van bevryding is. In Kolossense 3: 18-4: 1 neem die outeur die tradisionele siening, waar daar slegs 'n verpligting van die ondergeskiktes (vrouens, kinders en slawe) teenoor die patriarg (vader) is, en draai dit om. Voorheen moes hulle slegs aan hom verantwoording gedoen het, maar dit is duidelik dat hy ook teenoor hulle 'n verantwoordelikheid het. Dit is dus nie meer net eenrigtingverkeer nie, want almal het nou 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar. In Kolossense 4: 9-14 neem die outeur hierdie siening selfs 'n stap verder. Onesimus, die slaaf wat weggeloop het (lees Filemon), word as getroue medegelowige beskryf. Die gemeente hou byeenkomste in die huis van 'n vrou, Nimfa (4: 15). Die feit dat mense in die huis van 'n vrou bymekaargekom het, was só radikaal in daardie tyd dat sommige kopiste (mense wat die Bybel moes dupliseer) probeer het om haar as 'n man voor te stel.

Die vroeë Christendom het dus baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van die gelykheid van mense. Indien dit dan die geval is, hoekom moet ons spesiale wette hê om mense te beskerm, hoekom sommige bo ander bevoordeel? Kan ons nie maar die beste en bekwaamste persoon kry vir die taak of posisie nie, ongeag van enige eksterne faktore? Ons het geen ideologie nodig nie, ons het die evangelie. Tereg sê Galasiërs 3: 28 vir ons: *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus is julle almal één.*

28 September **Antropologie: Die gelowige en menseregte - Regte of voorregte** **Johannes 15: 9-15**

In die tyd toe die Evangelie van Johannes geskrywe is, het daar 'n baie sterk klassebewussyn by die mense geleef. Hierdie klassestelsel was op die Romeinse model geskoei. Ons kan dit voorstel met behulp van 'n piramide. Heel bo was die keiser. Daar was slegs een so 'n posisie. Hy is dan ook as *Here* aangespreek. Op die tweede vlak was die sogenaamde *vriende van die keiser*. Daar was baie min van hulle. Dan het die piramide al laer af gegaan tot by die laagste klas. Die dissipels, wat vissermanne was, was van die laagste klas afkomstig.

Dit is interessant om te weet dat dit juis die vroeë Christendom is wat hierdie piramide omgekeer het. Heel bo aan hulle piramide was nie 'n keiser nie, maar Christus. Hy is die enigste een wat *Here* genoem is. Aan die gewone mense op straat is 'n besondere plek toegeken en hulle is die *vriende van die Christus* genoem. Christus sê in Johannes 15: 15-16 dat alle gelowiges sy vriende is, dat Hy hulle self uitgekies het en hulle aangestel het om vrugte te dra.

Vir die gewone Christendom het dit nogal tyd geneem om tot die besef van hierdie hoë status uit te kom. In die midde van die kerk is sommige mense regte ontsê. Vir jare lank het die kerk self die ondergeskitheid van byvoorbeeld die vroulike geslag verkondig. Vroue mag tot vandag nog in sommige kerke nie ampte beklee nie.

Tog het Christus aan alle gelowiges 'n besondere posisie toegeken. Hy het ons vanaf 'n posisie van verlorenheid en verdoemenis verhef tot sy vriende. Dit is die hoogste toekenning van regte. Geen mens kan op ons neerkyk en as minderwaardig beskou nie. Insgelyks kan ons ook nie op ander neerkyk nie. Dit is 'n voorreg om Christus se vriend te wees.

29 September **Gelykenis van die arbeiders in die wingerd God se genadeloon** **Matteus 20: 1-16**

Ons leef in 'n wêreld waarin *beloning na verdienste* van kleins af by ons ingeprent word. Wie nie werk nie, word nie beloon nie. Dit geld veral by die skool en dikwels ook in die ouerhuis. Prestasie is al wat tel. *Die arbeider is sy loon werd*, word as die algemene riglyn aanvaar.

Omdat dit so logies lyk, is ons nogal geneig om hierdie beginsel ook op ons geloofslewe, en dan veral in ons geloofsoortuiging, van toepassing te maak. Daarom is dit sò dat verdienstelikheid so maklik in godsdiens en geloof by mense aanklank vind. Dit was dan ook die rede waarom die skrifgeleerdes en Fariseërs die goeie werke en voorbeeldige lewenswandel as 'n aanspraak om God se beloning en seën verkondig en beklemtoon het. Die uitgangspunt was dat mense goed moet leef, *sodat* hulle beloon kan word. Dit kom daarop neer dat 'n mens jou saligheid kan verdien. Uiteindelik lei dit tot geestelike verwaandheid by mense wat glo dat hulle *goed en reg* lewe.

Jesus stel hierdie misvatting radikaal reg deur 'n gelykenis te vertel wat aanvanklik so onlogies klink. Die eienaar van die wingerd tree nie onregverdig op deur aan elkeen te gee soos hy goed ag nie. Inteendeel, sy optrede spreek van genade, want elkeen kry meer as wat hulle verdien het. Dit is die evangelieboodskap op sy radikaalste: Ons ontvang God se genade uit genade sonder dat ons dit verdien. Daarom kan ons as begenadigdes in sekerheid getroos lewe.

30 September **Jesus maak twee blindes gesond Die gevolge van *sien*** **Matteus 20: 29-34**

Om blind te wees, beteken eintlik om sonder een van jou vyf sintuie klaar te kom. Sonder oë het blindes geen begrip van kleur, grootte of afstand nie. Daarbenewens leef 'n blinde in 'n donker wêreld vol van hulle eie voorstellings van die werklikheid. Blinde mense moet staatmaak op hulle gehoor en geheue om die agterstand in sig te bowe te kan kom. Vir hulle is hulle ore en hande hulle oë.

In hierdie verhaal wat handel oor die twee blindes wat deur Jesus genees word, gaan dit oor meer as net om te kan sien. Daar is baie mense wat nie blind is nie, maar nogtans nie *sien* wie Jesus werklik is nie. Wanneer Jesus die blindes se blindheid wegneem en hulle vir die eerste maal kan sien, volg hulle Hom as sy dissipels. Jesus se genade en barmhartigheid bestaan daarin dat Hy nie net hulle sig uit barmhar-

tigheid herstel omdat hulle so gepleit het nie, maar sodat hulle Hom kan volg en sô vir God in sy koninkryk diensbaar kan word. Christus genees ons nie net ter wille van genesing nie, maar ter wille van navolging en gehoorsaamheid.

1 Oktober **Die boere en die wingerd** **Matteus 21: 33-46**
God se besitreg

Mense is alte geneig om hulleself allerlei regte en voorregte toe te eien. Dit gebeur in die openbare sowel as privaat sektor van ons samelewing. Hiervan is die kerk van die Here Jesus ook nie uitgesluit nie deurdat lidmate en ampsdraers dikwels die eer wat aan God toekom, vir hulleself opeis. Dit het trouens ook in die Ou-Testamentiese kerk plaasgevind toe die destydse kerkleiers en geestelikes die oes (eer) van die wingerd (Israel) wat God toegekom het, vir hulleself opgeëis het.

Hierdie gelykenis van die boere en die wingerd betrek elke gelowige deurdat Jesus ook vir ons daarop wys dat God sy besitreg op ons met niemand deel nie. As ons nie die vrug wat by die geloof pas, lewer nie, gaan Hy by ons verby deur ons rentmeesterskap van ons weg te neem en dit aan iemand anders te gee. Geloof wat nie paslike vrug tot eer van God dra nie, is bloot teoretiese, intellektuele instemming met wat in die Bybel staan. Kyk gerus wat sê Jakobus 2: 18-19 daaroor. Dit gaan beslis nie net daaroor dat gelowiges bly moet wees omdat hulle deel van God se koninkryk is nie, maar ook dat hulle die vrug sal voortbring wat God se koninkryk bou.

2 Oktober **Wapenrusting** **Efesiërs 6: 10-20**
Gewapen vir die stryd

Stryd gaan nie altyd met geweld gepaard nie. Stryd is ook nie altyd openlik en sigbaar nie. Stryd is nie altyd luiddrugtig en gelokaliseerd nie. Stryd is ook nie altyd om te behou en te bewaar nie, dit kan ook soms om noodsaaklike vernuwing en verandering gaan.

Gelowiges se stryd word in die gedeelte wat ons gelees het, beskryf as 'n stryd vir die waarheid dat Jesus Christus Heer en Verlosser van die mens is. Hiervoor het ons 'n wapen nodig wat as die Woord van God beskryf word. Die boodskap van God se liefde vir mense verdedig enersyds die waarheid dat God alleenheerser is en val andersyds die leuen aan dat daar naas God ander gode en magte is wat 'n sê in ons lewens het. Naas God is daar niks en niemand wat heerskappy voer nie. Hy,

en Hy alleen is Skepper, Verlosser en Herskepper wat versorg, bevry en versterk, sodat mense wat in onkunde gebore word, so volkome bevry kan word dat hulle 'n lewe kan leef wat begin en eindig by die Een wat aan hulle die lewe gegee het. Tussen begin en einde kry elkeen wat in Christus geanker is alles wat nodig is om enduit die geloof te behou. Hierdie alles word beskryf as die wapenrusting wat God gee, sodat geloof nie veragter, verstar, vervlak, vervorm of vervals raak nie. Om in God te glo, is om te lewe. Om vir God te lewe, is om te glo.

3 Oktober **Die goeie herder** **Johannes 10: 1-21**
God se sorg

Jesus beskryf Homself in hierdie gedeelte van die Bybel as die *goeie herder* wat sy lewe vir die skape aflê. So onderskei Jesus Homself van al die ander geestelike leiers of herders wat eintlik huurlinge was. 'n Huurling is nie noodwendig 'n slegte mens nie. Daar is egter 'n verskil tussen 'n huurling of besoldigde en 'n eienaar, net soos daar 'n verskil tussen 'n huurder van 'n huis en die eienaar daarvan is. Die punt wat gemaak word, is dat 'n gehuurde herder nie dieselfde sorgsaamheid aan die dag lê of dieselfde besorgheid openbaar as die eienaar nie.

God, aan wie alles behoort, gee soveel vir mense om dat Hy in Jesus Christus self 'n mens geword het om die mens se vyand sy vyand te maak. Om dit tot volvoering te bring, sterf Jesus as die goeie herder wat sy lewe vir sy kudde aflê. Maar wat beteken dit vir die skape as hulle herder in die proses van beskerming sterf? Is hulle nou sonder herder en op hulle eie? Allermins! Jesus lê sy lewe vrywillig af en daarom kan Hy dit weer opneem. Sy prysgawe lei tot sy oorwinning. Hy gee sy lewe as 'n losprys vir sy kudde. Hy sterf, sodat hulle kan lewe. Hierin sien ons God se sorg vir sy skepping en dan in besonder vir die mense wat Hy as deel van sy skepping op so 'n besondere wyse teen verskeuring en vernietiging bewaar en beskerm. God se sorg lê daarin dat Hy nie net praat nie, maar doen. En wat Hy doen, is genoegsaam sodat ons by Hom alles vind wat ons nodig het om te word wat 'n mens veronderstel is om te wees: om aan ons doel om God te verheerlik, te beantwoord.

4 Oktober **Die Kanaänitiese vrou** **Matteus 15: 21-28**
God gee meer as krummels

In die tyd van Jesus was dit die gebruik dat die krummels van die tafel die huishonde toegekom het. Daar was verder ook die beskouing dat

die heidene, ook bekend as *die onbesnedenes*, eintlik *honde* was omdat hulle buite die verbond wat God met Abraham gesluit het, geleef het.

In die gedeelte wat ons gelees het, kom Jesus in aanraking met 'n Kanaänitiese vrou wat ter wille van haar dogter Jesus om hulp smeek. Jesus se aanvanklike antwoord dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is, bring haar nie van stryk af nie. Wanneer Hy haar antwoord dat dit nie mooi is om die kinders se brood (die boodskap van die Here se genade) vir die hondjies (die heidene) te gooi nie, antwoord sy dat sy met een enkele woord, een *krummel*, tevrede sal wees. Hierop antwoord Jesus haar dat haar volharding (geloof) tot die vervulling van haar wens gelei het.

Met hierdie beskrywing sien ons dat God se genade 'n nuwe ruimte betree. God se genade tree buite die ruimte van die ou verbond deur op die nood van 'n heidenvrou te antwoord. In die volhardende optrede van hierdie vrou lê daar 'n geweldige appèl vir ons opgesluit: As Jesus 'n Kanaänitiese vrou help, hoeveel te meer sal Hy nie sy volgelinge help nie. Hy laat ons nie net aan die krummels deel kry nie, maar gee aan ons die *lewende brood uit die hemel*, sodat ons elke dag vir ander kan vertel waar die *brood wat lewe gee*, gevind kan word.

5 Oktober **Die man wat blind gebore is** **Johannes 9: 1-12**
Is siekte God se straf?

Enersyds bestaan daar by sommige mense die oortuiging dat God mense met siekte straf (Job 33: 1) en andersyds huldig ander weer die opinie dat siekte van die duiwel afkomstig is en met die uitdrywing van die duiwel, genees kan word (Matt 17: 19).

In die gedeelte wat ons gelees het, sien ons 'n heel ander prentjie. Op die dissipels se vraag hoekom hierdie man blind gebore is, antwoord Jesus dat dit deel van die gebrokenheid van hierdie lewe uitmaak. Dit gaan nie net oor die siekte wat mense opdoen nie, maar ook oor hulle houding en reaksie tydens en te midde van hulle siekte. Wanneer mense te midde van hulle beproewing God bly soek en op Hom alleen vertrou, ervaar hulle 'n *genesing* wat tot verheerliking van God se Naam strek. Hierdie man se genesing het 'n groter beproewing oor hom gebring as sy aanvanklike siekte: hy is uit die sinagoge geban. Maar dit het hom nie verskrik en benoud gemaak nie. Inteendeel, sy genesing van blindheid en verbanning uit die sinagoge het daartoe gelei dat hy die kwaad om hom kon aanspreek en aan die man kon bring.

God genees ons nie net om te sien nie, maar ook om te kan praat en te doen. En dit is hierdie praat en doen wat uitdrukking aan ons geloof gee.

Anders gestel, geloof moet 'n tong saam met hande en voete kry. Wanneer dit gebeur, sien ons dat alles wat met ons gebeur, ten goede meewerk sodat ons ten spyte van ons gebreke en te midde van ons situasie getuies kan wees van die krag van God wat ons tot alles in staat stel.

6 Oktober **Die vrou wat op owerspel betrap is** **Johannes 8: 1-11**
Groot en klein sonde

Owerspel was en is vandag nog een van die oortredinge wat nie maklik vergewe en vergeet word nie. Miskien is die rede dat owerspel soveel diepliggende en krenkende nagevolge het vir almal wat op een of ander wyse daarby betrokke is. Sedert die dae van Moses is owerspel met die dood gestraf. In Jesus se tyd is vroue wat op owerspel betrap is, met klippe doodgegooi. Die vrou is gewoonlik as die oorsaak van die verleiding gebrandmerk.

Jesus leer ons dat ons geneigdheid om tussen groot en klein sondes 'n onderskeid te maak, nie by God van toepassing is nie. Om net 'n ander man se vrou of man te begeer, kom, wat God betref, op owerspel neer (Matt 5: 28), want as die begeerte nie hokgeslaan word nie, gaan dit dikwels in dade oor. Sonde kom volgens Jesus nie van buite na binne nie, maar van binne na buite. *Uit die hart kom slegte gedagtes*, soos... (Matt 15: 19). Dit is dus nodig dat ons sal besef dat daar nie groot of klein sondes bestaan nie; dat sonde niks anders as gehoorsaamheid aan ons eie persoonlike selfsugtige behoeftes is nie. Daarom was die oppervlakkige veroordeling van hierdie vrou net so 'n groot sonde as haar owerspel. Omdat sonde, wat die aard daarvan ook al mag wees, verwydering tussen ons en God bring, is Jesus se middelaarskap die enigste wyse waarop ons deur die Heilige Gees van ons eiegeregtigheid en selfregverdiging bevry word sodat ons berou kry oor wat ons is en so bevryding en vergifnis ontvang vir wat ons verkeerd doen.

7 Oktober **Om heilig te wees soos** **Matteus 15: 10-20**
God heilig is

Die Fariseërs het, soos baie ander mense in die tyd van Jesus, God se oproep om heilig te wees of te lewe (vgl Lev 19: 2), verstaan in terme van die wyse waarop God geskep het. Tydens die skepping het God byvoorbeeld lig van donker geskei, die water van die droë grond en die planete vir die dag en vir die nag geskep. So het elke aspek van die skepping

sy eie plekkie gekry, en as alles en almal - by wyse van spreke - in en op hulle regte plekke was, is aan God se heiligheid voldoen.

Bloed, byvoorbeeld, se plek is in die liggaam van die mens. Indien dit egter uit die liggaam van die mens vloei (bv uit 'n wond) en die bloed is waar dit nie hoort nie, is daardie persoon onrein. Hierdie beginsel van rein en onrein is op elke aspek van God se skepping toegepas: 'n dier (of mens!) met net een oog of oor was onrein, want by so 'n dier of persoon is iets nie op sy plek nie, iets het geskort. Diere met gesplete hoewe kon byvoorbeeld nie deur God gemaak gewees het nie, want God het net volmaak geskep. Deur van so 'n dier te eet, sou die persoon ook onrein maak, onaanvaarbaar vir God.

Dit is teen hierdie interpretasie van God se gebod of heiligheid wat Jesus kapsie maak in Matteus 15: 16-20. Om heilig te wees soos God heilig is, beteken om volmaak te wees soos God volmaak is, konsekwent in jou optrede teenoor almal rondom jou te wees (vgl Matt 6: 48); om barmhartig te wees soos Hy barmhartig is (vgl Luk 6: 36). Iemand leef nie heilig voor God omdat hy sekere kossoorte vermy en seker maak dat sy hande gewas is en die borde baie mooi skoon is nie. Inteendeel! Jesus sê dit wat uit die mens gaan, dit wat die mens voor God doen, bepaal of so iemand heilig, afgesonder vir God, tot eer van God lewe. Dit is nie wat jy eet wat afstand tussen jou en God bring nie, maar of jy kwaadpraat van ander, diefstal pleeg of ander vals beskuldig. Om heilig te wees soos God heilig is, om volmaak te wees soos Hy volmaak is, om barmhartig te wees soos Hy barmhartig is, is om aan ander te doen en te gee wat God elke dag aan ons, sy kinders, doen en gee.

Hoe leef jy en ek? Weerspieël ons dade iets van God se heiligheid of is ons dade die oorsaak daarvan dat God se gesig van liefde vir die wêreld verberg word?

8 Oktober **Instrumente in sy hand** **Matteus 14: 13-21**

God het sy gesig van liefde vir eens en vir altyd na die mens gedraai toe Hy sy Seun, Jesus Christus, op Golgota laat sterf het vir ons tekortkominge, gebreke en sondes. Nà Golgota hoef die mens wat voor God leef, nooit weer te twyfel oor God se liefde vir die skepping en sy skepsele nie. Golgota was God se *ja* vir die mens, dit was die sigbaarmaking van die wyse waarop Hy ons liefhet. Hierdie liefdesdaad van God kan nie anders beskryf word as dat dit 'n wonder is wat ons as mense se verstand te bowe gaan nie. Want hoe kan liefde so groot wees? En dit vir mense wat dit nie verdien nie?

God se wonderlike liefde aan die kruis is egter nie al wat Hy aan sy

kinders skenk nie, dit is nie die enigste wonder wat ons uit sy hand ontvang nie. In Matteus 14: 13-21 lees ons van twee verdere wonders wat God aan ons gee. Die eerste is dat God elke dag, elke minuut, elke oomblik, in ons as sy kinders se behoeftes voorsien. In Matteus 14: 14 word vir ons vertel dat Jesus, toe Hy die menigte mense gesien het, hulle jammer gekry het, die siekes onder hulle gesond gemaak het, en, nog meer, dat Hy almal daar en dan na liggaam gevoed het. So ook moet ons raaksien dat God elke dag vir ons sorg.

Die tweede wonder van hierdie gedeelte is die wyse waarop Jesus hierdie skare gevoed het. Nadat Hy die brood en die vis vermeerder het en God daarvoor gedank het, het Hy nie die kos direk aan die skare gegee nie. Nee, Hy het dit vir die dissipels gegee om dit aan die skare uit te deel. Wat hulle van Hom ontvang het, moes hulle aan ander uitdeel.

Die ongelooflike wonder is dat God vandag, elke dag, ook so met ons werk. Wat Hy vir ons gee, moet ons aan ander gee. Omdat Hy sy gesig van liefde op 'n keer op 'n heuwel na ons toe gedraai het, moet ons daardie gesig van liefde na ander draai. Soos Hy ons vergewe, moet ons ander vergewe; soos Hy ons dus versorg, moet ons ander versorg; soos Hy barmhartigheid aan ons bewys, moet ons barmhartig teenoor ander wees.

Die groot wonder is dat God onder andere vir ons, sy kinders, sondaarmense, gebruik om aan die wêreld te toon hoe 'n groot, liefdevolle en genadige God Hy is. Is ons vandag bereid om die instrument in sy hand te wees? Is ons bereid om sy liefde in die wêreld sigbaar te maak? As die wêreld dit nie by ons sien nie, waar sal hulle dit sien?

9 Oktober **Skape wat herders moet word** **Matteus 9: 35-38**

In Matteus 9: 36 word die mense wat Jesus in die dorpe en klein plekkies besoek het, beskryf as *skape wat nie 'n wagter het nie.* Uit Matteus 9: 35 kan ons aflei dat Jesus vir hulle die (skaap)wagter geword het wat hulle nie gehad het nie: Hy het hulle geleer, die evangelie van die koninkryk aan hulle verkondig en hulle van elke kwaal en siekte genees.

Dat Matteus Jesus hier met 'n skaapwagter vergelyk, moet nie misgelees word nie! In die tyd van Jesus het die godsdienstige leiers 'n lys van werke/ambagte gehad wat nie as geskik beskou was vir iemand wat werklik erns met sy geloof wou maak nie. Leerlooiers, byvoorbeeld, is as permanent onrein gereken omdat hulle elke dag met die bloed van diere in aanraking gekom het. So was die tollenaars permanent onrein omdat hulle gereeld muntstukke met 'n afbeelding van die keiser se kop

daarop hanteer het (dit is gesien as 'n oortreding van die eerste gebod). Min of meer dieselfde oordeel is oor skaapwagters gevel. Omdat hulle dikwels, agter weiding aan, die skape in ander mense se lande ingelei het (en die skape so 'n ander se oes verorber het), is hulle as oneerlike mense beskou, mense wie se getuienis daarom byvoorbeeld nie in 'n hof aanvaar is nie.

As die kort gedeelte in Matteus 9: 35-38 teen hierdie agtergrond verstaan word, is dit eintlik 'n stukkie dinamiet: Jesus, die herder, die skaapwagter, die sogenaamde *oneerlike*, die een wie se getuienis nie aanvaar kan word nie, verkondig die evangelie van die koninkryk, die evangelie van die nuwe lewe. Wat meer is, Hy stuur sy skape om die oes te gaan insamel. Watter oes? Daar was so baie wat ontnugter was deur die liefdelose en wettiese leer van die godsdienstige leiers van hulle tyd. Hulle wat al moeg en moedeloos was om te dra aan al die wette en voorskrifte.

Daar is egter een probleem, sê Jesus, die arbeiders om dit te gaan doen, is min. Dit is ongelukkig vandag nog so. Die brandende vraag is: Hoekom wil ons wat die ware Herder leer ken het, ons wat geleer het wat die liefde van God is, ons wat weet dat God ons nie met allerlei wette en voorskrifte opsaal nie, ons wat maar net moet volg waar sy liefde ons lei, skape bly, en nie self herders word nie? Kom ons bid vir mekaar, dat God ons deur sy Gees sal lei en die krag sal gee om nie net skaap te bly nie, maar ook 'n herder te word!

10 Oktober **Wie vir God belangrik is** **Matteus 20: 20-28**

Iemand het eendag gesê dat dit in die wêreld eintlik net om een saak gaan: die verkryging van mag, en as dit verkry is, die gebruik daarvan om ander te manipuleer en oor ander baas te speel. In Jesus se tyd was dit nie anders gewees nie. Herodes Antipas, Pontius Pilatus, ryk landhere, die familiehoofde, ja, selfs die tempelowerhede het in 'n baie groot mate hierdie spel gespeel.

Ons moet nooit vergeet dat die tempel in die tyd van Jesus alles was nie: dit was die *bank* (tiendes), die *kabinet* (dink maar aan die Sanhedrin) en die kerk. Op elke vlak van die lewe het diegene wat in beheer van die tempel was, dus die geleentheid gehad om die mag wat hulle oor ander gehad het, te misbruik. Dat dit ook die geval was wat die tempel betref, maar ook met betrekking tot aspekte van die politieke lewe, lei ons duidelik uit Jesus se woorde in Matteus 20: 25 af.

Teen hierdie agtergrond moet die versoek van Johannes en Jakobus se moeder aan Jesus verstaan word. Die koninkryk wat Jesus gaan laat

kom, meen hulle, sal 'n polities-staatkundige aangeleentheid wees. Dit sal 'n koninkryk wees waar iemand oor ander sal regeer; waar daardie iemand 'n regterhand en 'n linkerhand nodig sal hê; helpers om sy hande sterk te maak; mense wat belangrik en vernaam sal wees.

In sy koninkryk, sê Jesus, is dit nie so nie. Hulle wat in die koninkryk van God groot wil wees, is dié wat nie oor ander baasspeel nie of hulle gesag oor ander uitoefen nie, maar ander dien. Dit is hulle wat ander se dienaars word. Soos die Seun gekom het om die mens te dien en sy lewe as losprys te gee vir baie, so moet daar in die koninkryk van God geleef en gedien word. Ek moet bereid wees om my tyd en kragte tot die beskikking van die Here te stel, deur ander, hulle wat my broers en susters in die geloof is, te dien.

Elkeen wat in die kring van God groot wil wees, moet ander se dienaar wees. Elkeen wat eerste onder ander wil wees, moet ander se slaaf word. Wanneer ons dit gedoen het, is ons God se koninkryk waardig. As ons sou reken dat dit darem te veel gevra is, moet ons altyd onthou watter lydenspad Jesus vir ons gestap het (Matt 20: 22), op watter wyse Hy vir ons dienaar en slaaf geword het sodat ons kan lewe. As God vir ons alles gegee het, en nog steeds gee, kan Hy seker - uit dankbaarheid - van ons ook alles vra?

11 Oktober **Ons moet soos kinders word** **Matteus 18: 1-4**

In die tyd van Jesus was kinders die mees blootgestelde en uitgelewerde persone van die samelewing. Weens 'n gebrek aan mediese dienste en die mediese kennis waaroor ons vandag beskik, het tot dertig persent van alle kinders met geboorte gesterf. Nog dertig persent het gesterf voordat hulle sewe jaar oud geword het, en ongeveer sestig persent van alle kinders het nie ouer as sestien jaar geword nie. Verder het ongeveer sewentig persent van alle kinders een of albei hulle ouers voor puberteit verloor. Kinders het altyd eerste swaar gekry in tye van hongersnood, oorlog en epidemies, en veral wanneer hulle ouers van een plek na 'n ander moes verskuif weens verskeie redes. Kinders het ook feitlik geen status in die samelewing geniet nie. 'n Jong kind het min of meer die status van 'n slaaf gehad, en 'n kind is slegs na sy mondigwording as 'n volwaardige mens gereken. Weeskinders, waarvan daar baie was, was uitgelewer aan aalmoese en die sorg van ander. Hulle was absoluut afhanklik van ander, en indien hulle nie deur ander tegemoetgekom is nie, het hulle ook deel van die statistiek geword wat hierbo genoem is.

Teen hierdie agtergrond is Jesus se optrede en uitsprake in Matteus

18: 1-4 merkwaardig. Toegang tot die koninkryk van God, sê Hy, is alleen moontlik indien iemand bereid is om soos 'n kind voor God te word, volkome afhanklik van die versorging en hulp van God. Wat meer is, alleen diegene wat bereid is om hulleself so gering voor God te ag as wat kinders in daardie tyd was, sal belangrik in sy koninkryk wees; hy sal 'n sieraad in die oog van God wees. Ook: wie bereid is om kindertjies wat wees geword het in sy huis op te neem, ontvang daardeur ook vir God omdat 'n gesindheid van versorging pas by hulle wat aan God behoort, want God is immers die Een wat versorg.

Wat beteken Jesus se woorde vir ons wat in 'n ander tyd leef, en veral ons kinders wat in totaal ander omstandighede grootword? Alleen hulle wat weet dat hulle nie sonder God kan lewe nie, wat weet dat hulle eintlik soos bedelaars voor God staan, van God afhanklik is vir alles wat hulle het, waarvoor hulle werk en wat hulle ontvang, en dan, omdat hulle dit uit die hand van God ontvang, ook aan ander gaan doen wat God aan hulle gedoen het, hulle lewe soos iemand wat die eretitel kind van God waardig is. Anders gesê: alleen hulle wat weet hoe groot hulle sonde is, wat weet hoe hulle daarvan verlos kan word en 'n lewe van dankbaarheid teenoor God vir hulle verlossing gaan leef, is kinders van God.

12 Oktober **Breek die mure af!** **Matteus 18: 6-9**

Sonde het die manier om skeiding en afstand tussen God en die mens te bring. Dink maar hoe dit in die lewe in verhoudings tussen mens en mens werk. Indien ons iemand te na gekom het, beskinder het of doelbewus ingedoen het, en so 'n persoon vind dit uit, is ons gewoonlik baie ongemaklik in die persoon se teenwoordigheid. Ons sal geen vrymoedigheid teenoor so iemand hê nie en ons sal hom beslis nie nader vir enige hulp of bystand nie, omdat ons eenvoudig te skaam sal wees.

Is dit nie ook hoe dit soms met ons verhouding met God gaan nie? Ons weet dat deur die werking van God se Gees in ons lewens, hierdie of daardie saak in my lewe nie in plek is nie. Dalk vertroetel ek 'n sonde in my lewe en leef ek met 'n wrok in my hart teenoor iemand wat my op 'n keer te na gekom het. Of dalk weier ek om ander te vergewe, al het hulle al soveel keer om vergifnis by my gepleit.

Wanneer ons so voor God leef, bou ons die muur tussen ons en God elke dag net hoër en hoër op. En die afstand tussen ons en God word al hoe groter. Ons vrymoedigheid teenoor God word ook minder en minder, want hoe kan ek voor God staan en om vergifnis pleit vir my sonde as ek nie bereid is om ander te vergewe nie. En hoe kan ek God vir ver-

sorging, liefde en genade vra as ek nie bereid is om dit wat ek van Hom vra, onvoorwaardelik aan ander te gee nie?

Wanneer ons so lewe, is die Woord baie duidelik: Kap die hand of voet wat jou pla af (dalk daardie wrok in jou hart jeens iemand), ruk die oog wat jou hinder uit (dalk daardie bittere onvergewensgesindheid wat in jou hart broei en groei). Jy moet die muur wat tussen jou en God staan, afbreek en weer voor God kniel en bid dat Hy jou weer nuut sal maak.

Slegs diegene wat deur God in Christus nuut gemaak is, kan nuut, kan anders lewe. Ons moet nooit vergeet nie dat God in Christus vir ons alles gegee het. Daarom vra Hy ook alles van ons; albei hande en voete, albei oë moet ons gebruik in ons diens aan Hom. Daarom, as jou een oog jou verhinder om alles vir God te gee, raak (by wyse van spreke) van hom ontslae!

13 Oktober **Hoe reageer ons wanneer God ons nooi?** **Matteus 21: 28-32**

Ons God is 'n God van uitnodigings, het iemand eendag gesê, want kyk hoe vol wonderlike uitnodigings is die Bybel. God het diere na die ark genooi, Hy het Dawid genooi om koning te word en Hy het Israel genooi om die land waar hulle slawe was, te verlaat. Oor en oor gebruik God in sy Woord ook die woordjie *kom*: *Kom tog laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu* (Jes 1: 18). *Kom, almal wat dors is, kom na die water toe...* (Jes 55: 1). *Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee* (Matt 11: 28).

Ook in Matteus 21: 28-32 lees ons dat 'n vader (lees God) sy twee seuns (lees God se kinders) uitnooi om in sy wingerd te kom werk. Die twee se reaksies verskil hemelsbreed van mekaar: die eerste een weier eers, maar voel later sleg en gaan dan tog wel, terwyl die ander een sê hy sal gaan, waarmee hy die uitnodiging aanvaar, maar hy ignoreer later sy belofte.

Ek wonder of ons ons kan indink hoe hierdie vader gevoel het? Of hoe God voel wanneer ons so op sy uitnodigings reageer? Want is dit nie presies hoe ons soms op God se uitnodigings reageer nie? Ons sê ons sal doen wat Hy vra, maar ons doen dit nie omdat ons te besig is. Of ons sê nee, ons het nie nou tyd nie, ons sal nie doen wat Hy vra nie, maar omdat ons later bang is dat God ons sal straf, doen ons tog wel wat Hy vra, maar sonder dat ons harte in die saak is.

Maar God hou nooit op om ons te nooi nie, al wys ons soms sy uitnodigings van die hand. Vandag nooi God weer vir jou en vir my, Hy nooi

ons om deel te word van sy koninkryk: 'n koninkryk wat te make het met hierdie lewe en die lewe hierna. Hy nooi vir my en vir jou, almal wat wil kom. Openbaring 3 sê dat Hy by ons harte staan en klop, Hy staan persoonlik by elkeen van ons se hart. Wanneer God uitnooi, is sy uitnodiging ondubbelsinnig en baie spesifiek: Hy gee vir ons alles, letterlik alles (sy Seun, die lewe, wat ons nodig het), en daarom vra Hy alles. Dit is eintlik baie eenvoudig en die keuse is ons s'n.

Hoor ons nog God se klop teen die deur van ons hart? En as ons hoor, hoe reageer ons op sy uitnodiging?

14 Oktober **Bome sonder vrugte** **Matteus 21: 18-22**

Baie mense vra dikwels hoekom Jesus die vyeboom langs die pad vervloek het? Die boom het tog gesond gelyk, dit was vol blare. Buitendien, wie sê dat dit vyetyd was en dat die vyeboom vrugte aan moes hê? Bome kry mos eers in die lente blare en dan kom die vrugte na vore. Interessant is dat daar sommige vyebome in Palestina groei wat nie eers blare kry en daarna vrugte begin dra nie. Hierdie soort vyeboom se blare en vrugte kom gelyktydig uit. As daar blare aan dié soort vyeboom is, sal daar ook vye aan wees, en as die boom nie blare aan het nie, is dit nie die moeite werd om eers nader te stap met die hoop om 'n vy van die boom af te pluk nie.

As ons sou aanvaar dat Jesus so 'n soort vyeboom vervloek het, is die gedeelte eintlik maklik verstaanbaar. Deur blare aan te hê, en nie ook vye nie, het hierdie boom 'n skyn van vrugbaarheid getoon, terwyl dit in wese vrugloos was. Jesus het dus die boom vervloek omdat dit voorgegee het om te wees wat dit nie is nie.

In hierdie optrede van Jesus lê daar vir ons 'n groot waarskuwing opgesluit. Ook ons is dikwels soos hierdie boom: ons gee voor om te wees wat ons nie is nie. Ons gaan kerk toe, ons sê ons is kinders van God, en waar ons in ander se teenwoordigheid is, tree ons baie voorbeeldig op. Maar daar waar ander mense nie by is nie, of waar ons tussen mense is wat ons nie ken nie, leef ons nie soos God wil hê ons moet nie. Die Woord van God het 'n lelike woord vir so 'n lewe: skynheiligheid. Skynheiligheid beteken dat iemand skyn van heiligheid, maar dat hy dit nie is nie. Dan is hy soos die vyeboom wat met blare aan, die skyn van vrugte gehad nie, maar nie werklik vrugbaar was nie.

Skynheiligheid het ook 'n tweelingboetie met die naam vormgodsdiens. Vormgodsdiens kom by sommige mense voor wat aan alle godsdienstige aktiwiteite deelneem wat van hulle verwag word (bv om elke Sondag kerk toe te gaan), maar sonder 'n hart wat daarby betrokke is.

Hulle godsdiens neem 'n bepaalde vorm aan, maar dit is sonder hart en siel.

Om in God te glo, om deur Christus 'n nuwe mens te word, beteken om nuut te lewe, om vrugte te dra wat pas by die bekeerde mens. Wat sien God as Hy jou en my boom besoek?

15 Oktober **Liefde beteken om te doen** **Johannes 13: 1-8**

Die woordjie *liefde* is sekerlik een van die woorde wat baie dikwels deur mense op die tong geneem word. Ons sê maklik vir ons man of vrou of kinders dat ons hulle liefhet. En veral diegene wat nog jonk en verlief is, gebruik die woordjie liefde soms heel kwistig. Weet ons egter wat die woordjie werklik beteken, veral as ons sê dat ons kinders van God is? Het ons al gepoog om die woordjie presies te omskryf? Baie van ons het seker al, en dit sal nie vreemd wees as begrippe soos gevoel, verlange en omgee deel van ons definisie van liefde is nie. Ons moet egter toegee: om die woordjie liefde in een kort sin te omskryf, is nie so maklik nie.

Die Woord van God is baie duidelik in sy beskrywing van wat liefde is. Johannes 3: 16, 'n vers wat ons almal goed ken, sê oor die liefde die volgende: God het ons so liefgehad dat Hy sy Seun gestuur het om ons sondes weg te neem. Met ander woorde, **omdat** God ons liefhet, doen Hy iets vir ons. Sy liefde word 'n daad wat op ons voordeel gerig is. Ons lees presies dieselfde van die liefde in Johannes 13: 1-8. Omdat Jesus die dissipels liefgehad het - tot die uiterste toe (lees Joh 13: 1), was Hy hulle voete. Dit is dus dieselfde beginsel as in Johannes 3: 16: **omdat** Jesus sy dissipels liefhet, doen Hy vir hulle iets, Hy pleeg 'n daad wat op hulle voordeel gerig is.

Liefde, volgens die Woord, is dus niks anders as dade nie; dit is dade wat gerig is tot die voordeel van die een op wie ons dit gerig het. Indien ek as gelowige dus byvoorbeeld vir my kind sou sê dat ek hom/haar liefhet, sal ek altyd so optree dat ek sy/haar voordeel in my optrede soek. Dieselfde geld ons verhouding met hulle wat ons broers en susters in die geloof is. Om jou naaste lief te hê, is om altyd so op te tree dat ek hulle voordeel in my optrede soek.

Op grond van Jesus se uitspraak in Johannes 13: 8 kan ons verder ook sê dat om deel aan God te hê, ten minste beteken om die liefde te leef, te doen en uit te deel soos wat Hy ons eerste liefgehad het in Jesus Christus. In 1 Johannes 4: 7 word dit pragtig gestel: God is liefde. Wie liefhet, is 'n kind van God en hy ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Kom ons doen die liefde en gee sò uitvoering aan die grootste gebod.

16 Oktober **Laat jou lig skyn!** **Matteus 12: 46-50**

In die tyd van Jesus, anders as vandag, was eer en skande baie skaars en is dit min in die samelewing aangetref. Vandag is geld natuurlik baie skaars. As jy in vandag se lewe geld het, kan jy vinnig vir jouself eer en status versamel. Jy kan jouself a 't ware *inkoop* op die boonste sport van die statusleer van die samelewing, en as jy regtig baie vermoënd is, sal jou naam heel waarskynlik in 'n jaarlikse *Wie is wie*-katalogus verskyn.

In die samelewing waarin Jesus gelewe het, was dit egter anders gesteld. Daar was nie eintlik iets soos individue nie, die mense was almal groepsmense. Die groep waarin die individu beweeg het, het 'n bepaalde funksie of rol aan elke persoon toegeken. Indien iemand aan die rolverwagting voldoen het wat van hom/haar gekoester was, is so iemand as 'n eerbare persoon beskou. Een voorbeeld: van 'n vader is verwag dat sy oudste seun die ambag sou volg wat hy gevolg het; hy moes toesien dat sy dogters eerbaar bly tot op die dag van hulle huwelik, en hy moes toesien dat sy vrou byvoorbeeld nie alleen (sonder ander vroue) in die openbaar verskyn nie. Indien hy toegesien het dat alles is soos dit moes wees, is hy as 'n eerbare persoon beskou. Indien nie, het daar skaamte/skande oor hom gekom, want dan was hy in die oë van ander nie eerbaar nie, en kon hy byvoorbeeld nie aan die regspleging by die stadspoort deelneem nie.

In Matteus 12: 46-50 tree Jesus op so 'n wyse op dat sy familie se eer daardeur op die spel geplaas word. Jesus, die seun van 'n skrynwerker, roep mense op tot bekering, Hy dryf bose geeste uit, Hy genees mense van allerhande kwale en, bo alles vergewe Hy sondes. Hy doen dus wat nie pas by wat van Hom verwag word nie. Juis daarom wil sy familie met Hom praat, heel waarskynlik om Hom te oortuig om op te hou om skande oor hulle familie te bring. Jesus se antwoord is egter baie duidelik: sy broers en susters is nie hulle wat doen wat ander (die gemeenskap en samelewing) van hulle verwag nie, maar diegene wat doen wat die wil van die Vader is. Hulle wat aan God gehoorsaam is, is Jesus se broers en susters, hulle is eerbaar in die oë van God.

Leef ons nie ook soms so nie? Ons doen liewer wat ander van ons verwag; ons swig liewer onder die druk van die groep as om op te staan vir dit wat ons glo en dit wat ons weet God van ons verwag. Gaan leef vandag só dat jou lig werklik vir God skyn, dat jy die sout vir die aarde is.

17 Oktober **Om te skei** **Matteus 19: 1-12**

Die Fariseërs was op hulle tyd ook maar as 'n dominee gereken wat die mense se geloofsvrae moes beantwoord. Maar selfs hierdie sogenaamde kenners het nie altyd antwoorde gehad op die netelighede wat die verhouding tussen man en vrou gebring het nie.

Die eerste deel van Jesus se antwoord oor die vraag of 'n mens mag skei of nie, raak dadelik die kern van die leed aan wat ter sprake is. As Jesus sê die man en vrou sal een wees, dan beteken dit dat met die skeiding van dit wat een is, iets of iemand in die proses gaan seerkry as hierdie eenheid opgehef word. 'n Beeld waarmee die gevolge van skeiding die beste gewys kan word, is wanneer twee stukke klei van verskillende kleure saamgevoeg word. Die saamwees van man en vrou beteken dat die twee stukke klei begin meng soos in 'n breiproses. As die twee stukke na net een drukkie uitmekaar gehaal kan word, bly albei in 'n mate ongeskonde. Maar na 'n lang breiproses is dit nie meer moontlik om die klei te skei sonder om skade aan te rig nie. As jy dus skei, bly daar altyd iets van elkeen in die slag.

Ons praat maklik en geleerd oor 'n moeilike saak. Tog is daar baie mense wat na so 'n skeiproses seergemaak en verniel rondloop. Jesus stel die antwoord wat van Hom verwag word, baie duidelik. Tog moet ons nie vergeet dat ons ook die antwoord van die groot Geneesheer hoor nie. Hy, wat hulle wat seergekry het, kan heel, is die kenner van ons harte.

18 Oktober **Een wet of tien** **Matteus 22: 34-40**

Dit is makliker om een ding te doen as tien. Die Fariseërs sal darem gewild wees as hulle die kortpad van geloof en van redding aan die mense kan voorhou. Vir hulleself sal dit ook makliker wees. Hulle sou die wet graag wou moderniseer. Hulle sou kon sê: In die ou dae het ons hierdie klomp wette gehad, maar deesdae het ons net die een.

Jesus se antwoord aan hulle bring egter geen verligting nie; dit maak dit net nog moeiliker vir hulle. By al die wette wat hulle moet hou, moet hulle nou ook die liefde byvoeg. Die argument word nie verder gevoer nie en ook hulle word die mond gesnoer. Jesus behandel nie die roof van hulle seerplek nie, Hy wil die wortel van die kwaad uitroei. Die wet van God is 'n plesier vir hulle wat met liefde in die hart alles doen. As jy die wet van God benader met die liefde van God in jou hart, besef jy dat jy met hierdie wet geen kortpad mag neem nie. God het hier na alles gekyk sodat ons in vrede met Hom en met ons naaste kan lewe.

Die kortpad waarna die Fariseërs gesoek het, was toe niks anders as die verkeerde pad nie. God het nie die kortpad geloop nie, maar die lang pad wat by Golgota langs gaan. Dit het Hy in liefde gedoen.

19 Oktober **As die kinders eers begin** **Matteus 21: 12-17**

Of kinders nou 'n versie opsê of 'n lied sing, hulle doen dit met oorgawe. Daar is in die woorde van 'n kind 'n klank van onskuld en van ernstige bedoeling wat net nie ontken kan word nie.

Die mense ken Jesus nog nie as die Messias nie, maar hulle weet dat Hy die man met die gesag is en dat Hy van God af kom. Die kinders se woorde eggo dalk dit wat die ouers self wou sê. Jesus ruk die grootmenswêreld om en reinig die tempel wat aan God behoort. Hy herstel die tempel na wat dit moet wees, 'n huis van gebed. Terwyl die handelaars geskok staan en toekyk na die wanorde voor hulle, is dit die kinders wat die tempel na waarde besing. Die tempel word weer die plek waar kinders sy lof besing. Party van die kinders is vyf jaar oud terwyl ander negentig jaar oud is.

Wat 'n voorreg om 'n kerk in ons midde te kan hê; wat 'n voorreg om 'n kind in die kerk te kan wees.

20 Oktober **Geestelik afgetrede meulsteen?** **Matteus 24: 45-51**

'n Slaaf, in die huis, aan die werk, tot op die laaste dag. Dit is die definisie van geluk soos die Skrifgedeelte dit vir ons gee. Ontduik een van die vereistes en jy besnoei drasties aan die vreugde wat jy as gelowige voor God kan geniet. Jy besnoei natuurlik ook aan die vreugde van die medeslawe. Alles waartoe jy minder bydra, word 'n ekstra las vir die ander wat hulle moet bydra.

Die geluk wat God vir die gelowige gereed het, is nie afhanklik van die mense rondom hom nie. Maar dit word tog soveel makliker om as kerk te bestaan en as gelowige in die kerk gelukkig te bestaan, as almal dieselfde strewe het. As daar te veel slawe en geen leier is nie, het dit net soveel nadele as wanneer daar te veel leiers en geen slawe is nie. Nee, die gedeelte wil dit duidelik maak dat vreugde daarin geleë is om 'n slaaf van God te wees, ja selfs die leier moet 'n slaaf wees. Jy is 'n slaaf van God en jy is in die huis waar elkeen sy werk het en almal versorg word. Jy is 'n slaaf van God in sy huis en jy is aan die werk. Niemand het toestemming om vroeg af te tree of om geestelik met 'n pakket uit te tree nie. Die laaste deel van die definisie bepaal wat tussen die slawe

gebeur. Hulle is slawe in die huis en hulle werk tot op die laaste dag en met die oog op die laaste dag. Die dag is so groot, so belangrik en so naby, dat daar nie tyd is om mekaar te verpes, te frustreer of ledig rond te sit nie.

Is jy 'n geestelik afgetrede meulsteen of 'n slaaf in die huis aan die werk tot op die laaste dag?

21 Oktober **Om 'n Christen te wees** **Matteus 8: 18-22**

As Matteus praat van Jesus te volg, dan bedoel hy met die woordjie *volg* nie om Jesus se nabootser te wees nie, maar om sy leerling te wees. Maar méér nog, om in gebondenheid en binne gemeenskap met Christus te lewe. Wie só in gemeenskap met Christus lewe, het alle bande met die *ou* lewe onder die mag van die sonde afgesny. Dit is om, soos wat Paulus gesê het, wat eens belangrik was, nou as nutteloos te beskou. Om hierdie nuwe lewe in verbondenheid met Christus toe te lig, gebruik Jesus nou twee voorbeelde.

Jesus sê vir die man wat Hom wil volg: *Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.* Daarmee wil Jesus vir die man sê dat wie in Hom glo, die bereidheid moet hê om in hierdie wêreld soos 'n vreemdeling en bywoner te wees en na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, te verlang.

Die tweede voorbeeld van hoe om in verbondenheid met Christus te lewe, toon Jesus as 'n ander man vra om eers sy vader te gaan begrawe. Hierdie uitdrukking, *om eers my pa te begrawe*, was 'n manier van sê gewees om aan te dui dat sy vader al oud en sieklik is en dat hy eers moet teruggaan om sy vader tot met sy dood te gaan versorg. Hiermee stel die man sy intrede binne die geloofsgemeenskap met Christus vir eers uit. Hy vra dus hiermee respyt om die verantwoordelikhede van gelowige te wees, te aanvaar.

As Jesus dan antwoord: *...laat die dooies hulle eie dooies begrawe*, wil Hy daarmee aandui dat hulle wat nog weier of aarsel om in die lewende geloofsgemeenskap met Hom te lewe, eintlik net soos 'n dooie, met 'n grafbestaan besig is.

22 Oktober **Die mag van kennis** **Matteus 4: 1-11**

My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis. So beskryf die profeet uit die Ou Testament sy volk se onkunde en die gevolge daarvan. Jesus word versoek en die versoeking was net soos die ander op-

tredes op aarde, 'n voorbeeld vir elkeen wat 'n oor het om te hoor en 'n oog het om te sien. Jesus se kennis is natuurlik ver bo dié van die gewone mense. Tog kom hier iets na vore wat aan ons die belangrikheid van kennis aantoon. Jy kan die Satan nie net met 'n kras woord of twee wegwys nie. Hy is heeltemal te dikvellig daarvoor. Die gelowige se oorwinning oor die Satan is sy kennis van die Woord van God. Jy is slegs op die wenpad as jy die taal van die wenners ken en dit self praat. Ja, ek weet daar is baie mense wat met teksversies hulle eie teorieë uitwerk en baie sogenaamde wyshede uit die Bybel optower. Tog kan dit niks van die feit wegneem dat ons geloof sy wortels in kennis het nie. Ek glo, omdat ek kennis oor God ontvang het, al was dit net 'n enkele teksversie toe ek nog klein was.

'n Enkele teksvers se gebruik is net soos die nektar van 'n blom. Hieruit kom haal die spinnekop die bestanddele vir sy dodelike gif en by dieselfde blom kom haal die by die bestanddele vir sy soetste heuning. Jesus staan vas in die geloof teen die Satan omdat Hy teksversies ken en dit gepas op die regte plek aanwend. Hy kon dit ook aanhaal omdat Hy die hele stuk as agtergrond geken het. Kennis is die begin van vertroue en dit bring geloof in Christus waarop God antwoord met die heilswoorde waarna elke gelowige smag.

23 Oktober **Trooswoorde in krisistye** **Matteus 14: 22-33**

Daar is baie ooreenkomste tussen 'n vaart op 'n klein bootjie en die lewenspad wat ons elke dag moet loop. Die lewe laat ons gereeld gryp na enige vastigheid - iets waaraan ons kan vashou. Dit is nie dat ons nie glo nie, dit is net dat ons nie altyd so seker is of ons dit gaan maak nie. Jesus se alomteenwoordigheid kom soms in die eenvoudigste woord na ons toe, maar dan ook soms vanuit die mees onverwagse oord. *Wees gerus, dit is Ek.* Net dit het al baie kalmte in krisistye gebring.

Hierdie woorde van Jesus was in staat om die natuur tot orde te roep. Dit was al in staat om die ergste vrees voor 'n operasie te verdryf. Dit was die trooswoorde wat die sterwende op sy siekbed se gesig laat verhelder het. Dit is die trooswoord wat ons altyd wil hoor. Hier in hierdie lewe, maar ook op die laaste dag. *Wees gerus, hier is Ek, moenie bang wees nie.* Die woorde van die Trooster, van die Redder en van Hom wat alle storms kan stil.

24 Oktober **Jesus het met gesag gepreek** **Matteus 5: 1-12; Lukas 6: 17, die eerste sin en verse 20-23**

Uit die gelese gedeeltes het ons dadelik 'n verskil agtergekom. Matteus skryf dat Jesus teen 'n berg gaan sit het om aan die mense onderrig te gee. Lukas skryf dat Jesus op 'n gelykte tussen die mense gaan staan en praat het. Ons het ook 'n ooreenkoms raakgesien. Die inhoud van wat Jesus sê, stem ooreen. Maar daar is ook weer kleiner verskille. Ons sal graag enkeles daarvan in die volgende aantal dagstukkies wil bespreek. Aan die begin is dit baie belangrik om te onthou dat hierdie verskille betekenis het. Dit beteken nie dat die een skrywer reg is en die ander een verkeerd nie. Die hele Bybel is waar. Die verskille is eerder daarin geleë dat sekere sake beklemtoon word.

Beide evangelieskrywers gee 'n samevatting van Jesus se onderrrig. Hierdie onderrig is nie by een spesifieke geleentheid [soos ons dalk dink as ons die gedeelte die eerste keer lees (en dit ook nie met bv Lukas vergelyk nie)] gegee nie, maar by verskillende geleenthede. Lukas beklemtoon sekere aspekte van Jesus se onderrig en Matteus weer ander.

Om die berg van Matteus te verstaan, moet ons onthou dat Jesus hier aan die begin van sy openbare optrede is. Hy begin om die evangelie van God te verkondig en die mense wat jare later vir die eerste keer die Matteusevangelie lees, is hoofsaaklik mense met 'n Joodse agtergrond. 'n Berg in die openbaring van God het vir die Jode 'n baie belangrike betekenis gehad. Voordat die Israeliete in die beloofde land ingegaan het, het God eers vir hulle sy grondwet gegee. Hy het dit aan Moses op twee kliptafels gegee; die tien gebooie het van 'n berg in die woestyn gekom. Jesus gee nou 'n voller inhoud aan hierdie wet van God. Hy gee dit met gesag. Dit moet net so belangrik geag word as die tien gebooie self.

'n Leermeester van Israel het altyd met sy dissipels rondom hom gesit. Matteus wil beklemtoon dat Jesus die mense met gesag geleer het. Met ander woorde, dat wat Hy gesê het, so belangrik is dat jy jou daaraan moet steur. So moes die volk Israel luister na wat die Here by monde van Moses vanaf die berg aan hulle gesê het. 'n Mens kan sê dat Jesus die nuwe tien gebooie met sy woorde kom gee het. Die Matteusevangelie vra vandag nog van ons om Jesus se woorde ernstig te neem, ja, om dit as 'n lewensreël te neem. Die saligsprekinge wat elkeen afsonderlik behandel gaan word in die volgende dagstukkies, is deel van hierdie lewensreël.

25 Oktober **Hoe afhanklik is ons van God?** **Matteus 5: 3 (vergelyk ook die ou en nuwe vertaling); Lukas 6: 20**

Om van God afhanklik te wees, beteken in die eerste plek om sy Woord (die Bybel) nodig te hê. Ons kry slegs die waarde daarvan as ons die Bybel bestudeer; ons moet dit voortdurend en gereeld doen.

Iemand wat arm is, is iemand wat baie dinge nodig het. As ons dink aan iemand wat arm is, dink ons aan iemand wie se verhouding met God eintlik reg behoort te wees. Omdat hy niks het nie of baie min het, besef hy hoe afhanklik hy van God is. Hy het God se genade nodig en dat God vir hom sal voorsien. So praat Lukas van fisiese, materiële armoede.

Matteus praat van die armes van gees. Hy trek nou die lyn deur vanaf fisiese armoede na die geestelike ingesteldheid. Soos die nuwe vertaling dit pragtig vir ons uitdruk: Iemand wat weet hoe afhanklik hy van God is, se geestelike lewe is 'n lewe van afhanklikheid. *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is.* Dit stel Jesus teen alle hoogmoed en teen elke mens wat homself onafhanklik van God wil voordoen. Ons kan die lewe stormloop, vol selfvertroue in die oortuiging dat ons ryk en goed en sterk is. Maar Jesus waarsku ons dat ons die koninkryk van God gaan misloop en dan is ons eintlik baie arm.

Sukses, die sukses wat God wil hê ons moet behaal, sal ons net kan behaal as ons besef dat ons nie kan staatmaak op eie krag of prestasies nie, maar dit in volle afhanklikheid van God doen. Hoe afhanklik is ons nie van God nie! Hy gee vir ons ons lewe. Hy gee vir ons ons gesondheid en daar is niks wat ons het wat ons nie van God af kry nie. Ons het God nodig, ons het Hom vir die kleinste dingetjie nodig. In onsself en uit onsself is ons niks nie. As jy besef: *Ek is arm, ek het niks*, dan is jy ryk, dan het jy die koninkryk van God, want dan besef jy hoe afhanklik jy van Hom is.

26 Oktober **Hoe kan jy gelukkig wees?** **Matteus 5: 4**

Die woord *geseënd* (ou vertaling: *salig*) beteken: *dat dit met jou regtig goed gaan en dat jy werklik gelukkig is.* Elkeen van ons wil graag gelukkig wees. Elkeen van ons wil hê dat dit met ons goed sal gaan, by die werk, in die skool, in die huis.

Ons dink gewoonlik dat dit met ons goed sal gaan en dat ons gelukkig sal wees as ons onafhanklik is. Met ander woorde, as daar nie mense is wat in ons lewe inmeng en mense van wie ons afhanklik is nie. As

ons selfstandig kan wees en self ons lewe kan reël; as ons genoeg geld en middele het om te kan doen wat ons wil en miskien ook wanneer ons wil. Dit sal ook goed gaan en ons sal gelukkig wees as ons kan lag en nie nodig het om te huil nie; as daar niks gebeur wat ons hartseer maak en ons ontstel nie.

Maar nee, die geluk en die voorspoed waarvan Jesus praat, ware geluk en voorspoed, is die teenoorgestelde van dit wat ons dink. Jesus sê vir ons: Jy is eers regtig gelukkig en dit gaan eers werklik goed met jou as jy afhanklik is, as jy besef dat jy God nodig het en nie sonder Hom kan klaarkom nie (sien gister se teksvers).

Nou klink dit darem by vandag se teks baie snaaks. Want hoe kan jy werklik gelukkig wees, hoe kan dit regtig met jou goed gaan as jy huil, as jy rou, as dit hier binne-in jou stukkend en seer is; as jy treur, as jy verlang, maar daardie verlange word nie beantwoord nie, die hartseer gaan nie verby nie?

Die antwoord lê daarin dat God jou sal vertroos. Die Bybel bedoel met, *want hulle sal vertroos word*, dat God jou sal vertroos.

Hierdie treur moet veral ook verstaan word as om oor die sonde te treur. Sien byvoorbeeld 1 Korintiërs 5: 1 en 2: *'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef. En dan verbeel julle julle nog julle is beter as ander. Moes julle nie liewer daaroor getreur het nie?*

As die sonde waaraan jy skuldig is, jou ontstel en jy berou daaroor het, is jy werklik gelukkig en gaan dit goed met jou. Daarmee sê jy dat die verhouding tussen jou en God vir jou verskriklik belangrik is. Jy is hartseer daaroor dat jy God teleurgestel het. Maar jou troos is dat jy in berou na Hom kan gaan vir vergifnis.

Mag dit so wees dat ons gereeld oor ons sondes sal nadink, dat dit ons hartseer en skaam sal maak sodat ons daaroor sal treur en eers dan sal dit regtig met ons goed gaan.

27 Oktober **Jesus is sagmoedig** **Matteus 5: 5; 11: 25-30; Kolossense 3: 12**

Iemand wat *sagmoedig* is, is *sag van inbors; sagaardig; hy is nie streng of bars of kwaai nie...* (Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal). Soos ons in Kolossense gelees het, is dit ook hoe ons as Christene moet wees.

Sagmoedigheid moet nie verwar word met swakheid nie. Moses, die groot en kragtige leierfiguur uit die Ou Testament moes die verbondsvolk uit Egipteland lei en hy moes al die probleme wat daarmee gepaard

gegaan het, hanteer. Tydens die tog deur die woestyn moes hy hulle bymekaar hou en hy moes oor die weerbarstige volk regeer. Hy was 'n kragdadige man wat so woedend oor die aanbidding van die goue kalf geword het dat hy die twee tafels van die wet stukkend gegooi het. En tog beskryf Numeri 12: 3 hom só: *Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde.* Hierdie uitspraak word oor Moses, die groot leier, se sagmoedigheid gemaak in die konteks van sy broer Aäron en sy suster Mirjam se jaloesie oor sy leierskapsposisie. Vir Moses het dit egter nooit oor homself gegaan nie, maar oor die volk van God. Toe die volk volgens Eksodus 32 gruweloos lik oortree het deur die goue kalf te aanbid, en die Here hulle wou straf, het Moses vir die Here gesê: *Vergewe tog hulle sonde. As dit nie kan nie, moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskryf het.* Hy tree in, hy betoon sagmoedigheid en sorgsaamheid. Hy is nie oor homself bekommerd nie, hy druk homself ook nie op die voorgrond nie, sy bekommernis lê by die volk van God.

Ons het in Matteus 11 gelees dat Jesus hier op aarde sy Vader gedank het dat Hy die dinge waaroor dit eintlik gaan, vir slim en geleerde mense verberg het. Wat Hy hier bedoel, is dat die Jode onder die leierskap van die Fariseërs en die skrifgeleerdes van die wet van God 'n swaar en moeilike las gemaak het. Hulle het dit uitgebrei tot 'n magdom van bepalings en voorskrifte sodat dit naderhand soos kettings om jou nek was en jou neergedruk en vasgehou het. Jesus gee egter die regte betekenis aan die wet van sy Vader. Hy nooi mense wat so moedeloos is omdat hulle nooit al hierdie duisende bepalings kan nakom om hulle eie saligheid te verdien nie; mense wat uitgeput en oorlaai is: *Kom na My toe ... My juk is sag en my las is lig.* Jesus is sagmoedig en nederig van hart.

Maar Jesus kan ook in toorn ontvlam. Hy het die tafels van die geldwisselaars by die tempel omgekeer en die mense wat die tempel ontheilig het, met 'n sweep daar uitgejaag. Sy woede ontvlam egter nie oor Homself omdat Hy Homself op die voorgrond wil druk, soos wat sommige leierfigure doen nie. Hy word kwaad; Hy ontstel Hom; Hy ontbrand in woede wanneer God se wil oortree word en God se heiligheid geskend word. Jesus is die Een Wie se juk sag is. Hy is die sagmoedige, maar dit beteken nie dat Hy swakmoedig is en nie kragdadig kan optree nie. Daarom moet ons ouderlinge, ouers, onderwysers en leiers ook kwaai wees wanneer dit nodig is, maar terselfdertyd sagmoedig. Want dit gaan nie oor hulleself nie, maar oor wat hulle in opdrag van God doen en beskerm.

Jesus sê in die Bergrede dat as jy sagmoedig is, jy die nuwe aarde sal ontvang. Hier word nie gesê dat ons deur sekere eienskappe aan te leer en op sekere maniere op te tree, iets by God gaan verdien nie. Nee, want

alles wat ons ontvang, is genade, suiwer genade van God. Hierdie eienskappe wat in die Bergrede genoem word (onder andere sagmoedigheid) is 'n beskrywing van hoe iemand wat deur God begenadig is, se lewe daar uitsien. Só lyk 'n kind van God se lewe. 'n Kind verdien niks, maar erf uiteindelik iets waarvoor hy nie gewerk het nie.

Hulle wat kinders van God is, kan beskryf word as die sagmoediges en hulle sal die nuwe aarde ontvang, die koninkryk van die hemel. Hierdie aarde gaan verby en op hierdie aarde is daar maghebbers wat hulleself aan ons opdring en ons lewe oorheers en baie mense wat nie sagmoedig is nie. Maar hierdie dinge gaan verby. *Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep; aan dié wat nou daar is, sal daar nie meer gedink word nie* (Jes 65: 17).

28 Oktober **Wat is waarlik reg?** **Matteus 5: 6; Psalm 42; Jesaja 55: 1-7**

Reg is reg; reg of weg; dit is niks minder as reg nie.

Ons hou almal daarvan dat dinge reg moet wees. Maar het jy al opgelet dat ons net hierop aandring wanneer dit ons pas. As ek benadeel word, moet geregtigheid geskied. Maar as dit my nie so direk raak nie, sal ek miskien 'n opinie daaroor gee en verder daarvan vergeet. Dat dinge reg moet wees, alle dinge, is nie eintlik ons erns of ons begeerte of verlange nie. Ons honger en dors nie na wat reg is nie.

Ons land het oor die algemeen baie water, maar bokant Afrika waar Asië begin (waar die Heilige Land ook is), is daar groot gebiede sonder water of met min water. As 'n Oosterling vir jou sê hy is dors, druk hy 'n intense verlange uit. Hy bedoel nie maar net hy is nou lus vir iets koel of lekker om te drink nie, hy bedoel hy is dórs, hy smag na water. Die psalmdigter van Psalm 42 kry swaar en verlang na God soos 'n wildsbok wat ver van die Jordaanrivier af in die woestyn baie dors geword het. Hy soek na God; dit word vir hom 'n saak van lewe en dood.

Ons tref hierdie selfde beeld van dors, maar ook van honger in Jesaja 55 aan. By dié gedeelte moet ons onthou dat die volk van God in ballingskap is. Hulle is weggevoer omdat hulle verhouding met God verkeerd was. Die boodskap wat hulle hoor, is dat die enigste wat 'n mens versadig (wat jou volkome tevrede maak), is dat jy die regte verhouding met God moet hê en dat die sonde uit die weg geruim moet word.

Met hierdie beelde as agtergrond, praat Jesus nou in die Bergrede, soos Matteus dit beskrywe, ook van honger en dors. Hy bedoel nie 'n fisiese honger en dors nie, maar 'n begeerte wat 'n saak-van-lewe-en-dood is na wat vir God reg is. Hierdie dringende behoefte word 'n op-

drag aan die gelowige. In die wêreld rondom ons heers daar onreg; daar is oortredings en moord in plaas van geregtigheid. Nou kry die gelowige die opdrag om die reg te handhaaf en geregtigheid te doen. Ons moet dus sorg dat alles in orde is in die verhouding tussen ons en God; alles in ons verhouding onderling met mekaar moet in orde wees. Alles wat hierdie dinge versuur of verhoed, is sonde.

Wie regtig gelukkig wil wees, wie wil hê dat dit met hom goed moet gaan, is iemand wat sal honger en dors na die reg. Vir hom sal dit 'n saak van lewe en dood, 'n ernstige saak wees. Hy sal 'n intense verlange hê dat alles reg sal wees. Dit gaan nie hier oor die bevrediging van ons persoonlike behoeftes nie, maar dat ons God se wil sal wil doen en waar dit verhinder word, dat ons ons daarvoor sal inspan om alles in ooreenstemming met hierdie wil te kry.

Nou koppel Jesus 'n wonderlike belofte hieraan. Hy sê hulle wat honger en dors na wat reg is, sal versadig word. Die Heilige Gees sal dit wat mooi is, dit wat reg is, hierdie toestand van geregtigheid in ons lewe bewerkstellig. Dan sal ons werklik gelukkig wees en sal dit waarlik met ons goed gaan.

Is u honger en is u dors vir dit wat reg is - in u hele lewe, daar waar u werk, waar u met ander mense te doen het, in u gesin, in u verhouding met wie ook al en in u diens met God? Is dit vir u 'n absolute noodsaaklikheid dat dit wat verkeerd is, reggestel moet word? As dit so is, sal God u versadig en dan sal u werklik gelukkig wees, dit sal waarlik met u goed gaan.

29 Oktober **Kan ons werklik help?** **Matteus 5: 7; Matteus 25: 31-46**

Hier is nou 'n verandering in die saligsprekinge. Die klem verskuif nou vanaf die innerlike gesindheid van die mens na sy dade. Jesus sê dat hulle wat spesifiek iets gaan doen, wat oorgaan tot 'n handeling, geseënd (werklik gelukkig en voorspoedig) is.

Barmhartigheid ('n woord wat dikwels in die Bybel voorkom) wil iets sê oor iemand wat in 'n gunstige posisie is en iemand wat in 'n minder gunstige posisie is. Die een met wie dit goed gaan, tree in 'n goeie gesindheid op teenoor die ander een, sonder dat hyself voordeel daaruit trek. Hy kom die ander een tegemoet en hy help hom. Selfs al is die ander man se probleme sy eie skuld, al is dit deur sy eie toedoen dat hy in 'n verknorsing beland het, help die een met wie dit goed gaan nogtans daardie persoon.

Miskien is dit waar ons probleem met barmhartigheid dikwels lê. Ons

is so terughoudend om te help. Ons het so 'n lang lys voorwaardes. Ons help net as dit nie iemand se eie skuld is dat hy in die posisie beland het waarin hy hom bevind nie. In die geval waar iemand wel argitek van sy eie probleme is, moet ons hom leer (soms met professionele hulp) om 'n ander lewensplan op te trek.

As ons net aan ons eie gemeente dink, is barmhartigheid eintlik vir ons baie maklik. Ons sal miskien 'n stukkie kruideniersware gee of geld vir die diakonie sodat dit verder uitgedeel kan word, en daarmee is die saak afgehandel. Maar daar waar Jesus die mense aan sy linkerhand en aan sy regterhand laat staan, is sy toets of ons werklik betrokke geraak het.

Hier word gepraat van die vreemdeling. Wat doen jy om nuwe intrekkers werklik te laat tuis voel?

Mense in ons gemeentes verloor hulle werk. Dink ons altyd aan al die sielkundige aspekte wat daarmee saamgaan - die verlies aan selftrots en selfrespek en alles wat verwerk moet word?

Hoeveel doen ons ten opsigte van evangelisasie en sending? Is ons werklik barmhartig deur die Woord uit te dra? Nooi ons kinders hulle kerklose maats saam na die erediens, jeugbyeenkoms en kategese? Wat van ons eie mense by ons werk en by sportklubs? Ondersteun ons ons kerk se sending onder ander volksgroepe?

Hierdie dade wat ons doen, is 'n toets vir die egtheid van ons geloof.

30 Oktober **Om te mag sien...** **Matteus 5: 8 en vergelyk dit met die teenstellende oordeelsuitsprake in Matteus 23: 23-28**

Ons glo in God alhoewel ons Hom nie kan sien nie. Iemand wat glo, is iemand wat leef asof hy die onsienlike sien. Dit is wat geloof is. Elkeen wat verwag om eendag die Here te sien, hou homself rein soos wat Jesus rein is. Om te mag sien, vir God en vir Jesus te mag sien, moet jy rein wees. Psalm 24 sê dat wie rein en suiwer van hand en hart is, die Here mag sien. Om in die teenwoordigheid van die Here te wees, moet jy rein wees. God (vir Wie ons nie kan sien nie) toets hierdie reinheid.

Daar is egter ook 'n tweede toets: Hoe tree ons wat mekaar wel kan sien, teenoor mekaar op? Dit is eintlik 'n makliker toets, want ons sien mekaar, ons is voortdurend sigbaar, hoorbaar en tasbaar vir mekaar. Maar nou faal ons so baie keer. Dit is nogal opvallend hoe dikwels ons, wanneer ons oor iemand praat wat ons nie kan sien nie, vergeet dat terwyl ons besig is om te praat, ons wel van Bo af gesien en gehoor word.

Jesus sê vir ons dat ons rein van hart moet wees. Dit beteken dat ons van binne uit deur en deur skoon moet wees. Dit was juis Jesus se probleem met die Farisieërs. As jy na die Farisieërs en die skrifgeleerders gekyk het, was hulle van buite skoon. Hulle het die wet van God geken en dit uitgebrei tot 'n magdom bepalings en hulle het dit onderhou. Maar hulle het dit gedoen soos dit hulle gepas het. Jesus gebruik die voorbeelde van halfgewaste skottelgoed en wit grafte. Volgens die destydse Joodse geloof was 'n mens onrein as jy aan 'n lyk geraak of by 'n graf gekom het. Dan mag jy nie onmiddellik in God se teenwoordigheid gekom het nie. Grafte is dus wit geverf om dit maklik raak te kan sien. Vandag is ons baie meer realisties daaroor en weet ons dat God alles rein gemaak het.

Jesus sê vir die Fariseërs dat hulle soos wit gepleisterde grafte is - mooi van buite maar verrot van binne. Hulle is baie noukeurig om hulle tiendes te gee van kruisement en anys en koljander. Maar dit is speserye wat lig in gewig is. Daarvan gee jy maklik 'n tiende, maar dit wat werklik gewig by God dra - geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid - daaraan steur hulle hulle nie. Om die wet te onderhou, is net 'n formaliteit. Hulle lewe is nie rein nie en daarom noem Jesus nie hierdie mense geseënd nie, maar sê Hy vir hulle dat daar ellende vir hulle wag. As jy nie van binne uit, daar waar die oorsprong van jou dade en jou woorde lê, rein is nie, sal jy nie die Here sien nie, maar die hel.

31 Oktober **Maak vrede** **Matteus 5: 9; Efesiërs 2:13-18**

God self is die groot Vredemaker. Ons was vyande, God se vyande. Ons is dalk wel uit gelowiges gebore, maar as ons verder in die geskiedenis teruggaan, was daar 'n tyd toe daar van ons voorouers was wat glad nie geglo het nie. Hulle was sonder Christus, uitgesluit van die burgerskap van Israel; ver van God af; hulle het nie gedeel in die verbond en die beloftes wat daarmee saamhang nie; hulle was sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Christus het egter sy bloed gestort en ons met God versoen waardeur ons God se kinders geword het. Daarom kan ons sê dat Christus ons vrede is. Hy het vrede tussen ons en God tot stand gebring, en so is God allereers die groot Vredemaker. Hy verwerp ons nie wat uit onsself sy vyande en haters is, nie, maar Hy maak vrede met ons. Daarom moet ons wat aan God behoort en sy kinders is, ook vredemakers wees. Hierdie vrede is vrede met God, maar dit is ook vrede in die algemeen. In die Bybel groet die mense mekaar (Jesus die dissipels, Paulus die gemeentes in sy briewe ens) dikwels met 'n vredeswens. Dit dui nie (net)

daarop dat daar nie stryd en onlus sal wees nie, maar dat die beste, die volmaakte geluk, die mooiste wat jy iemand kan toewens, toegesê/gewens word.

Ons wil almal graag daardie vrede hê. Nou word dit ook ons opdrag: Máák vrede. Is ons bereid om dit te doen? Wil ons net vrede tussen mense hê of is ons bereid om self ook vrede te gaan maak? As God die groot Vredemaker is, moet ons ons vir 'n oomblik indink wat dit beteken. Vir Hom wat die sondaarmense as sy kinders moet aanneem en hulle in vrede moet terugneem, het dit gekos dat Hy sy Seun aan die kruis moes laat sterwe.

Christus sê nie dat die wat vrede het, geseënd is nie, maar die wat vrede maak en sorg dra dat hulle geloofslewe in orde is. Dan bly die vrede wat God met hulle gemaak het, vrede. Daarvandaan gaan hulle verder om hierdie vrede rondom hulle te versprei. God het met ons vrede gemaak, en ons het nou die opdrag om aan ander mense te vertel hoe dit moontlik is dat hulle ook vrede met God kan hê. Ons moet vrede maak deur die evangelie te verkondig, sodat daar 'n al groter vrede oor die hele aarde kan kom. Dit is die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

1 November **Hulle wat beledig en vervolg word** **Matteus 5: 10-12; Matteus 16: 24-28**

(Hierdie woorde pas ook by die herdenking van die Kerkhervorming gister. Talle Protestante is vervolg en het hulle lewe afgelê ter wille van die waarheid van die evangelie.)

In Matteus 5: 10 is daar 'n toets opgesluit. Ons almal weet wat reg is; ons is gelowige mense; ons ken die Bybel; ons weet wat God van ons verwag. Maar nou is die toets of ons nog steeds sal doen wat ons weet reg is as ons daaroor vervolg sal word? Sal jy jou werk verloor; jou tong laat uitsny; bereid wees om in die tronk gegooi te word omdat jy weier om jou Christenskap prys te gee? Sal jy weier om op te hou om die geloofsbelydenis na te volg as uitdrukking van jou geloof? Sal jy bereid wees om te stry elke keer wanneer God se Naam ontheilig, sy koninkryk ondermyn of sy wil gedwarsboom word?

Om te doen wat reg is, is die meeste van die tyd maklik genoeg. Die toets kom wanneer ons teenstand kry. Ons weet van Stefanus, die eerste martelaar, en sovele na hom wat hulle lewe prysgegee het, maar nie hulle geloof nie. Duisende Protestante is in oorloë en op martelbanke en brandstapels om die lewe gebring. Tog het hulle mede-gelowiges volgehou om te doen wat reg is. Baie meer onlangs weet ons van vervolgings in kommunistiese lande.

Vir martelare is daar 'n belofte: hulle sal die koninkryk van die hemel (God se koninkryk) ontvang. Mense wat bereid is om by hulle geloofsbeginsels te staan, staan onder die koningskap van God en onder sy koningskap groei die kerk. Vroeër jare, toe baie gelowiges doodgemaak is, was daar selfs 'n gesegde wat gelui het dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is. Hoe meer Christene doodgemaak is, hoe meer het die kerk gegroei en vooruitgegaan. Die koninkryk van God het eintlik hier op aarde nog maar net begin en dit loop uit op die koninkryk van die hemel. Die koninkryke van mense wat Christene vervolg het, het tot niet gegaan en sal tot niet gaan.

Ons word nie vervolg nie en daar word nie regtig druk op ons geplaas nie. Tog is ons nie altyd bereid om 'n taak in die geloof of in die gemeente te verrig nie. Dit verg te veel moeite. Let op: Ons ondervind geen teenstand nie. Ons het al die geleenthede om onsself diensbaar te stel. Daar is geen verhindering of vervolging nie, maar ons is nie hart en siel daarin nie. Daar is miskien die moontlikheid dat wanneer ons diens lewer, dit waardeer sal word en raakgesien sal word, maar steeds is ons nie ywerig nie.

Nou gebeur dit baie keer in ons omgang met mense dat ons sleg gesê word. Maar dit is nie waaroor dit hier gaan nie. Dit gaan hier oor *ter wille van my*. Natuurlik is hierdie haatgevoelens en verkeerde verhoudinge tussen mense iets waaraan onsself vanuit ons geloof nie skuldig moet wees nie. Ons moet sorg dat ons altyd in vrede met alle mense leef. Maar as mense ons ter wille van Christus teëstaan of beledig, sal ons geseënd wees.

Geeneen van die profete wat deur die eeue heen deur God gebruik is om sy boodskap aan mense oor te dra, was gewild nie. Hy wat die Woord van God in sy volle konsekwensies uitdra en verkondig, is nooit werklik gewild nie omdat God se Woord van ons dinge vra wat teenstrydig is met ons eie sondige aard en natuur. Lees weer die dinge wat Jesus in die saligsprekinge noem. Dit is alles dinge wat strydig met ons eie aard is. En tog is dit dinge wat ons werklik gelukkig en waarlik voorspoedig maak, geseëndes tot in alle ewigheid.

2 November **Vrygemaak om te dien** **Matteus 9: 14-17**

Volgens die Ou Testament was dit oorspronklik net nodig om een keer per jaar te vas. Die Fariseërs het elke week twee keer gevas om te wys hoe vreeslik godsdienstig hulle is. Hulle het gevas om God se guns te probeer wen. Hulle het gevas om die aandag op hulleself te vestig en die volk se bewondering af te dwing.

Jesus probeer hier vir sy dissipels verduidelik waarom dit nie nodig is om te vas nie. Dit gaan vir hom eerder oor die gesindheid in 'n mens se hart. Hy gebruik die voorbeeld van 'n huwelik. 'n Huweliksonthaal het in die Bybelse tyd 'n week lank geduur, want die gaste het in daardie dae met oorgawe feesgevier. Selfs die streng wette oor vas het nie gegeld wanneer daar 'n huwelikseremonie aan die gang was nie. Dit is ook wat hier gebeur het. Solank die Bruidegom self by die onthaal teenwoordig is, kan niemand treur of vas nie. Daar sal egter 'n tyd kom wanneer hulle die Bruidegom sal wegneem om gekruisig te word, dan sal die gaste rede hê om te treur.

Jesus wil hiermee aantoon dat daar in die godsdiens 'n totale vernuwing gaan plaasvind. Dit is sinneloos om ou klere met 'n nuwe ongekrimpte lap te probeer heelmaak. 'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou wynsakke nie, want die nuwe wyn wat nog gis, sal die ou sakke laat bars!

Hierdie gedeelte dien ook vir ons as waarskuwing om nie in ons godsdienstige denke en gebruike verstar te raak nie. Vir 'n Christen gaan dit nie meer oor die letter van die wet nie. Ons hoef nie meer ons saligheid te verdien of God se guns te probeer wen nie. Jesus het ons vrygemaak om God met volle oorgawe te dien en die wet uit dankbaarheid na te kom.

3 November **Bekeer julle en dra vrugte** **Matteus 3: 1-12**

Johannes die Doper het in sy prediking sterk klem gelê op die noodsaak van bekering. Hy stel dit duidelik in vers 3: *Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.* Jesus het ook met sy heel eerste optrede na die versoeking in die woestyn, sy prediking met presies dieselfde oproep begin: *Bekeer julle....*

Wat is bekering dan? Die Heidelbergse Kategismus gee 'n duidelike antwoord. Bekering bestaan uit twee dele: die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Die ou mens is die mens wat in die sonde vasgevang is. Om die ou mens af te sterwe, beteken om jou sonde raak te sien, berou daaroor te hê en hard te probeer om op te hou daarmee. Die nuwe mens is die mens wat in Jesus Christus glo en toelaat dat die vrugte van die Heilige Gees in hom/haar sigbaar word. Om op te staan tot 'n nuwe mens, beteken om in Christus te lewe en volgens die wil van God te begin lewe.

'n Mens kan nie net met jou mond bely dat jy bekeer is nie. 'n Christen moet uitgeken word aan sy optrede elke dag. Johannes sê dan ook: *Dra vrugte wat bewys dat julle bekeer is.* Dit is presies wat Paulus bedoel as hy sê dat die Gees ons gedrag moet bepaal. Paulus noem die vrugte van die Gees, naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid,

goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is wat in die lewe van die gelowige sigbaar moet wees. Noudat ons bekering verstaan, kan ons onsself afvra: *Hoeveel van hierdie vrugte van die Gees is in my lewe sigbaar?* En *kan mense uit die alledaagse lewe sien dat ek 'n lewende getuie vir Christus is?*

Bekering beteken dus dat ek elke dag van my lewe sal stry teen die sonde en elke dag sal lewe volgens die wil van God. As dit vir u moeilik klink om dit na te kom, onthou dat Hy sy Gees gestuur het om ons daarmee te help.

4 November **Is dit regtig Jesus?** **Matteus 11: 2-18**

Is dit regtig Jesus of moet ons 'n ander een verwag?, vra Johannes uit die tronk. Is dit die Een wat belowe is wat gaan kom, die Verlosser? Die Een wat in die Ou Testament voorspel is en verwag word?

Johannes was slegs die boodskapper. God het hom gekies om vooruit die pad reg te kom maak vir die Messias. Die wêreld moes voorberei word op die koms van die Here. Het die tyd uiteindelik aangebreek dat die beloftes in die Ou Testament vervul is? Dit lyk amper of Johannes daaraan begin twyfel, maar Jesus antwoord self: *Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig.* Al hierdie wonderwerke is getuienis daarvan dat dit net Jesus kan wees, die Seun van God!

Wat verwag ons vandag van Jesus? Het ons nie dalk die verkeerde verwagting wanneer ons ongeduldig raak met God omdat Hy nie aan al ons probleme aandag gee nie? Ons verwag dat Hy onmiddellik al die siektes en ellende en probleme om ons eensklaps moet verwyder. As dit nie gebeur nie, twyfel ons. Ons gaan soek ander verlossers om ons te red - positiewe verlossers soos sport, geld, mag, kwalifikasies, maar ook negatiewe verlossers soos drank, dwelms en korrupsie.

Om ons twyfel uit die weg te ruim, het God 'n mens geword. Jesus het God se liefde en versekering vir sondaarmense kom openbaar. Hy het ons die nuwe boodskappers kom maak. Dit is ons taak om die pad vir sy wederkoms voor te berei. Ons doen dit deur die koninkryk van God op die aarde te vestig. Daarom verkondig die kerk die evangelie van verlossing oor die hele aarde. Moenie vergeet nie, ons is die kerk! Gaan dink 'n bietjie na oor hoe jy met hierdie belangrike taak in die kerk kan help.

5 November **Spyt kom altyd te laat** **Matteus 27: 3-10**

Matteus is die enigste Bybelboek wat sê dat Judas homself opgehang

het. Die skuld oor sy verraad was oorweldigend. Hy het seker nie gedink dat die inligting wat hy vir 30 silwerstukke verkoop het, die dood van Jesus sou veroorsaak nie. Maar spyt kom altyd te laat en nie eers die feit dat hy die verraadgeld teruggegee het of homself om die lewe gebring het, gaan die gevolge van sy daad verander of die skade herstel nie.

Die reaksie van die priester- en familiehoofde, die belangrikste mense in die *samelewing*, is nog skokkender. Hulle het Judas die geld betaal om Jesus te verraai en nou verontskuldig hulle hulleself: *Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak!*

Hierdie hardheid bespeur ons dikwels by gelowiges wanneer hulle onbetrokke teenoor die kerk en die nood van naastes staan. Ons hoor dikwels: *Wat het ek daarmee te doen? Los my uit.* Elke keer wanneer dit gebeur, word Jesus opnuut verraai. Dit is nie die gesindheid wat in gelowiges se harte moet heers nie. Die boodskap van hierdie gedeelte verkondig dat God alles raaksien wat ons doen. Ons besef nie altyd die gevolge van ons verkeerde dade nie en is agterna spyt wanneer ons niks meer daaraan kan doen nie.

Daar is egter redding vir ons. Jesus het, nadat Hy verraai en gevange geneem is, aan die kruis gesterf vir die sonde van die wêreld. Ons geloof in Hom beteken vir ons verlossing en vryspraak en 'n dankbare lewe!

6 November **God is bekommerd oor die kleintjies** **Matteus 18: 10-14**

Ons lewe in 'n wêreld waar die massa die toon aangee. Die massa bepaal wat gebeur en wat besluit word. Die enkeling is net van belang in soverre hy of sy deel van die massa is en daar 'n bydrae kan lewe. Vir 'n groot groep mense se behoeftes sal ons baie moeite doen. Ons sal fondse stig en stadions vol maak, maar van die enkeling vergeet ons baie maklik.

Hierdie gelykenis leer ons dat God Hom oor die enkeling bekommer. Elke mens is vir God belangrik en Hy het 'n plek vir elke mens. Hy roep elkeen by die naam. Jesus roep juis hier die dissipels op om diegene wat wegraak, te gaan soek. Die *kleintjies* dui hier op die swak en hulpbehoewende gelowiges. Hier word klem gelê op die groot vreugde en blydskap wanneer die een verlore skaap gevind word.

Jesus het gekom om diegene te soek en te red wat verlore gaan. Hy is die goeie Herder wat bekommerd is oor die een skaap wat afgedwaal het. Die verkondiging van die kerk is juis daarop gemik om die afgedwaaldes weer veilig tuis te bring. Ons moet daarom versigtig wees om nie die *kleintjies* in die geloof verlore te laat gaan nie. Dit beteken dat

ons self sal klein word voor God en dat ons nederig ons taak sal uitvoer om die verlore skape te gaan soek.

7 November **Die gelowige se bruilofskleed** **Matteus 22: 1-14**

Klere speel by ons almal 'n belangrike rol. By verskillende funksies of geleenthede word daar van ons verwag om die gepaste kleredrag aan te hê. Formele uitnodigings maak melding van die kleredrag wat verwag word: formeel, semi-formeel of informeel. Sou iemand nie aan hierdie gedragskode voldoen nie, loop so 'n persoon die gevaar om nie toegelaat te word nie.

Hier lees ons dat 'n sekere koning 'n fees vir sy seun berei. Slawe word uitgestuur om die genooides te gaan roep. Die eerste uitnodiging van die koning word verwerp en party genooides het van die slawe doodgemaak. Die koning besluit toe om in die strate elkeen wat teëgekom word, te nooi. Spoedig is al die leë plekke gevul en die koning kom in om al die gaste met bruilofsklere aan te ontmoet. Enige persoon sonder 'n kleed aan, sou dus maklik as 'n ongenooide uitgeken kon word en sou skuldig wees aan oneerbiedigheid teenoor die koning.

In die Bybel dui die koning in Jesus se gelykenis op God en die bruilofsfees is 'n beeld van die koms van God se koninkryk. Die eerste genooides dui op die Jode wat hulle nie aan God se uitnodiging deur sy Seun, Jesus Christus, gesteur het nie. Hulle het Hom immers gekruisig. Die tweede uitnodiging dui op die verkondiging van die evangelie aan al die heidennasies op die aarde.

Hoewel hierdie uitnodiging aan almal gerig word, verwag God dat gepaste bruilofsklere gedra word. God gee vir ons elkeen 'n kleed wat deur die bloed van die Lam rein en wit gewas is. Hierdie kleed moet ons elke dag vertoon soos 'n boom wat goeie vrugte dra.

8 November **Dood, waar is jou angel?** **Johannes 11: 1-16**

Lasarus het saam met sy twee susters, Maria en Marta, in Betanië naby Jerusalem gewoon. Hulle was gelowige mense. Jesus was besonder geheg aan hierdie familie en het by geleentheid ook by hulle tuisgegaan. Lasarus staan by Hom bekend as *die een vir wie Hy lief is*. Toe Lasarus ernstig siek geword het, het Maria en Marta dadelik vir Jesus laat weet.

Jesus gebruik Lasarus se siekte om die heerlikheid van God bekend te maak. Al sou Lasarus sterf, sou die dood nie die laaste woord spreek nie. Die siekte sou op die openbaring van die mag van God en die verheerliking van die Seun van die mens uitloop. Dit was dus nie uit liefdeloosheid dat Jesus nie dadelik gereageer het nie. Hy het sy ingrype

vertraag totdat die regte oomblik aangebreek het. Dit sou toon dat God mag oor die dood het. In 1 Korintiërs 15: 55 verwys Paulus na die angel wat deur Jesus uit die dood getrek is. Daarom kan Jesus hier reeds van die dood van Lasarus as net van slaap praat. Later het Hy dit bevestig toe Hy self uit die graf opgestaan het.

Jesus beklemtoon dat sy tyd op aarde min is en dat die dissipels dit goed moet gebruik. Hy wou die geloof van sy dissipels so sterk maak dat hulle selfs sonder sy teenwoordigheid steeds in Hom sou glo en Hom sou verkondig.

Hierdie gedeelte wil ons eie geloof in Jesus Christus ook versterk en ons vrees vir die dood wegneem.

9 November **Jesus het gehuil** **Johannes 11: 33-44**

Johannes stel dit twee keer aan ons dat Jesus gehuil het. Die eerste keer was toe Jesus die trane van Maria en die ander omstanders gesien het. Hy was innerlik diep ontsteld en bewoë. Die tweede keer was toe hulle vir Hom gesê het dat Lasrus klaar dood en begrawe is. *Jesus het gehuil* - so 'n kort sinnetjie wat so baie verkondig. Letterlik staan hier dat Jesus in trane uitgebars het. Hy huil omdat Hy 'n goeie vriend verloor het. Hy huil omdat die Jode nie verstaan het dat Hy die Seun van God is nie en Hy huil omdat Hy toe al geweet het dat sy eie dood al hoe nader kom.

Jesus huil nie net nie, Hy troos en bemoedig ook. Hy herinner Maria daaraan dat sy slegs deur die geloof die volle openbaring van God sal sien. Wanneer Jesus dan die wonder wat gaan gebeur in die regte perspektief geplaas het, kyk Hy op en spreek God aan as *Vader*. Met 'n magswoord waarmee God eens die hemel en die aarde geskape het, roep Jesus vir Lasarus tot die lewe.

Deur die eeue heen bely die Christelike kerk dat Jesus ware God en ware mens was. In die opwekking van Lasarus uit die dood tref ons albei hierdie dimensies aan. Die optrede van God as die mens Jesus wat huil en die optrede van die mens Jesus as God wat Lasarus uit die dood opwek. Vir ons verseker dit dat Jesus nie net tweeduisend jaar gelede aan die kruis vir ons gesterf het nie, maar dat Hy vandag nog by ons is en saam met ons huil. Ons moet dit glo!

10 November **Maria of Judas?** **Johannes 12: 1-11**

Ses dae voor die paasfees gee hulle 'n ete vir Jesus, ten spyte daarvan dat hulle verplig was om Hom aan die Joodse owerhede te rapporteer

(Joh 11: 55-57). Van die mense wat aan tafel was, word Lasarus spesiaal genoem omdat sy opwekking uit die dood tot die Joodse owerhede se frustrasie, groot belangstelling gewek het. Die ete is gegee uit liefde vir Jesus, asook uit dankbaarheid dat Hy Lasarus uit die dood opgewek het.

Hoewel vrouens in daardie tyd nie saam met die mans by die tafel aangelê het nie, figureer beide Marta én Maria prominent in hierdie gebeure. 'n Mens kan jou die toneel voorstel. Maria, soos dit in dié tyd gebruiklik was, staan agter die gaste aan tafel. Maar haar liefde vir en dankbaarheid teenoor die Here ken geen perke nie. Die olie, teen 300 silwerstukke, is gelyk aan 'n jaar se salaris. Haar hare wat sy losmaak, is iets wat 'n vrou in daardie tyd nie in die openbaar in mans se geselskap gedoen het nie. Alles wat sy doen, dui daarop dat sy nie net begryp dat Jesus die Messias is nie, maar dat dit haar so aangryp dat sy met alles wat sy het, haar liefde aan Hom bewys.

Téénoor haar staan Judas (vs 4-6). Hy was daagliks in Jesus se teenwoordigheid. Hy het gehoor hoe Jesus dit wat Maria gedoen het, in verband bring met sy dood en opstanding. Hy het alreeds 'n geruime tyd met die dissipels daaroor gepraat. Tog dring dit wat besig was om hier te gebeur, nie tot hom deur nie (vs 7). Die vraag is eenvoudig: Verstaan jy dat Jesus die Messias is? Kyk weer na die twee figure Maria en Judas. Maar kyk soos iemand wat in 'n spieël kyk. Wie se optrede en gesindheid spreek jou die meeste aan? En wat gaan jy doen noudat jy dit alles oordink het?

11 November **Petrus - hoeveel keer moet ek vergewe?** **Matteus 18: 21-35**

Die Here Jesus het vir die kerkleier Petrus die belangrikste dinge wat sy kerk moes weet en doen, geleer. Om iemand wat waarlik berou het, te vergewe, hoeveel keer hy ook al om vergifnis vra, is een van die belangrike dinge wat die kerk moes weet en doen. Die rabbi's het die Jode geleer om mense wat hulle te na gekom het, tot drie keer te vergewe. In 'n poging om baie goedhartig te wees, wou Petrus by Jesus weet of dit genoeg is as 'n mens so iemand sewe keer sou vergewe. Jesus se antwoord was: *selfs sewentig maal sewe keer*. Dit beteken dat 'n mens nie moet tel hoeveel keer jy 'n ander een vergewe nie, jy moet dit aanhou doen.

In die Bybelse tyd was die gevolge baie ernstig as iemand nie sy skuld kon betaal nie. 'n Skuldeiser kon die een wat by hom in die skuld was, sowel as sy hele familie, dwing om vir hom te werk totdat sy volle skuld betaal is. Die skuldenaar en sy hele familie kon ook as slawe verkoop word om die skuld te delg. Voordat alles nie betaal was nie, sou hy in die tronk moes bly.

God hét al ons sonde vergewe en daarom mag ons nie huiwer om ander te vergewe nie. As ons nie bereid is om ander te vergewe nie, beteken dit dat ons onsself bokant en buite Christus se wet van liefde stel. Sou u so iets wou waag? Miskien is nou 'n goeie tyd om te dink aan diegene wat teenoor jou oortree het. Maar dink dan ook aan jou sonde voor God. Jy weet dat God ter wille van jou vryspraak gedoen het. Wat gaan jy doen omtrent hulle wat teenoor jou oortree het?

12 November **Petrus die rots?** **Matteus 16: 21-23**

Die rots waarvan Jesus hier praat (vanaf vs 18), het nog altyd die verbeelding aangegryp. Wat is dit? Die Nuwe Testament is duidelik daaroor dat die rots waarop die werk van Jesus gebou is, nie net Simon Petrus was nie, maar al die apostels. Verder is dit nie die apostels as besondere mense wat die fondament was nie. As mense was hulle swak en sondig wat nooit as fondament vir die kerk sou kon dien nie. Die rots waarop Jesus se kerk gebou is, was daarom nie Petrus of al die apostels as persone nie; hierdie rots was die wese van hulle apostelskap, naamlik hulle getuienis aangaande die lewe en opstanding van Jesus Christus (vs 16).

Vandag nog bou die Here sy kerk op hierdie rots. Of die naam Petrus of Tomas of watter een van die apostels was, en of jou naam Jan, Klaas, Marie of Sarie is, dit gaan nie oor jou persoon nie, maar oor die belydenis: *U is die Christus, die Seun van die lewende God.* Waar dit bely word, bou God self sy kerk sodat dit stewig staan - soos 'n gebou op 'n rots. Ten spyte van al ons tekortkominge, ja, selfs ten spyte van ons sondigheid kan ons weet dat God steeds sy kerk op hierdie rots bou. Maar ons moet ook vra of hierdie belydenis net ons mond raak? Met ander woorde, dit wat ons bereid is om te sê, raak dit ook ons lewe? As jy sê: *U is die Christus, die Seun van die lewende God,* moet jy ook let op jou lewe. Jou manier van leef mag nooit jou belydenis ondergrawe nie. Dit het Jesus reeds in Matteus 7: 21 gesê.

13 November **Petrus die rots of Satan?** **Matteus 16: 21-23**

Petrus het bely: *U is die Christus, die Seun van die lewende God.* Maar nou hoor ons dat Jesus van hom sê: *Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.* Hoe moet ons dit verstaan?

Die woord *moet* (vs 21) dui daarop dat die lyding, dood en opstanding

van Jesus geskied in ooreenstemming met die raadsplan van God. Daarom kon dit nie anders nie - dit moes geskied. Jesus se beskouing van sy Messiasskap is totaal anders as dié van die Jode oor die Messias wat hulle verwag het. Jesus sê vir die dissipels dat Hy die Een is wat aan die kruis moet sterwe en die dood moet oorwin, sodat Hy die skuld van die sondaar kan betaal en die sondige mens tot oorwinning oor die sonde en die dood kan lei. Maar juis dit is wat Petrus nie wou toelaat nie. Hy is bereid om te bely dat Jesus, wat in Betlehem gebore is en in Nasaret as seun van Josef en Maria grootgeword het, die Christus van God is, maar verder glo hy nog steeds net dit wat die Jode oor die Messias verkondig het. Dit is ook die rede hoekom hy Jesus opsy neem en Hom berispe. Daarop het Jesus vir hom gesê dat hy die werk van die Satan doen, deurdat hy Jesus wil weglok van die doel waarvoor Hy mens geword het.

Dit is natuurlik vandag nog so dat juis die lyding, kruisdood en opstanding vir baie mense 'n probleem is. Dink daarom goed na: Wat glo u regtig van die lyding, dood en opstanding van Jesus? En u eie kruis wat u moet dra? U eie dood? Die ewige lewe? Wie verstaan wat Jesus vir ons in ons plek gedoen het, dink anders oor hierdie dinge. Mag u onder diegene tel wat reg dink oor die lyding, dood en opstanding van ons Verlosser.

14 November **Petrus die ambassadeur** **Matteus 17: 24-27**

Die tempelbelasting (vs 24) verwys na die Griekse silwermuntstuk, die didragmon. Dit beteken letterlik twee dragmas. Op hulle beurt was twee dragmas gelyk aan 'n denarion. In Matteus 20: 2 word dit vertaal met *dagloon*. Die Joodse ekwivalent was 'n halwe sikkel wat in Eksodus 30: 13 as *ses gram silwer* weergegee word. Alle Joodse mans bo twintig moes tempelbelasting betaal om met die instandhouding van die tempel te help (sien Eksodus 30: 11-16). Belastingagente het dié belasting op sekere plekke ingevorder. Ons lees slegs in Matteus van hierdie insident - moontlik omdat hy self vroeër 'n belastingagent was.

Toe Jesus die vraag oor die betaling van tempelbelasting moes beantwoord, gebruik Hy die geleentheid om lig te werp op sy koninklikheid. Net soos 'n koning self nie belasting betaal nie en geen belasting van sy familie vra nie, was Jesus die Koning, geen belasting aan enigiemand verskuldig nie. Hy het egter nogtans sy eie én Petrus se belasting betaal. Want die silwermuntstuk wat Petrus in die vis se bek gevind het, word in die grondteks aangedui as 'n *stater*, met ander woorde vier dragmas. Dit was genoeg vir die belasting wat Jesus en Petrus moes be-

taal. Jesus doen dit omdat hy aan diegene wat nog nie sy koningskap verstaan het nie, nie wou aanstoot gee nie.

Ons is God se mense en daarom is ons eintlik uitlanders op aarde. Ons lojaliteit lê by Jesus, en sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Aan die ander kant moet ons egter sover as moontlik met aardse regerings en owerhede saamwerk en verantwoordelike burgers wees. Ambassadeurs in 'n vreemde land gehoorsaam die wette van daardie land, sodat hulle die een wat hulle verteenwoordig, goed kan verteenwoordig. Ons is ambassadeurs vir Christus. Die vraag bly altyd: Is jy vir Hom 'n goeie ambassadeur op aarde?

15 November **Waar begin my verbintenis aan die Here?** **Matteus 26: 31-35**

Ons het Petrus in die evangelies leer ken as die dissipel wat dikwels eerste gepraat het, en net so dikwels eerste gedoen het. Baie dikwels het Petrus sodoende maar eintlik namens al die dissipels gepraat of opgetree. Maar Petrus se woorde en dade bewys ook sy besondere waardering vir die Here Jesus. Hy het Hom vertrou (vgl Matt 14: 28-30), en hy was oor die Here se welstand bekommerd (vgl bv Matt 16: 22). In die Skrifgedeelte hierbo (Matt 26: 31-35) spreek Petrus ook sy lojaliteit teenoor die Here uit.

Mense sou seker kon sê Petrus was melodramaties. Of hulle sou kon sê dat hy onverantwoordelik was en glad nie besef het wat hy sê nie. Maar een ding kan niemand ontken nie: Petrus was bereid om homself aan die Here Jesus te verbind. Daarom het hy hardop voor al die ander dissipels verklaar dat hy die Here nooit in die steek sou laat nie. En aan sy opregte bedoelings kan ons nie twyfel nie, selfs al weet ons die verdere verloop van sake soos dit in die evangelie beskryf word.

Ten spyte van Petrus se foute en gebreke is dit iets wat ons by hom kan leer: die bereidheid om homself aan die Here te verbind. Maar waar begin so 'n verbintenis? Dit begin altyd by 'n belydenis. My verbintenis aan die Here begin die dag wanneer ek soos Petrus bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God (Matt 16: 16). En my verbintenis word daarna herhaaldelik bevestig - elke keer as ek hardop voor ander mense sê dat ek aan Hom getrou sal bly.

Party mense mag dan ook dink dat ons melodramaties is of dat ons nie verstaan wat ons sê nie. En dalk is dit selfs waar. En tog: sonder dat ons die belydenis uitspreek, sal ons ons nooit aan die Here verbind nie. En sonder dat ons ons aan Hom verbind, sal ons nooit ons taak in die kerk en in die wêreld aanvaar nie. My verbintenis aan die Here be-

gin altyd by my belydenis, al spreek ek dalk my belydenis uit sonder om behoorlik te verstaan wat ek sê.

16 November ***Die gees is gewillig, maar die vlees is swak*** **Matteus 26: 36-46**

Petrus het so pas hartroerend verklaar: *Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie* (Matt 26: 35)! En nou is die vurige Petrus vreeslik vaak! Soos 'n meelewende lidmaat wat met opregte bedoelings kerk toe gekom het en nou skielik met die beste wil ter wêreld nie sy oë kan oophou nie.

Wanneer Jesus kort voor sy gevangeneming, verhoor en kruisiging in die tuin van Getsemane wil gaan bid, neem Hy drie van sy dissipels saam: Petrus en die twee seuns van Sebedeus (Jakobus en Johannes). Op 'n punt laat Hy hulle agter sodat Hy Hom aan sy innerlike worsteling kan oorgee. Wanneer Hy egter terugkom, vind Hy sy dissipels vas aan die slaap. Daarom sê Hy vir hulle: *Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.* Wat Petrus (en die ander dissipels) nou-nou nog met groot oortuiging belowe het, het hier reeds op niks uitgeloop nie.

Vir Jesus was sy tyd van gebed in Getsemane 'n intense innerlike worsteling. Maar vir sy dissipels was dit duidelik net roetine. Daarom het hulle Jesus in die steek gelaat juis toe Hy behoefte aan hulle morele ondersteuning gehad het. En hiermee begin die laaste deel van sy aardse lyding, want sy geestelike verlatenheid in Getsemane word met sy gevangeneming, verhoor en kruisiging bevestig wanneer al sy dissipels Hom ook fisies in die steek laat.

Dit is tragies, maar die toneel van Jesus met sy dissipels in Getsemane speel hom sedertdien seker daagliks weer af. In ander omstandighede en op ander plekke gebeur dit voortdurend dat Jesus se dissipels - ons - Hom op allerlei maniere in die steek laat. Partykeer is ons ook net *vaak*; ongeïnspireerd deur die roetine van ons geloofslewe. Daarom is ons al so afgestomp vir die bekende verhaal van Jesus se skrikwekkende lyding en kruisiging. Daarom raak ons aan die slaap as ons saans Bybel lees of in die kerk sit, en daarom word ons gebedslewe 'n lewelose voortrammeling. Is dit nie waar nie?

En fisies laat ons Hom ook dikwels in die steek, soos wanneer ons nalaat om na mekaar se diepste nood te luister. Of wanneer ons versuim om iemand in nood te help. Want die Here het volgens Matteus 25: 45 tog die volgende woorde gesê: *Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.*

17 November **En as ek my woorde moet sluk?** **Matteus 26: 69-75**

Lank gelede het die Prediker al gewaarsku: *Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde* (Pred 5: 1). Maar hieraan het Petrus sekerlik nie gedink toe hy beloof het om die Here nooit te verloën nie (Matt 26: 35). Net soos Petrus hom toe onmoontlik kon indink dat die omstandighede so vinnig so drasties sou verander dat dit inderdaad vir hom gevaarlik sou wees om te erken dat hy een van Jesus se dissipels is.

Toe Jesus gevange geneem is, het al die dissipels gevlug (Matt 26: 56). Die priesterhoofde en familiehoofde kon hulle baie maklik saam met Jesus gevang en laat aankla het. Petrus was die een dissipel wat Jesus nog op 'n afstand gevolg het; hy wou darem probeer uitvind wat met Hom gaan gebeur. Dit is hoe dit gebeur het dat hy in die binnehof van die hoëpriester se woning drie maal daarmee gekonfronteer is dat hy een van Jesus se dissipels was. En dit is hoe dit gekom het dat hy die Here drie maal kort na mekaar verloën het. Toe Petrus tot die besef gekom het van wat hy gedoen het, het hy in trane uit die binnehof gestorm. Hy moes sy groot woorde van vroeër sluk en sy eie mislukking in die oë kyk.

Ongelukkig dwing die werklikheid van die lewe ons alte dikwels om ons woorde te sluk. En dit is nooit maklik om met ons swakhede gekonfronteer te word nie. Ons haat dit om ons foute in die oë te kyk. Ons wil dit eerder teenoor onsself verswyg en teenoor andere heftig ontken. Ons soek verskonings of ons blameer ander mense vir ons mislukkings. Maar soms, weet ons, is daar niemand anders om te blameer nie. Soms weet ons dat ons self die verantwoordelikheid vir ons eie dade moet dra.

Dit is vir enigeen van ons baie moeilik. Partykeer kan ons onsself net nie vergewe nie. Partykeer wil ons wegvlug, sodat ons nooit weer die mense wat ons in die steek gelaat het in die oë hoef te kyk nie. Maar dit is waar ons iets uit Petrus se lewensverhaal kan leer. Hy het sy hart uitgehuil en sy diepe teleurstelling verwerk. En nà die Here se hemelvaart het hy 'n leier in die kerk geword. Sy grootste mislukking het uiteindelik die dryfveer geword wat hom in staat gestel het om later onder baie groot druk getrou te bly teenoor die Here en sy kerk, selfs tot op die punt waar hy vir sy geloof 'n marteldood moes sterf.

Hoe hanteer ek dan my mislukkings, my terugvalle, my afvalligheid? Vlug ek daarvan weg of word dit juis die dryfveer wat my van voor af aan my verhoudings laat werk - my verhouding met die Here self, maar ook my verhoudings met ander mense?

18 November **Om jou deur Jesus te laat bedien** **Johannes 13: 1-11**

Die paaie in Palestina was grondpaaie, tot fyn stof uitgetrap. In die somer, en veral bedags, was dit baie warm. Mense het sandale gedra. As jy ver geloop het, was jou voete vuil en sweterig.

Gashere het gewoonlike slawe aangesê om hulle gaste se voete te was. Dit was en is steeds 'n vernederende werk om ander se vuil voete te was. Dit word ook 'n beeld vir die nederigste diensbetoning moontlik.

As Jesus in die gewaad van 'n slaaf sy dissipels se voete was, wil Hy juis daarmee toon dat Hy die gestalte van 'n dienskneg kom aanneem het om deur sy heilswerk, sy lyding, sy kruis en sy dood, die sondaarmens tot diens te wees. Hy wat skoon en sonder sonde was, was bereid om ons vuilheid, ons sonde en ons ongeregtigheid, op Hom te neem sodat ons rein en geregverdig voor God kan staan.

Hierdie simboliese daad stel Jesus dan nou ook as voorbeeld vir ons wat deur sy bloed gereinig is. Dit roep ons op tot onvoorwaardelike diens van barmhartigheid binne die geloofsgemeenskap.

19 November **Diens aan mekaar** **Johannes 13: 12-17**

Die bekende liedjie, *He ain't heavy; he's my brother*, is gebaseer op die verhaal van twee boeties. Aangesien die een kreupel was, moes die ander een hom oral ronddra. Op 'n dag vra iemand toe vir die gesonde boetie: *Word jy nie baie moeg daarvan om jou boetie so rond te dra nie? Hy is dan al baie groot.* Waarop die seuntjie antwoord: *He ain't heavy; he's my brother.* Omdat hy my boetie is, voel ek nie eers die gewig nie!

Ongelukkig werk dit nie altyd so nie. Mense is dikwels baie sensitief vir enigiets wat opoffering vra, en terselfdertyd baie op hulle eie aansien ingestel. Selfs onder die Here se dissipels sien ons dit (lees bv Mark 8: 31-38, 9: 33-37, 10: 35-45). Daarom stel Jesus in Johannes 13 self vir hulle die voorbeeld. Hoewel Hy hulle Here en Leermeester is, doen Hy uit sy eie vir hulle die werk van 'n slaaf deur een vir een van sy dissipels se voete te was. Op hierdie manier gee Jesus dan ook aan hulle die opdrag om nie hulle eie eer te soek nie, maar eerder mekaar te dien.

Ongelukkig moet ons selfs vandag nog bieg dat ons almal maar die meeste van die tyd op ons eie behoeftes ingestel is - selfs in die kerk. Ons wil graag in die kerk kom en na 'n goeie boodskap luister, maar ons is nie so ywerig om kategese te gee of in die kerkraad te dien nie. Ons wil graag ná kerk tee drink, maar ons brand nie eintlik van begeerte om voor kerk koppies reg te sit en na die diens tee te skink of

skottelgoed te was nie. Ons wil graag belydende lidmate van die kerk word, maar ons is nou nie juis lus om jeugaktiwiteite by te woon of te organiseer nie.

En dan praat ons nie eers van ons bereidwilligheid om ander lidmate in die gemeente te help nie! Want hoeveel mense gaan uit hulle pad om 'n bejaarde of 'n siek lidmaat te besoek? Hoeveel van ons doen moeite om iemand anders met iets in die huis of die tuin te gaan help? So dikwels is ons eenvoudig te besig en te gejaagd.

Tog bly die voorbeeld wat Jesus in Johannes 13 vir sy dissipels gestel het steeds vir ons 'n opdrag: *Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen* (Joh 13: 15). En as ons dan iets doen om iemand anders te help, onthou tog maar: dis nie so swaar nie, want in Christus is hy my broer!

20 November **Petrus** **Johannes 1: 42**

Die twee Joodse broers, Andreas en Simon, ook genoem Petrus, was volgelinge van Johannes die Doper, so vertel Johannes die evangelis ons. Johannes het hulle na Jesus toe gestuur toe hy gesê het: *Daar is die Lam van God*!, en hulle het Hom dadelik gevolg. Omdat hulle Jode was, het hulle geweet van die belofte in hulle Bybel, ons Ou Testament, dat 'n Messias, iemand wat as koning gesalf sou wees, eendag sou verskyn. Hulle was daarvan oortuig dat Jesus hierdie Gesalfde was.

En Jesus was inderdaad die Gesalfde, maar volgens Hebreërs is Hy nie net tot Koning gesalf nie, maar ook tot groot Hoëpriester, groter as enige hoëpriester wat die Jode nog gehad het. En Hy was ook gesalf tot Profeet, eintlik tot die laaste en heel grootste Profeet. Hy kon God se wil volmaak verkondig omdat Hy self God was. As Profeet en as Seun van God het Hy Petrus stip aangekyk en iets oor sy toekoms aan hom bekendgemaak: *Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word.* Soos die woord *Messias*, was die woord *Sefas* nie 'n Griekse woord nie, maar Aramees wat ook soos die woord *Petrus, rots* beteken het.

Jesus weet van Petrus se Joodse verlede, maar Hy ken ook Petrus se toekoms. Jesus weet watter rol Petrus in sy lewe gaan speel, en Hy weet dat Petrus na sy aardse lewe nog 'n baie belangrike rol gaan speel met die vestiging van die eerste gemeente en die vroeë kerk.

Petrus het seker dadelik hierdie Gesalfde met sy kennis van die verlede en toekoms vertrou - soos ek en jy ook die Here kan vertrou. Soos wat Hy Petrus se verlede en toekoms geken het, ken Hy ook elkeen van ons!

21 November **Petrus sal Jesus verloën** **Markus 14: 26-31**

Petrus speel 'n baie belangrike rol in die Markus-evanglie, skynbaar belangriker as in die ander evangelies. Sy naam word eerste en die meeste van die dissipels s'n genoem. In hoofstuk 1: 16 lees ons reeds vir die eerste keer Petrus se naam, en anders as in Johannes se vertelling, word Petrus hier voor sy broer Andreas 'n volgeling van Jesus! In Markus 2 vanaf vers 29 word in besonderhede vertel hoe Jesus Petrus se skoonma genees het. Saam met Jakobus en Johannes het Jesus net vir Petrus by spesiale geleenthede toegelaat om by Hom te wees, soos toe Hy 'n klein dogtertjie weer lewend gemaak het (Mark 5: 37) en toe Hy op die berg verheerlik is (Mark 9: 2). Dit was Petrus wat die insig en die vrymoedigheid gehad het om (volgens Mark 8: 29) te bely dat Jesus nie Elia of Johannes die Doper is nie toe hy uitgeroep het: *U is die Christus*! Petrus het selfs sy besondere posisie na aan Jesus gebruik om Hom te berispe om nie oor sy komende dood te praat nie!

Ten spyte van die waardering wat Jesus moontlik vir Petrus as getroue vriend en dissipel gehad het, lees ons in hoofstuk 14 vers 26 tot 31 dat Jesus 'n mosie van wantroue in sy vriend en ondersteuner se getrouheid uitspreek as Hy onomwonde verklaar: *Dit verseker ek jou: Jy sal vandag nog, in hierdie nag, voordat die haan 'n tweede keer kraai My drie keer verloën.* En ons ken die geskiedenis verder - dit het wel so ge-beur.

Jesus ken mense; dié wat naby aan Hom lewe en ook al die ander. Hy weet dat Hy op geen mens kan vertrou nie. Selfs ons lojaalste vriende bly feilbare mense! Net Jesus self is die ware rots wat vas staan.

22 November **Petrus op 'n afstand...** **Markus 14: 53-65**

Dit is vreemd om te lees dat Petrus, wat altyd so vooraan en gereed met 'n antwoord was, in hierdie hoofstuk die gebeure op 'n afstand dophou. Hy neem nie aktief deel aan die gebeure soos hy altyd gedoen het nie, maar hy is slegs 'n toeskouer. Die rede: Sy Here en Leermeester, Jesus die Gesalfde, is deur die Joodse Raad gevange geneem en sy verhoor is besig om plaas te vind.

Die priesterhoofde en die Joodse Raad soek getuies van dit wat Jesus gedoen het of nie gedoen het nie, sodat hulle Hom op grond daarvan kan verhoor. En waar kry ons 'n beter getuie as Simon Petrus? Want hy het byna elke tree van Jesus se lewe tydens sy bediening saam met Hom geloop? Petrus sou kon getuig van al die dade wat Jesus gedoen het, van die wonders en die genesings; Petrus sou kon vertel van die lesse wat Jesus in teregwysings of gelykenisse vir mense geleer het.

Maar Petrus bly versigtig op 'n afstand; hy kom nie na vore met die getuienis waarna die Raad soek en wat dalk vir Jesus sou kon vryspreek nie. Is dit moontlik al die begin van Petrus se verloëning van sy Here?

Dit is seker so dat God dit so bepaal het dat Jesus nie vrygespreek kon word nie omdat Hy gekruisig moes word, en dat Petrus miskien om daardie rede nie ten gunste van Jesus se onskuld moes getuig nie. Maar ons wat lank na Jesus se kruisiging leef, staan ook dikwels op 'n afstand, nie bereid om vir Jesus te getuig nie. Kom ons probeer om die Here nie op dié manier te verloën nie!

23 November **Petrus verloën Jesus** **Markus 14: 66vv**

Al vier evangelies vertel met redelike ooreenstemming die verhaal van die diensmeisie wat vir Petrus, waar hy by die vuur gestaan het om hom warm te maak, gevra het of hy nie ook 'n volgeling van Jesus was nie. Natuurlik is Petrus dikwels aan Jesus se sy gesien! En bowendien het die mense van Jerusalem vir Petrus as 'n vreemdeling geëien, as iemand wat 'n visserman by die see van Galilea was, iemand wat anders as hulle was.

En, soos Jesus voorspel het, het Petrus Hom drie keer verloën voordat die haan twee keer gekraai het! Op 'n besliste wyse, selfs met aggressie en 'n gevloek, sê Petrus dat hy Jesus glad nie ken nie. Dit is onvermydelik dat 'n hoenderhaan elke môre vroeg die dag aankondig deur te begin kraai. Maar Jesus het geweet dat dit nog meer onvermydelik is dat 'n mens, selfs jou beste vriend, selfs die mees entoesiastiese en ywerige mens, steeds 'n mens is en ontrou is.

Nadat Petrus die haan die tweede keer hoor kraai het, het hy aan Jesus se voorspelling teruggedink en in trane uitgebars. Om te ontken dat hy vir Jesus geken het, was die laaste ding wat hy wou doen! Hoe teleurgesteld moes hy nie in homself gewees het nie!

Om 'n sondige natuur te hê, beteken om ontrou te wees in ons diepste aard, en dit beteken om dikwels in onsself teleurgesteld te wees. Nogtans is dit nie iets waarmee ons gerieflik kan saamleef nie, maar ons moet in die krag van die Gees daarteen veg.

24 November **Petrus, Jakobus en Johannes en die verheerliking op die berg** **Matteus 17: 1-8**

Sonder om te blik of te bloos word in drie van die vier evangelies vertel van nog 'n bo-natuurlike gebeurtenis, soos van 'n maagdelike ge-

boorte, of 'n wonder, of 'n wondergenesing: Ons lees van 'n soort epifanie of godsverskyning.

Jesus en die drie dissipels wat die naaste aan Hom was, was saam op 'n berg gewees toe sy gesig anders begin lyk het en hy vreeslik begin blink het. Soos in ander Bybelse vertellings oor die verskyning van engele of van God self aan mense, het Jesus en die profete Moses en Elia wat by Hom aangesluit het, 'n baie helder glans om hulle gehad, en het hulle skynbaar wit klere aangehad wat die oë verblind het. En soos in ander vertellings van godsverskynings in die Bybel, het Jesus se dissipels ook groot geskrik toe hulle getuie van hierdie bo-natuurlike gebeurtenis was. Naas Elia en Moses het God Homself geopenbaar toe Hy in die wolk verskyn het en gesê het dat Jesus sy Seun is, en dat die mense na Hom moet luister. En soos in ooreenstemmende gedeeltes het die dissipels op die grond neergeval, en die hele gebeurtenis was verby voordat hulle hulle oë kon uitvee.

Ons lees op verskeie plekke in die Bybel wat dit beteken om *verheerlik* te wees, soos wat ons eendag *verheerlikte* liggame sal hê: Behalwe dat ons klere dalk 'n bonatuurlike glans sal hê, sal ons nog onsself wees, maar ons sal nie meer aan tyd en plek gebonde wees nie. Openbaring sê ons goeie dade sal in die hemel soos fyn, wit klere wees wat ons versier.

Al sien ons min van hierdie heerlikheid op aarde, miskien net iets daarvan as die son opkom soos 'n bruidegom, word dit vir ons beskryf om ons aan te moedig om te volhard totdat ons eendag, as verheerliktes die oorwinnaarskroon sal ontvang!

25 November **Jesus word deur Pilatus oorgelewer** **Matteus 27: 15-26**

Pilatus was ten tyde van Jesus se gevangeneming die Romeinse goewerneur oor die provinsies Samaria en Judea waarbinne Jerusalem geleë was. Omdat hy die Romeinse owerheid se verteenwoordiger was, kon die Joodse Raad wel op hulle eie besluit dat Jesus gekruisig moes word, maar hulle kon nie self regsgeldigheid daaraan verleen nie. Die owerheid moes dit doen, en Pilatus was die instrument waardeur die owerheid se goedkeuring verkry moes word.

Maar arme Pilatus sukkel om 'n wettige rede te kry waaraan hy Jesus skuldig kan bevind. Hy probeer sy bes om hom uit die ingewikkelde situasie los te wikkel deur te *dreig* om 'n berugte gevangene, Jesus Barrabas, los te laat. Selfs sy vrou maak die situasie vir hom moeilik as sy vir hom raad stuur om Jesus van Nasaret los te laat. Sy het waar-

skynlik die tekens van die tyd gelees, die gesprekke van die mense gehoor en moontlike politieke teëspoed voorsien.

Maar wanneer Pilatus sien dat die skare Jode voor hom plofbaar naby 'n ernstige betoging is, besluit hy om bes te gee. Hy verklaar sy onskuld deur sy hande *in onskuld* te was, en Jesus onskuldig ter dood te veroordeel. Hoewel Pilatus sy onskuld aan Jesus se dood verklaar het, gee hy nogtans opdrag aan die soldate om Jesus met 'n sweep te slaan en Hom aan die kruis vas te spyker. Hoewel hy met sy woorde graag onskuldig wil pleit, is hy inderdaad deur sy dade skuldig aan Jesus se dood! Soos Petrus, het Pilatus sy plek gehad in God se raadsplan. Maar ons kan nie leef met die houding: *Doen wat ek sê, moet nie doen wat ek doen nie*!

26 November **Jesus voor Pilatus** **Johannes 18: 28-40**
Wat is waarheid?

Pilatus, die goewerneur van Judea in Jesus se tyd, is nie 'n indrukwekkende persoon nie; hy skep eerder by ons die beeld van 'n opportunis. Vir Jesus is sy verhoor voor Pilatus 'n saak van lewe en dood, maar vir die goewerneur is Jesus se verhoor bloot 'n saak van die rigting waarin die politieke wind waai. Hy is nie so besorg oor Jesus se skuld of onskuld as wat hy oor sy eie onskuld is nie. As daar probleme of politieke oproer ontstaan in die provinsie waarvan hy goewerneur is, voorspel dit immers niks goed vir hom of vir sy toekoms nie!

Pilatus se skynbaar filosofiese woorde in vers 38 skep nie die indruk van 'n man wat baie slim is nie, maar versterk eerder die indruk dat hy 'n man was wat alles gedraai het om hom te pas. Deur te vra: *Wat is waarheid?*, maak hy duidelik dat die waarheid, soos seker alles anders, vir hom relatief is. Die norm van wat waar en reg is, is hyself. As dit hom sal bevoordeel dat Jesus onskuldig is, dan sal hy Hom onskuldig bevind, maar as dit tot Pilatus se nadeel sou strek as Jesus onskuldig is, sal hy Hom laat oorlewer om tereggestel te word.

Die vraag na die kern van die waarheid is deur die eeue deur baie mense gevra. Dit word vandag nog gevra en sal beslis in die toekoms nog baie gevra word. As 'n mens die vraag ernstig en opreg vra: *Wat is waarheid?*, kan jy inderdaad jou hele lewe deur daaroor filosofeer, en dit nie maar net as 'n antwoord gee as 'n mens in 'n hoek vasgevang is nie. En vir 'n gelowige sal Jesus se woorde, te midde van die lewensvrae, dadelik op die agtergrond klink: *Ek is die weg, die waarheid en die lewe*!

27 November **Pilatus: 'n Bang man** **Johannes 19: 1-16**

Tydens Jesus se verhoor het Pilatus senuweeagtig heen en weer geloop, by sy ampswoning in en uit, weer in en weer uit soos wat hy gepoog het om óf vir Jesus onskuldig te bewys óf die ontstoke Jode te oortuig om Jesus vry te laat. Toe hy sien en hoor wat die Jode doen en sê, het hy baie bang geword, selfs banger as wat hy reeds was. Het hy dalk in hierdie betoging vir sy eie lewe gevrees?

Pilatus wou nie noodwendig vir Jesus ter dood veroordeel nie. Per slot van sake, so het hy geredeneer, is hy veronderstel om in beheer te wees. Hy is immers die man met gesag, die een wat kan besluit of 'n aangeklaagde sal lewe of sal sterf!

Maar Jesus se antwoord aan hom gee aan ons 'n nuwe perspektief: Soos elke owerheid, kry Pilatus as verteenwoordiger van die owerheid ook sy gesag van God. En as swakkeling in diens van God, laat Pilatus toe dat onwaarheid seëvier, dat 'n onskuldige, die Seun van God, skuldig bevind en doodgemaak word. As bang man wat deur God aangestel is, verseker Pilatus sonder dat hy dit besef, dat elke mens waarlik sou lewe wat hierna in Jesus sou glo. Jesus is in daardie sin nie alleen gekruisig nie, maar elke Christen het saam met Hom aan die kruis gesterf en saam met Hom uit die dood opgestaan.

En al kan ons nie vir Pilatus bewonder vir sy swakhede nie, kan ons eintlik vir hom dankie sê vir sy bangheid, sy senuweeagtigheid en sy opportunisme. As dit nie vir die swakheid van hierdie goewerneur van hierdie spesifieke tyd was nie, sou Jesus dalk nooit gekruisig gewees het nie en sou ons self die straf vir ons sonde moes dra!

28 November **Die genesing van die regeringsamptenaar se seun** **Johannes 4: 43-54**

Elke evangelie vertel op 'n unieke manier van Jesus. Ook vertel elkeen op 'n ander manier hoedat die mense op Jesus reageer. Ons leer nie net van Jesus nie, maar van hoe ons moet glo en op Hom moet vertrou wanneer ons van Hom hoor. So vertel die Johannesevangelie op 'n paar plekke van mense wat vir ons voorbeelde kan wees van hoe ons geloof daar moet uitsien. Een mens wat vir ons as voorbeeld moet dien, is Jesus se ma in Johannes 2. Sy vertrou dat Jesus iets groots gaan doen, en selfs nadat Hy gesê het dat sy tyd nog nie aangebreek het nie, vra sy steeds dat die kelners moet doen presies wat Jesus sê.

In ons Skrifgedeelte het ons nog so 'n voorbeeld van onvoorwaardelike vertroue en geloof in Jesus. Die Galileërs het in Jesus geglo op grond van die wondertekens wat hulle Hom sien doen het in Jerusalem. Jesus

blameer hulle daarvoor in vers 48, net soos hy met Tomas doen in Johannes 20: 29: *Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."*

In hierdie gedeelte lees ons ook van iemand wat op Jesus vertrou sonder om eers om tekens of *bewyse* te vra vir wat Jesus gaan doen. Hierdie man vertrou Jesus se woord wanneer Hy vir hom sê: *Gaan maar huis toe, jou seun lewe.* Jesus wil hê dat ons net soos sy ma in Johannes 2 en hierdie man in vandag se gedeelte Hom met ons hele lewe moet vertrou. Jesus doen in elk geval wat Hy sê. Ons moet leer om in geloof seker te wees daarvan dat Hy ons in liefde omvou, en in ons leefwêreld die verskil maak!

Hoe is dit gesteld met jou geloof in Jesus? Wag jy eers dat Hy iets moet doen voordat jy Hom vertrou? Of bid jy en dink dan, voordat Hy iets doen, dat jy darem eers wil sien of jou versoek beantwoord sal word? Of vertrou jy Hom met alles wat jy is?

29 November **Die ryk jong man** **Matteus 19: 16-30**

In Genesis 22 vra God van Abraham om sy kind te offer. Dit is sekerlik die moeilikste opdrag waarvan ons in die Bybel lees. Geen mens sal afstand van sy kind doen nie. Ouers sal veel eerder hulleself prysgee ter wille van hulle kinders. Tog lees ons dat Abraham, skynbaar sonder om te huiwer, God gehoorsaam het en alles gereedgemaak het om God se opdrag uit te voer.

Miskien het jy gewonder wat Jesus se bedoeling met die opdrag is wat hy aan die jongman in Matteus 19 gee. Moet alle gelowiges eers arm word voordat hulle in die hemel kan kom? Beteken dit dat jy ook jou besittings moet verkoop voordat jy 'n volgenling van Jesus kan wees?

Dit is nie verkeerd om baie besittings te hê nie, net soos wat dit nie verkeerd is om jou kind lief te hê nie. Die jongman se fout was nie dat hy ryk was nie. Sy hartseer (vers 22) is dat hy moes kies of hy sy sekuriteit in sy rykdom of in God se nabyheid soek. Abraham het geweet dat hy nie sonder God kon leef nie, daarom was hy bereid om sy kosbaarste liefde op te offer ter wille van gehoorsaamheid aan God. Hierdie jongman het sy besittings liewer gehad as vir God. Dit is waarom hy in die eerste plek onseker oor sy saligheid was, al het hy 'n goeie lewe in gehoorsaamheid aan God gely. Sy besittings het hom uiteindelik van God verwyder. Hy het sy veiligheid in sy eie vermoëns en rykdom gesoek.

Waar vind jy jou veiligheid? Dien jy God soos Abraham? Dan sal jy bereid wees om alles prys te gee en net op God te vertrou. Dien jy God soos hierdie ryk jongman? Dan sal jy onseker bly oor jou verhouding met God en ook oor jou plek in sy koninkryk!

30 November **Die gelykenis van die saaier** **Matteus 13**

Wie ore het, moet luister, sê Jesus.

Dit is die betekenis van hierdie gelykenis en die verduideliking daarvan. Almal van ons wil graag luister. Veral as ons dink dat ons iets belangrik gaan volg, iets wat ons lewe gaan verander. Ons maak ons kinders ook groot om te luister as ons praat. Later, op skool, weet hulle al om met aandag te luister na dit wat hulle onderwysers en diegene wat hulle leer, sê. As hulle nie aandag gee nie, verloor hulle waardevolle inligting en kennis.

In vandag se lewe, ook by ons werk, en wanneer ons luister na verslae oor ons mediese fonds en pensioenskema, luister ons baie aandagtig en ons weeg elke woord op wat ons lewe kan verander of beïnvloed. Maar ons luister nie altyd ewe goed na alles wat ons hoor nie. Soms is ons selfs verleë wanneer ons iets vergeet het wat ons weet ons al gehoor het of van moes geweet het. Dit frustreer ons dat ons nie altyd alles kan hoor of onthou nie. En dis nie lekker om te moet erken: *Ek het sleg geluister* nie.

Jesus vertel hierdie gelykenis om vir ons te sê dat mense net so na die evangelie luister. Party van ons luister selfs aandagtig, konsentreer baie fyn op wat Jesus sê en wat God wil hê in ons lewens. Maar dan is ons gedagtes so vol van ander dinge dat ons vinnig die invloed van God se liefde op ons lewens vergeet en die invloed van die evangelie verdwyn weer uit ons gedagtes.

Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus hier sê dat ons kan kies hoe ons na die evangelie luister. Ons kan kies of ons goeie grond wil wees waarin die evangelie groei en 'n goeie oes oplewer. Wat kies jy?

1 Desember **Sadduseërs en opstanding** **Matteus 22: 23-33**

In Matteus 19-23 word vertel van die groeiende spanning tussen Jesus en die geestelike leiers van die tyd. Die priesterhoofde, Sadduseërs en Fariseërs stel talle strikvrae aan Hom om iets teen Hom te kry waarvolgens hulle Hom sou kon veroordeel. Telkens wanneer Jesus hulle antwoord, wys Hy hulle egter op hulle slegte motiewe en gebrekkige redenasievermoë.

In hierdie gedeelte wil die Sadduseërs, wat nie in die ewige lewe glo nie, Hom met 'n vraag oor die huwelik vastrek. Hulle bedoeling is nie om meer van die ewige lewe te wete te kom nie - daarin het hulle glad nie geglo nie! Hulle wil Jesus op 'n tegniese punt in die wet uitvang dat Hy die wet van Moses minag. Jesus se antwoord verstom sy volgelinge én dié wat die strikvraag aan Hom gestel het.

Volgens die Joodse kultuur wat gegrond is op hulle verstaan van die Torah, ofte wel die eerste vyf boeke in die Ou Testament, moes die swaer van 'n kinderlose weduwee met haar trou om haar versorging te verseker. In daardie tyd was 'n vrou nie in die samelewing gereken nie. Haar man of seun(s) moes haar versorg en beskerm in die gemeenskap waarin sy geleef het. Jesus antwoord dat die hemel heeltemal anders is as die gemeenskap van daardie tyd, ook anders as die omstandighede waarin ons nou leef. Wanneer die weduwee in die hemel by God is, hoef geen man haar plek te beskerm of haar te versorg nie. Daar sal God self vir haar sorg. Eintlik wou die Sadduseërs weet aan wie die vrou nou behoort. Jesus sê op 'n baie slim manier dat sy aan God behoort en nie aan 'n mens nie.

Die hiernamaals is baie anders as die aarde. Dit is nie belangrik om te weet hoe ons verhoudings met mekaar daar sal wees nie, maar eerder die besef dat ons daar naby aan God sal wees. Jy kan ook in die versekering leef dat daar vir jou plek in die hemel is en dat jy daar deur God omhels sal word. Niemand sal jou daar van sy liefde weghou nie en jy sal volkome by Hom wees.

2 Desember **Samaritaanse vrou** **Johannes 4: 1-26**

Die Jode mag nie met die Samaritane gemeng het nie omdat hulle as 'n onrein volk bestempel is. Die Samaritane was 'n nasie van gemengde bloed. Ons lees in 2 Konings 17: 24 dat die koning van die Assiriërs, nadat hy die Noordelike Ryk, dit is Samaria, ingeval het, van sy eie mense daar gevestig het om die gebied te bewerk. Só kon hy beheer uitoefen oor sy nuut-verowerde provinsie. Die Assiriërs wat daar geplaas is, het begin ondertrou met lede van die 10 stamme van Israel wat nie in die ballingskap na Assirië weggevoer is nie.

Die Jode het om hierdie rede neergesien op die Samaritane - hulle was van gemengde afkoms, die nageslag van een van hulle aartsvyande. Daarom is die Samaritane selfs nie in die tempel in Jerusalem toegelaat nie. Die Joodse wette het dit ook verbied dat Jode deur Samaria reis, sodat hulle nie in aanraking met Samaritane sou kom nie.

Dit is die rede waarom die vrou by die put so verstom is dat Jesus hoegenaamd met haar praat, want Jode praat nie met Samaritane nie.

Maar daar was nog 'n rede waarom dit, volgens die kultuur van sy tyd, vir Jesus verkeerd sou wees om met hierdie vrou te praat. Sy het verskeie mans in haar lewe gehad, en op daardie oomblik saam met een geleef met wie sy nie eens getroud was nie. Dit het haar ook volgens die wette wat in die gemeenskap gegeld het, onrein gemaak.

Jesus praat egter juis met haar wat volgens Joodse gebruike en wettiese reëls onrein is. Hy sê aan haar dat sy ook God se wil kan ken en

dat Hy Homself ook aan haar bekend gaan maak. God wil nie net in die tempel gedien word nie, maar oral. Daarom kan sy Hom ook aanbid daar waar sy ver weg van Jerusalem en die tempel is.

Eintlik word God juis in die Gees en waarheid gedien waar ons besef hoe onwaardig ons is om voor Hom te buig. Wanneer ons besef dat ons geen aanspraak het op Jesus se liefde of sy nabyheid nie, dat ons uit onsself ook ewig verlore is, is ons gereed om die evangelie van versoening aan te hoor. Hierdie vrou gryp die geleentheid aan om Jesus te bely as *verlosser van die wêreld* (Joh 4: 42). Buig jy ook so, in afhanklikheid en besef van jou nietigheid voor God, voor jou Verlosser?

3 Desember **Samaritane** **Joh 4 :27-42**

Soms gebruik die Here die persoon waarvan jy dit die minste verwag om met jou oor geloof te praat. So gebruik Hy hierdie vrou, wat in haar eie dorp glad nie gereken is nie en selfs deur haar eie mense verstoot is, om hulle na Hom toe te lei. Hiermee wys Jesus dat die evangelie vir alle mense is. Die verlossing kom wel uit die Jode (Joh 4: 22 - Jesus is as Jood gebore), maar is vir die hele wêreld bedoel. Die verlossing is ook bedoel vir die wat onwaardig geag word. Meer as dit: *onwaardige* mense word verkondigers van die evangelie van God se liefde en aanvaarding.

Jesus se dissipels dring daarop aan dat Hy iets moet eet, maar Hy antwoord hulle dat die geestelike voedsel belangriker as die aardse is. God het mense gegee wat bearbei moet word, en Jesus vind vreugde daarin. Net so moet die dissipels en ook ons vreugde put uit elke geleentheid om te werk aan die *oes* wat bymekaargemaak moet word. Jesus verwys na die Samaritane in hulle lang wit klere as Hy sê die oes is ryp. Mense moet bymekaargemaak word en van die Messias vertel word.

Miskien gebruik die Here iemand van wie jy dit glad nie verwag nie, om met jou oor jou geloof te gesels. Soms kyk ons ook op mense neer, veral dié wat ons as ons minderes beskou. Maar baie keer is dit juis die eenvoud en nederigheid waarmee só 'n persoon met ons praat, wat ons die diepste tref. Baie maal het die eenvoudige belydenis van 'n kind meer oortuigingskrag as die geleerde woorde of argumente van gesiene mense. Op die mees onverwagse plek kan jy miskien vandag die waarheid sien waarvan Jesus hier praat - en Hom dan in die Gees daarvoor dank!

As dit vandag vir jou voel asof die wêreld jou eenkant toe stoot, miskien selfs as gevolg van wat jy gedoen het of die manier waarop jy leef, kan jy vandag, soos die vrou waarvan ons hier gelees het, tot inkeer kom en voor dié wat vroeër op jou neergesien het, bely dat Jesus jou Verlosser is. So kan jy hulle ook tot die besef bring dat Jesus besig is om sy oes bymekaar te maak.

4 Desember **Die dag en die uur van die wederkoms** **Matteus 24: 36-44**

Net voordat Jesus verhoor word en uiteindelik ter dood veroordeel word, vertel Hy hoe die einde van die wêreld sal wees. In al die gelykenisse wat Matteus hier oorvertel, sê Jesus dat ons nie met sekerheid sal kan sê wanneer die einde van die wêreld sal wees nie. Dit is ook 'n goeie ding dat ons dit nie weet nie, want dit hou ons op ons hoede omdat ons Jesus elke oomblik van ons lewe kan verwag. Ons weet ook nie hoe lank ons sal leef en wanneer ons sterwensuur gaan aanbreek nie. Daarom moet ons ook, in die lig van hierdie onsekerheid, elke oomblik só leef dat ons te alle tye gereed is om ons Here weer te sien. Die onsekerheid oor die dag en uur van die wederkoms veroorsaak nie dat ons minder van die lewe maak nie - inteendeel, ons leef 'n voller lewe in die lig van die naderende einde. Ons gebruik elke geleentheid om God en mekaar lief te hê, uit geloofsoortuiging, omdat ons besef hoe kosbaar die oomblikke is wat ons andersinds as vanselfsprekend aanvaar.

Wanneer ons besef dat die wederkoms (of ons eie einde) nie vooruit bepaal kan word nie, en vir ons baie onverwags sal wees, is die oproep om aan Jesus alleen vas te hou, soveel dringender. Ons kan nie uitstel tot môre nie, want ons weet nie of ons nog 'n môre het en nog die geleentheid sal hê om oor ons verhouding met God en ons naaste na te dink nie. Om te raai oor die datum, is nutteloos. Dit was ook nie Jesus se bedoeling met hierdie gelykenisse om ons te laat raai oor wanneer die wederkoms is nie. Hy het eerder bedoel dat ons elke oomblik van ons lewe moet leef met die oog gerig op die belofte dat God dié wat Hy gekies het om in sy koninkryk te deel, sal kom haal (Matt 24: 31).

Leef jy nog elke oomblik in die lig van Jesus se teenwoordigheid? Leef jy met die verwagting en hoop dat Hy jou enige oomblik kan kom haal, dat die trompet ook vir jou klink en sy engele jou kom haal?

5 Desember **Seuns** **Matteus 21: 28-32**

In hierdie gelykenis word die verhaal vertel van twee seuns wat gevra word om in 'n wingerd te gaan werk. Die eerste seun sê nee, maar dan doen hy wat hy gevra word. Die tweede seun sê ja, maar voeg nie die daad by die woord nie. By altwee die seuns ontbreek iets. By die seun wat ja gesê het, ontbreek die daad en by die een wat nee gesê het, ontbreek die woord.

Die eerste seun het later spyt gekry en tog in die wingerd gaan werk. Die feit dat hy nee gesê het en dit tog gaan doen het, dui op sy gehoorsaamheid. Die ander broer het ja gesê, maar niks gedoen nie. Dus is sy

gehoorsaamheid pure skyn. Die gehoorsaamheid wat in die gelykenis na vore kom, is gehoorsaamheid aan Christus. Dit word duidelik omdat Jesus die gesagsvraag oor Johannes die Doper ook met Homself verbind. Die twee seuns word ingetrek in die vraag na gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

In hierdie gelykenis ontmoet ons onsself met iets van elke seun in ons. Hoeveel van die beloftes waarop ons *ja* geantwoord het met die doop, huweliksbevestiging, geloofsbelydenis of ampsbevestiging, word nie meer nagekom nie? Aan die ander kant ken ons ook die pad van geloof en berou om weer voor die voete van die Here te kniel en weer uit te gaan en die woord by die daad te voeg.

Die gelykenis vra gehoorsaamheid aan die Seun van God omdat Hy aan ons die geloof tot gehoorsaamheid gegee het. Dit vra gelowiges wat *ja* sê en dit ook doen - soos die Seun *ja* gesê het en ook gedoen het.

6 Desember **Siek man** **Johannes 5: 1-17**

Soos by so baie ander geleenthede waarvan die Bybel vertel, kom die Joodse leiers in die verhaal weer teenoor Jesus Christus te staan. Dit is 'n baie bekende verhaal. 'n Man is reeds 38 jaar lank siek en hy lê langs die bad van Betesda. Hy het niemand om hom in te water te help as die water begin beweeg nie. Jesus praat met hom en maak hom gesond. Dit was op 'n sabbatdag.

In die oë van die Joodse leiers is dit verkeerd om jou beddegoed op die sabbatdag te dra. Hulle interpreteer dit as 'n verbreking van die gebod dat jy die sabbatdag moet heilig hou. Die genesing deur Jesus Christus wat in die agtergrond van die verhaal afspeel, word deur hulle oor die hoof gesien. Vir hulle was die reël wat verbreek is, belangriker as die wonder wat hier plaasgevind het. Hierdie man is gesond, hy het die vergifnis van God ontvang en die leiers gooi hulle hande in die lug oor beddegoed wat op die sabbat gedra word. Nog steeds kom hulle nie agter wat werklik gebeur het nie.

Jesus Christus gaan verder. In die laaste vers identifiseer Hy Homself met die Vader. Dit maak die leiers nog kwater en hulle het nog harder probeer om Hom dood te maak. Maar Jesus het met sy dade kom wys dat Hy vir die siekes en sondaars gekom het en die ryk van die duisternis kom oorwin het. Daarmee wys Hy wie en wat Hy werklik is.

7 Desember **Skare** **Matteus 21: 1-11**

Jesus se intog in Jerusalem was vir die skare 'n baie opwindende dag gewees. Uiteindelik het dit gelyk asof daar iets rondom Jesus van Nasa-

ret gaan gebeur. Hulle het al 'n geruime tyd gehoor van die koninkryk wat gaan kom. En nou lyk dit asof Jesus openlik gaan bewys dat Hy die Koning is. Die profeet het immers lank terug (Sag 9: 9) gesê dat die Koning op 'n donkie sal ry.

Maar toe loop alles vir die skare op niks uit nie. Jesus gaan die laaste paar dae voort met sy werk asof niks verander het nie. Nog erger, die laaste paar dae eindig in sy kruisiging....

Die skare het nie begryp wat daardie dag gebeur het nie. Alles was vir hulle 'n misverstand. Hulle het 'n magtige koning verwag wat sommer dadelik met die oorheersers sou klaarspeel. Hulle het bevryding van die oorheersers verwag. Toe dit nie gebeur nie, het die Koning vir hulle 'n patetiese figuur geword. *Kruisig hom!*, het die skare geskree.

Dit is juis die nederigheid van Jesus Christus waarmee Hy Jerusalem binnegekom het, wat die bevryding sou bring. Die skare moes leer dat die gekruisigde Koning die Een is wat in nederigheid en liefde die totale bevryding van die sondemag sou bring. Dit is eers wanneer ons in die nederige Koning glo, dat alles duidelik word. Dan maak die kruisiging sin sodat ons kan sing: *Prys Hom in die hoogste hemel....*

8 Desember **Skrifgeleerdes en Fariseërs** **Matteus 23: 1-11**

...hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie.... Jesus praat hier van die geestelike leiers van die volk van daardie tyd. Die leiers het nogal baie van hulleself gehou. Hulle het ook baie graag gewys dat hulle van hulleself hou. In die Skriflesing wys Jesus Christus vir die mense wat na Hom luister uit wat die geestelike leiers alles doen om raakgesien te word. Dit is die voorbeeld wat deur hulle gestel word, sê Hy, wat nie nagevolg moet word nie.

Die geestelike leiers sê aan die volk wat God van hulle vra, maar hulle doen dit nie self nie. Die wette wat die geestelike leiers wel gehoorsaam, is die wette wat almal kan sien. Hulle dra gebedsbande met Bybelverse wat so opsigtelik en breed as moontlik is. Hulle maak die tossels op hulle klere groot genoeg om sigbaar te kan wees. Die geestelike leiers sit voor in die sinagoge sodat almal kan sien dat hulle teenwoordig is. Hulle doen dit sodat almal hulle vroomheid kan bewonder.

Maar Christus sê hulle voorbeeld moet nie nagevolg word nie. Hierdie leiers was mense wat daarop ingestel was om net hulleself te probeer bevoordeel. Volg liewer die voorbeeld van die Een leier, Jesus Christus, na. Die voorbeeld wat Hy gestel het, was om die mens in nederigheid te dien. Hy is die Dienskneg wat tot die uiterste toe gedien het. Hierdie voorbeeld van diens aan mekaar moet ons navolg - dit is om ander se behoeftes tot diens te wees sonder om my eie behoeftes eerste te stel.

Dit is ook om so te dien dat dit wat ek glo en dit wat ek doen, met mekaar ooreenstem.

9 Desember **Skynheiligheid** **Matteus 23: 13-28**

In hierdie gedeelte gaan Jesus Christus verder in sy waarskuwing teen die geestelike leiers van daardie tyd. Gister het Hy gewaarsku dat hulle nie nagevolg moet word nie. Vandag waarsku Hy teen skynheiligheid. Ellende wag vir diegene wat só skynheilig is:

* wat sê dat jy glo, maar anders doen en mense oortuig dat dit die regte manier is;
* wat die tradisies laat navolg sonder om na die woord van God te luister;
* wat besig is met allerhande kleiner dinge, terwyl die belangrikste sake van die koninkryk van God (liefde, barmhartigheid en geregtigheid) nagelaat word;
* wat 'n mooi beeld na buite uitdra, maar van binne verrot is;
* wat vroom dinge doen om die ware self weg te steek.

Dit is harde woorde hierdie. Jesus Christus veroordeel die skynheiligheid van die geestelike leiers in sterk taal. Die rede is duidelik. Hierdie leiers dien net hulleself en hou mense so uit die koninkryk van God uit.

Daar is vandag nog steeds skynheiligheid onder mense. Daar is sekerlik vandag ook skynheilige mense in die kerk van Jesus Christus. Die waarskuwing van Christus is, net soos gister se waarskuwing, nie in die algemeen gerig nie. Dit is ook op elkeen van ons van toepassing. Miskien moet elkeen van ons onsself afvra of dit wat ons met die mond bely en dit wat ons met die hande doen, met mekaar ooreenkom.

10 Desember **Soldate** **Matteus 27: 27-31**

Kort nadat Pilatus sy besluit geneem het om Jesus te laat kruisig, het die soldate besluit om eers die spot met Hom te dryf. Hulle was besig met 'n gruwelike spel om Hom as koning te bespot. Hulle het sy klere uitgetrek en vir Hom 'n mantel omgehang wat 'n koningsmantel moes voorstel. Verder het hulle 'n gevlegde doringkroon op sy kop gedruk en 'n stok in sy hand gesit. Dan buig hulle kamma in eerbied voor Hom neer om Hom as koning te aanbid. So, al spottend, noem hulle Hom die koning van die Jode terwyl Hy so pas daarvoor ter dood veroordeel is. Daarna spoeg en slaan hulle Hom as teken van hulle veragting vir Hom as hulle prisonier. Hulle haal al hulle woede en frustrasie op Hom uit. Hierna voer hulle Hom weg om gekruisig te word.

Dit is ironies dat Hy van wie die soldate 'n karikatuur-koning gemaak het, later deur die offisier en soldate as die Seun van God erken sou

word. Verder is dit ironies dat die soldate se karikatuur-koning toe werklik die Koning van die wêreld is. Sy koningskap is bevestig en sal daar wees selfs nadat elke knie voor Hom gebuig en elke tong bely het dat Hy die Here is.

Laat ons die gekruisigde en opgestane Here saam as Koning bely - as die ware Koning van hemel en aarde. Kom ons bely Hom op so manier dat die spotters stil word en met ontsag saam bely.

11 Desember **Sterrekykers teenoor Herodes** **Matteus 2: 1-12**

Die geboorteverhaal van Jesus in Matteus 2 is vol kontraste. Tussen die sterrekykers en Herodes is daar so 'n sterk kontras soos wat daar tussen swart en wit is. Die sterrekykers soek die koning van die Jode wat gebore is om aan Hom eer te bewys. Herodes soek die koning wat gebore is om Hom dood te maak. Die sterrekykers kom met groot vreugde, terwyl Herodes en die hele Jerusalem met ontsteltenis reageer. Die sterrekykers kom kniel en bring hulde en geskenke, terwyl Herodes die Kind as 'n bedreiging vir sy koningskap sien.

Tussen al hierdie kontraste bly die Jesus-kind egter die middelpunt. Hy is die Koning van die wêreld wat 'n spesifieke effek op die mense het. Hy word óf vereer óf verwerp. Sy geboorte en teenwoordigheid roep tot 'n keuse. In die keuse vir sy koningskap kan daar nie 'n middeweg tussen die kontraste wees nie. Dit is óf 'n reaksie van aanbidding óf van verering.

Jesus gee soms maklik aanstoot. Sy genade is soms net te groot. Dit sluit soms net te veel mense in aan wie ons nie die genade sou wou gee nie. Sy groot liefde vir alle mense laat ons soms met ontsteltenis reageer....

Om van die ontsteltenis verlos te word en aan die ander kant Hom te kan aanbid, moet ons eers sien dat Hy 'n Koning is. Die Kindjie moet as Koning aanbid en vereer word, sodat dit net 'n kwessie van tyd is voordat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is. In hierdie verhaal van kontraste is daar nie 'n neutrale keuse nie.

12 Desember **Tomas** **Johannes 20: 26-31**

Om een of ander rede was Tomas nie teenwoordig toe Jesus die eerste keer na sy opstanding op die Sondagaand aan die dissipels verskyn het nie. Die ander dissipels wat teenwoordig was en Jesus gesien het, se opgewondenheid het geen perke geken toe hulle vir Tomas gekry het nie. Hulle het herhaaldelik vir hom gesê: *Ons het die Here gesien!* Die lojale, dog kritiese Tomas beleef egter 'n krisis: Hy kan die Here Jesus nie herken nie. Hy weier om te glo dat Jesus uit die dood opgestaan het. Hy wil homself eers deeglik vergewis van die feite voordat hy so 'n

sprong sou waag: *As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.*

Ons kan seker nou redeneer dat dit Tomas se aard en persoonlikheid was dat hy eers wou *sien* voordat hy glo. Ons moet egter nie die voor-die-hand-liggende feit wegredeneer dat Tomas afwesig was toe Jesus aanvanklik aan die ander verskyn het nie. Geeneen van ons kan onsself van die res van die gemeenskap van gelowiges afsonder en dan steeds verwag om in al die voorregte te deel nie. As ons van die samekoms van die gemeente wegbly, moet ons nie verbaas wees as die ander van sekere dinge bewus word, 'n wonder ervaar of geestelike groei beleef waarvan ons uitgesluit voel nie. As geloofsgemeenskap bestaan ons slegs in dit wat Christus vir ons gedoen het. Alleen daar waar ek die blye boodskap van die evangelie met ander deel, word dit ook deel van my.

13 Desember **Tien meisies** **Matteus 25: 1-13**

Valse profete het deur die eeue heen telkens gepoog om die datum van die wederkoms te voorspel en in die proses gekke van hulleself gemaak. Jesus sê immers self dat *niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie.* Meer as een splinter-religieuse groep moes al noodgedwonge ontbind omdat hulle hele bestaan gebou was rondom 'n verwagte dag en datum, wat dan gekom en gegaan het en die groep sonder bestaansreg gelaat het.

Dit is inderdaad 'n gevaarlike speletjie om sulke voorspellings te maak. Dit het vyf van die tien meisies op pad na die bruilof weldra besef. Oral langs die pad het genooide gaste hulle by die bruidegom en sy gebruiklike optog deur die strate aangesluit, almal met lampe wat geskik was vir so 'n optog in die buitelug. Behalwe vir die feestelike aard van hierdie gebaar, was die helder lampe ook 'n manier om eer aan die bruidegom te betoon.

Die vyf onvoorbereide meisies het ook soos die verstandige meisies lampe gehad, maar hulle het nie ekstra olie byderhand gehad nie. Natuurlik was daar niemand wat vir hulle olie wou leen nie, want niemand het geweet hoe lank die optog sou duur voordat hulle hule bestemming sou bereik nie. Uiteindelik was hulle nie welkom by die fees nie.

Het ons genoeg olie vir die wag wat vir ons voorlê? Hoe gaan ons lampe skyn? As die wêreld vir ons belangriker as die koninkryk van God geword het, dan is ons olie te min. Ons moet vandag sorg vir genoeg olie sodat ons met waardigheid kan wag op die koms van die Bruidegom en sodoende nie die bruilof misloop nie.

14 Desember **Wat sy kon, het sy gedoen** **Matteus 26: 6-13**

Die Woensdag voor Jesus se dood, tref ons Hom in die huis van ene Simon aan wat vroeër deur Jesus van melaatsheid genees is. Ook teenwoordig is die twaalf dissipels, Lasarus, wat deur Jesus uit die dood opgewek is, en sy suster Marta, wat flink aan die bedien was soos gewoonlik. Volgens Johannes is dit Marta en Lasarus se suster, Maria, wat binnekom terwyl hulle aan tafel sit. Sy het 'n albasteflessie met duur reukolie by haar gehad. Die waarde daarvan was omtrent gelykstaande aan 'n arbeider se jaarlikse salaris. In haar oordadigheid is die flessie se dun tuitjie te suinig met die parfuum en sy breek die tuit summier af en gebruik 'n halwe liter olie om Jesus te salf.

Die ander gaste se verontwaardiging oor Maria se spandabelrigheid beweeg Jesus daartoe om haar in sy beskerming te neem. Sy het haarself onvoorwaardelik vir Hom gegee. Oor Maria word die mooiste woorde denkbaar deur Jesus gesê in Markus 14: 8: *Wat sy kon, het sy gedoen.*

God skenk nie aan ons talente en gawes om trots en selfvoldaan te wees nie. Hy gee dit vir ons, sodat ons iets het om vir ander te gee. Die Here vra vir ons om heuning te gee in plaas van gal; om lig te bring in plaas van duisternis. Ook dat ons aan mekaar, ook vir die wêreld waarin ons woon - iets van die evangelie se bevryding sal oordra. Wat ons kan, moet ons doen.

15 Desember **Vroue in Markus: Petrus se skoonma** **Markus 1: 29-31**

Om in vandag se tyd siek te wees, beteken bloot dat ek nie meer kan doen wat ek veronderstel is om te doen nie. As 'n boer siek word, kan hy nie sy lande bewerk nie, en as 'n student siek word, beteken dit dat hy nie lesings kan bywoon nie, ensovoorts. Gesondheid en siekte het met ons daaglikse funksionering te make.

Tweeduisend jaar gelede was dit egter anders gewees. Siekte het nie net 'n mens se funksionering beïnvloed nie, dit het jou menswaardigheid aangetas. 'n Siek persoon is uit die gemeenskap verban of onder huisarres geplaas en dikwels is hy as onrein verklaar. Die altaar was verbode terrein vir 'n siek persoon.

Simon se skoonmoeder het haar in so 'n posisie bevind. As die skrywer noem dat sy hulle onmiddellik begin bedien het nadat Jesus haar gesond gemaak het, redeneer ons vanuit ons perspektief dat sy nou kon doen wat sy veronderstel was om te doen. Vanuit 'n eerste-eeuse perspektief is die belangrikheid van die genesing egter daarin geleë dat haar regmatige plek in die gemeenskap herstel is. Sy was nou weer ten volle mens.

Dit is God se belofte aàn ons. Ons klassifiseer dalk ons wêreld op grond van wat ons kan doen. As ons nie meer kan doen wat ons vroeër kon gedoen het nie, word ons mindere wesens in die oë van die gemeenskap. God dink egter anders daaroor. Vir Hom is dit nie noodwendig wat ons kan doen wat belangrik is nie, maar wie ek is. Selfs as ek siek of gestremd is, of as my kragte afneem namate ek ouer word, is ons in God se oë volledig mens. In Jesus Christus is ek alles wat 'n mens kan wees.

16 Desember **Geloftedag** **Genesis 35: 1-15**

Terwyl Jakob gevlug het nadat hy die eersgeboortereg en die vaderlike seën op 'n onregmatige wyse bekom het, verskyn God aan hom by Bet-El en bemoedig hom. Jakob lê 'n gelofte af dat hy vir God 'n heiligdom daar sal oprig as God hom beskerm (Gen 28: 20). Jakob het daarna eerstehands ervaar dat die Here se magtige hand bewaar selfs in die grootste gevaar.

Dit duur egter dertig jaar voordat Jakob na Bet-El terugkeer, terwyl Bet-El nie meer as vyftig kilometer van Sigem af geleë is nie. Dit lyk asof die pynlike gebeure in Genesis 34 Jakob uiteindelik herinner aan sy gelofte en hom in beweging bring. Sy dogter is onteer, sy seuns het wraak geneem en Jakob het besef dat hulle meteens baie vyande het en dat die gebied nie meer veilig is nie. Nou eers keer hy terug na Bet-El en rig hy 'n altaar daar op wat verkondig: Die Here is op hierdie plek en hier het Hy in Jakob se lewe ingegryp.

Dit is jammer dat pynlike gebeure of 'n krisis ons soms moet herinner aan ons lewe met God. Hoe maklik vergeet ons nie daardie kere toe Hy in my lewe ingegryp het en my gebede verhoor het nie. Selfs as ek naby Bet-El (wat huis van God beteken) is, beteken dit nie noodwendig dat ek naby God bly nie. Onthou Bet-El, onthou God. Laat ons vir Hom 'n altaar oprig in die Bet-El van ons harte sodat Hy in ons kan bly en ons in Hom. Hy wat ons gister bewaar het, is vandag steeds met ons, en so ook môre en tot in ewigheid.

17 Desember **Vroue in Markus: Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het** **Markus 5: 25-34**

Hoe moet ek bid? Wat moet ek bid? Dit is dikwels ons versugting in tye van nood en beproewing. Soms voel dit vir ons of ons gebede niksseggend is, asof dit nie deur God *gehoor* word nie. Dit voel asof die gebed teen die plafon vasslaan en my woorde ver te kort skiet. Selfs Paulus erken: *...ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie....* Soms is dit so

erg dat ons nie eers weet wat ons behoefte is nie. Gelukkig ken God ons swakhede en weet Hy wat ons nodig het, selfs nog voordat ek vra.

Markus vertel van 'n vrou wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het, 'n ongeneeslike siekte, en die dokters het lankal moed opgegee. Maar sy het nie. Sy kom en leer ons hoe om te bid sonder om 'n enkele woord te gebruik. Sy kom net met 'n uitgestrekte hand en 'n vaste sekerheid dat God haar kan en sal help. Sy kom met haar nood en haar geloof na die Here toe. Dit was genoeg.

Ek hoef nie te vrees dat ek dalk verkeerd bid of dat my woorde te kort skiet of dat ek nie die regte woorde gebruik nie. Al droog ons woorde op en loop ons denke dood, ons Vader in die hemel ken ons nood. Hy weet wat ons behoeftes is. Dalk is die mees egte gebed wat ek kan bid: *Here, ek weet nie wat om te bid nie....* Daarom sê Paulus: *...die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie* (Rom 8: 26). Die Heilige Gees maak van ons gestamel 'n egte gebed voor God.

18 Desember **Vroue in Markus: Die arm weduwee se gawe** **Markus 12: 41-44**

Dit is nie vir God belangrik hoeveel ons gee nie. Wat wel belangrik is, is hoeveel ek oorhet nadat ek gegee het. Anders gestel, dit is nie belangrik hoe groot my offergawe is nie, maar wel hoeveel van myself in my offergawe is. Die weduwee het nie bloot 'n offergawe gegee nie, sy het haarself geoffer. Sy kon immers net een muntstukkie ingegooi het en die ander een vir haarself gehou het, maar sy het alles gegee wat sy gehad het. Meer nog, sy het dit opreg bedoel al het sy niks meer oorgehad om van te lewe nie. Sy het haarself volkome in Jesus se hande oorgegee. Haar enigste verwagting is dat God vir haar sal sorg. Dit is 'n verwagting wat nooit sal beskaam nie.

Die gesindheid waarmee ek gee, vertel gewoonlik die volle verhaal van my verhouding met God. Soms is die grootste offer geleë in die klein dingetjies omdat dit 'n sekere mate van opoffering van my kant af verteenwoordig. Ander kere is my reuse-bydrae maar skraal as ek dit teësinnig in die offerkis gooi, terwyl ek kyk hoeveel ek kan terughou. My bydrae word eers 'n offer as daar iets van myself in is, as ek myself as 'n offer gee. Jesus Christus het alles gegee vir ons verlossing; dit was sy offer aan ons. Hoe ons daarop reageer, is ons offer aan Hom.

19 Desember **Net die vroue...** **Markus 15: 40-41**

In die Markus-evangelie tref ons nie so 'n mooi geboorteverhaal aan soos in Matteus en Lukas nie. Miskien wou Markus juis op hierdie ma-

nier te kenne gee dat Jesus se hele lewe, van die krip tot by die kruis, 'n pad van lyding was. Ja, reeds by sy geboorte al hang die kruis oor die Seun van God. Op 'n baie besondere wyse beeld onder andere die rol wat die vroue in die Markus-evangelie speel, uit dat Jesus se geboorte en lewe geen mooi verhaal was nie. Want dit was in 'n hoë mate omtrent net die vroue wat by Hom gestaan het....

Die een na die ander het die mense hulle Heer en Meester verlaat. Ons lees van toenemende uiterste vyandigheid teenoor Jesus. Ons lees van die dissipels wat afwesig was in die Here se donkerste oomblikke. En uiteindelik lees ons dat daar net vroue naby was toe Jesus gesterf het. Ten laaste was dit vroue wat die oop graf ontdek het. Die beeld wat geskep word, is dat Jesus se lewe een van verlatenheid was; 'n lewe van worsteling, van lyding. Waar Jesus sy geliefdes om Hom wou hê, was dit net die vroue wat by Hom was.

Ons moet weet dat Jesus weer en weer gekruisig kan word. Elke keer as ons Hom verlaat, as ons Hom vergeet, as ons ons liefde vir Hom aan ander mense oorlaat, kruisig ons Hom weer. As ons die Kerstyd deurbring sonder dat Jesus die kern daarvan is, plaas ons opnuut by sy geboorte die skadu van die kruis oor Hom. Waar staan ons vanjaar, by die mense wat Hom verlaat het of by die vroue?

20 Desember **Jesus vir almal** **Matteus 1: 1-17**

Jesus het ter wille van ons almal mens geword. Op 'n buitengewone manier verkondig die geslagsregister wat Jesus se voorgeslagte aan ons bekend stel dit - en dan spesifiek in die vermelding van vroue. Wanneer die Bybel Jesus se voorgeslagte opnoem, word vier vroue se name genoem. Ons lees van Tamar, Ragab, Rut en Batseba. Hierdie vier vroue se insluiting in die voorgeslagte van Jesus is inderdaad vreemd.

Waarom? Hierdie vier vroue het twee dinge met mekaar in gemeen gehad wat ons diep laat nadink. In die eerste plek deel al vier vroue 'n bedenklike geskiedenis met mekaar. Tamar het haar skoonpa verlei en sy kind in die wêreld gebring. Ragab was 'n prostituut. Rut het Boas bekoor met haar vroulikheid en skoonheid. En Batseba is nie sonder skuld in die hele proses van die moord op haar eggenoot, Uria nie. In die tweede plek was nie een van die vier vroue Israeliete nie. Hulle was lede van heidense volke of het sterk bande met heidense volke gehad.

Die resultaat is dat onder Jesus se voorgeslag bekende sondaars en lede van ander volke vermeld word! Wat 'n vreemde ding! Of is dit so vreemd? Nee! Het Jesus dan nie mens geword ter wille van sondaars nie? Hy het mens geword om alle sondaars te red. En so verkondig ook

hierdie geslagsregister 'n boodskap wat ons so goed ken; 'n boodskap wat proklameer: Jesus is die Redder van die wêreld.

Laat ons juig en vrolik wees - en van harte uitreik na al die sondaars wat nog nie hierdie boodskap aanvaar het nie, want Jesus wil Verlosser wees vir alle mense.

21 Desember **Kerstyd is liefdestyd** **1 Johannes 4: 7-21**

Op baie kerkgeboue se kansellappe is die woorde ingeweef: *God is liefde.* In 1 Johannes 4: 7-21 lees ons dit: God is liefde. Dink saam met my na oor die betekenis van hierdie woorde.

* God is liefde. As die Bybel sê dat God liefde is, bedoel die Bybel daarmee dat God nie sy liefde kan aan- en afskakel nie. God kán nie net liefhê nie - Hy kan nét liefhê. Mense kan liefhê en weer ophou liefhê, maar God nie. Hy is liefde en sy liefde het nie grense nie. Anders as by mense is God se liefde dus duursaam, blywend en ewig.
* God is liefde in wat Hy dóén. Ons moet begryp dat God se liefde in sy dade vergestalt word. As ons sê dat God liefde is, is dit nie iets wat daar ver is en waaroor ons net kan raai nie. Nee, God is liefde in wat Hy doen. Hy doen sy liefde deurdat Hy ons ons lewe lank versorg. Hy toon egter veral sy liefde in Jesus Christus. God het sy liefde aan ons bewys deur sy Seun te stuur om ons te red.
* God is liefde vir almal. God se liefde raak nie net die mense wat Hom liefhet aan nie. Nee, Jesus het mens geword vir die wêreld. God het almal lief, en wil graag hê dat almal Hom moet liefhê.

Dit is 'n wonderlike boodskap! God is liefde; Hy doen sy liefde en sy liefde is daar vir almal! Het dit nie tyd geword dat ons sy liefde ook hierdie Kersfees beantwoord nie? Laat ons dan God se liefde uitstraal in ons woorde en dade, en dít doen vir almal!

22 Desember **Kerstyd is bekeringstyd** **Matteus 3: 1-12**

Elkeen van ons sal saamstem dat Kerstyd ook bekeringstyd geword het. Ons is almal al lankal onrustig oor die wyse waarop die wêreld 'n Christelike dag met ongelowige inhoude gevul het. En ons almal dink al lankal dat ons die wêreld tot bekering moet roep. Maar presies waarheen roep ons die wêreld as ons hom tot bekering roep?

* Bekering beteken om God as die hoogste gesag oor jou lewe te erken. Iemand wat eie belange bo of selfs gelyk aan God se belange stel, het nog nie tot bekering gekom nie.
* Bekering beteken dat jy jou sonde sal bely. Elke keer wanneer jy

God om vergifnis smeek, is dit bekering. Iemand wat so vol van hom- of haarself is dat skuldbelydenis moeilik is of glad nie plaasvind nie, het nog nie tot bekering gekom nie.

* Bekering beteken 'n veranderde gedrag. 'n Mens wat tot bekering gekom het, se lewe moet getuienis wees van die persoon se Christenskap. Iemand wat vol Christelike woorde is, maar leeg is wat Christelike dade betref, het nog nie tot bekering gekom nie.

En dit is waarheen ons die wêreld hierdie Kerstyd moet roep. Erken dat net God oor jou gesag het! Erken jou skuld teenoor God! Leef voor God soos dit 'n Christen pas! Vul julle Kersfees hiermee! Die enigste probleem is dat ons dalk hierdie Kerstyd dieselfde dinge vir onsself kan sê.

23 Desember **Kerstyd is vredestyd** **Jesaja 2: 1-5**

Vrede op aarde - is dit 'n onmoontlike droom? Te veel mense dink so. Die realiteit is immers dat daar nié vrede op aarde is nie. Tog sê die Bybel dat vrede op aarde werklik 'n moontlikheid is; dat mense hulle wapens in landbou-implemente sal verander. Maar hoe sal daar vrede kom?

Miskien moet ons eers nadink oor die vraag waarom daar nie vrede is nie. Hoewel daar baie mense is wat nie sal saamstem nie, is die antwoord eenvoudig: daar is nie vrede nie omdat ons sondaars is. Omdat ons sondaars is, het die liefde vir God en medemens verdwyn. En waar die liefde verdwyn, verdwyn die vrede ook.

Die probleem is dus ons sondigheid. Is daar 'n manier om dit te kan oorwin? Die Bybel antwoord op dié vraag *nee* en *ja*. Die *nee* staan vir ons eie kragte. Die *ja* staan vir Jesus Christus. As ons self probeer vrede maak, kry ons dit nie reg nie. As ons die Seun van God toelaat om vrede te maak, is daar vrede. Dit beteken dat eers wanneer elke mens op aarde in die koms van Jesus die koms van die Vredevors sien, vrede moontlik word. Eers wanneer al die mense na God toe stroom om sy wil te hoor, kom daar vrede.

Vrede op aarde is nie 'n onmoontlike droom nie. As almal op aarde oor die Kerstyd begryp dat Jesus Christus vrede bring en as elkeen op aarde eers in vrede met God leef, sal daar vrede wees! Besef u nou hoe dringend dit is om met woord en daad ook hierdie Kerstyd te verkondig dat die Vredemaker gekom het? Ons vrede hang af van ons bereidheid om die Blye Boodskap te verkondig! Laat ons bid dat God ons verkondiging sal seën deur sy Gees.

24 Desember **Kerstyd is rustyd** **Jesaja 35: 1-10**

'n Druppel gal is in die soetste wyn. 'n Stukkie pyn is in elke Kersfees.

Só beleef talle Christene in ons dae die Kerstyd. Wie van ons kan dit ontken dat daar verskriklike smart en leed in so baie mense se lewens is - ook hierdie Kerstyd?

En tog het Kersfees 'n boodskap wat dit vir ons moontlik maak om ons pyn en nood te hanteer. Daar is iets in Kersfees wat 'n mens saam met jou trane kan laat lag; iets wat die soetste wyn toelaat om die druppel gal minder bitter te maak.

Die antwoord lê opgesluit in die woorde van Jesaja 35: 4a: *...sê vir dié wat moed verloor het: Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier....* Dié woorde is deel van 'n paar verse waarin God wonderbaarlike dinge aan sy kinders belowe. Wanneer ons dié gedeelte lees, is ons reaksie gewoonlik dat dit eenvoudig nie waar is nie! Wat God hier belowe, gebeur nie! En tog wil hierdie gedeelte eintlik sê dat God by ons is - en met God by jou, gebeur al hierdie wonderlike dinge al gebeur dit ook nie. As 'n mens God by jou het, kan enige slegte ding met jou gebeur - want God se teenwoordigheid in jou lewe verander jou lewensuitkyk. Dan sal jy selfs in jou donkerste oomblik God se lig sien en ervaar.

Èn Kersfees verkondig God se teenwoordigheid by ons. Die Seun van God het mens geword en Homself met ons kom assosieer! Kom ons juig dan hierdie Kerstyd: *julle God is hier!* Kom ons jubel nou: *God is by ons en dit is vir ons genoeg!* Kom ons verander vandag die ou spreekwoord wat sê: *Elke donker wolk het 'n silwer randjie* na: *Elke silwer wolk het 'n donker randjie.* Want ons God is hier, en Hy is by ons tot in ewigheid - en dit verander alles.

25 Desember **Kersfees - fees vir vandag** **Lukas 1: 46-56**

Kersfees is in meer as een opsig sluitingstyd. Gewoonlik is daar baie min mense wat oor die Kerstyd werk. Ons sluit onsself gewoonlik so 'n bietjie af van die wêreld om ons. Ons vergeet vir 'n oomblik van al die hartseer en pyn in ons lewens en dink na oor die ewige heerlikheid waarvoor ons wag. Kersfees is daarom vir die meeste van ons 'n toekomsfees, want ons sien daarin die koms van ons Here raak - hoe God die ewigheid vir ons oopgesluit het.

Maar Kersfees is ook 'n fees vir vandag, vir nou! Hoe pragtig sê Maria dit in haar loflied! Sy sê onomwonde dat God in mense se lewens ingryp en nóú mense se lot verander. Sy self is die beste voorbeeld daarvan. Was God dan nie teenoor haar, 'n onbekende meisie, en binne haar leeftyd, buitengewoon genadig nie? Inderdaad! God was haar genadig; God verander die omstandighede van mense; God doen wat Hy belowe!

En hierdie boodskap maak Kersfees ook 'n fees vir nóú. Kersfees proklameer dat God ook die God van vandag is. Kersfees verkondig nie al-

leen dat Jesus Christus die Verlosser vir ewig is nie, maar ook dat God nou en hier mense se lot verander. Soos Hy dit vir Maria gedoen het, doen Hy dit ook vir ons. Ook hierdie Kerstyd kan ons vir seker weet: God het ons lief, so lief dat Hy ons smeekgebede hoor en iets daaraan sal doen, soos dit Hom pas. Ons kan weet: Nou, en ewig, is ons in die hand van God. En as ons dit weet, kan ons nie anders nie as om saam met Maria die lof van God te besing.

26 Desember **Onsekere tye** **Genesis 6: 9-22**

Ons ervaar ons eie tyd dikwels as 'n onsekere tyd. Noag het dieselfde ervaring as ons van die wêreld gehad. Die wêreld waarin hy gelewe het, word as 'n korrupte, gewelddadige en verrotte plek voorgestel. Die Bybel maak nie in hierdie vertelling 'n algemene opmerking dat die mense van Noag se tyd sondig was nie, maar sê spesifiek dat hulle bose dade gedoen het wat die aarde sou vernietig. Die woord wat hier in die Hebreeuse teks van die Bybel gebruik word om die mens se vernietigende bose dade aan te dui, is dieselfde as wat in vers 13 en 17 gebruik word om ook God se gerig aan te dui. Die mense van Noag se tyd wou met hulle bose dade die goeie skepping van God tot niet maak. Die mens se sonde raak nie net homself nie, sonde besmet die hele werklikheid. Deur die sonde van die mens is die wêreld 'n bedreigde en onsekere plek.

Noag laat hom nie meesleur deur 'n korrupte wêreld nie, maar lewe naby God. Noag was regverdig en onberispelik. Elke volgende mens kan soos Noag anders as sy leefwêreld wees. As 'n minderheid kan jy ook aan God gehoorsaam wees.

God het besluit om die aarde te verdelg vanweë die mens se sonde. Noag se ark word toe 'n reddingsmiddel in die hand van God om die mensdom deur Noag van ondergang te bewaar. Die verbond wat God by hierdie geleentheid met die Noag sluit, dui aan dat Hy Homself verplig tot die redding van die mensdom. 'n Mens kan God ook in sy gerig as 'n genadige God vind. Net soos wat God Noag in 'n onsekere tyd gered het, wil Hy ons ook in onsekere tye red.

27 Desember **Ons lewens in God se hand** **Psalm 23**

Die skrywer van Psalm 23 wil sy vertroue in God verkondig, sodat dié wat sy woorde hoor, ook op God sal vertrou. In dié deel hoor ons woorde van 'n mens in nood. Dit is egter ook woorde van 'n mens wat weet dat hy hom in sy diepste nood op God kan verlaat.

God is vir die gelowiges soos 'n herder vir skape. In die harde werklikheid kan skape nie sonder die sorg van 'n goeie herder oorleef nie. Net

só kan die mens nie sonder die sorg van God lewe nie. God gee aan hom water en kos. Dié water en kos is die beste wat jy jou kan indink. God gee aan ons ook lewenskrag en wys ons wat die regte pad is om op te gaan. Daarom kan die skrywer bely: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

In vers vier vertel die skrywer dat God die mens beskerm teen dreigende lewensgevare. God is by ons en sy nabyheid bied veiligheid. Daarom hoef ons nie te vrees nie. In God se hande is ons veilig, want niemand kan ons uit sy hande ruk nie.

In die tweede helfte van die psalm gebruik die skrywer 'n ander beeld om sy verhouding met God te beskryf. God is ook 'n gasheer wat sy lewe met feestelikheid vul. God laat hom by 'n feesmaal aansit. Sy teenstanders - hulle wat hom selfs by God aangekla het - moet toekyk hoe God hom seën en aan hom veiligheid bied.

Wie in die psalm praat, weet dat hy nog deur diep waters moet gaan. Hy is egter nie bang nie, want hy het 'n blywende verbintenis met God. En by God is hy veilig.

28 Desember **God ons hulp** **Psalm 66: 1-12**

Baie van ons is bang dat dit dalk in die toekoms met ons sleg sal gaan. Elkeen het sy eie bekommernisse en vrese. Wat kan ons van God verwag ten tyde van 'n onseker toekoms? Die Ou-Testamentiese psalms kan ons help om te verstaan wat ons van God kan verwag in donker tye.

Israel loof en dank God in die psalms. Die doel van hierdie lof en dank is tweeledig: God moet die eer ontvang wat Hom toekom en die mens in nood word ook bemoedig wanneer hy die redes aanhoor waarom God geloof en gedank word. Die Bybelskrywers loof en dank God nie alleen nie, maar hulle verkondig die lof van die Here. Daar word telkens gesê waarom God geloof en gedank word. Deur die lof en dank word van God se grootheid en ook van sy groot dade vertel. Hierdie herinnering aan die wese en dade van God is nie 'n herinnering ter wille van nostalgie nie, maar 'n herinnering as teken van hoop. Soos wat God in die verlede gered het, kan Hy weer red en sal Hy weer red.

Die vernaamste voorbeeld van God se redding is die uittog uit Egipte. Hier vertoon God Hom as Heer oor die natuur en die geskiedenis. God se groot dade hou egter ook belofte in vir toekomende geslagte. God se beloftes bring hoop. Deur water en vuur het God Israel na oorvloed toe gelei. Water en vuur is simbole van die uitgelewerdheid van die mens aan magte sterker as hyself. God sal ons ook van sulke magte red. Wie nou in beproewing verkeer, kan weet dat God wel beproef, maar Hy red en bevry ook. Vertrou op God in donker tye.

29 Desember **Die nuwe millennium** **1 Tessalonisense 5: 1-11**

Ons ervaar dat die tyd nie stilstaan nie. Daar is net een saak wat vasstaan en dit is dat alles verander. Die mens se onvermoë om by 'n veranderende wêreld te kan aanpas, het angs tot gevolg. Een manier om ons lewensangs te besweer, is om na die einde van die wêreld te probeer gryp.

Die vinnige gang van die tyd moet ons nie te gou na die einde van die tyd laat gryp nie. Ons hoef nie bekommerd te wees oor dit wat in God se hande is nie. Ons moet ons eerder bemoei met dit wat God in ons hande gegee het, naamlik die tyd wat nou voorhande is. Ons kan nie die tekens van die tye probeer lees en dan berekend wag op die dag van die Here nie. Omdat ons God se uur nie ken nie, moet ons voortdurend waaksaam wees. Ons moet onrustig en met ywer op God se dag wag!

Omdat ons met nuwe hoop na die toekoms kan kyk, kan ons ook met nuwe oë na die hede kyk. Ons is nie aan die tyd of die noodlot uitgelewer nie, maar lewe veilig in die hande van God. Ook die *nog nie* van die werklikheid is in sy hande. God bevry ons van die dwang om ons eie toekoms te probeer bepaal, want God skenk aan ons die toekoms deur sy ryk wat kom. Dit het ook betekenis dat God nog nie die tyd in voleinding laat gaan het nie. Die tussentyd - die tyd tussen die aanbreek van God se ryk met die opstanding van Christus en die voltrekking van die ryk van God met die wederkoms van Christus - is deur God gegee en moet daarom goed gebruik word.

30 Desember **Ons nuwejaarsvoornemens** **Psalm 127**

Baie mense neem hulleself sekere dinge voor aan die begin van 'n nuwe jaar. Die rede hiervoor is seker dat mense graag wil klaarmaak met sake wat nie prysenswaardig is nie. Hulle wil dit graag finaal afhandel en daarmee klaarspeel. Hulle wil eerder 'n nuwe blaadjie omslaan en 'n skoon begin maak.

Ons kan nie fout daarmee vind nie, want nuwejaarsvoornemens is voornemens om goed te doen. 'n Probleem ontstaan egter wanneer mense hierdie voornemens wat hulle gemaak het, in eie krag probeer aanpak. Wie 'n voorneme maak, wil dit deurvoer en span sy kragte behoorlik in om die voorgenome doel te breik. Wanneer iemand aan homself of aan ander wil bewys dat hy iets kan doen, is mislukking voor die deur. In eie krag is die mens tot niks in staat nie.

Ons voornemens om nuut te begin, moet eerder uit 'n belydenis van skuld voor God groei. Bewus van ons eie sonde en onvermoë om goed te doen, moet ons na God toe omkeer om krag van Hom af te bid dat

ons nie weer sal struikel nie. 'n Gebed van Koos du Plessis stel die gedagte baie treffend:

...elke afdraaipaadjie ken ek
elke keer het ek verdwaal
elke keer het U my iewers kom haal
maak dit Heer die laaste maal....

31 Desember **Oujaar** **1 Petrus 4: 12-19**

By die jaarwisseling kan ons vra wat die jaar 2001 vir ons ingehou het. Verskillende mense sal verskillende antwoorde gee. Een saak staan egter vas en dit is dat ons en baie ander na aan ons, weer lyding ervaar het. Lyding kan baie oorsake hê en baie gestaltes aanneem.

Ons teks praat ook oor lyding wat mense ervaar. Dit praat oor twee gestaltes van lyding. Die eerste is dat ons in Christus se lyding deel, dat ons ter wille van sy Naam ly, of dat ons ly omdat ons Christene is. Petrus sê dat hierdie saak meer kante het. Lyding is 'n vuurproef vir die geloof en wil geloofsvolharding skep. Deel aan Christus se lyding gee deel aan sy heerlikheid en skep so vreugde met die wederkoms. Dit gee deel aan die Gees van heerlikheid. Lyding kom deur die gerig van God, maar skep ook hoop op sy genade.

Ons teks praat egter ook oor 'n ander gestalte van lyding. Lyding kan ook veroorsaak word deur moordenaars, diewe, misdadigers en kwaadstokers. Petrus praat hier met Christene wat aan die genoemde sondes skuldig is. Christelike lyding kan nie 'n verborge bymotief hê nie. Lyding wat ons as gevolg van ons eie dade ervaar, maak die kwaad wat ons doen, nie goed nie. Al ly ons, moet ons aanhou om goed te doen.

Lyding wat ons as gevolg van ons eie dade ervaar, maak die kwaad wat ons doen, nie goed nie. Al ly ons, moet ons aanhou om goed te doen.

Lyding moet ons leer om God se hand in die lewe raak te sien. Ons behoort onsself onder God se oordeel te stel en op Hom te vertrou vir genade.

Medewerkers - Bybelse Dagboek 2001

1-7 Januarie	Dr JH Breytenbach
8-14 Januarie	Ds PJ van der Merwe
15-21 Januarie	Dr CJ Beukes
22-28 Januarie	Prof MJ du P Beukes
29 Januarie tot 4 Februarie	Ds J Beyers
5-11 Februarie	Ds JS Bezuidenhout

12-18 Februarie	Ds MCE Botes
19-25 Februarie	Ds WH Steyn
26 Februarie tot 3 Maart	Ds HJ Odendaal
4-10 Maart	Ds M Carelsen
11-17 Maart	Dr J Buitendag
18-24 Maart	Dr JA Beukes
25-31 Maart	Ds JM Delport
1-7 April	Ds RA Denton
8-14 April	Ds TF Dreyer
15-21 April	Ds DJ du Toit
22-28 April	Ds G van R Els
29 April tot 5 Mei	Ds HAT Engelbrecht
6-12 Mei	Ds EG Fourie
13-19 Mei	Ds AJ Groenewald
20-26 Mei	Ds J Groenewald
27 Mei tot 2 Junie	Ds TF Joubert
3-9 Junie	Ds JH Kay
10-16 Junie	Ds SA Kok
17-23 Junie	Prof MJ du P Beukes
24-30 Junie	Ds AC Kuyper
1-7 Julie	Ds FJ Labuschagne
8-14 Julie	Ds JS Naudé
15-22 Julie	Ds JT Manders
23-29 Julie	Prof PA Geyser
30 Julie tot 5 Augustus	Ds JA Minnaar
6-12 Augustus	Ds GC Lindeque
13-19 Augustus	Ds W Olivier
20-27 Augustus	Ds FJC Oosthuizen
28 Augustus tot 5 September	Ds SJ Oosthuizen
6-14 September	Dr J Otto
15-21 September	Dr JJ Steenkamp
22-28 September	Ds PJ Jordaan
29 September tot 6 Oktober	Ds CJA Simpson
7-16 Oktober	Dr E van Eck
17-20 Oktober	Ds GJ Smit
21 Oktober	Ds JM Manders
22-23 Oktober	Ds GJ Smit
24 Oktober tot 1 November	Ds LJ Strauss
2-9 November	Ds DJD Taljard
10-14 November	Ds JC van der Merwe
15-19 November	Dr WC van Wyk
20-27 Novemer	Ds M van der Walt
28 November tot 4 Desember	Ds AN van Niekerk
5-11 Desember	Dr WAJ van Schoor
12-18 Desember	Ds JH van Staden
19-25 Desember	Ds JH van Staden
26-31 Desember	Dr GMJ van Wyk